UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# ENKELE ASPEKTE VAN DIE KULTURELE LEWE VAN BLANKE AFRIKAANSSPREKENDES AAN DIE WITWATERSRAND. 'N SOSIOLOGIESE STUDIE

deur

JOHAN ELS

LEIER: DR. A. BREEDT

Voorgelê ter vervulling van 'n deel van die vereistes vir die graad

MAGISTER ARTIUM

in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte, Universiteit van Pretoria.

PRETORIA OKTOBER 1971

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# ERRATA

| Bladsy | Reël | |
|---|---|---|
| 52 | 9 | wet moet lees met |
| 81 | 10 | at moet lees wat |
| 152 | 5 | A.K.V.F. moet lees A.K.V.V. |
| 302 | 14 | verkeen moet lees verkeer |
| 332 | 3 | tradiesie moet lees tradisie |
| 347 | 7 | diegene wie moet lees diegene wat |

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

OPGEDRA AAN MY OUERS

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


# DANKBETUIGING

Langs hierdie weg my opregte dank aan die volgende instansies en persone wat op direkte of indirekte wyse 'n bydrae gelewer het tot die voltooiing van hierdie studie.

Allereers wil ek my leier, dr. André Breedt bedank vir sy geduld, leiding en advies wat hy bereid was om te gee.

Ook aan prof. dr. J.E. Pieterse wat as eksterne eksaminator opgetree het, my innige dank. Hy het op meer as net akademiese terrein hierdie studie help bemoontlik.

Aan mnr. P.H. Kapp van die Universiteit van Port Elizabeth, wat intiem met hierdie ondersoek gemoeid was, 'n besondere woord van dank.

Die A.T.K.V. vir die voorreg en geleentheid om onder sulke ideale toestande te kon werk.

Mnr. V.P.B. Horne, hoofsekretaris van die A.T.K.V., asook sy personeel vir hulle vriendelikheid en hulpvaardigheid.

Drr. J.D. Venter en A.J. van Rooy van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing asook die advies- en vraelyskomitees wat vir die doel van hierdie ondersoek in die lewe geroep is, vir hulle hoogstaande professionele hulp.


© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die afdeling Numeriese Analise van die W.N.N.R.

Dr. C.F. Swart van die Universiteit van Pretoria vir die opleiding van die veldwerkers.

Mev. A. Naudé wat, behalwe vir die tik, met verskeie aspekte van die werk behulpsaam was.

Mnr. J.H. Fourie en mej. K.L. Dreyer.

Mev. L. Lategan en Elma Lategan wat op veelerlei terreine werklike steunpilare was.

DIE SKRYWER

OKTOBER 1971

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# INHOUDSOPGAWE

Bladsy

Dankbetuigings .................................. i
Inhoudsopgawe .................................. iii
Lys van tabelle .................................. xii

HOOFSTUK I: ALGEMENE INLEIDING ................ 1-37

1. Die agtergrond van die ondersoek ............ 1
2. Die doelstellings van die onderhawige studie 5
3. Die metode van ondersoek .................. 7
   a) Die vraelys ........................ 8
      i) Die opstel van die vraelys ...... 8
      ii) Die vooronderscek .............. 11
   b) Die steekproef ........................ 13
   c) Die veldwerk ........................ 14
      i) Die veldwerkers ................ 14
      ii) Opleiding van die veldwerkers ... 14
      iii) Die handleiding vir veldwerkers ... 15
      iv) Die gebiede waarin die ondersoek .. onderneem is .................. 15
      v) Die veldwerk as sodanig .......... 18
      vi) Die kontrole van die veldwerk .... 19
4. Die verwerking van die gegewens ............ 21
   a) Die kontrolering van die vraelyste ..... 21
   b) Die pons van die gegewens van die vraelyste op ponskaarte en die kontrolering van die ponskaarte 21
   c) Die opstel van programme vir die elektroniese rekenaar ........................ 22
5. Kenmerke en betroubaarheid van die steekproef 22
   a) Die geslag van die ondersoekgroep ..... 22
   b) Die ouderdomsverdeling van die ondersoekgroep ................................ 24
   c) Die huwelikstaat van die ondersoekgroep 25
   d) Die kerkverband van die ondersoekgroep 26
   e) Die huistaal in die ouerhuis van die ondersoekgroep ............................ 27
   f) Die taalmedium op hoërskool deur die ondersoekgroep bygewoon .................. 28

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Bladsy

g) Die onderwyskwalifikasies van die ondersoekgroep .............................. 29
h) Die beroepsindeling van die ondersoekgroep 30
i) Die verblyfplek (stad, dorp of plaas) van die ondersoekgroep gedurende die grootste gedeelte van hulle lewe ................. 32
j) Die plek waar die ondersoekgroep op hoërskool was ............................. 33
k) Gevolgrekkings ten opsigte van die betroubaarheid van die steekproef ............. 34
6. Omskrywing van begrippe .................... 35
a) Afrikaanssprekende ...................... 35
b) Witwatersrand ........................... 35
7. Indeling van die verslag ................. 36

<u>HOOFSTUK II</u>: <u>DIE BEGRIP KULTUUR</u> .............. 38-117

1. Inleiding ................................ 38
2. Die belangrikheid van die begrip kultuur vir die sosiale wetenskappe .................... 43
3. Kenmerke van kultuur ..................... 50
a) Kultuur, die skepping van en eie aan die mens alleen ............................ 51
i) Hoedanighede wat by die mens afwesig is .......................... 51
aa) Gebrek aan gefikseerde gedragspatrone ...................... 52
bb) Gebrek aan spesifieke aanpassings by die omgewing .............. 53
ii) Hoedanighede wat slegs aan die mens eie is (meerdere gawes) ........... 53
b) Kultuur word gedeel ...................... 54
c) Kultuur word verwerf of aangeleer ....... 57
d) Kultuur word oorgedra .................... 58
e) Kultuur is kummulatief ................... 59
f) Kultuur is veranderlik .................. 59
g) Kultuur neig tot geïntegreerdheid ...... 60
h) Kultuur is universeel .................. 62
4. Benaderingswyses ten opsigte van kultuur .... 62
a) Inleiding ............................... 62
b) Kultuur as aangeleerde sosiale gedrag .... 66

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Bladsy

c) Kultuur as die sosiale erfenis (Social Heritage) .................................. 67
d) Die superorganiese ........................ 68
e) Kultuur as 'n lewenspatroon ............. 69
f) Kultuur as aanpassing by die omgewing ... 71
g) Kultuur teenoor natuur .................. 72
h) Kultuur as 'n konfigurasie van simbole 73

5. Die funksies van kultuur .................... 74
a) Inleiding ............................ 74
b) Ware menswees is van kultuur afhanklik 75
c) Kultuur as die instrument waardeur die individu by sy totale lewensmilieu aanpas 77
i) Aanpassing by die groep ........... 77
ii) Aanpassing by die omgewing ........ 82
d) Kultuur en sosiale kontrole ............. 84

6. Die inhoud van kultuur ...................... 86
a) Materiële kultuur ....................... 87
b) Nie-materiële kultuur ................... 89
i) Norme .............................. 90
aa) Volksgewoontes (Folkways) 93
bb) Mores ......................... 95
cc) Geformaliseerde of verordende wette .................. 97
ii) Sosiale Institusies ............ 100
iii) Idees ........................... 102

7. Kultuur as totaliteitsbegrip ............... 103
8. Die verband tussen kultuur en die sosiologie 106
9. Samevatting ................................ 108

HOOFSTUK III: AFRIKAANSE KULTUURORGANISASIES 118-210

1. Die begrip Afrikaanse kultuurorganisasie 118
a) Die Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging (A.T.K.V.) ........................ 118
b) Die Voortrekkerbeweging ............... 119
c) Die Rapportryersbeweging ............... 120
d) Die Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings (F.A.K.) ................... 120
e) Die Afrikaanse Studentebond (A.S.B.) 122

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



2. Wordings- en ontwikkelingsgang van Afrikaanse kultuurorganisasies .................... 126

3. Taak en rol van die vroeëre kultuurorganisasies in die Afrikaner se volkslewe ........ 138

4. Taakverandering ........................ 140

5. Taak en plek van die hedendaagse Afrikaanse kultuurorganisasie ...................... 143

6. Klassifikasie van Afrikaanse kultuurorganisasies .................................. 146

a) Beroepskultuurorganisasies .......... 146

b) Eksklusiewe kultuurorganisasies ..... 146

c) Organisasies wat op groeps- of streeksbelange ingestel is ................. 147

d) Vroue-organisasies .................. 147

e) Ope-organisasies .................... 147

7. Aspekte van die ondersoekgroep se lidmaatskap van en deelname aan die aktiwiteite van Afrikaanse kultuurorganisasies ............ 147

a) Die ondersoekgroep se lidmaatskap van en deelname aan die aktiwiteite van Afrikaanse kultuurorganisasies ............ 148

b) Die ondersoekgroep se redes vir aansluiting by Afrikaanse kultuurorganisasies 154

i) Rede vir aansluiting by Afrikaanse kultuurorganisasies, volgens geslag ........................... 157

ii) Rede vir aansluiting by Afrikaanse kultuurorganisasies, volgens die onderwyskwalifikasies van die ondersoekgroep .................. 160

iii) Rede vir aansluiting by Afrikaanse kultuurorganisasies, volgens die ouderdomsverdeling van die ondersoekgroep ...................... 163

c) Die redes waarom die ondersoekgroep tans aan geen Afrikaanse kultuurorganisasie behoort nie ........................... 167

i) Die rede waarom die ondersoekgroep tans aan geen Afrikaanse kultuurorganisasie behoort nie, volgens geslag ontleed .................. 167

ii) Die redes waarom die ondersoekgroep tans aan geen Afrikaanse kultuurorganisasie behoort nie, volgens hulle onderwyskwalifikasies ontleed ... 172

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Bladsy

iii) Die redes waarom die ondersoekgroep tans aan geen Afrikaanse kultuurorganisasie behoort nie, volgens die huistaal in hulle ouerhuis ontleed 175

iv) Die redes waarom die ondersoekgroep tans aan geen Afrikaanse kultuurorganisasie behoort nie, volgens ouderdom ontleed .................. 178

v) Die redes waarom die ondersoekgroep tans aan geen Afrikaanse kultuurorganisasie behoort nie, ontleed volgens die aanmoediging op skool, al dan nie, om na afloop van hulle skoolloopbaan by 'n Afrikaanse kultuurorganisasie aan te sluit ..... 182

d) Aanmoediging op skool om na afloop van die skoolloopbaan by 'n Afrikaanse kultuurorganisasie aan te sluit ................. 185

i) Aanmoediging, al dan nie, op skool om na afloop van die skoolloopbaan by 'n Afrikaanse kultuurorganisasie aan te sluit, volgens die onderwyskwalifikasies van die ondersoekgroep ontleed ......................... 189

ii) Aanmoediging, al dan nie, van die ondersoekgroep op skool om na afloop van hul skoolloopbaan by 'n Afrikaanse kultuurorganisasie aan te sluit, volgens die taalmedium op hoërskool ontleed ................ 193

iii) Aanmoediging, al dan nie, op skool om na afloop van die skoolloopbaan by 'n Afrikaanse kultuurorganisasie aan te sluit, volgens die ouderdom van die ondersoekgroep ontleed 195

iv) Aanmoediging, al dan nie, op skool om na afloop van die skoolloopbaan by 'n Afrikaanse kultuurorganisasie aan te sluit, ontleed volgens die plek waar die ondersoekgroep op hoërskool was ..................... 198

8. Samevatting .............................. 200

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Bladsy

HOOFSTUK IV: DEELNAME AAN KULTUURBEDRYWIGHEDE 211-294

1. Die Volkspelebeweging ........................ 211
2. Die Voortrekkerbeweging ........................ 216
3. Debatsverenigings ........................ 222
4. Toneelverenigings ........................ 227
5. Musiekverenigings ........................ 228
6. Deelname aan kultuurbedrywighede op hoërskool 230

a) Deelname aan kultuurbedrywighede op hoërskool volgens die geslag van die ondersoekgroep ........................ 230

i) Volkspele ........................ 232
ii) Voortrekkers ........................ 232
iii) Debatsvereniging ................ 232
iv) Toneelvereniging ................ 233
v) Musiekvereniging ................ 233

b) Deelname aan kultuurbedrywighede op hoër-skool volgens die ouderdom van die onder-soekgroep ........................ 235

i) Volkspele ........................ 235
ii) Voortrekkers ........................ 235
iii) Debatsverenging ................ 237
iv) Toneelvereniging ................ 237
v) Musiekvereniging ................ 237

c) Die ondersoekgroep se deelname aan kultuur-bedrywighede op hoërskool volgens die taal-medium op hoërskool ................ 239

i) Volkspele ........................ 239
ii) Voortrekkers ........................ 239
iii) Debatsvereniging ................ 241
iv) Toneelvereniging ................ 241
v) Musiekvereniging ................ 241

d) Deelname aan kultuurbedrywighede op hoër-skool volgens die ondersoekgroep se onder-wyskwalifikasies ........................ 242

e) Die ondersoekgroep se deelname aan kul-tuurbedrywighede op hoërskool volgens die plek waar hulle op hoërskool was ...... 245

i) Volkspele ........................ 245
ii) Voortrekkers ........................ 247

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Bladsy

iii) Debatsvereniging ................ 247
iv) Toneelvereniging ................ 247
v) Musiekvereniging ................ 247

7. Ontleding van die redes waarom die ondersoekgroep op hoërskool aan die onderskeie kultuurbedrywighede deelgeneem het ............. 249

a) Volkspele ........................... 249
b) Voortrekkers ........................ 251
c) Debatsvereniging .................... 251
d) Toneelvereniging .................... 252
e) Musiekvereniging .................... 252

8. 'n Ontleding van die redes waarom die ondersoekgroep nie op hoërskool aan die onderskeie kultuurbedrywighede deelgeneem het nie 253

a) Volkspele ........................... 253
b) Voortrekkers ........................ 253
c) Debatsvereniging .................... 255
d) Toneelvereniging .................... 255
e) Musiekvereniging .................... 255

9. Die ondersoekgroep se deelname aan kultuurbedrywighede na verlating van skool ........ 256

10. Die aanmoediging van kinders om aan kultuurbedrywighede deel te neem ............... 274

a) Die aanmoediging van kinders om aan kultuurbedrywighede deel te neem volgens die huistaal in die ondersoekgroep se ouerhuis ontleed ......................... 274

i) Volkspele ....................... 274
ii) Voortrekkers .................... 276
iii) Debatsvereniging ................ 276
iv) Toneelvereniging ................ 277
v) Musiekvereniging ................ 277

b) Die aanmoediging van kinders om aan kultuurbedrywighede deel te neem volgens ouderdom ontleed ........................ 279

c) Die aanmoediging van kinders om aan kultuurbedrywighede deel te neem volgens die ondersoekgroep se deelname aan kultuurbedrywighede na verlating van skool 281

11. Samevatting .............................. 284

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Bladsy

HOOFSTUK V: DIE ONDERSOEKGROEP SE INGESTELDHEID TEN OPSIGTE VAN ASPEKTE VAN DIE AFRIKANER SE VOLKSGESKIEDENIS 295-328

1. Inleiding ................................ 295
2. Die mate waarin die ondersoekgroep, binne gesinsverband grepe uit die Afrikaner se volksgeskiedenis oorvertel of daaroor gesels 299
   a) Die mate waarin die ondersoekgroep binne gesinsverband grepe uit die Afrikaner se volksgeskiedenis oorvertel of daarvoor gesels, volgens die huistaal in hulle ouerhuis ................................ 300
   b) Die mate waarin die ondersoekgroep binne gesinsverband grepe uit die Afrikaner se volksgeskiedenis oorvertel of daaroor gesels, volgens hulle onderwyskwalifikasies ontleed ................................ 306
   c) Die mate waarin die ondersoekgroep binne gesinsverband grepe uit die Afrikaner se volksgeskiedenis oorvertel of daaroor gesels ontleed volgens die mate waarin daar in hulle ouerhuise sodanige gesprekke voorgekom het ................................ 309
3. Die mate waarin daar in die ondersoekgroep se ouerhuise grepe uit die Afrikaner se volksgeskiedenis oorvertel of daaroor gesels is. 313
   a) Die mate waarin daar in die ondersoekgroep se ouerhuise grepe uit die Afrikaner se volksgeskiedenis oorvertel of daaroor gesels is volgens die huistaal in hulle ouerhuis ontleed ................................ 313
   b) Die mate waarin daar in die ondersoekgroep se ouerhuise grepe uit die Afrikaner se volksgeskiedenis oorvertel of daaroor gesels word, volgens hulle verblyfplek ontleed 317
4. Die ondersoekgroep se mening of die Afrikaner met reg trots kan wees op sy geskiedenis, al dan nie, asook die rede vir hierdie mening 320
5. Samevatting ................................ 325

HOOFSTUK VI: SLOTBESKOUING 329-347

1. Die begrip kultuur 329
2. Betrokkenheid en ingesteldheid met betrekking tot Afrikaanse kultuurorganisasies en kultuurbedrywighede 332
3. Onderwyskwalifikasies as determinant met betrekking tot betrokkenheid en ingesteldheid ten aansien van die Afrikaanse kultuur 337

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

4. Ouderdom (leeftyd) as determinant met betrekking tot ingesteldheid ten aansien van die Afrikaanse kultuurlewe 342

5. Enkele positiewe bevindinge 346

BYLAE A 349

BYLAE B 388

LITERATUURLYS 404

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# LYS VAN TABELLE

| | | Bladsy |
|---|---|---|
| 1. | Samestelling van die steekproef .............. | 17 |
| 2. | Geslag van die ondersoekgroep vergelyk met die sensusgegewens van 1960 ...................... | 23 |
| 3. | Die ouderdomsverdeling van die ondersoekgroep vergelyk met die sensusgegewens van 1960 .... | 24 |
| 4. | Die huwelikstaat van die ondersoekgroep vergelyk met die sensusgegewens van 1960 .......... | 25 |
| 5. | Die Kerkverband van die ondersoekgroep ....... | 27 |
| 6. | Die huistaal in die ouerhuis van die ondersoekgroep .................................. | 28 |
| 7. | Die taalmedium op hoërskool deur die ondersoekgroep bygewoon ........................... | 29 |
| 8. | Die onderwyskwalifikasies van die ondersoekgroep ...................................... | 30 |
| 9. | Die beroepsindeling van die ondersoekgroep | 31 |
| 10. | Die verblyfplek (stad, dorp of plaas) van die ondersoekgroep gedurende die grootste gedeelte van hulle lewe ......................... | 32 |
| 11. | Die plek waar die ondersoekgroep op hoërskool was .......................................... | 33 |
| 12. | Lidmaatskap van en deelname aan die aktiwiteite van Afrikaanse kultuurorganisasies ......... | 149 |
| 12A | Deelname aan die aktiwiteite van Afrikaanse kultuurorganisasies ten opsigte van diegene wat lede van sodanige organisasies is ...... | 155 |
| 13. | Die ondersoekgroep se redes vir aansluiting by Afrikaanse kultuurorganisasie(s) volgens geslag. ..................................... | 158 |
| 14. | Rede vir aansluiting by 'n Afrikaanse kultuurorganisasie(s) volgens die onderwyskwalifikasies van die ondersoekgroep ................. | 161 |
| 15. | Die redes vir aansluiting by 'n Afrikaanse kultuurorganisasie(s) volgens die ouderdomsverdeling van die ondersoekgroep ............ | 164 |

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Bladsy

16. Die hoofrede waarom die ondersoekgroep aan geen Afrikaanse kultuurorganisasie(s) behoort nie volgens geslag .............................. 168

17. Die hoofrede waarom die ondersoekgroep aan geen Afrikaanse kultuurorganisasie(s) behoort nie volgens onderwyskwalifikasies ................ 173

18. Die hoofrede waarom die ondersoekgroep aan geen Afrikaanse kultuurorganisasie(s) behoort nie volgens die huistaal in hulle ouerhuis ....... 176

19. Die hoofrede waarom die ondersoekgroep aan geen Afrikaanse kultuurorganisasie(s) behoort nie volgens ouderdom ............................ 179

20. Die hoofrede waarom die ondersoekgroep aan geen Afrikaanse kultuurorganisasie(s) behoort nie volgens aanmoediging op skool, al dan nie, om na afloop van hulle skoolloopbaan by 'n Afrikaanse kultuurorganisasie aan te sluit ..... 183

21. Aanmoediging om na afloop van die skoolloopbaan by 'n Afrikaanse kultuurorganisasie(s) aan te sluit volgens die onderwyskwalifikasies van die ondersoekgroep. ................................ 190

22. Die aanmoediging van die ondersoekgroep om na afloop van hulle skoolloopbaan by 'n Afrikaanse kultuurorganisasie(s) aan te sluit volgens die taalmedium op hoërskool. ...................... 194

23. Aanmoediging om na afloop van die skoolloopbaan by 'n Afrikaanse kultuurorganisasie(s) aan te sluit volgens die ouderdomsverdeling van die ondersoekgroep ................................ 196

24. Aanmoediging om na afloop van die skoolloopbaan by 'n Afrikaanse kultuurorganisasie(s) aan te sluit volgens die plek waar die ondersoekgroep op hoërskool was ............................ 199

25. Deelname aan kultuurbedrywighede op hoërskool volgens geslag ............................... 231

26. Deelname aan kultuurbedrywighede op hoërskool volgens ouderdom ............................. 236

27. Deelname aan kultuurbedrywighede op hoërskool volgens die taalmedium op hoërskool .......... 240

28. Deelname aan kultuurbedrywighede op hoërskool volgens onderwyskwalifikasies ................ 243

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Bladsy

29. Deelname aan kultuurbedrywighede op hoërskool volgens die plek waar die respondente op hoërskool was ........ 246

30. Rede vir deelname aan kultuurbedrywighede op hoërskool ........ 250

31. Rede vir nie-deelname aan kultuurbedrywighede op hoërskool ........ 254

32. Deelname aan kultuurbedrywighede na verlating van skool volgens geslag ........ 258

33. Deelname aan kultuurbedrywighede na verlating van skool volgens onderwyskwalifikasies ...... 263

34. Deelname aan kultuurbedrywighede na verlating van skool volgens die aanmoediging van die ondersoekgroep om na afloop van hulle skoolloopbaan by 'n Afrikaanse kultuurorganisasie aan te sluit ........ 268

35. Deelname aan kultuurbedrywighede na verlating van skool volgens die deelname aan kultuurbedrywighede op hoërskool ........ 270

36. Aanmoediging van kinders om aan kultuurbedrywighede deel te neem volgens die huistaal in die ouerhuis. ........ 275

37. Aanmoediging van kinders om aan kultuurbedrywighede deel te neem volgens ouderdom ....... 280

38. Aanmoediging van kinders om aan kultuurbedrywighede deel te neem volgens die ondersoekgroep se deelname aan kultuurbedrywighede na verlating van skool ........ 282

39. Die mate waarin die ondersoekgroep binne gesinsverband, grepe uit die Afrikaner se volksgeskiedenis oorvertel of daaroor gesels volgens die huistaal in hulle ouerhuis ........ 301

40. Oorvertellinge en geselsies in die gesin oor die Afrikaner se volksgeskiedenis volgens onderwyskwalifikasies ........ 307

41. Oorvertellinge en geselsies in die gesin oor die Afrikaner se volksgeskiedenis volgens die oorvertellinge en geselsies in die ouerhuis oor die Afrikaner se volksgeskiedenis 310

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Bladsy

42. Die mate waarin daar in die ondersoekgroep se ouerhuise grepe uit die Afrikaner se volksgeskiedenis oorvertel of daaroor gesels is, volgens die huistaal in hulle ouerhuis ......... 314

43. Oorvertellinge en geselsies oor die Afrikaner se volksgeskiedenis in die ondersoekgroep se ouerhuise volgens verblyfplek ............... 318

44. Mening of die Afrikaner met reg trots kan wees op sy geskiedenis, al dan nie. ............. 321

45. Die ondersoekgroep se rede vir die mening of die Afrikaner met reg trots kan wees op sy geskiedenis, al dan nie. ..................... 323

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# HOOFSTUK I

# ALGEMENE INLEIDING

## 1. DIE AGTERGROND VAN DIE ONDERSOEK

Die A.T.K.V.-Instituut vir Volkskultuurnavorsing het sy ontstaan gevind in 'n behoefte aan wetenskaplike kennis oor die kultuur van die Afrikaner. Hierdie kennis moes langs die weg van wetenskaplike navorsing bekom word.

Op die 1964-kongres van die A.T.K.V. te Cradock is besluit om 'n liggaam in die lewe te roep wat hom met navorsingswerk oor die kultuur van die Afrikaner besig sou hou. Hierdie liggaam staan bekend as die A.T.K.V.-Instituut vir Volkskultuurnavorsing. Die Instituut het op 1 April 1966 'n werklikheid geword met die diensaanvaarding van die eerste navorser. Hiermee het die A.T.K.V. die weg gebaan vir die wetenskaplike navorsing van die Afrikaner se kultuur en vir die bestudering van, en kennismaking op wetenskaplike vlak, met dit wat eie is aan die Afrikaner. Die A.T.K.V. het dus aanvaar dat hy in die toekoms nie slegs die Afrikaanse kultuur moet dien deur die organisering van byeenkomste nie, maar dat hy ook 'n deeglike studie in hierdie verband sou moes onderneem.

Tegelyk met die besluit oor die stigting van die Instituut het die A.T.K.V. ook besluit om geld beskikbaar te stel vir die daarstelling van 'n leerstoel in Afrikaanse Kultuur- en Volkskunde aan 'n Afrikaanse Universiteit. Na veel bespiegeling, beraadslaging en onderhandelinge is besluit om so 'n leerstoel aan die Universiteit van Stellenbosch te stig wat bekend sou staan as die „A.T.K.V. Leerstoel in Afrikaanse Kultuur- en

Volkskunde" / .....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Volkskunde". (Sien 92, p.6 vir 'n gedetaileerde bespreking oor die Instituut en die leerstoel).

Die Instituut staan om bogenoemde rede onder leiding van die leerstoel op Stellenbosch, en die eerste navorsingsprojek van die Instituut handel oor Afrikaanse volksfeeste aan die Witwatersrand.

Die opdrag wat die Instituut in hierdie verband ontvang het, is soos volg geformuleer:

(a) Om 'n sistematiese en wetenskaplike ondersoek in te stel na die ontwikkeling van Afrikaanse feesgebruike, en na die invloed van sekere volksfeeste op die Afrikaner se politieke, kulturele en godsdienstige lewe.

(b) Om ondersoek in te stel na die houding van Afrikaanssprekendes aan die Witwatersrand ten opsigte van volksfeeste en, voortvloeiende uit genoemde ondersoek, op sekere tekortkominge te wys en vas te stel watter middele aangewend kan word om die houding van die Afrikaanssprekende aan die Witwatersrand positief te oriënteer.

Ter verwesenliking van die eerste opdrag word 'n literatuur- en bronnestudie uitgevoer met gebruikmaking van die sosiaal-historiese metode van ondersoek. Dit behels ondermeer literatuurstudie en die bestudering van museum- en argiefbronne. Die tweede opdrag word volvoer deur 'n empiriese ondersoek wat in die finale vorm uit twee dele sal bestaan. Die eerste is hierdie studie waarin daar ondersoek ingestel is na enkele aspekte van die kulturele lewe van Blanke Afrikaanssprekendes aan die Witwatersrand en die tweede is 'n studie wat handel oor Afrikaanse feesgebruike aan die Witwatersrand. Albei studies is sosiologies georiënteerd.

Ten / .....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Ten einde uitvoering aan die twee voorgemelde opdragte te gee, het die Uitvoerende Raad van die A.T.K.V. besluit om 'n Beheerkomitee in die lewe te roep wat belas sou wees met die beplanning en organisasie van die ondersoek. Die Beheerkomitee is soos volg saamgestel:

Prof. dr. B. Booyens (Hoof Dept. Afrikaanse Kultuur- en Volkskunde, Universiteit van Stellenbosch en leier van die navorsingsprojek).

Prof. dr. Abel Coetzee (Voormalige R.K. Fraay - hoogleraar in Afrikaanse Volkskunde aan die Universiteit van die Witwatersrand).

Prof. dr. J.H. Coetzee (Hoof Dept. Volkekunde en Naturelle-administrasie, Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O.)

Mnr. V.P.B. Horne (Hoofsekretaris van die A.T.K.V. (S.A.S. en H.)

Mnr. P.H. Kapp (Dept. Geskiedenis, Universiteit van Port Elizabeth en tot Augustus 1967 voltydse Navorser in diens van die A.T.K.V.-Instituut vir Volkskultuurnavorsing).

Prof. dr. J.E. Pieterse (Hoof Dept. Sosiologie, Universiteit van Pretoria).

Prof. dr. H.B. Thom (Voormalige Rektor, Universiteit van Stellenbosch).

Dr. M.C.E. van Schoor (Dept. Geskiedenis, Universiteit van die Oranje Vrystaat). (Plaasvervanger vir Prof. dr. J.J. Oberholzer van die U.O.V.S.)

Genl.-maj. / .....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Genl.-maj. M. van Vuuren (Hoofvoorsitter A.T.K.V. (S.A.S. en H.), Kommissaris van Spoorweg-polisie en voorsitter van die Beheerkomitee.)

Dr. J.D. Venter (Assistent Direkteur van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing).

Op die eerste vergadering van die Beheerkomitee gehou op 26 Oktober 1966 is besluit om 'n kleiner Komitee - genoem die Advieskomitee - in die lewe te roep om oor die eerste navorsingsprojek toesig te hou. Hierdie Komitee - bestaande uit prof. dr. B. Booyens as voorsitter, prof. dr. J.E. Pieterse, prof. dr. H.B. Thom, genl.-maj. M. van Vuuren, dr. J.D. Venter en menere V.P.B. Horne en P.H. Kapp - het die afgelope drie jaar elke ses maande vergader om die navorsingsprojek te bespreek en leiding te gee.

Na deeglike beplanning en besinning deur die Advies-komitee, asook deur die personeel van die Instituut vir Volkskultuurnavorsing is besluit om, voortvloeiende uit die opdragte wat die Instituut ontvang het, die navorsings-veld van die empiriese ondersoek in die volgende afdelings te verdeel:

(a) Hoedanig is die Afrikaner aan die Witwatersrand se belangstelling in en betrokkenheid by die georganiseerde Afrikaanse kultuurlewe aan die Rand? (vgl. Bylae A, vrae B1 tot en met B9).

(b) Wat is die houding van die Afrikaner aan die Witwatersrand ten opsigte van sy volksverlede? (vgl. Bylae A, vrae B10 tot en met B12).

(c) / .....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

(c) Heg die Afrikaner aan die Witwatersrand enige besondere waarde aan monumente en volksfeeste wat met hierdie verlede in verband staan? (vgl. Bylae A, vrae C1 tot en met C12).

(d) Op hoedanige wyse vier die Afrikaner aan die Witwatersrand sekere familie- en gesinsfeeste? (vgl. Bylae A, vrae D1 tot en met D12).

(e) Op hoedanige wyse word ander feeste soos byvoorbeeld Kersfees, Paasfees, Oujaarsfees, Nuwejaarsfees, Oesfeeste deur die Afrikaner aan die Witwatersrand gevier? (vgl. Bylae A, vrae E1 tot en met E21).

Die voorbereidingswerk vir die navorsing het op 1 April 1966 'n aanvang geneem.

## 2. DIE DOELSTELLINGS VAN DIE ONDERHAWIGE STUDIE

Die doelstelling van die onderhawige studie vloei voort uit die opdragte, meer bepaald uit die tweede opdrag, wat die A.T.K.V.-Instituut vir Volkskultuurnavorsing ontvang het, naamlik om ondersoek in te stel na die houding van Afrikaanssprekendes aan die Witwatersrand ten opsigte van Volksfeeste en voortvloeiende uit genoemde ondersoek, op sekere tekortkominge te wys en vas te stel watter middele aangewend kan word om die houding van die Afrikaanssprekende positief te oriënteer.

Op die oog af blyk dit of die onderhawige studie nie by die opdrag as sodanig inpas nie. Daar kan gevra word, waarom die kulturele lewe van die Afrikanervolk en hulle siening aangaande hulle volksgeskiedenis nagevors behoort te word as die eintlike bedoeling is om ondersoek in te stel na die houding van daardie groep teenoor hulle

volksfeeste / .....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

volksfeeste.

Die verklaring en motivering hiervoor lê daarin opgesluit dat volksfeeste een van die uitingsvorme van die kultuur van 'n volk is. Daarom is dit van belang om te weet of daar 'n korrelasie tussen die aktiewe betrokkenheid by die georganiseerde kultuurlewe en die belangstelling in volksfeeste bestaan. Is die aktiewe betrokkenheid by die georganiseerde kultuurlewe hoog en die belangstelling in volksfeeste laag, kan die fout moontlik by die volksfeeste self gesoek word. Is die aktiewe betrokkenheid by die kultuurlewe en die belangstelling in volksfeeste albei laag, lê die fout waarskynlik by die algemene kultuurtoestand van die Afrikaner. Voorts moet in gedagte gehou word dat die kultuurlewe en -strewe van die Afrikaner op die intiemste wyse aan sy verlede gekoppel is, en omdat die historiese of gedenkfeeste bykans die enigste soort volksfees is wat by die Afrikaner tot groot bloei gekom het, moet die Afrikaner se houding teenoor sy verlede, wat nog altyd 'n magtige invloed op sy denke en volksgees of volkskarakter gehad het, in 'n ondersoek na volksfeeste aandag geniet.

Dit is dus duidelik dat volle begrip van die houding van die Afrikaanssprekende aan die Witwatersrand teenoor sy volksfeeste, alleen bekom kan word indien ook hulle siening aangaande hulle volksgeskiedenis en betrokkenheid by die georganiseerde kultuurlewe deurvors word.

In die lig van die voorgemelde spreek dit vanself dat, ten einde die hoofopdrag wat die Instituut ontvang het tot sy volle reg te laat kom, die bevindinge van die

onderhawige / .....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

onderhawige studie en die van die studie oor die feesgebruike met mekaar gekoppel moet word. Ondersoeker wil reeds in hierdie vroeë stadium meld dat in nóg die onderhawige studie nóg die studie oor die feesgebruike by sodanige koppeling uitgekom sal word. Genoemde twee werkstukke leen hulle nie daartoe nie, aangesien die bedoeling van elk in hoofsaak neerkom op slegs 'n feitelike ontleding of empiriese ontbloting van onderskeidelik die kultuurtoestand en feesgebruike van die Afrikaner aan die Witwatersrand. Hierdie taak sal ten uitvoer gebring word eers nadat genoemde twee werkstukke ten volle afgehandel is, en in 'n aparte band opgeneem word.

Die doel van die onderhawige ondersoek in die besonder is om tot kennis en insig van enkele aspekte van die kulturele lewe van Blanke Afrikaanssprekendes aan die Witwatersrand te kom. Die aspekte waarna verwys word is die volgende:

(a) Afrikaanse kultuurorganisasies as een van die uitingsvorme van die georganiseerde Afrikaanse kultuurlewe aan die Rand.

(b) Afrikaanse kultuurbedrywighede as 'n ander uitingsvorm van die georganiseerde Afrikaanse kultuurlewe aan die Rand.

(c) Die Afrikaanssprekende aan die Witwatersrand se evaluasie van sy volksgeskiedenis.

3. <u>DIE METODE VAN ONDERSOEK</u>

Tydens die beplanning van die ondersoek is besluit om van die vraelysmetode gebruik te maak, om 'n verteenwoordigende steekproef te trek aan wie die vraelyste vir voltooiing / .....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



voltooiing voorgelê sal word en om vir die voltooiing van die vraelyste gebruik te maak van opgeleide veldwerkers wat persoonlike onderhoude met elke respondent sou voer.

Vervolgens sal hierdie drie aspekte onder die opskrifte die vraelys, die steekproef en die veldwerk behandel word.

(a) Die Vraelys

(i) Die opstel van die vraelys

Om 'n vraelys op te stel wat al die verlangde inligting sal voorsien, is geen maklike taak nie. Die gehalte van 'n ondersoek word altyd gemeet aan die gehalte van die vraelys en geen ondersoek kan ooit beter wees as die vraelys wat daarvoor gebruik word nie. Young sê in die verband: „If a social study utilizes the schedule as a device for collecting social data, the data will be valid in direct proportion to the efficiency, skill and insight both in the construction of the schedule and in the work of the field worker".(71, p. 149). Moser is ook van mening dat „..... no survey can be better than its questionnaire."(45, p. 211) Dit is daarom absoluut noodsaaklik dat die ondersoeker op hoogte sal wees van die onderwerp waaroor sy voorgenome ondersoek handel en dat die grootste mate van deeglikheid, noukeurigheid, helderheid, kennis en insig aan die dag gelê sal word by die opstel van 'n vraelys.

Aanvanklik het die personeel van die Instituut hulle dan ook besig gehou met literatuurstudie ten einde die nodige verdieping van kennis en insig met betrekking tot

die / .....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die opstel en gebruik van die vraelys, asook met betrekking tot die aspekte van die spesifieke probleme wat ondersoek moes word, te bekom. Sodanige studie word as 'n absolute vereiste ter voorbereiding van enige navorsing beskou. „Before a schedule can be intelligently prepared, the scope, plan and purpose of the investigation must be decided upon" aldus Lundberg (40, p.162). Goode en Hatt is 'n soortgelyke mening toegedaan: „..... a schedule imposes upon the researcher the obligation to learn as much as possible about his subject matter before he begins to formulate the questions". (28, p. 134).

Daar is ook onderhoude met verskeie geleerdes en deskundiges gevoer om sodoende tot dieper en beter insig in die betrokke onderwerp te kom. Hierna is die vraelys in sy eerste konsepvorm opgestel en aan nagenoeg dertig deskundiges en belangstellendes vir kritiek en kommentaar gestuur. Nadat hierdie persone se kritiek bestudeer is, is die vraelys in sy tweede konsepvorm opgestel en op 17 Maart 1967 aan 'n Vraelyskomitee, wat spesiaal vir hierdie ondersoek saamgestel is, voorgelê vir bespreking, kritiek en kommentaar.

Die Vraelyskomitee het uit die volgende lede bestaan:

| | |
|---|---|
| Prof. dr. B. Booyens | (Hoof Dept. Afrikaanse Kultuur- en Volkskunde, Universiteit van Stellenbosch en leier van die projek). |
| Dr. A. Breedt | (Dept. Sosiologie, Universiteit van Pretoria). |
| Mnr. P.H. Kapp | (Dept. Geskiedenis, Universiteit van Port Elizabeth en tot Augustus 1967 navorser in diens van die Instituut). |

Prof. / .....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Prof.dr.J.E. Pieterse (Hoof Dept. Sosiologie, Universiteit van Pretoria en voorsitter van die Vraelyskomitee).

Dr. C.F. Swart (Dept. Sosiologie, Universiteit van Pretoria).

Dr. J.D. Venter (Assistent Direkteur van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing).

Nadat die vraelys deur die Vraelyskomitee bespreek is, is dit weer verwerk en in die vorm soos die Vraelyskomitee dit in daardie stadium voorlopig gefinaliseer het, opgestel. Dit is hierna aan 'n deurtastende vooronderzoek onderwerp ten einde verdere gebreke en tekortkominge te bepaal. (Sien volgende onderafdeling vir bespreking hieroor).

Na afloop van die vooronderzoek is die vraelys weer gekorrigeer en verwerk en in die voor-finale vorm opgestel. In hierdie vorm is die vraelys weer aan die Vraelyskomitee ter insae voorgelê. Na afloop hiervan is dit in die finale vorm gegiet en deur die Vraelyskomitee goedgekeur.

Ondanks die intensiewe voorbereiding, beplanning en besinning met betrekking tot die opstel van die vraelys, is daar in die loop van die veldwerk nog ylverspreide probleme ontdek. Dit onderskraag die beskouing dat dit bykans onmoontlik is om 'n perfekte vraelys op te stel. Eers na afloop van 'n ondersoek, en dan is dit egter reeds te laat, sal 'n vraelys wat grens aan die perfekte opgestel kan word. Voorgemelde gebreke is egter by die verwerking van die gegewens in aanmerking geneem, aldaar geëlimineer en het derhalwe geen invloed op die eindresultate uitgeoefen nie.

Sekere vrae in die vraelys, te wete C9, D4, D5, D6,

D11 / .....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

D11, D12, E12, E20, en E21 verdien verdere toeligting. Daar sal opgemerk word dat hierdie vrae nie inpas by die patroon van al die ander vrae nie, soos blyk uit die feit dat hulle ongestruktureerd en nie gekodifiseer is nie. Hierdie vrae is in die vraelys vervat, nie vir gebruikmaking in die praktiese ondersoek nie, maar wel in die bronne-studie wat uitgevoer is om aan die eerste opdrag (vgl. p.1 van onderhawige hoofstuk) uitvoering te gee. Die rede vir hulle aanwesigheid is dat daar in die bronne-studie na gegewens gesoek is wat op geen ander manier as deur die gebruikmaking van 'n vraelys byeen gebring kon word nie. Die Vraelyskomitee het dit goed gevind dat die vrae wat hierdie inligting sou verskaf, in die vraelys opgeneem word.

(ii) Die Vooronderseok

Met die oog op die verhoging van die betroubaarheid en wetenskaplike geldigheid van die vraelys, en ten einde te bepaal of die vraelys voldoen aan die vereistes van die ondersoek, is dit in Julie 1967 aan 'n vooronderseok onderwerp. Die vooronderseok is in drie gebiede aan die Witwatersrand elk met 'n andersoortige sosio-ekonomiese struktuur gedoen. Vyftig vraelyste. is in elk van die drie gebiede voltooi, dus 150 in totaal. Die gebiede is Jeppe, Linden en Kempton Park.

Die vraelys vir die vooronderseok het hoofsaaklik uit ongestruktureerde vrae bestaan. Hiermee word bedoel dat daar geen moontlike antwoorde, waaruit die respondent kon kies, by die vrae gegee was nie, met ander woorde dat die respons oorgelaat was aan die vrye keuse van die

respondent / .....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

respondent. Die rede hiervoor is dat 'n aansienlike aantal van die vrae van so 'n aard was dat daar nie sondermeer bepaal kon word wat die moontlike antwoorde sou wees nie.

Na afloop van die vooronderSoek is al die vraelyste deurgewerk. Die antwoorde met dieselfde strekking ten opsigte van die onderskeie vrae is gegroepeer en sodoende is 'n reeks antwoorde, wat naasteby al die moontlike antwoorde op sodanige vrae weerspieël, op elke vraag verkry. Hieruit is daar vir elke vraag toepaslike antwoorde geformuleer wat in die finale vraelys gebruik is. Op hierdie wyse is al die vrae, met uitsondering van twee (vgl. Bylae A, vrae B12 en C5), waarop, blykens die vooronderSoek, antwoorde van 'n te uiteenlopende aard verkry is, in die gestruktureerde vorm opgestel. Met gestruktureerd word bedoel dat al die moontlike antwoorde op 'n vraag aan die respondent gegee word, waaruit hy dan die een kies wat hom bevredig.

Die vooronderSoek het ook aan die lig gebring in hoeverre daar antwoorde op al die vrae verkry kon word. Dit het verder help bepaal of die vraelys ondersoek dit waarna dit veronderstel is om uit te vra en ook of al die inligting waarna gesoek word, verkry word. Drie spesiaal opgeleide veldwerkers is gebruik om die vraelyste te voltooi, deur persoonlike onderhoude met die 150 respondente te voer.

Die vooronderSoek het verder waarde gehad deurdat dit gedien het as 'n verkenning van moontlike praktiese probleme wat in die loop van die werklike veldwerk kon

ontstaan / .....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ontstaan. Dit was verder waardevol vir die finalisering van die instruksies wat aan elke veldwerker in die volwaardige ondersoek gegee is.

Die gebruik van 'n voorondersoek word in die meeste werke oor die Sosiologiese Metodologie hoog aangeskryf. Furfey skryf in hierdie verband: „It is surprising how illuminating pretesting can be." (26, p. 303). Voorts sê hy: „A few days of pretesting constitutes better criticism than the judgement of the most distinguished expert" (26, p. 307).

(b) <u>Die Steekproef</u>

Na deeglike besinning is besluit om slegs Blanke Afrikaanssprekende persone, in die ouderdomsgroep 18 jaar en ouer, permanent woonagtig aan die Witwatersrand, sowel manlik as vroulik in die steekproef op te neem.

By raadpleging van die sensusopgawe van 1960 en met kontrolering van die kieserslyste asook bylae tot die kieserslyste soos opgestel tot en met 28 Februarie 1967, is vasgestel dat daar nagenoeg 205,000 Blanke Afrikaanssprekende persone, wat voldoen aan die vereistes van die steekproef, aan die Witwatersrand woonagtig is.

Daar is van altesaam 34 kiesafdelings se kieserslyste, uit 'n totaal van 39 wat aan die Rand geleë is, gebruik gemaak. Vyf is weggelaat vanweë die feit dat hulle vir die doel van hierdie ondersoek buite die grense van die Witwatersrand geval het. Na oorlegpleging met dr. A.J. van Rooy, verbonde aan die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, is vasgestel dat 'n steekproef van 1500, dit is 0.73 persent van die universum, as verteenwoordigend en

statisties / .....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



statisties betroubaar beskou kon word. Die steekproef is op die beginsel van ewekansigheid getrek, dit wil sê, elke inwoner van die 205,000 Blanke Afrikaanssprekendes woonagtig aan die Witwatersrand, het 'n gelyke kans gehad om in die steekproef opgeneem te word. Met die veldwerk is daar aanvanklik 1521 vraelyste voltooi waarvan 21 egter weggelaat moes word omrede daar tydens die kontrolering van die vraelyste gevind is dat hulle óf nie volledig voltooi is nie, óf nie as betroubaar gereken kan word nie. In totaal is daar dus 1500 respondente by die ondersoek betrek.

(c) Die veldwerk

(i) Die veldwerkers

Deur bemiddeling van 'n aantal goedgesinde instansies is die Instituutpersoneel op die spoor gebring van 'n groep persone wat ingestem het om, teen vergoeding, behulpsaam te wees met die insameling van die gegewens. Twintig veldwerkers is gebruik waarvan die oorgrote meerderheid opleiding in die geesteswetenskappe, meer bepaald in die Sosiologie, gehad het. Daar is sover moontlik gesorg dat die veldwerkers goed bekend was met die kiesafdelings wat aan hulle toegesê is. Elke veldwerker was verantwoordelik vir die voltooiing van tussen 70 en 100 vraelyste.

(ii) Opleiding van die veldwerkers

Ten einde eenvormigheid in die insameling van die gegewens te verseker, is besluit om die veldwerkers in groepsverband op te lei. Dr. C.F. Swart, verbonde aan die Departement Sosiologie van die Universiteit van Pretoria, het ingewillig om die opleiding waar te neem.

Die / .....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die opleiding is in vier aande afgehandel. Die vraelys is stapsgewyse, vraag vir vraag, in samehang met die handleiding wat aan elke veldwerker verskaf is, behandel.

Daar is ook deeglik ingegaan op die wyse waarop die respondente opgespoor moes word, asook op die voorskrifte en bepalinge wat nagekom moes word ten einde wetenskaplikheid, betroubaarheid en geldigheid te verseker. Die instruksies by elke vraag is ook deeglik bespreek. Verskeie geleenthede is geskep vir die stel van vrae, asook vir individuele samesprekings met die verskillende veldwerkers. Daar is dus sover moontlik gesorg dat elke veldwerker presies geweet het wat van hom of haar verwag is.

(iii) <u>Die handleiding vir veldwerkers</u>

'n Omvattende handleiding bevattende algemene voorskrifte aan veldwerkers is deur die personeel van die Instituut opgestel. Daarin is aandag geskenk aan alle moontlike aspekte rakende die veldwerk. Dit het gewissel van algemene agtergrond inligting oor die ondersoek, die veldwerk, die voer van 'n onderhoud, tot voorskrifte wat by elke individuele vraag nagekom moes word. Elke veldwerker is van sodanige handleiding voorsien en die handleiding is ook tydens die opleiding stapsgewys deurgewerk.

(iv) <u>Die gebiede waarin die ondersoek onderneem is</u>

Die aanvanklike bedoeling was om die Republiek van Suid-Afrika as ondersoekgebied te neem. Vanweë verskeie praktiese probleme moes daar egter hiervan afgesien word en is besluit om die ondersoekgebied te beperk tot die Witwatersrand.

Die / .....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die kiesafdelings waarin die Witwatersrand ingedeel is, is gebruik as uitgangspunt by hierdie ondersoek. Van die 39 kiesafdelings is 34 in hierdie ondersoek gebruik. Vyf is weggelaat omrede hulle vir die doel van hierdie ondersoek geag is as nie aan die Rand geleë te wees nie. Die aantal Afrikaanssprekende kiesers in elke afsonderlike kiesafdeling is verwerk tot 'n persentasie van die universum (ongeveer 205,000). Elke persentasie is toe weer op sy beurt terugverwerk tot 'n getal van die steekproef, dit wil sê van 1500 en sodoende is daar bepaal hoeveel respondente in elke kiesafdeling ondervra moes word. Dit is dus duidelik dat elke kiesafdeling tot die regte verhouding in die steekproef verteenwoordig is.

Tabel 1 gee 'n aanduiding van die gebiede waarin die ondersoek onderneem is, asook van die persentuele verspreiding van die respondente in elke kiesafdeling.

Blykens tabel 1 is die grootste persentasie respondente in die kiesafdeling Randfontein ondervra (5.4 persent). Die rede hiervoor is voor die handliggend dat Randfontein die kiesafdeling is met die grootste aantal Afrikaanssprekendes binne sy grense. Na Randfontein kom Kempton Park met 'n persentuele verspreiding van 5.3 persent. Namate die aantal Afrikaanssprekendes in die onderskeie kiesafdelings afneem, neem die aantal respondente in die steekproef ook af. Die kiesafdelings met die laagste persentuele verspreiding is onderskeidelik Houghton en Parktown (0.3 persent, dit wil sê 4 respondente elk). Die rede hiervoor is dat hierdie twee gebiede oorwegend deur Engelssprekendes bewoon word.

TABEL 1 / .....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

TABEL 1

SAMESTELLING VAN DIE STEEKPROEF

| GEBIEDE WAARIN ONDERSOEK ONDERNEEM IS | AANTAL PROEFPERSONE | |
|---|---|---|
| | GETAL | % |
| Alberton | 68 | 4.5 |
| Benoni | 43 | 2.9 |
| Bezuidenhout | 18 | 1.2 |
| Boksburg | 66 | 4.4 |
| Brakpan | 70 | 4.7 |
| Brentwood | 64 | 4.3 |
| Florida | 51 | 3.4 |
| Geduld | 75 | 5.0 |
| Germiston | 63 | 4.2 |
| Germiston Distrik | 47 | 3.1 |
| Hillbrow | 6 | 0.4 |
| Houghton | 4 | 0.3 |
| Jeppe | 40 | 2.7 |
| Johannesburg-Noord | 6 | 0.4 |
| Johannesburg-Wes | 48 | 3.2 |
| Kempton Park | 79 | 5.3 |
| Kensington | 8 | 0.5 |
| Krugersdorp | 71 | 4.7 |
| Langlaagte | 64 | 4.3 |
| Maraisburg | 71 | 4.7 |
| Mayfair | 59 | 3.9 |
| Noordrand | 11 | 0.7 |
| Orange Grove | 5 | 0.3 |
| Parktown | 4 | 0.3 |
| Primrose | 59 | 3.9 |
| Randburg | 58 | 3.9 |
| Randfontein | 81 | 5.4 |
| Roodepoort | 75 | 5.0 |
| Rosettenville | 17 | 1.1 |
| Springs | 56 | 3.7 |
| Turffontein | 39 | 2.6 |
| Von Brandis | 14 | 0.9 |
| Westdene | 53 | 3.5 |
| Yeoville | 7 | 0.5 |
| TOTAAL | 1500 | 100.0 (1) |

1. By raadpleging van die tabelle sal opgemerk word dat die persentasies tot een desimaal bereken is. Sodanige persentasie is dan reeds benader. Onderaan elke persentuele verdeling verskyn die totaal 100.0. Indien die persentasies opgetel word, beloop die totaal nie altyd 100.0 persent nie, maar soms 99.9 of 100.1. Aangesien die noukeurigheid of betroubaarheid van die persentuele waardes nie hierdeur geaffekteer word nie, word die totale deurgaans as 100.0 aangegee.

(v) / .....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

(v) <u>Die veldwerk as sodanig</u>

Die veldwerk het in Oktober 1967 'n aanvang geneem en is in Desember 1967 voltooi. Elke veldwerker is van die volgende voorsien:

(aa) 'n Handleiding waarby ingevoeg is alle instruksies rakende die veldwerk asook voorskrifte op elke vraag. (Bylae B).

(bb) 'n Bekendstellingsbrief.

(cc) Vraelyste (Bylae A).

(dd) Lyste met name en adresse wat gedien het as beginpunte en alternatiewe beginpunte.

(ee) 'n Kaart of kaarte van die kiesafdeling of kiesafdelings waarop al die beginpunte asook die alternatiewe beginpunte aangedui is.

Die respondente is volgens 'n vasgelegde wetenskaplike prosedure of metode opgespoor. Tydens die opleiding van die veldwerkers is hierdie metode deeglik aan hulle verduidelik. Om die wetenskaplike betroubaarheid van die ondersoek verder te verseker, was daar 'n reeks bepalinge en voorskrifte wat, met betrekking tot die opsporing van die respondente, nagekom moes word. Hierdie voorskrifte is ook pertinent onder die aandag van die veldwerkers gebring. Sowel die metode van- as die bepalinge en voorskrifte met betrekking tot die opsporing van die respondente is in die handleiding opgeneem (Vgl. Bylae B).

Ten einde te sorg dat die geslagsverspreiding in die steekproef ooreenstem met die van die universum, naamlik ongeveer 50 persent manlik en 50 persent vroulik,

is / .....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



is opdrag gegee om in elke reeks van vier respondente twee mans en twee vroue te ondervra. In gevalle waar daar twee of meer persone van dieselfde geslag in 'n huishouding teenwoordig was, is soos volg te werk gegaan:

(a) By 'n keuse tussen twee of meer mans is die jongste man ondervra.

(b) By 'n keuse tussen twee of meer vroue is die oudste vrou ondervra.

Die motivering vir hierdie bepaling is dat jong mans meer dikwels uithuisig is as jong dames. Gevolglik moes daar bewustelik meer op jong mans as ouer mans gekonsentreer word ten einde die ouderdomsverspreiding in die steekproef reg te kry. Dat die ouderdomsverdeling in die steekproef 'n treffende vergelyking toon met die sensusgegewens van 1960, is 'n bewys daarvan dat bogenoemde werkswyse, wat op aanbeveling van dr. A.J. van Rooy, verbonde aan die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, toegepas is, die verlangde uitwerking gehad het.

Omrede besef is dat onvoorsiene probleme in die loop van die veldwerk kon opduik, is die veldwerkers versoek om, sodra hulle sulke probleme teëkom, onmiddellik met die Instituut te skakel. Sulke probleme het dan ook opgeduik, wat óf telefonies, óf deur persoonlike onderhoude met die veldwerkers, opgelos is. Noukeurige voorsorgmaatreëls is dus getref om enige onduidelikhede uit te skakel.

(vi) <u>Die kontrole van die veldwerk</u>

Ten einde die betroubaarheid van die verkreë gegewens te verhoog, is die veldwerk streng gekontroleer

en / .....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

en wel soos volg:

'n Steekproef van 400 name en adresse is uit die groottotaal van 1521 getrek. Aan elk van hierdie persone is 'n gefrankeerde poskaart gestuur waarop hulle moes aantoon:

(aa) of 'n veldwerker die betrokke vraelys by hulle voltooi het,

(bb) of hulle permanent aan die Witwatersrand woonagtig is,

(cc) of hulle Afrikaanssprekend is,

(dd) of hulle in die ouderdomsgroep 18 jaar en ouer val en

(ee) hoe lank die onderhoud geduur het.

Vooraf is vasgestel dat elke onderhoud gemiddeld 25 tot 35 minute sou duur. In 73 persent van die gevalle is positiewe antwoorde op al die vrae ontvang wat bewys lewer dat hulle deur 'n veldwerker besoek en ondervra is en dat hulle aan die vereistes van die steekproef voldoen het.

Ten opsigte van die oorblywende 27 persent wat nie gereageer het nie, kon geen afdoende antwoord verkry word nie. Moontlik kan dit wees dat hulle intussen verhuis het of om die een of ander rede net nie sover gekom het om die poskaarte te voltooi en terug te stuur nie. Geen negatiewe antwoorde is ontvang nie.

In die tweede instansie het die personeel van die Instituut 'n aantal respondente persoonlik gaan besoek na ontvangs van die voltooide vraelyste. 'n Steekproef van

57 / .....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

57 name en adresse is getrek wat oor al die kiesafdelings versprei was. Daar is gesorg dat daar nie besoeke afgelê word by diegene aan wie poskaarte gestuur is nie. Sekere sleutelvrae is tydens hierdie besoeke weer aan die respondente gevra. In al die gevalle is gevind dat die veldwerkers die vraelyste deeglik voltooi het.

Tydens die opleiding van die veldwerkers is aan hulle genoem dat die veldwerk op bogenoemde wyses gekontroleer sou word. Dit het om klaarblyklike redes beslis bygedra tot die betroubaarheid van die veldwerk.

4. DIE VERWERKING VAN DIE GEGEWENS

Nadat die versameling van die gegewens afgehandel is, het die verwerking van die gegewens 'n aanvang geneem. Voorts word kortliks aandag geskenk aan die kontrolering van die vraelyste, die pons van die gegewens op ponskaarte, die nasien van die ponskaarte asook aan die opstel van programme vir die elektroniese rekenaar.

(a) Die kontrolering van die vraelyste

Nadat al die vraelyste terug ontvang is, is die antwoord op elke vraag van elke afsonderlike vraelys deeglik deur die personeel van die Instituut nagesien en gekontroleer. In gevalle waar 'n vraelys onvolledig of foutief voltooi is, is die vraelys as onbruikbaar beskou. Sodoende is gepoog om die betroubaarheid van die gegewens nog verder te verhoog.

(b) Die pons van die gegewens van die vraelyste op ponskaarte en die kontrolering van die ponskaarte

Nadat elke vraelys noukeurig gekontroleer is, is dit

na / .....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

na die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing geneem waar die gegewens op ponskaarte oorgeplaas is. Die ponskaarte is hierna deeglik, deur middel van 'n verifieër-masjien, gekontroleer ten einde vas te stel of antwoorde op alle vrae gepons is en of die getal ponskaarte met die getal vraelyste ooreenstem.

(c) Die opstel van programme vir die elektroniese rekenaar

Nadat elke ponskaart aldus gekontroleer is, is die aard van die tabelle wat verlang was in oorweging geneem ter voorbereiding van die programmering vir die elektroniese rekenaar van die W.N.N.R. Die finale programmering en hantering van die rekenaar is deur die personeel van die Afdeling Numeriese Analise van die W.N.N.R., onderneem. Die personeel van die Instituut het dus onvermoeid getrag om die insameling van die gegewens so wetenskaplik moontlik te laat verloop om sodoende die betroubaarheid daarvan te verhoog. Nadat al die bogenoemde stappe volvoer is, is voortgegaan met die verwerking en interpretering van die verkreë gegewens.

5. KENMERKE EN BETROUBAARHEID VAN DIE STEEKPROEF

Die algemene kenmerke van die steekproef sal, waar engisins moontlik, met die beskikbare sensusgegewens ten opsigte van die totale aantal Blanke Afrikaanssprekendes aan die Witwatersrand, in die ouderdomsgroep 18 jaar en ouer, vergelyk word, ten einde die betroubaarheid van die steekproef vas te stel.

(a) Die geslag van die ondersoekgroep

In tabel 2 word die geslag van die ondersoekgroep met

die / .....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die sensusgegewens van 1960 vergelyk.

TABEL 2

GESLAG VAN DIE ONDERSOEKGROEP VERGELYK MET DIE SENSUS-GEGEWENS(1) VAN 1960

| GESLAG | ONDERSOEKGROEP | | SENSUS 1960 |
|---|---|---|---|
| | GETAL | % | % |
| Manlik | 748 | 49.9 | 49.7 |
| Vroulik | 752 | 50.1 | 50.3 |
| TOTAAL | 1,500 | 100.0 | 100.0 |

Uit tabel 2 blyk dat 1,500 proefpersone in hierdie steekproef betrek is. Hiervan is 50.1 persent vroulik en 49.9 persent manlik. Wanneer hierdie syfers met die sensusgegewens van 1960 vergelyk word, blyk dit dat daar in 1960 50.3 persent vroulikes en 49.7 persent manlikes was. Daar is derhalwe ten opsigte van persentasie verhoudinge in soverre dit die twee geslagte betref, slegs 'n geringe verskil tussen die proefpersone in die steekproef en die persone in die sensusgegewens van 1960.

Die geringe verskil wat wel te bespeur is, kan aan allerlei faktore toegeskryf word. Eerstens moet in gedagte gehou word dat nege jaar verloop het sedert die vorige sensusopname van 1960. Dit is dus moontlik dat daar 'n verandering in die bevolkingsamestelling kon plaasvind met betrekking tot die aandeel van die verskillende geslagte.

'n / .....

(1) Gegewens verkry van STATS - gebaseer op gegewens verkry van die Buro vir Statistiek.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

'n Moontlike verklaring vir die aanwesigheid van 'n groter persentasie vroulikes (50.1 persent) as manlikes (49.9 persent) in die steekproef, is moontlik geleë in die feit dat manlikes waarskynlik meer buitenshuis verkeer as vroulikes. Gevolglik was daar moontlik minder manlikes as vroulikes ten tye van die opname tuis.

(b) Die ouderdomsverdeling van die ondersoekgroep

Tabel 3 dui die ouderdomsverdeling van die ondersoekgroep, vergelyk met die sensusgegewens van 1960, aan.

TABEL 3

DIE OUDERDOMSVERDELING VAN DIE ONDERSOEKGROEP VERGELYK MET DIE SENSUSGEGEWENS[1] VAN 1960

| OUDERDOM | ONDERSOEKGROEP | | SENSUS 1960 |
|---|---|---|---|
| | GETAL | % | % |
| 18 tot 24 jaar | 210 | 14.0 | 13.6 |
| 25 tot 29 jaar | 190 | 12.7 | 11.8 |
| 30 tot 34 jaar | 203 | 13.5 | 12.3 |
| 35 tot 39 jaar | 183 | 12.2 | 11.6 |
| 40 tot 44 jaar | 142 | 9.5 | 10.8 |
| 45 tot 49 jaar | 166 | 11.1 | 11.1 |
| 50 tot 54 jaar | 154 | 10.3 | 9.4 |
| 55 tot 59 jaar | 79 | 5.3 | 6.3 |
| 60 jaar en ouer | 173 | 11.5 | 13.1 |
| TOTAAL | 1,500 | 100.0 | 100.0 |

Uit gegewens van tabel 3 blyk dit dat die persentuele

aandeel / .....

(1) Gegewens verkry van STATS - gebaseer op gegewens verkry van die Buro vir Statistiek.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

aandeel wat elke ouderdomsgroep in die steekproef verteenwoordig, groot ooreenkoms vertoon met die persentasies wat in die sensusopname voorkom. Die grootste enkele persentasie van die proefpersone (14.0 persent) het in die ouderdomsgroep 18 tot 24 jaar voorgekom terwyl die laagste persentasie (5.3 persent) in die ouderdomsgroep 55 tot 59 jaar voorkom.

Die sensusgegewens toon dieselfde verspreiding naamlik 13.6 persent ten opsigte van die ouderdomsgroep 18 tot 24 jaar en 6.3 persent vir die ouderdomsgroep 55 tot 59 jaar. Eweredige verspreiding word oor die res van die ouderdomsgroepe aangetref.

(c) Die huwelikstaat van die ondersoekgroep

In tabel 4 word 'n ontleding gegee van die huwelikstaat van die ondersoekgroep, en dit word vergelyk met die sensusgegewens van 1960.

TABEL 4

DIE HUWELIKSTAAT VAN DIE ONDERSOEKGROEP VERGELYK MET DIE SENSUSGEGEWENS(1) VAN 1960

| HUWELIKSTAAT | ONDERSOEKGROEP | | SENSUS 1960 |
|---|---|---|---|
| | GETAL | % | % |
| Nooit getroud | 167 | 11.1 | 13.8 |
| Getroud | 1,199 | 79.9 | 75.0 |
| Getroud maar verlaat | 6 | 0.4 | 0.1 |
| Wewenaar of weduwee | 107 | 7.1 | 7.9 |
| Geskei | 21 | 1.4 | 3.2 |
| TOTAAL | 1,500 | 100.0 | 100.0 |

(1) Gegewens verkry van STATS - gebaseer op gegewens verkry van die Buro vir Statistiek.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Uit die gegewens van tabel 4 blyk dit dat 79.9 persent van die proefpersone in die ondersoekgroep getroud was terwyl 11.1 persent aangedui het dat hulle nog nooit getroud was nie.

Wanneer die persentasie getroudes en nooit getroudes van die ondersoekgroep vergelyk word met die sensusgegewens van 1960, blyk dit dat 'n kleiner persentasie getroudes (75.0 persent) en 'n groter persentasie nooit getroudes (13.8 persent) in die sensusgegewens voorkom as wat daar in die ondersoekgroep opgeneem is.

Ten opsigte van diegene wat aangetoon het dat hulle geskei is, is daar 'n kleiner persentasie (1.4 persent) in die ondersoekgroep opgeneem as wat daar in die sensusgegewens van 1960 voorkom (3.2 persent).

Geen gemotiveerde verklaring kan egter hiervoor aangevoer word nie.

(d) Die kerkverband van die ondersoekgroep

Tabel 5 gee 'n uiteensetting van die kerkverband van die ondersoekgroep. Aangesien daar nie vergelykbare sensusgegewens vir die Afrikaanssprekende bevolking aan die Witwatersrand beskikbaar was nie, word geen vergelyking aangebied nie.

TABEL 5 / .....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

TABEL 5

DIE KERKVERBAND VAN DIE ONDERSOEKGROEP

| KERKVERBAND | ONDERSOEKGROEP | |
|---|---|---|
| | GETAL | % |
| N.G. Kerk | 837 | 55.8 |
| Hervormde Kerk | 221 | 14.7 |
| Gereformeerde Kerk | 100 | 6.7 |
| Apostoliese Geloofsending | 108 | 7.2 |
| Sektes en ander kerke (bv. Baptiste, Rooms Katolieke, Lutherse Kerk) | 223 | 14.9 |
| Geen kerk | 11 | 0.7 |
| TOTAAL | 1,500 | 100.0 |

Volgens tabel 5 is na verhouding meer lidmate van die Nederduitse Gereformeerde Kerk (55.8 persent) as van die Hervormde Kerk (14.7 persent) en die Gereformeerde Kerk (6.7 persent) by die ondersoek betrek.

Die oorblywende deel van die ondersoekgroep is versprei oor die oorblywende kerke vanaf 14.9 persent in die sektes en ander kerke (bv. Baptiste, Rooms Katolieke, Lutherse kerk) tot 0.7 persent wat aangedui het dat hulle aan geen kerk behoort nie.

(e) Die huistaal in die ouerhuis van die ondersoekgroep

In tabel 6 word 'n ontleding van die huistaal in die ouerhuis van die ondersoekgroep gemaak. Aangesien daar nie vergelykbare sensusgegewens vir die Afrikaanssprekende bevolking aan die Witwatersrand beskikbaar was nie, word geen vergelyking aangebied nie.

TABEL 6 / .....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



TABEL 6

DIE HUISTAAL IN DIE OUERHUIS VAN DIE ONDERSOEKGROEP

| HUISTAAL IN OUERHUIS | ONDERSOEKGROEP | |
|---|---|---|
| | GETAL | % |
| Afrikaans | 1,425 | 95.0 |
| Engels | 28 | 1.9 |
| Afrikaans en Engels | 32 | 2.1 |
| Ander | 15 | 1.0 |
| TOTAAL | 1,500 | 100.0 |

Dit blyk uit hierdie tabel dat 95.0 persent van die proefpersone in die steekproef Afrikaans as huistaal in hulle ouerhuis gebruik het. Hierteenoor is daar slegs 1.9 persent wat Engels as huistaal in hulle ouerhuis gebruik het en 2.1 persent wat sowel Afrikaans as Engels as huistaal in hulle ouerhuis gebruik het.

Die verklaring hiervoor is voor die handliggend, aangesien die ondersoek, ten opsigte van huistaal slegs betrekking gehad het op diegene wat uitsluitlik Afrikaans-sprekend is.

(f) Die taalmedium op hoërskool deur die ondersoekgroep bygewoon

In tabel 7 word 'n ontleding van die taalmedium op die hoërskool wat deur die ondersoekgroep bygewoon is, gemaak.

Aangesien die sensus in hierdie verband geen gegewens verstrek nie, kan hier ook geen vergelykende syfers aangebied word nie.

TABEL 7 / .....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

TABEL 7

DIE TAALMEDIUM OP HOëRSKOOL DEUR ONDERSOEKGROEP BYGEWOON

| TAALMEDIUM OP HOëRSKOOL | ONDERSOEKGROEP | |
|---|---|---|
| | GETAL | % |
| Nie van toepassing, was glad nie op hoërskool of op skool nie | 276 | 18.4 |
| Afrikaansmedium | 960 | 64.0 |
| Engelsmedium | 114 | 7.6 |
| Parallel of dubbelmedium | 144 | 9.6 |
| Ander | 6 | 0.4 |
| TOTAAL | 1500 | 100.0 |

Dit blyk volgens tabel 7 dat naas die 18.4 persent van die proefpersone wat glad nie op hoërskool was nie, die grootste enkele persentasie (64.0 persent) van die ondersoekgroep hulle hoërskoolopleiding deur medium van Afrikaans ontvang het, 9.6 persent parallel- of dubbelmedium (Afrikaans en Engels) en 7.6 persent deur medium van Engels.

(g) Die onderwyskwalifikasies van die ondersoekgroep

Tabel 8 gee 'n ontleding van die onderwyskwalifikasies van die steekproef. Aangesien daar nie vergelykbare sensusgegewens vir die Blanke Afrikaanssprekende bevolking aan die Witwatersrand beskikbaar was nie, word geen vergelyking aangebied nie.

TABEL 8 / .....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

TABEL 8

DIE ONDERWYSKWALIFIKASIES VAN DIE ONDERSOEKGROEP

| ONDERWYSKWALIFIKASIES | ONDERSOEKGROEP | |
|---|---|---|
| | GETAL | % |
| Geen | 8 | 0.5 |
| Laer as St. 6 | 146 | 9.7 |
| St.6 of 'n gelykwaardige sertifikaat | 234 | 15.6 |
| St.7 of 'n gelykwaardige sertifikaat | 161 | 10.7 |
| St.8 of 'n gelykwaardige sertifikaat | 406 | 27.1 |
| St.9 of 'n gelykwaardige sertifikaat | 80 | 5.3 |
| St.10 of 'n gelykwaardige sertifikaat | 303 | 20.2 |
| 'n Diploma of sertifikaat na St.10 behaal | 100 | 6.7 |
| 'n Universiteitsgraad | 59 | 3.9 |
| Ander opvoedkundige kwalifikasies na St.10 behaal | 3 | 0.2 |
| TOTAAL | 1,500 | 100.0 |

Die gegewens van hierdie tabel toon aan dat die grootste enkele persentasie van die ondersoekgroep St. 8 of 'n gelykwaardige sertifikaat behaal het, naamlik 27.1 persent. Hierna volg die proefpersone wat St.10 of 'n gelykwaardige sertifikaat behaal het, te wete 20.2 persent. In die groep is daar voorts 6.7 persent wat 'n diploma of sertifikaat na St.10 behaal het en 3.9 persent wat 'n universiteitsgraad behaal het. Ses-en-dertig persent het opleiding laer as St.8 ontvang terwyl slegs 0.5 persent van die steekproef geen opleiding ontvang het nie.

(h) Die beroepsindeling van die ondersoekgroep

In tabel 9 word 'n ontleding van die verskillende

beroepe / .....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



beroepe van die ondersoekgroep gemaak. Aangesien die indeling nie ooreenstem met die indeling wat deur die Buro van Statistiek gebruik word nie, kan hier ook geen vergelykbare syfers aangebied word nie.

TABEL 9

DIE BEROEPSINDELING VAN DIE ONDERSOEKGROEP

| BEROEP | ONDERSOEKGROEP | |
|---|---|---|
| | GETAL | % |
| Professionele, tegniese en aanverwante werk | 130 | 8.7 |
| Administratiewe, uitvoerende en besturende werk | 65 | 4.3 |
| Klerklike werk | 246 | 16.4 |
| Verkoopswerk | 46 | 3.1 |
| Boer, visser, bosbouer en verwante werk | 1 | 0.1 |
| Myn, -steengroef- en verwante werk | 27 | 1.8 |
| Werk in vervoer en kommunikasie | 68 | 4.5 |
| Ambagsman | 186 | 12.4 |
| Produksiewerk | 58 | 3.9 |
| Arbeider | 20 | 1.3 |
| Veiligheidsdienswerk (Polisie en weermag) | 33 | 2.2 |
| Diens, sport en ontspanning | 5 | 0.3 |
| Student | 11 | 0.7 |
| Skolier | 10 | 0.7 |
| Huisvrou | 479 | 31.9 |
| Werkloos | 8 | 0.5 |
| Gepensioneerd | 107 | 7.1 |
| TOTAAL | 1,500 | 100.0 |

Uit / .....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Uit tabel 9 blyk dat die grootste enkele persentasie van die proefpersone in die ondersoekgroep uit huisvrouens bestaan (31.9

Volgens die gegewens is daar verder 16.4 persent proefpersone in klerklike beroepe werksaam. Ambagsmanne neem ook 'n groot persentasie (12.4) van die steekproef in beslag, terwyl professionele, tegniese en aanverwante beroepe 8.7 persent, gepensioneerdes 7.1 persent, werke en vervoer en kommunikasie 4.5 persent en administratiewe, uitvoerende en besturende werk 4.3 persent uitmaak. Eweredige verspreiding word oor die res van die beroepe aangetref, met die laagste persentasie in die beroepe van boer, visser, bosbouer en verwante werk.

(i) Die verblyfplek (stad, dorp of plaas) van die ondersoekgroep gedurende die grootste gedeelte van hulle lewe:

Tabel 10 gee 'n ontleding van die verblyfplek (stad, dorp of plaas) van die ondersoekgroep gedurende die grootste gedeelte van hulle lewe. Aangesien daar nie vergelykbare sensusgegewens vir die Blanke Afrikaanssprekende bevolking aan die Witwatersrand beskikbaar was nie, word geen vergelyking aangebied nie.

TABEL 10

DIE VERBLYFPLEK (STAD, DORP OF PLAAS) VAN DIE ONDERSOEKGROEP GEDURENDE DIE GROOTSTE GEDEELTE VAN HULLE LEWE

| VERBLYFPLEK | ONDERSOEKGROEP | |
|---|---|---|
| | GETAL | % |
| Stad | 742 | 49.5 |
| Dorp | 554 | 36.9 |
| Plaas | 198 | 13.2 |
| Nie van toepassing. Grootste gedeelte van lewe in buiteland gewoon | 6 | 0.4 |
| TOTAAL | 1,500 | 100.0 |

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Dit blyk uit die gegewens van die tabel dat 49.5 persent van die proefpersone in die ondersoekgroep die grootste gedeelte van hulle lewe in 'n stad, 36.9 persent op 'n dorp en 13.2 persent op 'n plaas woonagtig was.

Die aanwesigheid van 'n groter persentasie van die proefpersone in die stad in die steekproef (49.5) kan moontlik te wyte wees aan die proses van industrialisasie en verstedeliking wat bygedra het tot die stelselmatige ontvolking van die platteland, weens die groter sekuriteit wat die stad met sy werksgeleenthede aan die plattelander kan bied.

(j) Die plek waar die ondersoekgroep op hoërskool was

In tabel 11 word 'n ontleding gegee van die plek waar die proefpersone van die ondersoekgroep op hoërskool was. Aangesien daar weens die opset van die vraag geen vergelykbare sensusgegewens in hierdie verband beskikbaar was nie, kan geen vergelyking getref word nie.

TABEL 11

DIE PLEK WAAR DIE ONDERSOEKGROEP OP HOëRSKOOL WAS

| PLEK WAAR OP HOëRSKOOL | ONDERSOEKGROEP | |
|---|---|---|
| | GETAL | % |
| Nie van toepassing. Was nie op hoërskool. | 221 | 14.7 |
| Stad | 584 | 38.9 |
| Dorp | 634 | 42.3 |
| Plaas | 61 | 4.1 |
| TOTAAL | 1,500 | 100.0 |

Die gegewens van tabel 11 toon aan dat na verhouding meer proefpersone in die ondersoekgroep hulle hoërskool-

opleiding / .....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

opleiding op 'n dorp deurloop het, naamlik 42.3 persent as wat die geval is met diegene wat in 'n stad op hoërskool was, naamlik 38.9 persent. Slegs 4.1 persent van die respondente het hulle hoërskoolopleiding aan 'n plaasskool ontvang, terwyl 14.7 persent van die ondersoekgroep aangedui het dat hulle geensins op hoërskool was nie.

(k) Gevolgtrekkings ten opsigte van die betroubaarheid van die steekproef

Die steekproef is hierbo ten opsigte van geslag, ouderdom, huwelikstaat, kerkverband, huistaal in ouerhuis, taalmedium op hoërskool, onderwyskwalifikasies, beroep, verblyfplek (stad, dorp, plaas, buiteland), en plek waar op hoërskool was, ontleed.

In al die gevalle waar dit enigsins moontlik was, is die gegewens van die ondersoek met die beskikbare sensusgegewens van 1960 vergelyk.

Sommige van die geringe afwykings wat in hierdie steekproef voorkom en wat as die uitsonderinge beskou kan word, kan waarskynlik, soos reeds aangetoon, aan veranderinge in die samestelling van die bevolking toegeskryf word. In die geheel gesien, vertoon die ondersoekgroep egter 'n baie duidelike ooreenkoms met die totale Blanke Afrikaanssprekende bevolking aan die Witwatersrand.

Daar kan dus gekonkludeer word dat die gegewens met betrekking tot die onderhawige kenmerke van hierdie steekproef in 'n groot mate 'n ooreenkoms met die beskikbare sensusgegewens vertoon en derhalwe as 'n betroubare steekproef bestempel kan word.

6. / .....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## 6. OMSKRYWING VAN BEGRIPPE

Ten einde enige moontlike verwarring uit die weg te ruim, is dit voorts nodig om twee kernbegrippe, te wete Afrikaanssprekende, en Witwatersrand, nader te omskrywe.

(a) Afrikaanssprekende

Vir die doel van hierdie studie word 'n Afrikaanssprekende omskryf as 'n persoon wat van huis uit Afrikaanssprekend is, dit wil sê 'n persoon wat Afrikaans as huistaal gebruik, hom in die openbaar met die Afrikaanse taal vereenselwig en wat homself beskou as lid van die Afrikanervolk.

(b) Witwatersrand

Vir die doel van die ondersoek is die Witwatersrand ingedeel in die volgende gebiede:

(a) Oos-Rand

(i) Springs.
(ii) Brakpan.
(iii) Benoni.
(iv) Boksburg.
(v) Edenvale.
(vi) Bedfordview.
(vii) Kempton Park.
(viii) Alberton.
(ix) Elsburg.

(b) Sentraal-Rand

(i) Johannesburg.
(ii) Germiston.

(c) / .....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

(c) Wes-Rand

(i) Krugersdorp.

(ii) Randfontein.

(iii) Roodepoort-Maraisburg.

(iv) Randburg.

Daar is naas hierdie gebiede ook ander gebiede wat onder die Witwatersrand ressorteer, maar wat egter vir die spesifieke doel van hierdie ondersoek nie aan die Witwatersrand geleë is nie.

## 7. INDELING VAN DIE VERSLAG

In die onderhawige studie sal aandag geskenk word aan die volgende aspekte:

Die eerste hoofstuk handel oor die agtergrond, doel en metodes van die ondersoek en sluit ook 'n beskrywing en ontleding van die steekproef in.

Die tweede hoofstuk handel oor die begrip kultuur.

In hoofstuk drie word die ondersoekgroep se lidmaatskap, deelname aan die aktiwiteite en houding ten opsigte van Afrikaanse kultuurorganisasies, en ook die feit of hulle op skool aangemoedig is om na afloop van hulle skoolloopbaan by Afrikaanse kultuurorganisasies aan te sluit, behandel.

In hoofstuk vier word die Afrikaner aan die Witwatersrand se deelname aan kultuurbedrywighede, op skool en ook daarna; die rede vir deelname of nie-deelname

asook / .....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

asook die feit of die ondersoekgroep hulle kinders aanmoedig, sal aanmoedig of aangemoedig het om aan kultuurbedrywighede deel te neem, onder die pen gebring.

In hoofstuk vyf word vervolgens ingegaan op die ondersoekgroep se siening van hulle volksgeskiedenis, en ook nagegaan hoe dikwels daar in hulle ouerhuise en gesinne oor die Afrikaner se volksgeskiedenis gesels is/word.

In die sesde en laaste hoofstuk word 'n kort samevatting en algemene slotbeskouing gegee.

--- oOo ---

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# HOOFSTUK II

## DIE BEGRIP KULTUUR

In hierdie hoofstuk word eerstens enkele inleidende gedagtes oor die begrip kultuur gegee. Daarna volg 'n bespreking van die belangrikheid van die begrip kultuur vir die sosiale wetenskappe. Die daaropvolgende afdeling handel oor die kenmerke van kultuur. Voorts word enkele benaderingswyses ten opsigte van kultuur bespreek en dan word die een en ander oor die funksies en inhoud van kultuur gesê. Daarna word kortliks op die verband tussen die kultuur en die sosiologie gewys.

### 1. INLEIDING

Die eerste stap in 'n poging om 'n wetenskaplike dissipline te bemeester, is die bemeestering van die basiese begrippe van daardie wetenskap. Hierdie begrippe is die intellektuele gereedskap waarmee die beoefenaar van die wetenskap werk. Daarsonder sou hy nie in staat wees om sinvol met sy mede-beoefenaars te kommunikeer nie hetsy deur die gesproke of geskrewe woord. Oor die belangrikheid van die wetenskaplike terminologie sê Chinoy: „Without concepts there is no science". (10, p. 1).

Baie van die begrippe wat in die sosiologie gebruik word, het, volgens Bertrand (5 , p.21), in die algemene omgangstaal 'n ander betekenis omdat hulle te doen het met dinge van die alledaagse lewe. Om hierdie rede moet woorde soos samelewing, kultuur, status, volk ensomeer vir professionele gebruik uiters noukeurig gedefinieer word. Die

sosiologiese/ ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

sosiologiese begrippe het oor die algemeen 'n hoër vlak van abstraksie as wat hierdie woorde het wanneer hulle in gewone gesprekke gebruik word.(1) Dit is derhalwe van die uiterste belang dat die terme (dit geld vir alle wetenskappe en nie slegs die sosiologie nie) in hulle betekenis so duidelik en ondubbelsinnig as moontlik moet wees. Chinoy is in hierdie verband die volgende mening toegedaan: "Since science requires rigorous logical analysis as well as careful, objective observation, the meaning of the terms which it uses must be as clear and precise as possible, independent of different contexts and free from ambiguities and complex overtones". (10, p.4)

Dit is gevolglik vir die beoefenaar van 'n wetenskap 'n prioriteit om homself onder andere te vergewis van die presiese betekenis van die begrippe wat in daardie wetenskap gebruik word.

Wat vir 'n wetenskap in sy geheel geld, geld ook vir 'n onderafdeling of 'n deel van daardie wetenskap.

Dit is in die onderhawige studie gevolglik ook nodig om aan die begrippe-apparaat aandag te skenk. In hierdie studie gaan dit om enkele aspekte van die kulturele lewe van blanke Afrikaanssprekendes aan die Witwatersrand. Die begrip kultuur is hier dus sentraal geleë. Daarom ook dat hierdie studie in die veld van die kultuursosiologie val.

Met bogemelde in gedagte en weens die feit dat 'n ondersoek na die kulturele lewe van 'n bepaalde bevolking onmiddellik 'n omskrywing van die begrip kultuur veronderstel, is

---

(1) Vergelyk G.M. Vernon vir 'n insiggewende bespreking van hierdie aangeleentheid (67, p.25-26).

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

dit dus nodig om die begrip kultuur aan analise te onderwerp. Hierdie ontleding vorm dan die teoretiese fundering van hierdie studie en vorm ook die raamwerk waarbinne die empiriese ontleding, wat later volg, val.

Reeds by die aanvang van hierdie hoofstuk moet duidelik beklemtoon word dat daar geensins getrag sal word om 'n allesomvattende omskrywing en formulering van die begrip kultuur te gee nie. So 'n lywige omskrywing van die begrip kultuur word as buite die bestek van hierdie ondersoek beskou. Buitendien sal sodanige bespreking 'n studie op sigself meebring en veel meer as slegs 'n enkele hoofstuk van 'n werkstuk vereis. So kompleks en uitgebreid is hierdie begrip dat, al sou daar gepoog word om dit in al sy elemente en konsekwensies te bespreek, val dit te betwyfel of daarin geslaag sou word. Breedt konstateer dan ook „... dit is nie alleen moeilik nie maar ook onmoontlik om 'n algemene geldende omskrywing van hierdie komplekse en belangrike begrip te gee" (72, p.26). Swart is naasteby dieselfde mening toegedaan: „Oor wat kultuur is, heers daar selfs nou nog oor die wêreld heen nie naasteby eenstemmigheid nie. Kultuur is moeilik te omskryf. Dit is 'n wye veelomvattende, steeds wisselende begrip. Elke definisie is onvolledig" (83, p.1). Ook Gould en Kolb in „A Dictionary of the Social Sciences" dui op hierdie probleem. Hulle sê: „It is difficult to settle upon a single definition of this complex and extremely important term" (29, p.164).

In samehang met die voorafgaande moet ook genoem word dat die bedoeling van hierdie hoofstuk nie is om tot 'n definisie van die begrip kultuur te kom nie. Daar sal dus nie

gepoog/ ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

gepoog word om nog 'n definisie by die reeds bestaande veelheid van definisies te voeg nie. Hierdie hoofstuk kan as 'n uitgebreide definisie van die begrip kultuur gesien word.

Ten einde tot 'n duideliker begrip van die term kultuur te kom kan ondermeer op die ontstaan en ontwikkeling daarvan gelet word. Die begrip kultuur is afkomstig van die Latynse woord colo. Hierdie begrip beteken basies om te bewerk. In die eerste instansie, letterlik opgeneem, is daar sprake van bewerking van 'n plaas, wingerde, grond ensomeer; en in die tweede instansie, figuurlik opgeneem, van bewerking en aankweking van getrouheid, eerlikheid, geregtigheid, vriendskap ensomeer. Uit die werkwoord colo ontstaan die selfstandige naamwoord cultura wat letterlik die bewerking en vrugbaarmaking van die grond beteken - vandaar dan ook die bekende uitdrukking agricultura. Langsamerhand het die begrip egter 'n betekenisverskuiwing ondergaan en tans dui dit op die bewerking, veredeling, versorging en verfyning van die intellek, die gees, die beskawing, inderdaad van die hele lewensakker (72, p.32; 84, p.35; 99, p.13; 73, p.28; 68, p.183).

Wanneer die literatuur oor die begrip kultuur nagegaan word, val dit op dat daar letterlik honderde omskrywings vir hierdie begrip aangebied word. Die benaderingswyses en uitgangspunte waarop die outeurs hulleself stel is ook legio. Coetzee is byvoorbeeld in hierdie verband die volgende mening toegedaan: „Daar is letterlik honderde omskrywings van hierdie woord (kultuur) en die meeste van hulle deug in die mate waarin hulle die uitgangspunt van die omskrvwer vertolk. Maar gewoonlik sondig die meeste omskrywings deurdat hulle

meer/ ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



meer sake uitsluit as insluit. Die benaderingshoek is dan te eng" ( 76, p.8). Dit val ook op dat die begrip kultuur geweldig wyd is, so wyd dat bykans alles wat in die menslike samelewing aangetref word, daarby betrek kan word. Dobriner is byvoorbeeld van mening dat die begrip kultuur „... is very possibly the broadest and most inclusive idea that one can encounter in the social sciences, and because of this a uni-versally accepted definition is vertually impossible" (21 , p.70). Thom skryf: „Die woord kultuur het dus eindelik 'n baie ruime betekenis gekry: dit omvat alle prestasies van die gees, of dit teoreties of prakties is, of sigbaar of on-sigbaar, of ideëel of konkreet" ( 84, p.35). Pelzer dui ook op die wydheid van die begrip: „... dit is juis kenmerkend van die kultuur dat dit so wyd en omvattend is dat dit inder-daad elke menslike aktiwiteite kan huisves. 'n Poging om 'n indeling van alle kultuuruitinge te maak sal uit die aard van die saak altyd onvolledig en daarom onbevredigend wees ( 79, p.41).

'n Verdere heenwysing na die omvangrykheid en kompleksi-teit van die kultuurbegrip is te vinde in die analise wat Kroeber en Kluckhohn van hierdie begrip gemaak het. Hulle het in die eerste instansie 'n studie van die geskiedenis van die begrip kultuur en die betekenis daarvan in verskil-lende taalkundige verbande gemaak. Daarna het hulle ingegaan op die definisies van kultuur onder die volgende opskrifte: beskrywend, histories, normatief, sielkundig, struktureel en geneties (wording). Vervolgens het hulle ondersoek ingestel na die verskillende stellinge in verband met kultuur inso-

verre/ ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

verre dit die aard, komponente en eienskappe daarvan betref en ook na die verband tussen kultuur en sielkunde, kultuur en taal en kultuur en gemeenskap.

Die definisies alleen het te staan gekom op 164 uitgesluit die verskillende stellinge in verband met kultuur wat op etlike duisende te staan gekom het (Vgl. 41, p. 120; 29, pp. 165-166).

Ondanks die wydheid en kompleksiteit van die kultuurbegrip en ondanks die feit dat dit geen maklike taak is om 'n bevredigende omskrywing van die begrip kultuur te gee nie, moet enige persoon wat hom op hierdie terrein begewe, poog om sover moontlik uitsluitsel oor die begrip kultuur te kry. Voorts sal daar gepoog word om hierdie begrip van nader toe te lig.

## 2. DIE BELANGRIKHEID VAN DIE BEGRIP KULTUUR VIR DIE SOSIALE WETENSKAPPE

Biologiese, demografiese en geografiese faktore bepaal tot op 'n sekere hoogte die aard van die lewenspatroon wat 'n groep mense daarstel ( 6, p.125). Hierdie faktore stel sekere beperkinge daar. 'n Mensegroep wat ver verwyderd van waterbronne leef sal immers nie 'n kultuurpatroon opbou wat om visvangs sentreer nie, net so min as wat die Eskimo 'n bestaan kan maak uit die kweek van tropiese gewasse. Hierdie faktore bepaal egter nie in fyn detail hoedanig 'n groep mense hulle lewe gaan inrig nie; watter lewenstyl of lewenspatroon hulle gaan navolg nie; dit bepaal nie die inhoud, struktuur, vorm en ontwikkeling van daardie lewenstyl nie. Die biologiese, demografiese en geografiese faktore is dus,

soos/ ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



soos Vernon dit stel: „... limiting factors but not determining factors" (67, p.95).

Die faktor wat in die bepaling van die aard van die lewenspatroon van deurslaggewende betekenis is, is die kulturele faktor. Die kultuurpatroon bepaal hoedanig die lewenstyl sal wees. Die vroeëre geografiese deterministiese teorie het die kulturele faktor bykans geheel en al buite rekening gelaat en die eie kenmerkende lewenstyl van elke mensegroep uitsluitlik aan die hand van geografiese faktore verklaar. 'n Deeglike begrip van kultuur sou hierdie foutiewe benadering verhoed het. Vandag besef sosiaal wetenskaplikes dat 'n verklaring vir die kenmerkende of besondere lewenstyl van elke mensegroep, gesoek moet word in kultuur en daardeur erken hulle ook die belangrikheid van kultuur in en vir die sosiale wetenskappe.

Dat kultuur 'n geweldige sterk en bepalende invloed op die mens se doen en late het, is onteenseglik waar. Bykans alle menslike handelinge is kultureel van aard of word direk deur kultuur beïnvloed. Daarom sê Seligman: „The man of nature, the Naturmensch does not exist" (75 , p.621). (Vgl. ook 16, p.41). Hiermee bedoel hy dat die mens, anders as die dier nie uitsluitlik en slegs natuurwese en nie direk, uitsluitlik en slegs natuurgebonde is nie. Die dier moet, ten einde aan die lewe te bly, aanpas by die omgewing. Hierdie aanpassingsvermoë van die dier is te vinde in biologiese oorgeërfde gedragspatrone en sintuiglike waarneming. Die mens aan die anderkant wysig voortdurend sy omgewing: Hy skep 'n kunsmatige omgewing wanneer hy met die probleme van

die/ ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die wêreld waarin hy lewe, gekonfronteer word.

Kultuur bepaal in 'n baie groot mate wat die mens doen, hoe hy dit doen en wanneer en waar dit gedoen word. Bredemeier en Stephenson is in bogemelde verband die volgende mening toegedaan: „It would be very hard to find any human action not influenced by cultural definitions. Even basic biological drives - the closest things human beings have to instincts - are controlled and modified, sometimes beyond recognition by cultural definitions" ( 9 , p.4). Bell en Sirjamaki hou naasteby dieselfde mening daarop na: „We may say that most of human behavior is cultural behavior. Failure to recognize culture, and assuming instead that man's behavior is the expression of physiological characteristics alone leads us to misconceptions that can be tragic in their results, including wide scale genocide" ( 3 , p.67).

Enkele voorbeelde sal bogemelde duideliker na vore bring. Dit mag met die eerste oogopslag blyk asof die mens se gesigsvermoë 'n blote fisiologiese eienskap is; dat dit wat die mens sien, bepaal word deur wat voor hom opdoem. Die mens se waarneming word egter deur sy kultuur bepaal, want, soos Bierstedt, Meehan en Samuelson dit stel „... for strange as it may seem, we must learn to see, and what we learn to see depends to a large degree upon the society in which we mature" ( 7, p.57). 'n Blinde persoon wat eensklaps sy gesig herwin sal nie in staat wees om aan te dui watter een van twee figure 'n vierkant en watter 'n driehoek is nie, al sou hy reeds by wyse van die tassintuig geleer het om sodanige onderskeid te maak. Hy moet leer om dit wat hy sien te vertolk (Vgl. 7, p. 57).

Bredemeier/ ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Bredemeier en Stephenson wys treffend daarop dat kultuur bepaal wat die mens sien. Hy sê: „First we look, then we name, and only then do we see" ( 9, p.2). 'n Voorwerp moet eers 'n stoel genoem word voordat die mens dit sal sien as iets waarop gesit kan word en dit is juis die kultuur wat 'n stoel definieer as 'n voorwerp waarop die mens kan sit. Indien die kultuur 'n stoel as 'n wapen sou definieer, sou dit as 'n verdedigingsmiddel aangewend word.

Dit is ook baie opvallend dat die mens se klere - wat hy aantrek, waarheen en wanneer hy dit aantrek en selfs of hy ooit geklee gaan, 'n funksie van kultuur is. Wat vir die een groep aanvaarbaar is, word deur die volgende groep geheel en al verwerp.

Talle soortgelyke voorbeelde kan aangehaal word om te wys in hoe 'n mate die mens se handelinge deur sy kultuur bepaal word. Die mens se eetgewoontes, die boustyl wat hy aanwend, die bevrediging van baie van sy drange en behoeftes, ensomeer het almal 'n kulturele ondertoon.

Vroeër is baie van die mens se handelinge en gedragspatrone in terme van instinkte verklaar. Vandag word egter besef dat baie van hierdie gedragspatrone hulle ontstaan vind in die kulturele agtergrond van die mens. Schusky en Culbert hou in hierdie verband tereg die volgende mening daarop na: „A 'maternal instinct', a 'drive for success', a 'need for recognition' and no longer understood as being rooted in the psyche of man, rather, such behavior is interpreted in terms of cultural background" (55, p.69). (Vgl. ook 30, p.19).

Dit/ ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Dit is bykans onmoontlik om die belangrikheid van kultuur in en vir menslike lewe te oordryf. Nóg 'n enkele individu, nóg 'n bepaalde sosiale groep, nóg enige samelewing in sy geheel kan begryp word sonder 'n heenwysing na kultuur. Sanders benadruk bogenoemde baie duidelik wanneer hy sê: „One cannot conceive of a social system without thinking of its surrounding culture, or social heritage, any more than one can think of a fish without the water in which it lives" ( 53, p.111). Dit is aan kultuur te danke dat daar 'n onderskeid tussen individu en individu, tussen groep en groep en tussen samelewing en samelewing getref kan word. Dit is kultuur wat die mens as spesie van alle ander diere, insluitende die hoër ordes in die diereryk wat naaste van die mens is, onderskei. Bierstedt stel dit soos volg: „It is culture that makes us human ( 6, p.138). Die bydrae wat elke indivdu tot sy kultuur lewer is gering. Dit wat elke individu uit sy kultuur tot voordeel van homself neem, val, in die omvang daarvan, buite die mens se vermoë om dit te bereken.

Die onderskeidende faktor tussen die leefwyse van enige twee mensegroepe is kultuur, ongeag die feit of die een in Johannesburg, Londen of New York en die ander in die kalahari-woestyn woon, dit wil sê dit is kultuur wat mensegroepe van mekaar onderskei. Wat die mens leer, wat hy word, sy denke, wat hy eet, die aktiwiteite waaraan hy deelneem, kortom die lewenspatroon wat hy volg hang, soos reeds vroeër gesê, grootliks af van die kultuur waarin hy gebore word en waarin hy tydens sy vormingsjare leef. Die mens word die kultuur van 'n mensegroep deelagtig. Ogburn en Nimkoff gee 'n

voorbeeld/ ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



voorbeeld hiervan: „A novel example is furnished by Fung kwok keung, born Joseph Rinehart of American parents living in Long Island, New York. At the age of three his parents deserted him, and he was adopted by Chinese, taken to China and reared there for nineteen years. Recently he returned to the United States. He is chinese in manner, speech, habit, outlook - in all ways but appearance" ( 49 , p.8). (Vgl. ook 4, p.239).

Enige fenomeen of maatskaplike verskynsel in enige gemeenskap kan slegs na behore begryp word wanneer dit teen die agtergrond van die heersende kultuur van daardie gemeenskap gesien word. Die fenomeen of verskynsel moet in terme van sy doel, die idees wat daarmee geassosieer word en die waardes wat daarom heen geweef is, na woorde geskat word. So, byvoorbeeld stel Patrick hom op 'n kulturele benadering wanneer hy oor die gebruik van alkoholiese drank besin. Hy sê „To arrive at an intelligent understanding of the use of alcoholic beverages, it is necessary to examine them and their meaning in the light of the role which they play in various groups and societies" ( 50, p.7). Hy wys verder daarop dat daar bo en behalwe die kulturele faktor ook ander faktore is wat 'n rol speel en dat al die faktore saam 'n rol in die totale situasie speel. Hy wys ook daarop dat al die faktore nie 'n ewe groot rol speel nie, en sluit af deur die kulturele faktor as die belangrikste aan te dui. „Rather, the position taken in this work is that culture is the underlying factor involved in the use of alcoholic beverages" ( 50, p.8).
Wat hierbo gesê is geld nie slegs vir die gebruik van alkoho-

liese/ ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

liese drank nie, maar vir enige fenomeen of verskynsel in 'n gemeenskap.

Verder word die belangrikheid van kultuur weerspieël deur die feit dat volle begrip daarvan noodsaaklik is en enige poging om 'n oplossing vir sosiale probleme te vind. Biesanz en Biesanz sê byvoorbeeld: „... an understanding of the meaning of culture provides a new and more hopeful approach to social problems than is possible without it. It lends patience, perspective, objectivity and optimism. Knowing the strength and persistence of cultural patterns, the would-be-reformer realizes that drastic changes cannot be accomplished overnight" ( 8, p.84). Die heersende gewoontes en gebruike, gelowe en waardes moet ook in berekening gebring word.

Daar bestaan vandag onder sosiaal wetenskaplikes 'n groot mate van konsensus met betrekking tot die belangrikheid van die begrip kultuur; hulle is dit tot op 'n groot hoogte eens dat die begrip kultuur vir die sosiale wetenskappe van fundamentele belang is. Bierstedt vestig byvoorbeeld die aandag op die belangrikheid van hierdie begrip wanneer hy skryf: „... 'culture' (is) a concept that has been called the most important analytical tool in contemporary social sciences" ( 6, p.154) (Vgl. ook 34, p.51; 67, p.85; 41, p.126).

Uit die enkele gedagtes wat hierbo uitgespreek is, blyk dit duidelik dat die lewenspatroon wat mense in verskillende gemeenskappe volg, binne die toepaslike geografiese en biologiese beperkinge, afhang van die kultuur van daardie gemeen-

skappe/ ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



skappe; en ook dat die begrip kultuur sekerlik die sleutelbegrip is of behoort te wees en alle pogings om die sosiale leefwyse van die mens te begryp en te verduidelik.

## 3. KENMERKE VAN KULTUUR[1]

Elke volk kan van 'n ander volk onderskei word op grond van sy kultuurpatroon, met ander woorde soveel volke as wat daar is, soveel kulture word aangetref. Nogtans openbaar alle kulture groot ooreenstemminge in sowel vorm, struktuur en inhoud as in algemene kenmerke. Wat vorm en struktuur betref word verskynsels soos 'n godsdiens van een of ander aard, 'n regs-, regerings- en opvoedkundige stelsel, 'n sosiale en ekonomiese organisasie, 'n taal, kunsskeppinge ensomeer universeel by alle kulture aangetref. Die bedoeling van die onderhawige afdeling is nie om by die so pas genoemde ooreenstemminge stil te staan nie, ook nie by die ooreenstemminge met betrekking tot die inhoud van kultuur nie - daaraan word in afdeling 6 aandag geskenk. Eerder wil in hierdie afdeling op die universele kenmerke van kultuur gelet word. Hierdie kenmerke van kultuur is in 'n mindere of meerdere mate vir alle samelewings, gemeenskappe en volke, ongeag waar hulle aangetref word, dieselfde. Die hieropvolgende bespreking wil nie op algehele volledigheid aanspraak maak nie, aangesien daar ten opsigte van die kenmerke wat bespreek word selektief te werk gegaan is. Daar wil ook nie voorgehou word dat die kenmerke wat bespreek word noodwendig die belangrikste is nie.

---

(1) Afgesien van direkte verwysings in hierdie afdeling, kan die volgende bronne ook vergelyk word: ( 34, p.51 en 57); ( 1, p.46); ( 30, p.80); ( 9, p.7 e.v.); (72, p.44); (41, p.126 e.v.); ( 38, p.211); ( 43, p.26 en 27); ( 2, p.140 e.v.); ( 58, p.69 e.v.).

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



(a) Kultuur, die skepping van en eie aan die mens alleen

Van alle lewende wesens beskik slegs die mens oor die bevoegdhede en hoedanighede om kultuurskeppend werksaam te wees. Dit is juis hierdie vermoë van die mens wat aan hom sy unieke plek in die ganse wêreldryk van lewende wesens gee. Schasky en Culbert stel dit soos volg: „Man is the only animal with a culture, and it is this culture that has enabled him to become pre-eminent in the animal kingdom" (55, p.37). Ook Dobriner is hierdie mening toegedaan: „Man, on the other hand, is not only 'social' but has developed the societal principle to a level that is impossible for any other species. And the generic force or reality or principle that makes man unique we call culture. Whereas the social systems sustained by the insect world are shaped exclusively by biologic-genetic principles, the social systems sustained by men are shaped by a system of culture. Only men produce culture and, in turn, culture produces man" ( 21, p.70). Geen ander lewende wese beskik oor die vermoë om aan sy lewe uitdrukking te gee deur die daarstelling van kultuur nie.

Hierdie unieke vermoë van die mens lê opgesluit in besondere menslike hoedanighede wat volgens Coertze ( 14, p.31) onder twee hoofde ingedeel kan word. Eerstens kom die hoedanighede wat by die mens afwesig is, die sogenaamde menslike gebreke, ter sprake en tweedens die hoedanighede wat slegs aan die mens eie is met ander woorde meerdere gawes waaroor slegs die mens beskik.

(i) Hoedanighede wat by die mens afwesig is

Hierdie menslike gebreke laat die mens as biologiese wese in vergelyking met die dier arm en onbegunstig vertoon.

By/ ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



By hom is daar 'n algehele afwesigheid of gebrek aan a) die gefikseerde ingebore gedragspatrone en b) die spesifieke biologiese aanpassings by die omgewing waaroor alle diere beskik (Vgl. 8, p.29). Hierdie gebreke maak dat die mens 'n hoogs plooibare en aanpasbare wese is. Indien dit nie so was nie sou die mens baie moeilik sy eie voortbestaan op aarde kan verseker.

(aa) <u>Gebrek aan gefikseerde gedragspatrone</u>

Die mens kom in die wêreld wet slegs enkele aangebore reflekse of outomatiese response, die werking waarvan afhanklik is en derhalwe gekoppel moet wees aan 'n bepaalde gegewe stimulus. Sy pupille vernou sodra dit aan skerp lig blootgestel word. Sy speekselkliere tree in werking wanneer hy honger is en kos voor hom geplaas word. Sy spiere trek saam onder die invloed van pyn. Sy senuweegestel reguleer die werking van sy hartklop, asemhaling, vertering ens., met relatief min vrywillige modifikasie daarvan aan sy kant ( 8, p.29). Maar afgesien van bogenoemde kom die mens, met enkele uitsonderings in die wêreld met geen ander gefikseerde responspatrone nie. Sy gedrag is dus nie instinkmatig nie. Met die dier is dit anders gestel. Sy gedrag is vir die grootste gedeelte instinkmatig, stereotiep en staties binne die soort. Tereg sê Biesanz en Biesanz: „Much animal behavior is governed by instinct - increasingly so as we go down the developmental levels to the lower orders - but man's behavior is not" ( 8, p.29). Vandag word die eertydse pogings om menslike gedrag as bloot instinkmatig

te/ ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



te verklaar, verwerp. Die mens bepaal dus tot op 'n groot hoogte self hoedanig hy sy lewe gaan inrig.

(bb) Gebrek aan spesifieke aanpassings by die omgewing

In fisiese of liggaamlike sin kom die mens in vergelyking met die dier met 'n groot agterstand in die wêreld. Laasgenoemde maak sy opwagting met natuurlike beskermingsmiddele teen die natuurelemente. Sy liggaam is bedek terwyl dié van die mens relatief naak is. Die dier besit natuurlike beskermings- en aanvalwapens - die mens nie. Coertze sê in hierdie verband: „By hom (die mens) ontbreek daar 'n hele aantal natuurlike en organiese hulpmiddele waarvoor hy self moes voorsiening maak. Hierdie natuurlike, 'armoede' van die mens was belangrike negatiewe faktore wat hom tot skeppingsaktiwiteite geprikkel het" ( 14, p.31).

Die gevolg van hierdie gebrek aan gefikseerde ingebore gedragspatrone en bepaalde biologiese aanpassings by die omgewing is dat die mens 'n hoogs plooibare wese is. Hoogs plooibaar omdat hierdie gebreke hom vrylaat om sy eie aanpassings (in die vorm van kultuur) by verskillende omstandighede te skep. Kortom die mens moet kultuur skep ten einde aan te pas en sy eie voortbestaan te verseker.

(ii) Hoedanighede wat slegs aan die mens eie is (meerdere gawes)

Die mens toon egter, positief benader, nie slegs 'n gebrek aan sekere hoedanighede nie. Hy beskik ook oor sekere eienskappe - meerdere gawes soos Coertze dit stel - wat by

geen/ ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



geen ander lewende wese aangetref word nie. Hierdie gawes is biologies, geestelik en intellektueel van aard en bestaan uit 'n waarnemingsvermoë, redeneervermoë, voorstellingsvermoë, leervermoë, spreekvermoë en handvaardigheid ( 14, p.32). Hierdie gawes is almal ten nouste met mekaar verbind en staan in 'n intiem wisselwerkende verhouding tot mekaar.

Dit is juis vanweë die besit van hierdie gawes dat daar so 'n fundamentele onderskeid tussen die mens en die dier bestaan. Die besit van hierdie eienskappe bring mee dat die mens nie maar nog net 'n ander diersoort in die ryk van lewende wesens is nie, maar besorg aan hom die unieke plek as die enigste kultuurskeppende wese. Die mens kan in die behoeftes wat by hom ontstaan, voorsien juis omdat hy kragtens sy meerdere gawes tot vry enige skeppingsaktiwiteit kan oorgaan. Loser en Rosenberg stel dit soos volg: „By reason of his peculiar endowment, man, unlike any other species, is able to recreate the natural environment. Man makes tools and rules and patterns his life according. He becomes at one and the same time a slave to and the master of his own past creations" ( 16, p.17). Die mens is dus 'n vrye kultuurskepper bewus daarvan dat alles wat hy skep of tot stand bring die gevolg of produk is van sy eie wilsbesluite.

Uit die voorafgaande blyk dus duidelik dat die mens vanweë die besit van sekere meerdere gawes, die enigste wese is wat tot kultuurskepping in staat is.

(b) <u>Kultuur word gedeel</u>

Kultuur is 'n groepsfenomeen. Sonder die bestaan van 'n groep sou die bestaan van kultuur onmoontlik wees. Kultuur

is/ ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



is die gemeenskaplike besit van die groep en word deur die groep as 'n geheel gedeel. Die lot of voortbestaan van kultuur is nie afhanklik van die individu of individuele lede van 'n samelewing nie, maar wel van die lot van die samelewing as 'n totaliteit. Geen enkele individu dra byvoorbeeld kennis van al die kultuurfasette van die groep waartoe hy behoort nie. Lede van die groep is voortdurend besig om te sterf of die groep op ander maniere te verlaat terwyl nuwe lede voortdurend bykom as gevolg van geboortes of immigrasie. Nogtans bly die bepaalde groep se kultuur betreklik konstant. Die voortdurende wisseling van lede en die feit dat geen individu die groep waartoe hy behoort se totale kultuur ken nie, verander nie die somtotaal van die groep se kultuurfasette nie. Elke individu besit moontlik 'n paar eienaardighede, dinge wat nie deur ander lede van die groep gedoen word nie. Hierdie individuele gewoontes vorm nie deel van die kultuurpatroon nie omrede hulle nie deur die hele groep gedeel word nie. Hulle kan wel daarvan deel word indien hulle deur ander mense aangeleer en gebruiklike wyses van optrede in die groep word (Vgl. 6. p. 133).

Aangesien kultuur 'n groepsfenomeen is, is dit duidelik dat dit baie nou verband hou met groepsinteraksie, en hierin speel kommunikasie 'n deurslaggewende rol. Dit is juis vanweë die interaksieproses dat kultuur die gemeenskaplike besit van die groep is.

Sommige kultuurfasette word deur die hele gemeenskap of groep en ander weer slegs deur kleiner groepe binne die groter geheel, gedeel. Daar bestaan dus graadverskille. Soortgelyke/ ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



gelyke graadverskille word ook aangetref by die verskillende lede van 'n gemeenskap of groep. Almal deel nie in 'n gelyke mate in alle kultuuraspekte nie. Teoreties is dit vir 'n kind moontlik om alles wat daar aangaande sy kultuur te leer is, te leer maar in die praktyk vind dit nooit plaas nie.

Volgens Biesanz en Biesanz ( 8, p.35) kan alle kultuuraspekte of -fasette volgens die mate waarin hulle deur die lede van 'n groep of gemeenskap gedeel word, in drie groepe verdeel word, naamlik die sogenaamde <u>universals</u>, <u>specialities</u> en <u>alternatives</u>.

Die <u>universals</u> dui op daardie fasette van 'n kultuur wat deur alle normale volwasse lede van 'n samelewing gedeel word. Hierdie fasette is in eenvoudige, goed verenigde samelewings talryker as in groot komplekse samelewings. Taal en patrone met betrekking tot sosiale verhoudinge is goeie voorbeelde van die sogenaamde <u>universals</u> in enige kultuur.

Die <u>specialities</u> is daardie fasette wat slegs deur bepaalde groepe, soos byvoorbeeld lede van sekere klasse, beroepsgroepe, sekere akademiese belangegroepe ensomeer, gedeel word. Hierdie aspekte bestaan uit kennis en bedrewenhede wat slegs deur die lede van die betrokke kategorie gedeel word. Net soos die <u>universals</u> word die <u>specialities</u> deur die lede van 'n gemeenskap aanvaar omrede hulle bevorderlik is vir die ontwikkeling van bepaalde bedrewenhede wat tot 'n groter bevrediging in die vorm van diens en goedere lei as wat moontlik sou wees sonder spesialisasie.

Die <u>alternatives</u> net soos die <u>specialities</u> dui op aspekte of fasette wat nie deur al die lede van 'n samelewing gedeel

word/ ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



word nie. Hulle verskil egter van die <u>specialities</u> in die sin dat hulle nie slegs tot een bepaalde groep (beroepsgroep ens.) beperk is nie. Hulle is aanvaarde gedrags- en denkpatrone waaruit die lede van 'n samelewing vryelik kan kies. Sommige <u>alternatives</u> veronderstel 'n vrye keuse te enige tyd - 'n persoon het byvoorbeeld 'n vrye keuse ten opsigte van die vervoermiddels (trein, motor, vliegtuig, ens.) tot sy beskikking - ander is meer permanent van aard.

(c) <u>Kultuur word verwerf of aangeleer</u>

Kultuur is nie instinktief, aangebore, biologies oordraagbaar of in die biologiese toerusting van die mens vervat nie. Dit word deur elke mens verwerf of aangeleer deur die werking van sy sintuie en by wyse van sy nageboortelike lewenservaring. S.P.E. Boshoff stel dit treffend: „Die kultuurgoedere is in die eerste plaas geestesgoedere wat ons nie soseer erf as verwerf, wat ons nie vir geld kan koop nie, maar met geestesarbeid kan verkry" (soos aangehaal deur 11, p.7).

Die moderne genetika het onteenseglik bewys dat verworwe hoedanighede nie oorgeërf kan word nie. Elke individu moet dus sy besondere lewenspatroon aanleer; hy moet konformeer aan die groepsverwagtinge van die groep waarin hy as individu sy lewe gaan voer. Gerusstellend is die mening van Schasky en Culbert in hierdie verband: „The length of infancy ensures that a child will have an extended training period in which to learn his culture" (55, p.37).

Geen mens kom in die wêreld toegerus met 'n taal, kennis in verband met die huweliks- en ander gebruike van die volk

waarvan/ ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



waarvan hy lid is, ensomeer nie. Die mens word betrek in simboliese en betekenisvolle interaksie met ander mense in groepsverband en langs dié weg leer hy die gedragsuniformiteite, wat bekend staan as kultuur, aan.

Die aangeleerde kwaliteit van kultuur is duidelik sigbaar wanneer op die volgende gelet word. Indien 'n kind wat in Suid-Afrika van Suid-Afrikaanse ouers gebore is, pas na sy geboorte na 'n vreemde land, sê China, geneem word en aldaar deur Chinese ouers grootgemaak word, sal hy geen kenmerkende Suid-Afrikaanse kultuureienskappe ontwikkel of openbaar nie. Hy sal ook geensins suksesvoller as enige ander Chinees wees in 'n poging om later in sy lewe die Suid-Afrikaanse kultuurpatroon aan te leer nie. In die proses van aanleer speel die ouers en gesin gewoonlik die belangrikste rol, hoewel die invloed van speelgroepe, maats, werksgroepe, skole, kommunikasiemiddele ensomeer nie buite rekening gelaat kan word nie.

(d) <u>Kultuur word oorgedra</u>

Baie diere is in staat om te leer maar dit lê alleen in die vermoë van die mens om sy aangeleerde gedragswyses, kennis, gewoontes ensomeer, dit wil sê sy kultuur, aan sy nageslag oor te dra. Dit doen hy hoofsaaklik deur die gesproke en geskrewe woord, hoewel hy ook van ander simboliese wyses van kommunikasie gebruik maak. Die voortbestaan van 'n samelewing vereis dat die lede daarvan metodes daarstel waarvolgens hulle kultuur van die een geslag na die ander oorgedra kan word. Kultuur groei tot tradisie en word as sodanig oorgedra.

By wyse van die proses van kultuuroordraging bereik die meeste kultuuraspekte 'n stadium waar hulle relatief onafhank-

lik/ ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



lik van enige bepaalde individu bestaan en voortbestaan.

(e) <u>Kultuur is kummulatief</u>

Dit wat die teenswoordige mens aan kultuurgoedere besit is by verre nie uitsluitlik die produk van sy eie inisiatief nie. Die historiese fondamente of grondslag van die kultuur van enige groep mense strek baie geslagte ver terug. Die ontstaan van baie kultuurkomponente is lank reeds vergete en lê êrens in die verre verlede opgesluit. Kultuur kan volgens Vernon ( 67, p.87) in 'n figuurlike sin gesien word as die „geheue" van die menslike ras.

Kulturele opeenhoping is ten nouste verbind met die mens se vermoë tot simboliese gedrag (skryf, praat, gebare ensomeer). Dit is juis vanweë hierdie vermoë dat die mens opgedane ervaring en kennis van die een geslag na die ander kan oordra. Dit beteken dat elke geslag, wanneer 'n geslaagde lewenspatroon daargestel moet word, slegs hoef voort te gaan vanwaar die vorige geslag geëindig het. Elke kultuur het reeds bepaalde oplossings vir bepaalde lewensprobleme gevind wat dan aan die volgende geslag afgestaan word. Daardie geslag kan dan gevolglik hulle tyd en aandag bestee aan veranderinge of verbeteringe in die reeds bestaande lewenspatroon. Dit is dus duidelik dat kultuur met die verloop van tyd groei en verdiep soos elke geslag iets toevoeg tot die reeds bestaande. Newton het die bestaan van hierdie feit erken toe hy gesê het: „If I have seen further, it is by standing on the shoulders of giants" (soos aangehaal deur 67, p.87).

(f) <u>Kultuur is veranderlik</u>

Geen kultuur is geheel en al staties nie. Dit is 'n

dinamiese/ ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



dinamiese verskynsel aangesien nuwe of relatief nuwe elemente voortdurend bygevoeg en uitgediende elemente voortdurend uitgeskakel word. In 'n poging om 'n sosiale sisteem doeltreffend funksionerend te hou, skep die mens voortdurend nuwe benaderinge en wyses van optrede ten einde op die doeltreffendste wyse in hulle behoeftes te voorsien. Die Suid-Afrikaanse kultuurpatroon van 1971 is in baie opsigte merkbaar anders as die van 1951 en radikaal anders as dié van 1871. Kulturele verandering as 'n proses blyk in baie opsigte een van aanpassing te wees. Kulture neig om met die verloop van tyd by die geografiese omgewing, die sosiale omgewing van ander mensegroepe en die biologiese en psigologiese behoeftes van die mens aan te pas. Namate lewensomstandighede verander, word sekere tradisionele kultuurvorme uitgeskakel omrede hulle nie meer die verlangde graad van doeltreffendheid en bevrediging bied nie; nuwe behoeftes ontstaan en nuwe kulturele aanpassings word dan daarby gemaak. Die aanname van kulturele aanpasbaarheid veronderstel egter nie noodwendig die idee van vooruitgang, ewolusionêre stadiums van ontwikkeling en 'n streng determinisme van een of ander soort nie.

Sommige kulturele veranderinge word geredelik aanvaar terwyl ander met die grootste mate van teenstand beveg word. Feit bly egter dat verandering 'n altydteenwoordige fenomeen is.

Daar kan dus samevattend gesê word dat kultuur enersyds by magte buite homself en andersyds by homself moet aanpas. (Vgl. 33, pp. 20 en 635 ; 55, p. 73).

(g) <u>Kultuur neig tot geïntegreerdheid</u>

Met die verloop van tyd toon alle kulture die neiging

© University of Pretoria

tot/ ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

tot koherensie van die elemente waaruit dit saamgestel is, die dele neig om 'n geïntegreerde geheel te vorm.

Dit is byvoorbeeld duidelik dat twee elemente of twee standaard wyses van gedrag wat mekaar regstreeks weerspreek nie vir 'n onbepaalde tyd as opponente kan bly voortbestaan nie aangesien dit noodwendig verwarring tot gevolg sal hê. Sodanige inkonsekwenthede sal óf deurdat een van die twee uitgeskakel word óf deurdat daar tot een of ander kompromie gekom word, met mekaar versoen raak. Mense kan tog nie tegelyk voorstanders wees van die monogame huweliksvorm en aan die ander kant uitgaan van die vaste oortuiging dat die poligame huweliksvorm vir die welsyn van die mens en gemeenskap onontbeerlik is nie. Sodanige dualistiese benadering sal noodwendig tot verwarring en velerlei probleme aanleiding gee. Inkonsekwenthede, hetsy in die gedrag van individue of in die kultuur as sodanig, neig dus altyd om met mekaar versoen te raak.

Daar word uitdruklik gesê die elemente neig tot geïntegreerdheid omrede daar nie bo alle twyfel gestaaf kan word dat kulture wel ten volle geïntegreer raak nie. Dit sou volkome onrealisties wees om te wil veronderstel dat kulture 'n toestand van volle geïntegreerdheid kan bereik. Kulturele integrasie is 'n tydsame proses - daar bestaan altyd soos Ogburn dit stel 'n „cultural lag"; een of meer as een van 'n reeks verwante kultuurelemente toon, nadat ontwikkeling plaasgevind het, 'n agterstand by die ander - en voordat een proses ten volle voltooi of afgehandel is, is 'n reeks ander weer geïnisieer. Volslae geïntegreerdheid sal dus na alle waarskynlikheid nooit bereik kan word nie.

Die/ ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die integrerende neiging van kultuurelemente is baie opvallend in betreklik eenvoudige en geïsoleerde gemeenskappe waar vreemde elemente nie algemeen is nie en die samestellende dele van die kultuur nie snelle verandering toon nie. Kulturele integrasie aan die anderkant is nie so opvallend in komplekse en heterogene kulture nie waar die samestellende dele voortdurende verandering toon. Breed gesien egter, toon alle kulture sodanige neigings, want sonder 'n minimum mate van integrasie sal 'n samelewing die gevaar loop om te verbrokkel (Vgl. 67, p. 90; 69, p. 70).

(h) Kultuur is universeel

Alle mense of mensegroepe, ongeag waar hulle leef en ongeag die wyse waarop hulle lewe georden is, besit 'n kultuur of kultuurpatroon van die een of ander aard. Alle kulture vertoon verder sekere uniformiteite. Daar word bepaalde subsisteme aangetref, wat, ondanks fyn detail verskille in die subsisteme van die verskillende kulture, by alle volke voorkom.

Nieteenstaande bogemelde is geen twee kulture heeltemal identies nie. Die subsisteme, soos reeds hierbo gemeld, toon wat inhoud betref fyn detail verskille. Hierdie feit tree duidelik na vore wanneer kontak gemaak word met mense met 'n ander lewenstyl as die eie.

## 4. BENADERINGSWYSES TEN OPSIGTE VAN KULTUUR

### (a) Inleiding

Die begrip kultuur is vandag algemeen bekend. Hierdie bekendheid verseker egter nie te alle tye die wetenskaplik korrekte gebruik en vertolking daarvan nie. Kultuur is een

van/ ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



van daardie woorde wat in die meeste ontwikkelde tale in velerlei betekenisse gebruik word en heel dikwels tot misverstand aanleiding gee. Dit kan sowel in 'n heel enge betekenis as in 'n baie breë en algemene sin gebruik word. As een voorbeeld van die enge gebruik kan genoem word dat daar in Nederland byvoorbeeld van 'n tee- of tabak- of mieliekultuur gepraat word. In hierdie geval beteken dit bloot die verbouing van 'n besondere gewas.

By wyse van oordrag is dit ook van toepassing gemaak in sommige natuurwetenskappe. Hier word dikwels gepraat van 'n kultuur van mikrobes en hiermee word bedoel 'n kunsmatige kweking daarvan met die oog op die ontwikkeling van teenstowwe ( 14, p.30).

'n Ander enge betekenisgebruik van die begrip kultuur is die sogenaamde algemene opvatting daarvan. In hierdie sin gebruik, word kultuur gelykgestel aan of beperk tot die geestesgoedere van die sogenaamde opperkultuur. Breedt konstateer in hierdie verband die volgende: „In die algemene opvatting word kultuur dikwels beperk tot die fyner en edeler uitinge van die menslike gees op terreine soos die kuns, die letterkunde en die musiek" ( 73, p.34). Kultuur in hierdie sin is dus die kunsbesit en -prestasies van 'n gemeenskap en die mense wat skeppend, genietend en organiserend daarmee in verband staan, is die sogenaame „kultuurmense".

As verdere uitbouing van hierdie opvatting kan genoem word dat kultuur in hierdie sin te doen het met persoonlike verfyndheid en beskaafdheid. Dit veronderstel dat die gekultiveerde persoon, in onderskeiding van die nie-gekultiveerde,

weet/ ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



weet hoe om op te tree in alle sosiale situasies waaraan hy blootgestel word en waarin hy betrokke raak. Dit veronderstel verder dat hy voorkeur sal gee aan die meer gesofistikeerde kultuuruitinge dat hy verfyndheid in al sy maniere en smaak sal openbaar en dat hy oor die vermoë beskik om sekere aspekte van die beskawing wat prestige meebring, te manipuleer. Lowell identifseer kultuur in hierdie sin met „enjoyment of the things the world has agreed are beautiful; interest in the knowledge that mankind has found valuable, comprehension of the principles that the race has excepted as true" (soos aangehaal deur 39, p. 77). Kultuur kom dus volgens hierdie benadering neer op slegs die verfyning van die mens.

Vir die wetenskaplike behels kultuur egter veel meer as slegs dit. Vir hom is die sogenaamde gekultiveerde mens slegs 'n gespesialiseerde fragment van die totale kultuurpatroon. Kultuur is allesomvattend. Daarom skryf Herskovits: „The rudest economy, the most frenzied religious rite, a simple folktale, are all equally a part of culture" ( 33, p.18)

Historici gee volgens Bierstedt ( 6, p.128) aan die woord kultuur nog 'n ander betekenis, hoewel dit een is wat in 'n mate verwant is aan die algemene opvatting van die begrip. Hulle gebruik die begrip om te verwys na die sogenaamde „higher achievement" van óf groepslewe of 'n bepaalde periode in die geskiedenis. Onder „higher achievements" word die kuns, musiek, letterkunde, wysbegeerte, godsdiens en wetenskap ingesluit. Die kulturele geskiedenis van moderne Europa sal dus ingaan op die hoogtepunte wat op hierdie terreine bereik is. Die begrip kulturele geskiedenis kan dan

ook/ ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ook onderskei word van politieke geskiedenis, ekonomiese geskiedenis, industriële geskiedenis, militêre gebeurtenisse ensomeer.

Voorts kan daarop gelet word dat kultuur en beskawing dikwels as wisselterme gebruik word. Die begrip kultuur word in sy sosiologiese betekenis en in die sin waarin ander sosiaal wetenskaplikes dit gebruik nie gelykgestel aan beskawing nie. Die begrip beskaafd (civilized) word vry algemeen gebruik om die teenoorgestelde van primitief te beskryf. Dié begrip kom volgens Biesanz en Biesanz ( 8, p.25) van die Latynse civis en impliseer redelike groot stadsgemeenskappe met komplekse sosio-ekonomiese en kulturele sisteme. Alle gemeenskappe egter - stedelik, landelik, kompleks of eenvoudig - besit 'n kultuur. Selfs die primitiefste volke besit 'n kultuurpatroon van die een of ander aard. Kultuur en beskawing is dus nie sinoniem nie. Hierdie twee begrippe moet in onderskeid van mekaar gebruik word. Beskawing of om beskaafd te wees is deel van kultuur, maar beskawing moet liefs gebruik word om te dui op 'n spesiale aspek van meer ontwikkelde kulture. 'n Verdere aanwending van die begrip kultuur is volgens Coetzee ( 76, p.1) om dit te vereenselwig met tradisie. (Vgl. ook 33, p.17). Tradisie kan gesien word as die oue en oorgelewerde besit van mense en volke. J.H. Coetzee sien dit soos volg: „Dit is die verlede - of daardie deel van die verlede liewer - wat oorgebring word na die lede met die veronderstelling en doel om dit te bewaar vir die toekoms" ( 76, p.2). (Vgl. ook 11, p.7). Daar bestaan 'n baie noue verband tussen tradisie en 'n volk se kultuur. Tradisie is trouens 'n baie

belangrike/ ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



belangrike element van kultuur ( 11, p.7), maar die twee begrippe het nogtans nie dieselfde betekenis nie.

In die voorafgaande is sekere benaderinge ten opsigte van die begrip kultuur weergegee. Daar is tot dusver gemeld dat kultuur volgens die algemene opvatting beperk word tot die sogenaamde opperkultuur, dat historici dit gelykstel aan die sogenaamde „high achievement" van of groepslewe of 'n bepaalde periode in die geskiedenis, dat dit soms gelykgestel word aan beskawing en dat dit ook vereenselwig word met tradisie. In die sosiologie en antropologie - inderdaad in al die geesteswetenskappe - word hierdie begrip egter nie as sodanig vertolk nie.

Hoewel tradisie, beskawing, die verfyning van die mens en van die gemeenskap en al die aspekte wat daaran verwant is, deel vorm van die kultuur van 'n gemeenskap of 'n aanduiding is van die aard van die kultuur, is dit nie al waaruit kultuur bestaan nie. Indien die voorgemelde as die volle omvang van kultuur geag word, word slegs 'n deel van die waarheid verkondig. Die begrip kultuur behels egter veel meer en het inderdaad vir die sosiologie 'n besondere betekenis.

Onder sosioloë en ander sosiaal wetenskaplikes bestaan daar definitiewe duidelik-afbakenbare benaderings van die begrip kultuur. Voorts sal enkele van hierdie benaderings kortliks aandag geniet.

(b) <u>Kultuur as aangeleerde sosiale gedrag</u>

In hierdie benadering val die klem baie sterk op die mens se leervermoë. Volgens hierdie benadering bestaan kultuur uit al daardie handelinge, idees, gebruike, gewoontes ensomeer

wat/ ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



wat die mens deur of vanweë sy interaksie met ander aanleer. Volgens Merrill ( 41, p.118) is die mens 'n wese wat op 'n simboliese wyse leer en dan die produkte van sy opgedane kennis van geslag tot geslag oordra. In sy definisie van kultuur benadruk Coon die aangeleerde kwaliteit daarvan. Hy is van mening dat kultuur gesien kan word as „the sum total of the ways in which human beings live, transmitted from generation to generation by learning" ( 15, p.5). Wilson en Kolb sluit hierby aan wanneer hulle sê: „Culture consists of the patterns and products of learned behavior" ( 69, p.57). Die essensie van kultuur is hier dat dit uit alles wat deur die mens aangeleer word bestaan, soos onderskei van daardie elemente wat die mens deur erflikheidsfaktore bekom. In hierdie sin geïdentifiseer is kultuur volgens Bierstedt ( 6, p.130) nie gedrag as sodanig nie, maar eerder die kanale waarlangs menslike gedrag beweeg.

(c) <u>Kultuur as die sosiale erfenis (Social Heritage)</u>

Die begrip sosiale erfenis is aan die woordeskat van die biologie ontleen. Fisiese oorerwing het betrekking op die <u>oordrag</u> van bepaalde eienskappe of kenmerke van ouer na kind deur die kiemplasma. Wanneer die begrip sosiale erfenis as sinoniem vir kultuur gebruik word, val die klem desgelyks op die idee of gedagte van <u>oordrag</u>. Hier gaan dit om die oordrag van elemente van die sosiale leefwyse of selfs die totale sosiale leefwyse van die mens van die een geslag na die ander. Bierstedt sê in hierdie verband: „Culture may ... be conceived of as a kind of stream flowing down through the centuries from one generation to another. When we think of it in this

way/ ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



it becomes synonymous with the social heritage, and some sociologists use this term rather than culture" ( 6, p.132). Daar bestaan nietemin een fundamentele verskil tussen fisiese en sosiale oordrag. Fisiese oorerwing vind plaas langs die weg van die kiemplasma; sosiale oorerewing het geen sodanige media waarlangs oordrag plaasvind nie. Volgens Groves en Moore is kultuur: "... not handed on by anything that corresponds to the germ plasm" ( 31, p.121). Kultuur word by wyse van instruksie en voorbeeld van een geslag na die ander oorgedra en as sodanig word dit dan gelykgestel aan of gesien as die sosiale erfenis.

(d) Die superorganiese

Hierdie opvatting van kultuur het sy ontstaan gevind by A.L. Kroeber[1]. Koenig ( 36 , p.42) koppel hierdie benadering aan die naam van Spencer en meen dat Spencer in sy "Principles of Sociology" na kultuur verwys het as die superorganiese omgewing in onderskeiding van die anorganiese of fisiese en die organiese, die wêreld van die plant en dier. Volgens Koenig sien Spencer die superorganiese as 'n omgewing of lewensmilieu wat eie aan slegs die mens is, terwyl die mens die ander twee omgewings met die dier deel.

Volgens Merrill het Kroeber met hierdie benadering die volgende in gedagte gehad: „In a famous essay first published in 1917, he spoke of culture as superorganic in character, that is, existing over and above any specific (organic)

---

(1) A.L. Kroeber „The Superorganic", American Anthropologist, vol. 19, 1917, pp.163-215 aldus Bierstedt (6, p.135). Hierdie geskrif is herdruk in o.a. 16, p.21 en 37, p.22

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



individual" (41, p.119). Hiermee het Kroeber, volgens Merrill bedoel dat kultuur deur individue gedra word, maar dat die bestaan en voortbestaan daarvan nie afhanklik is van enige individu nie. Coertze beklemtoon ook hierdie gedagte wanneer hy skryf dat kultuur en volk eintlik 'n supra-organiese verskynsel is ( 14, p.37). Hy sê o.a. dat as 'n volk eenmaal sy verskyning gemaak het, bly dit voortleef ten spyte van wisselende geslagte. Die voortbestaan daarvan of die feit dat dit bly voortleef is te danke aan die gedurige reproduksie van die draer van die kultuurpatroon en die proses van enkulturasie waaraan hulle onderhewig is. „Op hierdie wyse bly 'n volk as't ware voortleef en bly 'n kultuur as die lewensgestalte daarvan voortbestaan as 'n bowe-organiese verskynsel" ( 14, p.37)

Die siteem van betekenisvolle simbole wat taal genoem word, illustreer die superorganiese kwaliteit van kultuur. Die taal van enige groep mense is nie afhanklik van die voortbestaan van enige enkele lid daarvan nie. Indien al die lede van 'n samelewing tesame met alle geskrewe rekords eensklaps uitgewis sou word, sal die taal waarskynlik ook verdwyn. Onder normale toestande egter, word taal van individu tot individu en van groep tot groep as 'n superorganiese verskynsel oorgedra.

(e) <u>Kultuur as 'n lewenspatroon</u>

Hierdie benadering word ook dikwels 'n „design for living" genoem, dus 'n bepaalde ontwerp of styl waarvolgens die lewe bedryf word.

Aangesien die meeste samelewings 'n eie kenmerkende lewenstyl, 'n godsdiens, sedes, tegnieke, ensomeer besit, kom

baie/ ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



skrywers en navorsers, volgens Goudsblom, tot 'n omskrywing van kultuur as „the total way of life of any society" (soos aangehaal deur 72, p.39).

Kluckhohn en Kelly definieer kultuur in hierdie sin soos volg: „A culture is an historically created system of explicit and implicit designs for living, which tends to be shared by all or specially designated members of a group at a specified point in time" (soos aangehaal deur 16, p.51). Dobriner hou 'n soortgelyke mening daarop na: „In its broadest usage, culture is the total design for living sustained by a people. It is the way of life - the organization of ideas and beliefs and of technology and material" ( 21, p.71). Ook Eliot is dieselfde mening toegedaan: „... culture is not merely the sum of several activities, but a way of life ( 23, p.41).

Hierdie opvatting of benadering van die begrip kultuur in veral bruikbaar in 'n poging om een groep of gemeenskap van 'n ander te onderskei. Hier is die verwysing nie na kultuur in die algemeen nie, maar na besondere kulture. Daar kan derhalwe gesê word dat die kultuur van die Amerikaners verskil van die van die Franse. Daar bestaan verder 'n duidelik herkenbare Afrikaanse lewenspatroon, 'n lewenswyse wat vir Afrikaners belangrik is. Dit is 'n lewensontwerp of lewensstyl wat deur Afrikaners daargestel is. Net so bestaan daar vir ander mensegroeperinge lewenspatrone wat vir hulle as 'n groep belangrik is en waaraan hulle waarde heg. Bierstedt konstateer: „All peoples have their designs for living and this, in a most general sense, is what we can also mean by their culture" ( 6, p.137). Kultuur in hierdie sin het altyd betrekking

op/ ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



op 'n bepaalde groep mense of 'n bepaalde volk.

(f) Kultuur as aanpassing by die omgewing

Die mens, net soos enige ander lewende organisme, is vir sy bestaan en voortbestaan afhanklik van die omgewing waarin hy homself bevind. Hy bevind homself nie as enkeling in hierdie omgewing nie, maar wel as groepswese wat in 'n bepaalde verband met ander staan. Die omgewing is tweeledig van aard - die sosiale en die natuurlike. Ten einde sy bestaan en voortbestaan as biologies wese te verseker, moet die mens homself by hierdie omgewing - sowel die sosiale as natuurlike - aanpas en selfs waar en indien moontlik die omgewing by hom aanpas. Die wyse waarop die mens aanpas, die metodes en tegnieke wat aangewend word en die gestalte of vorm wat hierdie aanpassing uiteindelik aanneem, is nie hier ter sake nie. Dit is genoeg om te konstateer dat die produk of resultaat van hierdie aanpassingsproses by ander persone en by die natuurlike omgewing dikwels kultuur genoem word. As aanloop tot 'n hoofstuk waarin Anderson en Parker 'n bespreking aanbied van hulle siening dat kultuur die produk of resultaat is van die mens se aanpassing by sy omgewing, sê hulle; „People living together must make adoptations to the natural environment that surrounds them as well as to each other. The adjustments of men in groups to the natural environment result in their creation of physicosocial, biosocial, psychosocial, and institutional environments. Men are creating or adding to their culture, that is, their distinctive way of living, when, in adaptation to each other and the natural environments, they build these social environments" ( 1, p.27). Biesanz en Biesanz stel dit

soos/ ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

soos volg: „... man must create culture in order to adopt" ( 8, p.30) (Vgl. verder in hierdie verband 55, p.37 en 91; 8, p.42; 3 , p.29; 14 , p.33-34).

Hoewel nie heeltemal dieselfde as bogemelde benadering nie kan hier nogtans genoem word dat kultuur ook soms gesien word as die mensgemaakte deel van die omgewing. Herskovits sê byvoorbeeld: „Culture is the man-made part of the environment" ( 32, p.305).

(g) Kultuur teenoor natuur

Die benadering van kultuur as sou dit as die beheersing van die natuur of die-deur-die-mens-beheersde natuur gesien word, kan by die voorafgaande twee benaderingswyses gevoeg word. Wanneer die mens homself by die natuurlike omgewing aanpas of, andersom, die omgewing by homself aanpas, is hy in baie gevalle immers besig met natuurbeheersing en natuurbeheersing sal tog altyd op die mensgemaakte deel van die omgewing dui. Voorgemelde wil egter nie voorgee dat hierdie drie benaderings identies is nie, maar slegs daarop wys dat daar wel 'n verband tussen hulle bestaan.

Volgens hierdie benadering neem kultuur, soos Breedt dit stel, „... 'n aanvang op daardie punt waar die natuur aan bande gelê word of onderhewig gemaak word aan sekere voorskrifte" ( 73, p.29). Die mens staan in 'n behersende, omskeppende en manipulerende hoedanigheid teenoor die natuur; hy kultiveer die natuur en „sodoende voeg hy iets by die natuur waaroor die natuur nie beskik nie en wat hy nie met homself kan voortbring nie. Kultuur is dan natuur plus die vernuwing en veredeling deur die menslike geestesfunksies daarin gelê" aldus Breedt ( 73, p.30).

(h)/ ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



(h) Kultuur as 'n konfigurasie van simbole

'n Laaste benadering waaraan kortliks aandag geskenk kan word, is die een waar skrywers en navorsers kultuur sien as 'n sisteem of konfigurasie van simbole met hulle gepaardgaande definisies. Die simboliese aspekte van kultuur word deur White beklemtoon wanneer hy skryf: „Culture is an organization of phenomena-acts (patterns of behavior); objects (tools, things made with tools); ideas (belief, knowledge); and sentiments (attitudes, values) - that is dependent upon the use of symbols. Culture began when man as an articulate, symbol-using primate, began" (Soos aangehaal deur 41, p.118). (Vgl. ook 16, p.32 vir 'n uitgebreide bespreking van simbole deur White).

Volgens hierdie benadering ontwikkel die mens volgens Vernon ( 67, p.85) kollektief 'n ingewikkelde en komplekse sisteem van simbole, elk waarvan 'n bepaalde definisie het, waarmee hy die verskillende aspekte van die wêreld waarin hy homself bevind, etiketeer. Hy rig dan sy gedrag ooreenkomstig die planne van aksie wat hy geleer het om met hierdie etikette te assosieer. Hierdie simbole met hulle gepaardgaande definisies word deur die groepslede gedeel en geakkumuleer en dit maak dan die kultuurpatroon van 'n bepaalde groep mense uit. Bredemeier en Stephenson sien kultuur ook in hierdie lig: „What we mean by culture is a set of shared symbols and their definitions" ( 9, p.2). Kultuur in hierdie sin sluit sôwel die simbole wat na konkrete, tasbare voorwerpe (empiriese objekte) verwys, as daardie wat geen empiriese referente het nie, in.

Vernon/ ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Vernon lê baie klem op die definisies wat aan elke simbool gekoppel word. Elke voorwerp, gedagte of idee kry 'n simbool (naam), byvoorbeeld die voorwerp waarmee 'n mens skryf word 'n pen genoem. „Pen" is dan die simbool. Die simbool word gedefinieer ('n Pen is 'n voorwerp waarmee geskryf word) en die definisie bepaal die waarde en betekenis van die voorwerp. Vernon (67) definieer kultuur dan ook in terme van hierdie definisies soos volg: „We will use the label culture to refer to the vast accumulation of definitions" (p.85). „Culture is the sum total of definitions known to a group" (p.85). „The culture of a society, which contains both universals and specifics, is a complex configuration of definitions" (p.96).

'n Terugblik oor die voorafgaande bring duidelik na vore dat elk van die bogemelde benaderinge van die begrip kultuur 'n besondere of bepaalde kenmerk daarvan benadruk. Met hierdie benaderinge kan daar nie fout gevind word nie, behalwe dat sommige van hulle miskien 'n ietwat eensydige uitgangspunt daarop nahou. Daar moet egter voortdurend gepoog word om die begrip in sy totaliteit, omvattendheid en kompleksiteit te sien.

5. <u>DIE FUNKSIES VAN KULTUUR</u>

(a) <u>Inleiding</u>

Kultuur is nie bloot die toevallige versameling van 'n aantal gebruiksvoorwerpe, idees, tegnieke, eienaardige wyses van optrede ensomeer nie, maar 'n sinvolle, vir die mens betekenisvolle en allesbepalende fenomeen. Dit raak op ingrypende wyse die mens se lewe op alle terreine. Dit is so fundamenteel

dat/ ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



dat menslike lewe daarsonder totaal en al onmoontlik sou wees. Hieroor bestaan daar onder alle outeurs, wat hulle op hierdie terrein begewe, volle konsensus (Vgl. bv. o.a. 41, p.149; 21, p.72 - 73; 69, p.57; 6, p.133; 36, p.17; 33, p.17; 38,, p.205).

Deur na enkele funksies van kultuur te kyk sal die onweerlegbare juistheid van voorgemelde duidelik blootgelê word.

Kultuur tree met sowel die individu as die groep in 'n funksionele verband; dit het vir albei bepaalde funksies te vervul. Die hieropvolgende bespreking van die funksies van kultuur, sal nie aan die hand van voorgemelde onderskeid gedoen word nie - die funksies van kultuur vir die individu en die groep is so intiem ineengestrengel dat dit vir alle praktiese doeleindes nie geskei hoef te word nie.

(b) Ware menswees is van kultuur afhanklik

Die mens is vir sy mensheid en sogenaamde menslike natuur geheel en al aangewys op kultuur. Dit is kultuur wat aan die mens dit wat vry algemeen menslike natuur genoem word, gee. Aan homself oorgelaat en los van die beïnvloeding van ander mense, met ander woorde, los van die beïnvloeding van kultuur sal 'n mens nie tot die staat van mens of menswees verhef word nie. Geen van die kenmerkende menslike eienskappe sal by so 'n individu aangetref word nie; hy sal nie bo die vlak van 'n dier verhef wees nie.

Daar hoef slegs na kinders, wat op 'n vroeë stadium in hulle lewe afgesonder is en 'n hele aantal jare in sodanige afsondering 'n bestaan moes voer, gekyk word om die voorafgaande funksie van kultuur duidelik te illustreer.(1)

---

(1) Vgl. ook die volgende en soortgelyke gevalle: ( 8, p.33; 36, p.17).

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Twee sulke gevalle is deur Kingsley Davis waargeneem en beskryf ( 19, p.204-208). Hiervan is een die geval van Anna, 'n buite-egtelike kind wat in die solder van 'n plaashuis in Pennsylvania, Amerika gevind is. Sy het geen aandag van watter aard ookal, geen leiding en opleiding, geen oefening en net genoeg voedsel ontvang om haar aan die lewe te hou. Met haar ontdekking kon sy nie loop, praat of selfs regop sit nie en daar is gemeen dat sy sowel doof as blind was. Teen die tyd dat sy op tienjarige leeftyd te sterf gekom het, het sy danksy haar kontak met mense, reeds 'n hele aantal elementêre handelinge bemeester. Hierdie geval, dui soos Davis dit stel, daarop „how little her purely biological resources, when acting alone, could contribute to making her a complete person" ( 19, p.205).

Ook Bierstedt gee 'n bespreking van 'n geval waar 'n persoon op meer gevorderde leeftyd vir 'n lang periode totaal en al weerhou is van samesyn met ander mense. Met sy ontdekking het dit geblyk dat hy die meeste van daardie eienskappe wat normaalweg met die mens geassosieer word, verloor het. Bierstedt kom op grond hiervan tot die volgende slotsom: „Extraordinary as it may seem, human beings need other human beings in order to become human and in order to remain human. We are not born human but become human by acquiring the culture of our society. The man without a culture, in this sociological sense, is a feral man, a 'wild' man, more like an animal than a human being" (6, p.131).

Hoewel die voorafgaande betoog eintlik daarop dui dat die mens vir sy menswees of menslikheid van ander mense afhank-

lik/ ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



lik is, kan dit indirek aan kultuur gekoppel word aangesien kultuur bepaal hoedanig die interaksie tussen mense moet wees en ook die totale lewensmilieu vorm waarin die mens sy lewe bedryf. Dit is deur middel van kultuur dat elke individu die kultuur van die groep waartoe hy behoort deelagtig word en dit is die besit van kultuur wat 'n wese tot die staat van volwaardige mens omvorm. Daar moet egter in gedagte gehou word dat kontak met kultuur alleen, in die afwesigheid van ander mense, nie bogemelde tot gevolg sal hê nie.

(c) Kultuur is die instrument waardeur die individu by sy totale lewensmilieu aanpas

Volgens Herskovits voorsien kultuur die mens van „... a means of adjusting to the complexities of the world into which he is born" ( 33, p.17). Die totale lewensmilieu sluit sowel die groep waartoe hy behoort as die fisiese omgewing waarin hy homself bevind, in. Kultuur maak dit vir die mens moontlik om enersyds by die groep en andersyds by die fisiese omgewing aan te pas.

i) Aanpassing by die groep

Elke mens word in 'n spesifieke sosiale groep gebore. In die beïnvloedbaarste en hulpelooste jare van sy bestaan word die lewenswyse van daardie groep deur die proses van sosialisering by hom ingeskerp. Daar word in hierdie jare aan sy handelinge, denke, houdings, waardes, idees, oortuigings, gevoelslewe ensomeer 'n volkseie vorm en inhoud gegee; sy persoonlikheid sal altyd daarna die stempel van die kultuur waarin hy sy wordingsjare deurloop het, dra. Langs hierdie weg aldus Coertze ( 14, p.36) „...

kry/ ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



kry die persone wat tot dieselfde volk behoort tot op sekere hoogte dieselfde gelandenheid in hulle karakter en word ook verseker dat hulle spontaan sal aanpas of konformeer aan die gewoontes en lewensreëls van die volk waarvan hulle lid is. Groepsaanvaarde optrede word geprys en die individu ontvang daarvoor beloning, terwyl fundamenteel afwykende gedrag straf in die vorm van onder andere verwerping tot gevolg het. Die mens word aldus 'n volwaardige funksionerende lid van die groep en daar ontwikkel 'n spontane onderlinge samewerking ter instandhouding van die geheel.

En tog kan kultuur nie aan 'n dwangbaadjie gelykgestel word nie. Die groep stel nie mense daar asof hulle uit identiese vorme gegiet is en die een 'n presiese replika van die ander is nie. Die mens word nie tot die staat van 'n spons verlaag as sou hy op 'n passiewe wyse al die invloede en indrukke wat op hom inwerk, sonder meer indrink nie. Herskovits sê in hierdie verband tereg: „... though culture is the instrument whereby human beings adjust themselves to their total setting, it must never be conceived as reducing the individual to a passive or inert status in the process" ( 33, p.641). Elke mens bly steeds 'n geopenheid en as sodanig is die uitwerking en sy verwerking van die invloede wat op hom inwerk nie by almal dieselfde nie.

Kultuur verskaf aan die mens gesanksioneerde, gestandaardiseerde en geïnstitusionaliseerde gedragspatrone met betrekking tot bykans alle fasette van sy lewe. By geboorte

kom/ ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

kom die individu in 'n groep waarin hierdie gedragspatrone reeds uitgewerk is en hy hoef gaandeweg hierdie gedragspatrone slegs aan te leer en te internaliseer. Volgens Horton en Hunt vind die mens „a ready-made set of patterns awaiting him which he needs only to learn and follow" ( 34, p.77). Ter illustrasie van bogemelde kan die gebruike ten aansien van die keuse van 'n huweliksmaat aan die hand van Horton en Hunt aangehaal word. Hulle bespreek 'n verskeidenheid van uiteenlopende metodes, soos wat dit in verskillende kulture voorkom, waarvolgens 'n persoon vir hom 'n huweliksmaat kan kies. Hulle kom dan tot die volgende slotsom: Die metodes het, hoe uiteenlopende hulle ookal mag wees, een eienskap gemeen en dit is dat hulle die weg na huweliksluiting duidelik aandui. Die individu hoef nie te wonder oor hoe hy 'n huweliksmaat gaan bekom nie; hy ken die prosedures soos deur sy kultuur gedefinieer. Hy aanvaar, sonder om dit te bevraagteken, hierdie weg na huweliksluiting omdat hy van kleinsaf geleer is om dit as die enigste korrekte manier te sien (Vgl. 34, p.77).

Aanpassing by die groep sluit 'n groot verskeidenheid aspekte in. Een van die belangrikste hiervan is dat die mens sy basiese biologiese en psigologiese behoeftes, begeertes en drange op 'n groepsaanvaarde wyse moet bevredig. Dit word moontlik gemaak deurdat die kultuurpatroon reeds gevestigde en goedgekeurde gedragspatrone, waarlangs die behoeftes bevredig kan word, bevat. Tereg sê Murdock in hierdie verband: „Culture always and necessarily, satisfies basic biological needs and secondary needs de-

rived/ ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

rived therefrom. Its elements are tested habitual techniques for qualifying human impulses in man's interaction with the external world of nature and fellow men" (Soos in 69, p.68). Hierdie gedragspatrone is in elke kultuur teenwoordig en die individu word van kleinsaf daarmee gekonfronteer - hy leer hoe, waar en wanneer hy hierdie behoeftes mag en kan bevredig.

Volgens Biesanz en Biesanz ( 8, p.43) het kultuur nie slegs tot funksie dat dit die mens in staat stel om sy behoeftes en begeertes te bevredig nie; dit verhoog ook die genot ten opsigte van behoeftebevrediging deurdat 'n uitgebreide en komplekse struktuur van rituele en gebruike daaromheen opgebou word. Die bevrediging van die behoefte aan voedsel word byvoorbeeld veraangenaam deur die besondere klem wat daar op die voorbereiding en bediening daarvan gelê word.

Verder kan genoem word dat kultuur bepaalde behoeftes by die mens skep of laat ontstaan wat dan later as inherente behoeftes ervaar word. Die mens se behoefte aan estetiese bevrediging, sukses, rykdom ensomeer in 'n samelewing waarin baie waarde aan voorgemelde geheg word, is dikwels dwingender van aard as sommige biologiese behoeftes. Die kultuur skep egter nie slegs hierdie behoeftes nie, maar stel ook die weë daar waarlangs dit bevredig kan word.

Deurdat kultuur die gedrag van individue en groepe binne 'n samelewing rig, is dit duidelik dat kultuur dit vir die individu moontlik maak om die gedrag van ander te voorspel. Deurdat elke individu nou weet wat om naasteby

van/ ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

van elke ander individu in hulle interaksie met mekaar te verwag, word baie onnodige inspanning en vele moontlike konfliksituasies geëlimineer.

Kultuur, as die middel waardeur die mens aanpas by sy totale lewensmilieu, het verder tot funksie dat dit elke situasie waarin die mens homself bevind, definieer. Die mens staan met betrekking tot sy optrede in 'n bepaalde situasie onkundig tot tyd en wyl die situasie gedefinieer is; kultuur bepaal of sê dus vir die mens at die korrekte en verkeerde wyse van optrede is. Gillin en Gillin laat hulle hieroor soos volg uit: „... culture also provides ... traditional and therefore familiar interpretations for many situations on the basis of which the individual may determine the precise form of his behavior" ( 27, p.151). 'n Uitgestrekte regterhand is in een kultuur 'n simbool van beleefdheid en noodsaak derhalwe 'n beleefde teenreaksie, terwyl in die volgende kultuur dit miskien 'n aanduiding van vyandskap is en die individu derhalwe beweeg tot 'n aggressiewe teenprestasie.

Kultuur definieer meer as net situasies; dit gee ook gestalte aan die mens se houdings, waardes, doelstellings of mikpunte. Elke mens leer deur bemiddeling van sy kultuur om te onderskei tussen normaal en abnormaal, goed en sleg, natuurlik en onnatuurlik, mooi en lelik, interessant en oninteressant, waar en vals ensomeer. Die individu leer om hierdie onderskeidings net so onbewustelik te maak as wat hy die taal van die kultuurgroep

waartoe/ ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



waartoe hy behoort, aanleer. Hierdeur word die mens se gedagtes op bepaalde doelstellings gefikseer deurdat dit aan hom voorhou wat die moeite werd is om na te streef en te beskerm. In een kultuur sal die mens se aktiwiteite gerig wees op die verwerwing van materiële besittinge, in 'n ander op geestelike vryheid en in 'n derde op lewenswysheid ensomeer. Volgens Biesanz en Biesanz gee kultuur „... meaning to life, purpose to existence. It provides values and goals, hopes and aspirations - something to live for" ( 8, p.44).

Deur sekere doelstellings goed te keur en ander die teiken van bespotting te maak, kanaliseer kultuur individuele ambisies. Die hedendaagse Suid-Afrikaanse Blanke vrou het 'n betreklik wye keuse ten opsigte van haar beroepsarbeid - iets wat vroeër nie bestaan het nie omdat die Suid-Afrikaanse kultuurpatroon van vroeër geen ander rol vir haar as die van huisvrou goedgekeur het nie. Aangesien sodanige rol die enigste was, was die meeste vroue se ideaal juis daarop gemik.

Die funksie van kultuur, naamlik dat dit aan die mens gesanksioneerde, gestandaardiseerde en geïnstitusionaliseerde gedragspatrone verskaf is so verreikend dat dit selfs bepaal watter emosies die mens onder verskillende omstandighede mag of moet openbaar en ook hoedanig die emosie tot uiting gebring word.

ii) <u>Aanpassing by die omgewing</u>

Die mens, net soos die dier, word gekonfronteer met die probleem om by sy fisiese omgewing aan te pas. Soos reeds/ ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

reeds vroeër gemeld is die mens, anders as die dier, arm gelaat aan natuurlike aanpassingsmiddels. Die mens is dus, anders as in die geval van die dier wat bloot op biologiese wyse aanpas, op kultuur aangewese om by sy omgewing aan te pas. Schusky en Culbert laat hulle in hierdie verband soos volg uit: „Unlike other animals, however, man relies primarily upon culture rather than upon biological adaptation. Changes in physique, metabolism rate or amount of body hair occured as man migrated into new environments, but the major factors in his migration to all parts of the world were cultural innovations ..." ( 55, p.91).

Elke kultuur het reeds uitgewerkte metodes en tegnieke van natuurbeheersing. Elke nuweling kom met geboorte in 'n lewensmilieu waarin daar reeds verskeie oplossings vir bepaalde probleme bestaan. Hy hoef dit nie self te skep nie, maar hoef slegs hierdie metodes oor te neem, sy eie te maak en te gebruik ten einde die natuur of fisiese omgewing waarin hy homself bevind tot sy eie voordeel te manipuleer. Op grond daarvan dat hy reeds 'n basis het waarvandaan hy kan werk, staan dit hom vry en is hy in staat om sy tyd en aandag te bestee aan veranderinge of verbeteringe in die reeds bestaande en sodoende sy aanpassing by die fisiese omgewing op 'n nog hoër vlak te bring.

Die mens is vanweë bogemelde in staat om homself te handhaaf en 'n bestaan te voer in die onherbergsaamste streke onder die moeilikste omstandighede.

(d)/ ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



(d) Kultuur en Sosiale Kontrole

Ten einde voortbestaan te verseker en toe te sien dat enige groepering van mense 'n funksionerende eenheid bly, moet daar 'n minimum mate van harmonie en samewerking, orde en voorspelbaarheid bestaan; die mens moet min of meer weet wat om van ander te verwag asook wat van hom verwag word en hy moet gemotiveer word om te doen wat van hom verwag word. Die groep benodig met ander woorde 'n sisteem van sosiale kontrole. Sosiale kontrole dui, soos Bertrand dit stel op „a process of restriction of behavior. In social systems, this is the process whereby deviancy or non-conformity (regardless of the reason) is corrected or maintained within tolerable limits. The elements most closely related to social control are norms, power and sanctions. Various mechanisms are used to assure proper behavior. They range from informal means such as ostracism, ridicule, and gossip to formal means related to law and order" ( 5, p.33). Dié sisteem van sosiale kontrole word deur die mens self, onder andere in die form van norme, waardes, sanksies, voorskrifte ensomeer, daargestel en vind vergestalting in die kultuurpatroon. Menslike gedrag word georden en gerig ooreenkomstig die planne van aksie wat deur die kultuur daargestel word. Soos sommige van die voorgemelde funksies van kultuur aandui, is dit aan kultuur te danke dat die mens sy lewe in 'n toestand van vreedsame en geordende naasbestaan kan bedryf. Volgens Gillin en Gillin is dit „... the possession of a common culture which gives the members of a society a feeling of unity with the group and enables them to live and work together without to much confusion and mutual interference"

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



( 27, p.149). Ook Dobriner is hierdie mening toegedaan: „If men were bees, culture would be unnecessary because the primary relationships in the community would be determined by biology. But men have no powerful instinctive or biogenic forces which instantly shape their social order. It is culture, therefore, that provides the normative stability which permits human beings to carry on their lives" ( 21, p.73).

Kultuur dien op verskeie maniere as die siteem van sosiale kontrole. Sommige van die voorgemelde funksies van kultuur dien as 'n aanduiding hiervan. Eerstens stel dit bepaalde gedragspatrone daar aan die hand waarvan die gedrag van individue en groepe in die samelewing gereguleer word. Hierdie norme is die konvensionele verwagtinge wat mense ten opsigte van die gedrag van ander daarop nahou; hulle definieer wat normaal is. Tweedens is dit 'n meewerkende faktor in die verwekking van 'n gevoel van groepsidentiteit en aldus ook in die verwekking van die behoefte om deur die lede van die groep aanvaar te word. Derdens voorsien dit 'n reeks sanksies - beloning vir korrekte gedrag en straf vir afwykende gedrag - waardeur die norme tot op sekere hoogte afgedwing word.

Norme vorm 'n integrerende bestanddeel van enige kultuurpatroon en dit is juis aan die hand van onder andere daarvan dat die mens se groepslewe tot 'n geordende fenomeen omvorm word. Hierbo is slegs rakelings na norme as 'n bydraende faktor tot en integrerende bestanddeel van sosiale kontrole verwys. Aangesien 'n vollediger bespreking daarvan in die hieropvolgende afdeling van die onderhawige hoofstuk aangebied word, sal hier nie verder aandag daaraan gegee word nie.

6./ ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## 6. DIE INHOUD VAN KULTUUR

Daar bestaan verskeie maniere waarvolgens die inhoud van kultuur geklassifiseer kan word. Hierdie klassifikasies is tot op 'n groot hoogte basies dieselfde. Die verskille wat daar tussen hulle bestaan lê eerder opgesluit in spesifieke hoedanighede as in die inhoud daarvan. Daar bestaan onder sosioloë 'n groot mate van konsensus in soverre hulle die inhoud van kultuur in twee duidelik herkenbare komponente of elemente verdeel, naamlik materiële- en nie-materiële kultuur. (Vgl. 5, p. 89; 34, p. 51; 8, p. 26; 36, p. 43; 41, p. 124; 31, p. 119; 55, p. 13; 16, p. 41).
Sowel Sutherland en Woodward ( 58 , p.21) as Vernon ( 67, p.90) verkies om die materiële aspekte van kultuur kulturele objekte te noem.

Bierstedt maak beswaar teen voorgemelde klassifikasie omdat die opvatting met betrekking tot die nie-materiële kultuur volgens hom nie duidelik genoeg is nie. Hy sê: „The concept of material culture is clear enough. But the concept of non-material culture is not quite so clear, except in the sense that it is a residual category, including everything that is not material. 'Everything that is not material', however, may include items of several fundamentally different kinds, and this tendency to obscure significant distinctions is a logical weakness of residual categories" ( 6, p.157). In die lig hiervan en ten einde hierdie tekortkoming die hoof te bied, klassifiseer hy die inhoud van kultuur in drie hoofkomponente naamlik, idees, norme en materiële aspekte. Later voeg hy 'n verdere twee komponente by, naamlik ideologieë en tegnologieë.

Hoewel/ ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Hoewel in fyner detail uitgewerk kom hierdie klassifikasie van die inhoud van kultuur basies op dieselfde neer as wanneer dit in materiële en nie-materiële aspekte verdeel word. Die idees, norme, ideologie en tegnologieë waarvan Bierstedt praat kan beskou word as behorende tot die nie-materiële kultuur.

(a) Materiële kultuur

Die materiële aspekte van kultuur sluit al daardie dinge in wat deur die mens gemaak en gebruik word en wat 'n tasbare vorm het. Dit sluit ook daardie elemente van die natuur waarin die mens, vir sy eie gebruik of nut 'n verandering teweeggebring, in. Dit kan wissel van eenvoudige primitiewe kleipotte tot ingewikkelde elektroniese apparaat. Albei hierdie items word gekenmerk deur 'n fisiese vorm of gestalte en dit is juis hierdie kenmerk wat hulle in die sfeer van die materiële kultuur plaas. Die implikasie hiervan is dus dat die konkrete bestaan van dinge as mensgemaakte produkte, ongeag die grootte, ingewikkeldheid, doel, vorm ensomeer daarvan, die kwalifikasie vir toevoeging tot die sfeer van die materiële kultuur is ( 5, p.89).

By enige besinning oor die materiële kultuur moet voortdurend in gedagte gehou word dat die materiële aspekte of komponente van kultuur, deel vorm van 'n kultuurpatroon slegs as dit in verband gebring word met of gesien word in die konteks van die nie-materiële kultuur. Los van die nie-materiële kultuur is die materiële kultuur nie deel van kultuur nie; dit is dan niks meer of niks minder as blote konkrete bestaansvoorwerpe (werklikhede) met geen waarde of betekenis nie.

Die/ ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die materiële kultuur het alleen waarde en betekenis deurdat die nie-materiële kultuur (norme, waardes, idees, gewoontes, vermoëns, tegnieke ensomeer) die waarde en betekenis daarvan definieer; 'n komponent van die materiële kultuur het betekenis vanweë die idee of gedagte, en laasgenoemde is deel van die nie-materiële kultuur, wat daaromheen geweef is. Hulle het geen ander waarde en betekenis as dit wat deur die nie-materiële kultuur aan hulle gegee word nie. Tereg sê Breedt: „Die besit van materiële skeppinge en uiterlike vorme van geestesgoedere sonder die innerlike besit van die onderliggende en grondliggende geestelike waardes, waardeur dit werklik betekenis en waarde kry, veronderstel geen besit van kultuur nie ( 72, p.38). Die materiële kultuur is altyd 'n verlengstuk of uitgroeisel van die nie-materiële kultuur en is daarsonder totaal en al betekenisloos. Merrill skryf in die verband soos volg: „The fundamental basis of culture is found in the human mind, and the physical manifestations have meaning only in terms of these mental patterns. Ideas are the real foundation of culture. Material objects are useless without the knowledge of how to use them" ( 41, p.125). (Vgl. ook 16, p.41). Die betekenisse wat daar aan die verskillende voorwerpe geheg word, is dus belangriker as die fisiese vorm.

Die materiële kultuur is produkte van en toevoegings tot menslike gedrag eerder as deel van daardie gedrag.

Die definisie van 'n stoel sal voorgemelde bespreking goed illustreer. Vir die Westerse mens het 'n stoel 'n bepaalde betekenis. Hy assosieer sekere gedragspatrone daarmee. Vir iemand afkomstig uit 'n samelewing waar daar nie van

stoele/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

stoele gebruik gemaak word nie, sal 'n stoel na alle waarskynlikheid niks anders as 'n eienaardig gevormde voorwerp wees nie wat byvoorbeeld gebruik kan word as 'n wapen, as brandhout of as 'n platvlak waarop voorwerpe neergesit kan word. Hierdie persoon se nie-materiële kultuur het nie aan 'n stoel die waarde en betekenis as sou dit iets wees waarop gesit word, gegee nie (Vgl. 8, p.26).

Voorgemelde besinning impliseer egter nie dat die klassifikasie van die inhoud van kultuur in materiële en nie-materiële komponente nie geregverdig is nie. Dit is heeltemal toelaatbaar mits die belangrike feit dat die materiële alleen deur die nie-materiële waarde en betekenis kry, voortdurend in gedagte gehou word.

(b) <u>Nie-materiële kultuur</u>

Volgens Bertrand omvat of omsluit die nie-materiële aspekte van kultuur „all those creations of man which he uses to explain and to guide his actions, but which are not found except in his mind" ( 5, p.90). Dit sluit dus al daardie skeppinge van die mens in wat nie materieel van aard is nie.

Volgens Bertrand ( 5, p.90) kan die nie-materiële kultuur in twee kategorieë ingedeel word, naamlik individuele norme en sosiale institusies. Bierstedt op sy beurt ( 6, p.157), soos reeds gemeld, klassifiseer die inhoud van kultuur in drie hoof komponente naamlik idees, norme en materiële aspekte. Die idees en norme waarvan Bierstedt praat kan gesien word as behorende tot die nie-materiële kultuur.

Groves en Moore hou dieselfde mening as Bertrand met betrekking tot die inhoud van die nie-materiële kultuur daarop

na/ ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

na. Hulle skryf: „Folkways, mores and institutions make up a large partion of the immaterial culture of any society" (31, p.135). Die volksgewoontes en mores waarvan Groves en Moore praat kan gelykgestel word aan die norme waarvan Bertrand praat. In die onderhawige studie word derhalwe van die standpunt uitgegaan dat die nie-materiële kultuur uit drie komponente bestaan, naamlik norme, institusies en idees.

i) Norme

Sonder om in fyn besonderhede in te gaan, kan die begrip norme omskryf word as die standaarde, reëls, verwagtinge of riglyne met betrekking tot gedrag wat in alle samelewings gevind word. Hulle is abstrakte skeppinge wat spesifieke gedragspatrone vir of in alle sosiale situasies voorskryf en bestaan slegs in die denke van die mens. Hulle waarneembaarheid bestaan slegs daarin dat hulle na buite gemanifesteer word in bepaalde gedragspatrone. Norme is geïdealiseerde opvattings van gedrag - „blueprints for action" soos Bertrand dit stel ( 5, p.90). Die mens se gedrag konformeer aan sekere standaarde wat deur die samelewing, waarin hy homself bevind, as gewens en noodsaaklik beskou word. Dit is hierdie standaarde, reëls en verwagtinge wat deurgaan onder die benaming norme. Merrill definieer norme soos volg: „The term 'social norm' is a sociological designation referring ... to all products of group interaction which regulate members' behavior in terms of the expected or even the ideal behavior. A norm denotes not only expected behavior but a range of tolerable behavior, the limits of which define

deviate/ ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

deviate acts" ( 41, p.94). Dit is onmoontlik om enige sosiale situasie of interaksieproses te bedink waarin daar nie sekere normatiewe verwagtinge werksaam is nie. Volgens Dobriner ( 21, p.74) is norme essensieel denkbeeldige konstruksies in die sin dat die enigste objektiewe aanduiding dat hulle bestaan, gesien word in die geregimenteerde gedrag of handelinge van mense, dit wil sê, die uiterlike reëlmatighede met betrekking tot gedrag word waargeneem en hieruit word afgelei dat norme die veroorsakende krag is.

Voorts kan aan die hand van sowel Dobriner ( 21, p.75) as Bierstedt ( 6, p.225) op die volgende gewys word. Norme wat sekere handelinge vereis, staan bekend as voorskrywende norme (prescriptive) en norme wat sekere handelinge verbied as verbiedende norme (proscriptive). Ten einde 'n graad te verwerf word van 'n kandidaat verwag om 'n eksamen te slaag, maar terselfdertyd word hy verbied om hulp van 'n ander kandidaat tydens die eksamen te verkry. Verbiedende norme, indien hulle nie wetlike verbodsbepalinge is nie, staan bekend as taboes. In aansluiting hierby kan ook genoem word dat norme, veral in komplekse samelewings van groep tot groep, geografiese lokaliteit tot geografiese lokaliteit, van godsdiens tot godsdiens ensomeer, verskil. Daardie norme wat vir 'n hele samelewing toepaslik of geldend is, staan bekend as assosiatiewe norme en daardie wat slegs vir sekere subgroepe geldend is, as kommunale norme.

Sosiale norme word gedra in die denke van individue en

bestaan/ ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

bestaan uit 'n stel idees of gemene opvattinge aangaande die regte of korrekte gedrag of wyse van optrede in 'n gegewe situasie. Hulle is die ideële gedragspatrone en vorm gesamentlik die ideële kultuur.

Gebruike of gewoontes is die reële (werklik bestaande) gedragspatrone en vorm gesamentlik die reële kultuur.

Die reële kultuur (werklike gedrag) kan 'n groot ooreenstemming toon wat of baie naby aan die ideële kultuur wees, of dit kan in 'n groot mate daarvan afwyk. Alfred Kinsey se verslag oor seksuele gedrag in Amerika is byvoorbeeld op reële of werklike patrone gebaseer en verteenwoordig daarom wat genoem kan word statistiese norme van werklike gedrag, eerder as sosiale of kulturele norme. Hierdie verslag toon dat die werklike gebruike of gewoontes substansieel afgewyk het van die ideële patrone of sosiale norme wat tradisioneel die seksuele gedrag in Amerika beheer het. (Vgl. 8, p.26).

Ten einde die inhoud van kultuur in verdere detail te analiseer, is dit gewens om melding te maak van die verskillende soorte norme, of anders gestel, die indeling of klassifikasie van norme.

Norme kan op verskeie maniere geklassifiseer word, maar vanweë die algemene bekendheid daarvan onder sosiaal wetenskaplikes en ander, sal die wydgebruikte skema van volksgewoontes (folkways), mores en wette in hierdie studie gebruik word.

Die begrippe volksgewoontes en mores het deel geword van die sosiologiese terminologie met die publikasie van 'n

boek/ ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



boek genoem „Folkways" deur W.G. Sumner in 1907. Sedertdien is hierdie begrippe diep ingebed in die sosiologie en geniet dit 'n baie wye gebruik.

(aa) Volksgewoontes (Folkways)

Oor die presiese betekenis van die begrip volksgewoontes bestaan daar onder sosioloë 'n groot mate van eenstemmigheid. Wilson en Kolb omskryf dit as „customary ways of behaving which usually have no particular moral significance" ( 69, p.59). Groves en Moore sien dit as „the customary ways of acting in regard to specific situations which are common in a society" ( 31, p.132). Bertrand op sy beurt definieer dit as „commonly accepted rules of conduct which do not have a compulsive or 'must' status" ( 5, p.28). Voorts kan genoem word dat Horton en Hunt volksgewoontes sien as „the customary, normal, habitual ways a group does things" ( 34, p.58). Koenig omskryf volksgewoontes soos volg: „Folkways are customary ways of behaving and acting which arise automatically within a group to meet the problems of living" ( 36, p.44) (Vgl. verder 10, p.16; 1, p.34).

Volksgewoontes is dus die gebruiklike, aanvaarde, gestandardiseerde en verwagte wyses van optrede of handeling (gedragspatrone) vir elke lewensituasie wat algemeen onder die lede van 'n samelewing voorkom. Volksgewoontes reguleer die grootste gedeelte van die mens se daaglikse roetine en kontak met ander mense en bepaal wat korrek en nie-korrek is. Hulle word op 'n informele, nie-bewuste, maar tog effektiewe wyse afgedwing deurdat konformasie

aan/ ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



aan die verwagtinge soos deur die volksgewoontes daargestel, beloon word met goedkeuring, groepsaanvaarding ensovoorts, terwyl nie-konformasie gestraf word deur bespotting, verwerping deur die groep en dergelike meer. Volksgewoontes word egter nie wetlik afgedwing nie (Vgl. 6, p.226).

Skending daarvan word nie gesien as 'n bedreiging vir die groep as 'n geheel nie en hou inderdaad ook geen aktuele bedreiging in nie. 'n Persoon kan sonder om vir homself ernstige straf op die hals te haal, van die volksgewoontes afwyk. Kenmerkende volksgewoontes van die Suid-Afrikaanse lewenstyl is onder andere die gebruik om drie maaltye per dag te nuttig, die verdeling van verantwoordelikheid tussen eggenote sodat die man die onderhouer van die huisgesin is en die vrou die afhanklike, die aanvaarding van 'n agt-uur werksdag, die gebruik om kennisse met die hand te groet ensomeer.

Volksgewoontes is nie staties nie, maar voortdurend onderhewig aan verandering. Hulle verander saam met veranderende sosiale toestande hoewel daar altyd weerstand teen verandering voorkom. Sommige volksgewoontes bied 'n groter weerstand teen verandering as ander. Sommige volksgewoontes ondergaan relatief vinnige verandering soos byvoorbeeld modes ten opsigte van kleredrag ensomeer (vgl. 36, p.45).

Hoe gebeur dit dat 'n uitvinding of ontdekking wat deur 'n bepaalde individu geïnisieer is, deel word van die volksgewoontes? Indien die nuwe wyse of manier van doen

sigself/ ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

sigself beter bewys as die bestaande, of indien dit om die een of ander rede byval vind by die groepslede, sal dit aanvaar word, versprei en deel word van die kompleks van volksgewoontes en sodoende druk op die individuele lede uitoefen om dit aan te neem of daaraan te konformeer.

Volgens Sumner (vgl. 36 , p.45 en 58 , p.23) ontstaan volksgewoontes spontaan. Hulle tree outomaties en onbewustelik te voorskyn en is derhalwe nie die produkte van enige bewuste voorafgaande beplanning nie, hoewel latere geslagte hulle wel as sodanig mag beskou. Sutherland en Woodward ( 58 , p.23) skryf in die woorde van Sumner dat volksgewoontes „have developed out of experience" en dat hulle langs die weg van tradisie van geslag tot geslag oorgedra word „without rational reflection or purpose".

(bb) <u>Mores</u>

Sommige volksgewoontes is belangriker, meer bindend, word strenger afgedwing en afwyking daarvan word krasser veroordeel as ander. Hierdie volksgewoontes staan bekend as die mores.

Mores definieer in absolute terme wat reg en verkeerd, moreel en immoreel is asook wat die korrekte, vereiste en verpligte handelinge, gedagtes en gevoelens is. Biesanz en Biesanz ( 8, p.47) sien die mores as die bindende of verpligtende sosiale norme wat geag word kardinaal, deurslaggewend of onmisbaar te wees vir die welsyn van die groep, en wat gedra of ondersteun word deur die dominante waardes of beginsels van die groep.

Mores/ ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Mores word deur die groep beskou as onmisbaar vir die welsyn van die groep en die skending of oortreding daarvan, so word geglo, is 'n bedreiging vir die groep se voortbestaan. Tereg sê Anderson en Parker in hierdie verband: „They are not only judged, useful but necessary to our society's well-being and survival and so are ethically supported principles and practices that we must follow" ( 1, p.35). Horton en Hunt skryf in dieselfde trant: „The members of a group normally share a sublime faith that violation of their mores will bring disaster upon the group" ( 34, p.59).

Waar die volksgewoontes die korrekte, aanvaarbare en verwagte wyses van optrede uitmaak, is die mores, afgesien daarvan dat hulle ook die aanvaarbare en verwagte is, die <u>enigste</u> korrekte gedragspatrone of wyse van optrede. Soos deur Sumner en Keller uiteengesit is die mores „the popular habits and traditions, when they include a judgment that they are conducive to societal welfare, and when they exert a coercion on the individual, to conform to them, although they are not coordinated by any authority" (Soos aangehaal deur 36 , p.46). Terwyl die individu bykans ongestraf daarvan sal afkom en in die reël geen formele straf sal ontvang indien hy die gewone volksgewoontes oortree nie, sal hy, indien hy hom nie by die mores hou nie, ernstige straf op homself afbring. Dobriner skryf hieroor soos volg: „Whereas the violation of a folkway arouses criticism and concern, the violation of a mos arouses horror and repugnance" ( 21, p.77) (Vgl. ook 36, p.46). Bykans al die mens se opvattinge, idees,

gelowe/ ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

gelowe, gebruike ensomer met betrekking tot morele en opperste waardes, val binne die sfeer van die mores. Ten slotte moet gemeld word dat mores, net soos volksgewoontes, aan verandering onderhewig is, hoewel meer gestadig van aard. Die toestand kan sigself selfs voordoen waar daar kompeterende mores in een en dieselfde gemeenskap voorkom. Dit kom veral voor in snel veranderende gemeenskappe waar daar 'n veelheid subkulture aangetref word (Vgl. 8, p.48).

(cc) <u>Geformaliseerde of Veranderde Wette</u>

In klein en verenigde gemeenskappe is die gebruiklike wette, die informele sosiale kontrole of informele druk en sanksies voldoende om die gedrag van die individue in lyn te hou met die norme of mores. Dobriner is in hierdie verband van mening dat die gesproke woord, die bykans algehele sosiale sigbaarheid van elke individu en die hele spektrum van gemeenskapsaktiwiteite en „the unyielding weight of public normative consensus are sufficient to maintain the essential forms of social structure" ( 21, p.79).

Met die opkoms van stede en gevolglik die verskyning van komplekser gemeenskappe, saamgestel uit uiteenlopende subkulture, het die behoefte aan meer formele kontrolemiddele ontstaan ten einde die gedrag van die gemeenskapslede in so 'n mate te koördineer dat die gemeenskap kan voortgaan om op 'n ordelike wyse te funksioneer. Hierdie formele kontrolemiddele staan bekend as verordende of geformaliseerde wette. In die proses van verandering van

eenvoudige/ ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

eenvoudige na komplekse gemeenskappe moes die gebruiklike wette plek maak vir die verordende wette. Stede het gaandeweg groter en digter bevolkte gebiede geword en word gekenmerk deur 'n steeds groeiende heterogeniteit en kompleksiteit van struktuur. Toenemende spesialisasie en beroepsdifferensiasie het persone van buite na die stede gelok. Onder hierdie omstandighede was dit onvermydelik dat „institutions of formal control should arise in which the essential normative needs of the community could be articulated through governance and the polity. In short, enacted laws, a judiciary, a court system, and a system of nationalized authority and power emerged" aldus Dobriner ( 21, p.79).

Biesanz en Biesanz definieer verordende wette as „deliberately formulated rules of behavior that are enforced by a special authority. The sanctions that enforce them are specific and formal, and are carried out by designated personnel such as police and court officials" ( 8, p.49). Hulle gaan verder en sê dat hierdie wette verskeie doelstellinge dien: hulle dwing die mores wat deur die dominante kultuurgroep in 'n gemeenskap aanvaar word af; hulle reguleer nuwe situasies wat nie deur die bestaande gewoontes en mores gedek word nie; hulle vul die gaping wanneer ou wyses of maniere van doen in 'n poging om 'n krisis te oorbrug vrugteloos blyk te wees; en hulle bring die reële kultuurpatrone meer in lyn met die ideële patrone en dominante waardes.

Dit is dus duidelik dat baie van die verordende wette 'n voortsetting van en aanvulling tot die mores is en daarop

gemik/ ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

gemik is om baie van die mores af te dwing of afwingbaar te maak. Die wette dien om die mores te versterk. Volgens Anderson en Parker ( 1, p.35) konformeer mense aan die mores omdat hulle deel uitmaak van die goedgekeurde sosiale erfenis, maar ook omdat skending of verbreking of ongehoorsaamheid daaraan ernstige straf meebring. Indien persone egter na willekeur die mores oortree sal die samelewing stipuleer wat in sulke gevalle gedoen moet word. Die gevolg is gewoonlik dat die mores in geskrewe verordende of geformuliseerde wette vergestalting vind of uitgedruk word. Horton en Hunt is in hierdie verband naasteby dieselfde mening toegedaan (Vgl. ook 34, p.60). Daar moet nietemin onthou word dat alle mores nie tot wette omvorm word nie en dat alle wette nie hulle ontstaan in mores het nie. Die effektiefste wette is egter daardie wat stewig in die mores veranker lê (Vgl. 8, p.49).

Ten slotte kan aan die hand van Sutherland en Woodward ( 58 , p.30) 'n kort vergelyking tussen die mores en wette getref word. Wette is nasionaal en prakties van aard wat nie die geval met die mores is nie. In die mores, volgens Sumner „the elements of sentiment and faith inhere" (Soos aangehaal deur 58, p.30). Wette is ook definitiewer, of onbuigbaarder. Die wetstoepassing is in die hande van benoemde of aangewese funksionarisse soos howe, polisie ensomeer, terwyl die mores gehoorsaam word as gevolg van die dwang of toedoen van die openbare mening. Hierdie mening is in baie gevalle 'n baie kragtige afskrikmiddel.

(ii)/ ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

(ii) Sosiale Institusies[1]

Biesanz en Biesanz definieer institusies as „clusters of norms (folkways, mores, and where they exist, laws organized and established for pursuit of same need or activity of a social group" ( 8, p.50). Horton en Hunt sien dit soos volg: „An organized cluster of folkways and mores centred around a major human need" ( 34, p.60). Bertrand konstateer die volgende in hierdie opsig: „Social institutions are in effect bodies of norms (social structures) which have been worked out to serve a function for society. They differ from norms ... only in the sense that they include a cluster rather than an individual norm" ( 5, p.91). H.P. Fairchild sien 'n institusie as 'n „... enduring, complex, integrated organized behavior pattern through which social control is exerted and by means of which the fundamental social desires or needs are met" ( 25, p.157).
'n Institusie is dus 'n versameling of kompleks van norme (volksgewoontes, mores en wette) wat daargestel is om in die een of ander behoefte van die mens wat uit sy biologiese, psigologiese en sosiale aard voortspruit, te voorsien. Dit is 'n formele, erkende, geordende, gevestigde en gestabiliseerde „way of pursuing some activity in society" ( 6, p.341). Wanneer die volksgewoontes en mores wat met die een of ander belangrike aktiwiteit in verband staan, omvorm of georden word tot 'n formeel bindende sisteem van opvattings en gedragspatrone het 'n institusie ontstaan. Anders gestel: In enige samelewing

(1) Vir 'n uitgebreide bespreking van institusies sien Bierstedt ( 6, p.340 e.v.).

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

word sekere handelinge oor en oor herhaal en dit is hierdie herhaling wat maak dat daar 'n patroon aan die handeling toegeken of verleen word en daarvan 'n erkende prosedure maak. Wanneer die prosedure op sy beurt gevestig is, vorm dit 'n institusie (Vgl. 6 , p.342).

Bierstedt ( 6, p.341) wys voorts daarop dat 'n institusie nie met 'n assosiasie verwar moet word nie. 'n Assosiasie is 'n geordende of georganiseerde groep mense hetsy groot of klein. Vanweë die feit dat dit georganiseerd is, het dit 'n struktuur en sekere mate van kontinuïteit. Dit het ook 'n identiteit en 'n naam. 'n Institusie daarenteen is nooit 'n groep nie maar wel, soos Bertrand ( 5, p.91) dit stel, 'n stel gedragspatrone wat met die een of ander funksie in verband staan. 'n Gesin en dan word na 'n bepaalde bestaande gesin verwys, is 'n assosiasie, terwyl die gesin en dan word dit aan geen bepaalde groep mense gekoppel nie, 'n institusie is. Die gesin as sosiale institusie is nie 'n groep nie, maar 'n stel gedragsreëls en -patrone wat in verband staan met die funksie van voortplanting, bevrediging op ordelike wyse van die mens se seksuele behoeftes asook die bevrediging van sy behoefte aan sekuriteit en liefde. Die gesin as assosiasie is 'n bepaalde groep mense wat in 'n besondere verhouding tot mekaar staan en die geestelike en maatskaplike interaksie tussen hulle word volgens bepaalde norme, reëls, regulasies ensomeer beheer of gereguleer. Net so is 'n skool of 'n universiteit 'n assosiasie terwyl opvoeding in skolastiese sin 'n institusie

of/ ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

of geïnstitusionaliseerde handeling is. 'n Persoon kan 'n lid wees van 'n universiteit maar hy kan nie 'n lid wees van opvoeding nie.

Die vernaamste sosiale institusies in enige samelewing is die volgende: Die gesins- familie- of verwantskapsisteem of stelsel, die ekonomiese stelsel, die politieke stelsel, die opvoekundige stelsel, die godsdienstige stelsel, en die regstelsel.

(iii) Idees(1)

Mense het bepaalde idees oor 'n groot hoeveelheid onderwerpe. Die idees is so talryk dat dit onmoontlik sou wees om almal op te teken. Idees vorm nie deel van die materiële kultuur nie en as onderdeel van die nie-materiële kultuur vorm dit 'n kategorie wat op sigself staan. Idees kan sowel waar as vals wees. Sosioloë stel nie belang in die waarheid of valsheid van die idees nie, maar wel in die feit dat hulle algemeen in samelewings voorkom en 'n bydraende faktor is in die bepaling van die uniekheid van verskillende samelewings. Dit gaan vir die sosioloog nie daarom of die idees tot die ontstaan van mites of wetenskaplike waarhede aangaande die heelal lei nie.

Elke samelewing het sy eie kenmerkende idees en dit is onder andere hierdie idees wat elke samelewing van elke ander samelewing onderskei. Die idees wat mense huldig vorm 'n belangrike komponent of onderdeel van hulle kultuurpatroon.

Hierbo is reeds gemeld dat idees sowel waar as vals kan wees. 'n Derde groep kan hieraan toegevoeg word, naamlik

---

(1) In hierdie afdeling word vrylik gebruik gemaak van die gedagtes van R. Bierstedt (Vgl. 6, p.158-162).

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die wie se waarheid of valsheid nog nie bewys is nie. Al drie hierdie soorte idees het 'n uitwerking of invloed op menslike gedrag wanneer hulle deur 'n groot aantal persone gehuldig word en 'n integrerende deel van hulle kultuur uitmaak. Die invloed van idees op menslike handelinge kan ook nadelig wees, soos byvoorbeeld die opvatting dat die geboorte van 'n tweeling 'n bewys is dat die moeder egbreuk gepleeg het en gevolglik lyfstraf moet ontvang.

## 7. KULTUUR AS TOTALITEITSBEGRIP

Ten einde tot 'n duidelike begrip van kultuur te kom, is dit in die voorafgaande afdelings in verskeie komponente of elemente verdeel. Sodanige verdeling van 'n verskynsel in sy samestellende onderdele of elemente het tot voordeel dat dit vir die mens meer deursigbaar en derhalwe duideliker word. Daar is aan hierdie werkswyse nietemin 'n gevaar verbonde en dit is naamlik dat die wisselwerkende of wederkerige verband of verhouding wat daar tussen die komponente bestaan uit die oog verloor kan word. Dit kan gebeur dat die verskynsel nie meer in sy eenheidsverband gesien word nie of dat die eenheidstruktuur daarvan misgekyk word. Wanneer sodanige afsonderlike ontleding van elk van die komponente volvoer is, moet die eenhede weer met mekaar in verband gebring word ten einde die onlosmaaklike band wat daar tussen die eenhede bestaan of die eenheidseienskap daarvan te beklemtoon. Die elemente of komponente waaruit kultuur bestaan kan dus ter wille van onder andere ontledingsdoeleindes van mekaar onderskei word. Hulle mag egter nooit, ter wille van die noodsaaklikheid om die

begrip/ ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

begrip in die in diekorrekte perspektief te sien, van mekaar geskei nie.

Kultuur vorm 'n eenheid. Dit doen sigself wel, insoverre dit inhoud betref, voor in verskeidenheid. Hierdie verskeidenheid is egter alleen sinvol en kry verhoogde betekenis deurdat dit vergestalting vind in eenheid en moet altyd as sodanig benader word. Tereg sê Breedt: „By die benadering van die begrip kultuur, moet gewaak word teen 'n blindstaring teen of verabsolutering van hetsy die geestelike of hetsy die stoflike fasette van die kultuurtotaliteit. Kultuur vorm die eenheid van stoflike en geestelike en omsluit sowel al die materiële as geestelike verworwenhede van die mens" ( 72, p.37). Ook Bierstedt beklemtoon hierdie feit wanneer hy skryf: „Culture is that complex whole that consists of everything we think and do and have as members of society" ( 6, p.129). Van der Westhuysen se omskrywing dui ewe-eens op die eenheidsgedagte: "Die kultuur word met inspanning deur die mens skeppend tot stand gebring, veredel en onderhou. Dit omvat naas geestelike waardes en opvattings ook sodanige stoflike waardes, instellings en ander skeppinge wat hy minder of meer bewus as onontbeerlik vir die doelmatige instandhouding van sy lewe aanvaar en handhaaf" (soos in 18, p.33).

Die feit dat die materiële kultuur los van die nie-materiële kultuur geen waarde en betekenis het nie dui in geen onduidelike terme in hoe 'n mate kultuur 'n geïntegreerde geheel of eenheid vorm.

In die lig van die voorafgaande bespreking kan kultuur dan gesien word as een van die belangrikste verskynsels wat

sigself/ ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

sigself in die menslike samelewing voordoen. Dit is 'n skepping van en eie aan die mens alleen en word deur die lede van 'n groep gedeel en is aldus die gemeenskaplike besit van die groep. Vanweë die afwesigheid van sekere hoedanighede, soos 'n gebrek aan gefikseerde gedragspatrone en spesifieke aanpassings by die omgewing, is die mens verplig om tot die skepping van kultuur oor te gaan. In hierdie vermoë om kultuurskeppend werksaam te wees, speel sekere hoedanighede (meerdere gawes) wat slegs aan die mens eie is, soos byvoorbeeld 'n waarnemingsvermoë, redeneervermoë, voorstellingsvermoë, leervermoë, spreekvermoë en handvaardigheid, 'n deurslaggewende rol

Kultuur word nie oorgeërf nie maar verwerf of aangeleer deurdat dit van geslag tot geslag oorgedra word. Dit is kummulatief, veranderlik, universeel en neig altyd tot geïntegreerdheid.

Kultuur kan vanuit talryke sye benader word. Dit kan gelyk gestel word aan aangeleerde sosiale gedrag, die sosiale erfenis en die superorganiesie aspekte van die menslike samelewing. Verder kan dit as die mens se aanpassing by die omgewing, 'n konfigurasie van simbole en die-deur-die-mens-beheerde natuur gesien word. Dit word ook dikwels gelyk gestel aan 'n volk se lewenspatroon.

Kultuur het vir sowel die groep as die individu bepaalde funksies te vervul. Die mens is vir sy menswees van kultuur afhanklik en kultuur maak dit vir hom moontlik om by sy totale lewensmilieu (sowel die groep as die omgewing) aan te pas. Kultuur dien ook as die sisteem van sosiale kontrole.

Kultuur bestaan uit sowel materiële as nie-materiële aspekte. Die nie-materiële kultuur vind vergestalting in norme,

sosiale/ ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



sosiale institusies en idees. Die norme op hulle beurt bestaan uit die mores, volksgewoontes en verordende wette. Hoewel kultuur vir ontledingsdoeleindes in die samestellende onderdele daarvan afgebreek kan word, moet dit altyd as 'n eenheid, met ander woord in sy totaliteit gesien word.

8. DIE VERBAND TUSSEN KULTUUR EN DIE SOSIOLOGIE

Na inhoud stem die meeste Sosioloë se sienings met betrekking tot die studieterrein van die sosiologie tot op 'n groot hoogte ooreen.

Steinmetz sien die sosiologie as „... de wetenschap der feiten van het menselijk samenleven als zodanig, dus van zijn vormen, leven, ontwikkeling en verval" ( 59, p.15). Breedt is dieselfde mening toegedaan wanneer hy die sosiologie omskryf te wees „'n studie van die feite van die menslike samelewing as sodanig, dit wil sê die vorme waarin dit voorkom, die ontwikkeling en verval daarvan en die vraagstukke wat daaruit vir die mens voortspruit"( 72, p.55). Fairchild op sy beurt omskryf die studiegebied van die sosiologie as die „... scientific study of the phenomena arising out of the group relations of human beings" ( 25, p.302). Verder sien hy dit ook as die „... study of man and his human environment in their relations to each other" ( 25, p.302). Horton en Hunt wys daarop dat die sosiologie die wetenskaplike studie van die mens se sosiale lewe is ( 34, p.23). Mercer ( 43 , p.21), Woods ( 70, p.3), Bertrand ( 5, p.5) en Biesanz en Biesanz ( 8, p.7) is van mening dat die sosiologie die wetenskap is wat 'n wetenskaplike studie maak van menslike of sosiale verhoudinge. Chinoy sê: „Sociology studies the behavior

of/ ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



of human beings in society" (10 , p.1) (Vgl. verder 52 , p.3; 36, p.3).

Samevattend kan die studiegebied van die sosiologie dus in breë trekke gesien word as die studie van die menslike samelewing of anders gestel die studie van die mens in groepsverband en daarmee gepaardgaande die studie van al daardie verskynsels wat die gevolg of produk is van die feit dat mense in groepsverband met mekaar saamleef. Dit is dan die taak van die sosiologie om die menslike samelewing of groepslewe en die daarmee gepaardgaande maatskaplike verskynsels waar te neem, te beskryf, te verklaar en wetmatighede in verband daarmee vas te lê.

Kultuur is by uitstek 'n groepsfenomeen. Dit is die produk of gevolg van die feit dat die mens 'n groepswese is wat altyd in groepsverband met ander saamleef. Kultuur is een van die belangrikste verskynsels in die menslike samelewing en word deur geen ander lewende wese as die mens, en geen ander verband as in groepsverband geskep nie. In hierdie lig gesien kan kultuur dus as 'n maatskaplike verskynsels bestempel word.

Verwysend na die sosiologie as die wetenskap wat hom by uitstek met die menslike samelewing en gevolglik maatskaplike verskynsels bemoei, volg dit logies dat kultuur, as maatskaplike verskynsels, binne die veld van die sosiologie val. Die sosiologie kan inderdaad nie anders as om kultuur binne sy studieveld te betrek nie.

Die onweerlegbare juistheid van voorgemelde stelling tree baie duidelik na vore wanneer in aanmerking geneem word dat menslike gedrag alleen teen die agtergrond van kultuur na be-

hore/ ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



hore begryp kan word. Die sosiologie het ten doel om onder andere menslike gedrag te begryp en te verklaar. Dit kan nie gedoen word nie sonder 'n heenwysing na onder andere kultuur nie. Schusky en Culbert laat hulle in hierdie verband soos volg uit: „The prime concepts that the behavioral sciences use are those of culture, society and personality. It is impossible to study man's behavior without an understanding of all three of these concepts" (55, p.1). Later herhaal hulle hierdie standpunt: „To understand man fully, one must know a great deal about culture" ( 55, p.38). Wilson en Kolb (vgl. 69 , p.55), Bredemeier en Stephenson (vgl. 9, p.1) en Merrill (vgl. 41, p.116) skryf in dieselfde trant. Die mening van Merrill is baie treffend en raak. Hy skryf: "Society and culture are related but not similar. Society is the group in interaction and culture is the product. Neither can be fully understood without the other, either in theoretical terms or in terms of a functioning society" (41, p.116). (Vgl. ook 57 , p.64 e.v.)

9. <u>SAMEVATTING</u>

(a) Ten einde 'n wetenskaplike dissipline te bemeester, moet 'n persoon homself op die hoogte bring met die basiese begrippe van daardie wetenskap. Die begrippe moet ook vir professionele gebruik uiters noukeurig gedefinieer word. Die begrip kultuur is in hierdie studie sentraal geleë derhalwe moet dit aan analise onderwerp word. Die bedoeling is nóg om 'n allesomvattende omskrywing van die begrip kultuur aan te bied, nóg om 'n verdere definisie by die reeds bestaande veelheid van definisies te voeg nie. Die term kultuur is basies afkomstig van

die/ ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die Latynse woord colo wat dui op die bewerking en vrugbaarmaking van die grond. Langsamerhand het dit 'n betekenis verskuiwing ondergaan, en dui tans op die bewerking, veredeling, versorging en verfyning van die intellek, die gees, die beskawing, inderdaad van die hele lewensakker. Daar is letterlik honderde omskrywings vir hierdie begrip. Die benaderingswyses en uitgangspunte waarop die outeurs hulleself stel is ook legio. Die begrip is so wyd dat bykans alles wat in die menslike samelewing aangetref word, daarby betrek kan word. Die wydheid en veelheid van benaderingswyses maak dit dan ook moeilik om hierdie begrip bevredigend in 'n enkele definisie weer te gee.

(b) Biologiese, demografiese en geografiese faktore bepaal tot op 'n sekere hoogte die aard van die lewenspatroon wat 'n groep mense daarstel. Dit stel sekere beperkinge. Hierdie faktore bepaal egter nie hoedanig die inhoud, struktuur, vorm en ontwikkeling van daardie lewenstyl sal wees nie. Die faktor wat hierin 'n deurslaggewende rol speel, is die kulturele faktor. Vroeëre navorsers het die geografiese faktor as determinerend tot die aard van die lewenspatroon gesien. 'n Deeglike begrip van kultuur sou dit verhoed het. 'n Verklaring vir die eie kenmerkende en besonderse lewenstyl van elke volk moet hoofsaaklik in kultuur gesoek word.

Kultuur het 'n geweldige sterk en bepalende invloed op die mens se doen en late. Bykans alle menslike handelinge is kultureel van aard of word direk deur kultuur beïnvloed. Sy gesigsvermoë, eetgewoontes, kleredrag ensomeer het almal 'n kulturele ondertoon. Diere pas op 'n biologiese wyse aan

by/ ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



by die omgewing, maar die mens skep 'n kunsmatige omgewing wanneer hy met die probleme van die wêreld waarin hy leef, gekonfronteer word.

Vroeër is die mens se handelinge aan die hand van instinkte verklaar, vandag word besef dat hulle, hulle ontstaan het in die kulturele agtergrond van die mens.

Nóg 'n enkele individu, nóg 'n bepaalde sosiale groep, nóg enige samelewing kan begryp word sonder 'n heenwysing na kultuur. So ook kan enige fenomeen of maatskaplike verskynsel in enige gemeenskap na behore begryp word, slegs as dit teen die agtergrond van die kultuurpatroon gesien word. Dit is ook kultuur wat mensegroepe van mekaar onderskei. Verder kan genoem word dat volle begrip van kultuur noodsaaklik is in enige sosiale hervormingsprogram. Pogings om oplossings vir sosiale probleme te vind, moet met kennis van die betrokke kultuur gepaard gaan.

(c) Kulture, openbaar, in soverre dit die vorm, struktuur, inhoud en algemene kenmerke daarvan betref, groot ooreenstemminge. Die ooreenstemminge met betrekking tot die algemene kenmerke kom op die volgende neer:

i) Kultuur is die skepping van en eie aan die mens alleen. Geen ander lewende wese beskik oor die vermoë om aan sy lewe uitdrukking te gee deur die daarstelling van kultuur nie. By die mens, anders as die dier, ontbreek sekere hoedanighede. By hom ontbreek gefikseerde gedragspatrone en spesifieke aanpassings by die omgewing. As gevolg hiervan word hy genoop om kultuurskeppend werksaam te wees. Die mens beskik egter ook oor sekere hoedanighede

wat/ ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

wat slegs aan hom eie is. Dit stel hom in staat om kultuur te skep.

ii) Kultuur word gedeel en is derhalwe die gemeenskaplike besit van die groep.

iii) Kultuur is nie instinktief, of in die biologiese toerusting van die mens vervat nie. Dit word deur elke mens deur die proses van interaksie met ander mense aangeleer of verwerf.

iv) Kultuur is oordraagbaar. Dit word van geslag tot geslag oorgedra.

v) In aansluiting by die voorafgaande kan genoem word dat kultuur kummulatief is. Elke geslag voeg iets toe tot die reeds bestaande kultuur.

vi) Geen kultuur is geheel en al staties nie. Dit is 'n dinamiese verskynsel wat voortdurend aan verandering onderhewig is.

vii) Met die verloop van tyd neig kulturele elemente of komponente om met mekaar geïntegreer te raak. Die dele neig om 'n geïntegreerde geheel te vorm.

viii) Kultuur is universeel.

d) i) Die begrip kultuur is vandag algemeen bekend. Hierdie bekendheid verseker egter nie altyd dat dit wetenskaplik korrek gebruik word nie. Dit kan sowel in 'n heel enge betekenis as in 'n baie breë en algemene sin gebruik word. In Nederland word daar byvoorbeeld van 'n tee- of tabak- of mieliekultuur gepraat. By wyse van oordrag word daar

ook/ ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



ook in die natuurwetenskappe van 'n kultuur van mikrobes gepraat. 'n Ander gebruik is om kultuur gelyk te stel of te beperk tot die geestesgoedere van die sogenaamde opperkultuur. Hieronder word onder andere kuns, musiek, letterkunde, wysbegeerte, godsdiens en wetenskap ingesluit. Voorts kan genoem word dat kultuur en beskawing dikwels as wisselterme gebruik word. 'n Verdere aanwending van die begrip kultuur is om dit te vereenselwig met tradisie.

Hoewel bogemelde deel vorm van kultuur, behels die begrip kultuur vir die sosiologie veel meer as slegs dit. Kultuur het vir die sosiologie 'n besondere betekenis. Onder sosioloë bestaan daar definitiewe, duidelik-afbakenbare benaderings van die begrip kultuur.

ii) Kultuur word soms gelykgestel aan aangeleerde sosiale gedrag. Die klem val hier baie sterk op die mens se leervermoë.

iii) Kultuur word by wyse van instruksie en voorbeeld van een geslag na die ander oorgedra en as sodanig word dit dan gesien as die sosiale erfenis (social heritage).

vi) Sommige outeurs vereenselwig kultuur met die superorganiese aspekte van menslike samelewing.

v) Wanneer skrywers kultuur as 'n lewenspatroon sien, het hulle 'n bepaalde ontwerp of styl waarvolgens elke mensegroep hulle lewe bedryf, in gedagte.

vi) Ten einde te bly voortbestaan moet die mens by sy omgewing aanpas. Sommige outeurs sien die produkte en uit-

komste/ ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

komste van hierdie aanpassingsproses as kultuur.

vii) Kultuur kan ook teenoor natuur gestel word. Volgens hierdie benadering neem kultuur 'n aanvang op daardie punt waar die natuur aan bande gelê word. Die mens kultiveer die natuur en voeg sodoende iets by die natuur waaroor dit nie beskik nie.

viii) Laastens kan genoem word dat sekere skrywers en navorsers kultuur sien as 'n konfigurasie van simbole met hulle gepaardgaande definisies. Hierdie simbole met hulle gepaardgaande definisies word deur die groepslede gedeel en geakkumuleer en dit maak dan die kultuurpatroon van 'n bepaalde groep mense uit.

Met bogemelde benaderinge kan daar nie fout gevind word nie, behalwe dat sommige van hulle miskien 'n ietwat eensydige benadering daarop nahou. Kultuur moet egter altyd in sy totaliteit, omvattendheid en kompleksiteit gesien word.

e) i) Kultuur is nie 'n bloot toevallige verskynsel nie, maar vir die mens 'n betekenisvolle en allesbepalende fenomeen. Dit raak op ingrypende wyse die mens se lewe op elke terrein. Menslike lewe sou daarsonder totaal en al onmoontlik wees. Kultuur tree met sowel die individu as die groep in 'n funksionele verband.

ii) Die mens ontwikkel 'n sogenaamde menslike natuur deur die werking van kultuur. Los van kultuur sal die mens nie tot die staat van menswees verhef word nie. Kinders wat vir lang periodes in totale afsondering 'n bestaan moes voer, toon geen kenmerkende menslike eienskappe nie. Kontak met kultuur alleen is egter nie voldoende nie. Hierdie kontak

moet/ ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

moet gepaardgaan met interaksie tussen mense.

iii) Kultuur is die instrument waardeur die individu by sy totale lewensmilieu aanpas. Die totale lewensmilieu sluit sowel die groep waartoe hy behoort as die fisiese omgewing waarin hy homself bevind, in.

aa) Elke mens word in 'n spesifieke sosiale groep gebore. Die lewenswyse van daardie groep word vanaf die vroegste jare van sy bestaan, deur die proses van sosialisering by hom ingeskerp. Langs hierdie weg word verseker dat die individu spontaan sal aanpas of konformeer aan die gewoontes en lewensreëls van die groep. Daar ontstaan spontaan onderlinge samewerking ter instandhouding van die geheel. Kultuur verskaf aan die mens gesanksioneerde, gestandaardiseerde en geïnstitusionaliseerde gedragspatrone met betrekking tot bykans alle fasette van sy lewe. Kultuur maak dit vir die individu moontlik om sy biologiese en psigologiese behoeftes op 'n groepsaanvaarde wyse te bevredig. Dit verhoog ook die genot ten opsigte van behoeftebevrediging deurdat 'n uitgebreide struktuur van rituele daaromheen opgebou word. Kultuur maak dit ook vir die mens moontlik om die gedrag van ander te voorspel. Hierdeur word baie moontlike konfliksituasies geëlimineer.

Kultuur definieer ook situasies. Hierdeur word dit vir die individu duidelik hoe om onder verskillende omstandighede op te tree. Kultuur definieer meer as net situasies; dit gee ook gestalte aan die mens se houdings, waardes, doelstellings ensomeer. Dit skryf aan die mens voor wat die moeite werd is om na te streef en te beskerm, en wat

nie/ ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



nie. Ten slotte kan genoem word dat kultuur individuele ambisies kanaliseer deur sekere doelstellings goed te keur en ander die teiken van bespotting te maak.

bb) Die mens, net soos die dier, word gekonfronteer met die probleem om by sy fisiese omgewing aan te pas. Die mens is, anders as die dier wat bloot op biologiese wyse aanpas, op kultuur aangewese om by sy omgewing aan te pas.

iv) Ten einde voortbestaan te verseker, moet daar 'n minimum mate van harmonie, samewerking, orde en voorspelbaarheid in die groep bestaan. Die groep benodig met ander woorde 'n sisteem van sosiale kontrole. Hierdie sisteem word deur die mens self daargestel en vind vergestalting in die kultuurpatroon. Kultuur dien op verskeie maniere as die sisteem van sosiale kontrole.

f) Daar bestaan verskeie maniere waarvolgens die inhoud van kultuur geklassifiseer kan word. Hierdie klassifikasies is tot op 'n groot hoogte basies dieselfde aangesien kultuur volgens hulle in materiële en nie-materiële komponente verdeel kan word.

i) Die materiële aspekte van kultuur sluit al daardie dinge in wat deur die mens gemaak en gebruik word en wat 'n tasbare vorm het. Dit sluit ook al daardie elemente van die natuur, waarin die mens 'n verandering te weegbring in. Daar moet in gedagte gehou word dat die materiële kultuur, deel vorm van kultuur slegs as dit in die konteks van die nie-materiële kultuur gesien word. Die materiële kultuur kry waarde en betekenis deurdat die nie-materiële kultuur die waarde en betekenis daarvan definieer. Die

materiële/ ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

materiële kultuur is altyd 'n uitgroeisel van die nie-materiële kultuur en is daarsonder totaal en al betekenisloos.

ii) Die nie-materiële aspekte van kultuur sluit al daardie skepping van die mens in wat nie materiaal van aard is nie. In die onderhawige studie word van die standpunt uitgegaan dat die nie-materiële kultuur uit drie komponente bestaan, naamlik, norme, sosiale institusies en idees.

aa) Norme kan omskryf word as die standaarde, reëls, verwagtinge of riglyne met betrekking tot gedrag. Norme is abstrakte skeppinge, skryf spesifieke gedragspatrone vir of in alle sosiale situasies voor en bestaan slegs in die denke van die mens. Hulle waarneembaarheid bestaan slegs daarin dat hulle na buite gemanifesteer word in bepaalde gedragspatrone. Norme kan ingedeel word in mores, volksgewoontes (folkways) en verordende wette. Volksgewoontes word nie so streng afgedwing as die mores nie omdat hulle nie so direk die welsyn van die groep raak nie. Die verordende wette is in baie gevalle mores wat wetlik afgedwing word.

bb) 'n Institusie is 'n versameling of kompleks van norme (volksgewoontes, mores en wette) wat daargestel is om in die een of ander behoefte van die mens wat uit sy biologiese, psigologiese en sosiale aard voortspruit, te voorsien. 'n Institusie ontstaan wanneer die volksgewoontes en mores wat met die een of ander belangrike

aktiwiteit/ ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

aktiwiteit in verband staan, tot 'n formele bindende siteem van opvattings en gedragspatrone omvorm word. Institusies moet duidelik van assosiasies onderskei word.

cc) Idees vorm nie deel van die materiële kultuur nie, en as onderdeel van die nie-materiële kultuur vorm dit 'n kategorie wat op sigself staan. Idees is 'n bydraende faktor in die bepaling van die uniekheid van verskillende samelewings.

g) Kultuur kan vir ontledingsdoeleindes in sy samestellende onderdele afgebreek word. Daar moet egter onthou word dat kultuur 'n eenheid vorm. Dit doen sigself wel, in soverre dit inhoud betref, voor in verskeidenheid. Hierdie verskeidenheid is egter alleen sinvol en kry verhoogde betekenis en waarde deurdat dit vergestalting vind in eenheid. Kultuur moet altyd in sy totaliteit benader word.

h) Dit is die taak van die sosiologie om die menslike samelewing of groepslewe en die daarmee gepaardgaande verskynsels (maatskaplike verskynsels) wat die gevolg of produk van hierdie groepslewe is, te bestudeer. Kultuur word deur die mens in groepsverband geskep en is derhalwe 'n maatskaplike verskynsel. Daarom volg dit logies dat die sosiologie aan kultuur aandag moet gee.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# HOOFSTUK III

## AFRIKAANSE KULTUURORGANISASIES

In die onderhawige hoofstuk sal die begrip Afrikaanse kultuurorganisasies in die eerste plek van nader betrag word. Daarna sal 'n kursoriese oorsig oor die wordings- en ontwikkelingsgang van Afrikaanse kultuurorganisasies aangebied word. Vervolgens sal gewys word op die taak en rol wat die vroeëre kultuurorganisasies in die Afrikaner se volkslewe vervul het. Hierna sal die taak en die plek van die hedendaagse Afrikaanse kultuurorganisasies, enkele algemene opmerkings oor Afrikaanse kultuurorganisasies, asook 'n breë klassifikasie van Afrikaanse kultuurorganisasies bespreek word. Laastens sal ingegaan word op sekere aspekte van die ondersoekgroep se lidmaatskap van en deelname aan die aktiwiteite van Afrikaanse kultuurorganisasies.

### 1. Die begrip Afrikaanse kultuurorganisasie

Ten einde die begrip Afrikaanse kultuurorganisasies te presiseer sal sommige van die Afrikaanse kultuurorganisasies wat in hierdie hoofstuk bespreek word se doelstellings nagegaan en aangehaal word. Hieruit sal dan gepoog word om tot 'n vasstelling te kom van wat 'n Afrikaanse kultuurorganisasie presies is.

#### (a) Die Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging (A.T.K.V.).

Sommige van die hoofdoelstellings van die Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging (S.A.S. en H.) lees soos volg:

o „Om die gebruik van Afrikaans binne en buite die Spoorwegdiens te bevorder;

o Om die Afrikaanse kuns en kultuur te bevorder, veral



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

onder sy lede;

- Om die intellektuele, kulturele en maatskaplike welsyn van sy lede te bevorder;
- Om die bande van kameraadskap onder sy lede nouer aan te haal". (114, p. 2)

(b) Die Voortrekkerbeweging

In pamflet nr. 9 van die Voortrekkerbeweging, getiteld „Waarom Voortrekkers", skryf J.L. du Plooy die volgende:

„Die doel van die Voortrekkerbeweging is baie duidelik uiteengesit in die Konstitusie, waar dit soos volg lees: ‚Die doel van die vereniging is om onder die jeug die vorming van sterk en rein karakters en die opleiding tot goeie burgerskap te bevorder deur:

- aankweking van Christelike en maatskaplike deugde;
- aanmoediging tot gehoorsaamheid;
- opwekking van sin en waardering vir skoonheid en reinheid;
- ontwikkeling van goeie gewoontes van waardering en ondersoek;
- verskaffing van onderrig in praktiese werk en selfhulp;
- verrigting van dienste aan die medemens en die publiek;
- versorging van liggaamlike welsyn en gesondheid'."

Hy gaan dan voort om die doelstelling toe te lig.

„Hierdie doelstelling kan toegelig word deur te sê dat Die Voortrekkers ons Afrikaanse seuns en dogters lei tot praktiese dade in diens van God, ons volk en die medemens. Hulle word besiel tot volksdaad en kultuurtaak deur deelname aan volksfeeste, taalhandhawing, landsdiens en volkstrots. Hulle word gelei op die pad van tradisionele

Afrikaanse / .....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Afrikaanse karakterdeugde en godsvrug. Hulle word opgevoed om ewewigtige mense te word, mense wat sake in die regte lig en perspektief sien en derhalwe na waarde bepaal". (110, p.3).

(c) Die Rapportryersbeweging

Sowel die Federasie van Rapportryerskorpse as die Federasie van Junior Rapportryerskorpse stel in hulle grondwette sekere minimum-vereistes waaraan voornemende korpse in hulle grondwette moet voldoen alvorens hulle by die Federasie kan affilieer. Met betrekking tot die doelstellings van elke korps vereis albei Federasies die volgende:

- „Die handhawing, bevordering en uitlewing van die Afrikaanse taal, sedes en gewoontes asook die strewe en doelstellings van die Afrikanervolk soos geopenbaar in sy geskiedenis en tradisies en die bevordering van 'n samehorigheidsgevoel onder Afrikaners". (118, pp.10 + 61)

Benewens bogemelde stel die Federasie van Junior Rapportryerskorpse verdere minimum-vereistes, onder andere die volgende:

- „Die bevordering van nadere kennismaking tussen jong Afrikaners.
- Die verspreiding van kennis van sake van aktuele belang, asook van kulturele, staatkundige, ekonomiese, maatskaplike en godsdienstige aard en die bespreking van vraagstukke van die dag". (117)

(d) Die Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings (F.A.K.)

In die grondwet van die Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings / .....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Kultuurverenigings is sy hoofdoelstellings soos volg uiteengesit.

o „Die doel van die Federasie is:

(a) om alle beskikbare kragte op kultuurgebied in 'n sentrale Afrikaanse kultuurorganisasie te organiseer en saam te snoer, met die oog op:

(i) die handhawing en bevordering van die Afrikaanse taal;

(ii) die beskerming en uitbouing van 'n eie Afrikaanse kultuur gegrond op die godsdiens en tradisies van die Boerenasie; en

(iii) die behartiging van alle Afrikaanse belange op kultuurgebied, geestelik sowel as stoflik;

(b) om, in die nastrewing van die doelstellings genoem in (i), (ii) en (iii) van paragraaf (a) van hierdie sub-artikel, nouer samewerking te bevorder tussen alle ander afsonderlike Afrikaanse vereniginge, instellings, organisasies en liggame van watter aard ook al wat hoofsaaklik vir ander doeleindes opgerig word, maar wat voel dat hulle belang het by die nastrewing en verwesenliking van die gemelde doeleindes". (115, p.1).

In 'n konsep-grondwet vir Afrikaanse kultuurvereniginge wat deur die F.A.K. opgestel is, word aanbeveel dat die doelstellings soos volg geformuleer word:

o „Die uitbouing van die Afrikaanse lewens- en wêreldbeskouing.

o Die bewuswording van die afsonderlike bestaan, taak en roeping van die Afrikaanse volk.

o Die / .....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

- o Die verspreiding van kennis van die Afrikaanse volksverlede en handhawing van ons volkstradisies en volksidentiteit.
- o Die handhawing van ons moedertaal en uitbouing daarvan tot algemeen aanvaarde omgangstaal van die samelewing in al sy openbare vertakkinge.
- o Die opwekking van 'n innige eerbied en waardering vir ons voortbrengsels op die gebied van die letterkunde, musiek, beeldhou- en skilderkuns.
- o Die aanbieding van ontspanning in die neem waarvan die lede hulle self nie sal vernietig nie maar wat bereken sal wees om hulle diepste behoeftes aan die ware, die skone en die goeie te stimuleer en te bevredig.
- o Die bevordering plaaslik van al die Afrikaner se stoflike en geestelike belange". (116, p.1).

(e) <u>Die Afrikaanse Studentebond (A.S.B.)</u>

Ten slotte kan gelet word op die doelstellings van die <u>Afrikaanse Studentebond</u> wat soos volg lees:

- o „Die bevordering van die Afrikaanse kultuur by wyse van:
- o Die handhawing en uitbouing van die Christelike nasionale lewens- en wêreldbeskouing.
- o Die samesnoering van Afrikaanse studente aan hoër opvoedkundige inrigtings.
- o Die behartiging en bevordering van gemeenskaplike belange van Afrikaanse studente.
- o Die bestudering van lands- en lewensvraagstukke op akademiese wyse". ( 113, p.3).

Daar kan voortgegaan word om die doelstellings van nog vele Afrikaanse kultuurorganisasies aan te haal. Dit is egter nie nodig nie want in beginsel en in hooftrekke stem

hierdie / .....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

hierdie doelstellings almal naastenby met die reeds aangehaaldes ooreen en buitendien is laasgemeldes verteenwoordigend van die deursnee Afrikaanse kultuurorganisasies.

Uit die doelstellings wat hierbo aangehaal is, blyk dit dat Afrikaanse kultuurorganisasies hulle veral op die volgende toespits:

- Die bevordering, handhawing, uitbouing en uitlewing van die Afrikaanse taal.
- Die bevordering, handhawing, uitbouing en uitlewing van die Christelik-nasionale lewens- en wêreldbeskouing van die Afrikaner. (Die Afrikaner se godsdiensoortuigings is noodgedwonge hierby inbegrepe).
- Die bevordering, handhawing, uitbouing en uitlewing van die Afrikaanse sedes, gewoontes en tradisies.
- Die bevordering van 'n sterk kameraadskaps- of samehorigheidsgevoel onder Afrikaners.
- Die behartiging en bevordering van alle Afrikanerbelange, geestelik sowel as stoflik. (Hierby is inbegrepe die intellektuele, kulturele, maatskaplike en ekonomiese welsyn).
- Om die Afrikanervolk tot 'n besef te bring van sy afsonderlike bestaan (identiteit), taak en roeping.
- Die Afrikaner se volksverlede (volksgeskiedenis).
- Die bevordering, handhawing, uitbouing en uitlewing van die uitvoerende en beeldende kunste.

Volgens die grondwette van die onderskeie Afrikaanse kultuurorganisasies blyk verder dat hulle hulself op die Afrikaanse Christelik-nasionale grondslag stel en dat hulle Afrikaans as hulle amptelike taal aanvaar. Laasgenoemde

bring / .....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

bring mee dat geen tweetalige of ander-talige organisasie as 'n Afrikaanse kultuurorganisasie aanvaar kan word nie. Uit die aard van die saak sal dit vir sommige Afrikaanse kultuurorganisasies meermale nie moontlik wees om hulle met die totaliteit van bogemelde doelstellings besig te hou nie. Desnieteenstaande en omrede die begrip kultuur 'n totaliteitsbegrip is (vgl. 72, p.37), moet enige Christelik-nasionale georiënteerde organisasie wat hom met een of almal van bogemelde doelstellings vereenselwig, vir die doeleindes van hierdie studie in die kategorie „Afrikaanse kultuurorganisasies" geplaas word. 'n Liefdadigheidsorganisasie, enige tweetalige of ander-talige organisasie en dergelike meer word nie as 'n Afrikaanse kultuurorganisasie beskou nie.

Alvorens, met bogemelde as rigsnoer, oorgegaan word tot 'n omskrywing van die begrip Afrikaanse Kultuurorganisasies, is dit nodig dat die begrip organisasie eers van nader betrag sal word.

In die algemeen word sistematies beplande, betekenisvolle aktiwiteite „werk" genoem terwyl spontane aktiwiteite onder die betiteling „vryetydsbesteding" of „spel", gaan. Die onderskeid tussen beplande aktiwiteite en spontane aktiwiteite is vir die sosiologie om twee redes fundamenteel. Eerstens, deur te beplan word die kanse om 'n vooropgestelde doel te verwesenlik, verhoog. Tweedens, beplande aktiwiteite lei tot die vorming van mensegroeperinge wat dikwels heeltemal verskil van dié waartoe die mens op impuls toetree (die wat ontstaan uit spontane aktiwiteite). Die mensegroeperinge wat hulle ontstaan in beplande aktiwiteite het,

staan / .....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

staan bekend as organisasies ( 56, p.154).

Anderson en Parker omskryf 'n organisasie as „that class of human relationship structures wherein people purposefully associate in systematically arranged units to promote and achieve same common purposes or interests that are not specifically expressed in the institutions". (1, p.252). Etzioni gee 'n soortgelyke omskrywing: „Organizations are social units (or human groupings) deliberately constructed to seek specific goals" (24, p.3). (Omskrywings met soortgelyke strekkings word onder andere ook gevind in 44, p.9; 6, p.321; 25, p.16; 72, p.322). 'n Organisasie dui dus op 'n mensegroepering wat doelbewus saamgestel is om bepaalde doelstellings na te streef en te verwesenlik. Die doelstellings of funksies van die organisasie bepaal wat die aard daarvan sal wees. As die doel die bevordering, handhawing, uitbouing, versterking en uitlewing van die kulturele, of 'n komponent van die kultuureie van 'n bepaalde gemeenskap is, sal sodanige organisasies onder kultuurorganisasies ressorteer.

In die lig van die so effe genoemde, saamgevatte doelstellings van die onderskeie Afrikaanse kultuurorganisasies, asook met bogemelde omskrywing van 'n organisasie in gedagte, kan 'n Afrikaanse kultuurorganisasie getipeer word as 'n groepering van mense wat doelbewus saamgestel is om die Afrikaanse Christelik-nasionale lewens- en wêreldbeskouings, die Afrikaanse taal, sedes, gewoontes en tradisies, die Afrikaanse uitvoerende en beeldende kunste, die stoflike sowel as geestelike belange van die Afrikaner, te bevorder, te handhaaf en uit te bou; om die

Afrikanervolk / .....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Afrikanervolk te wys op sy identiteit, taak en roeping, om onder Afrikaners 'n sterk samehorigheidsgevoel te kweek, om die Afrikaanse volksgeskiedenis in sy arbeidsterrein op te neem en veral om met betrekking tot bogemelde leiding te neem en rigting te gee.

Hierdie gedetailleerde omskrywing van 'n Afrikaanse kultuurorganisasie stem in hooftrekke met die meer algemene definisie van Breedt ooreen. Al wat vir die doel van hierdie ondersoek by Breedt se definisie toegevoeg moet word is die kwalifikasie „Afrikaner" of „Afrikaanse". Hy skryf: „... 'n kultuurorganisasie (kan) bestempel word as 'n organisasie wat hom besig hou met die bewerking van die intellek, die gees, tewens die hele volkslewe van 'n bepaalde volksgemeenskap". ( 72, p.322; vgl. ook 99,p.19 e.v.).

## 2. Wordings- en Ontwikkelingsgang van Afrikaanse Kultuurorganisasies

Die bedoeling in die onderhawige afdeling is nie om 'n allesomvattende en allesuitputtende relaas van die betrokke onderwerp aan te bied nie aangesien so 'n onderneming 'n studie op sigself veronderstel. Derhalwe wil hierdie gedeelte van die werkstuk nie op algehele volledigheid aanspraak maak nie. Die idee is om slegs enkele riglyne te trek.

Die ontstaan, bestaan en voortbestaan van die meerderheid Afrikaanse kultuurorganisasies is 'n weerspieëling van die politieke situasie in Suid-Afrika. Die politieke magte het óf 'n verkleinerende houding teenoor die Afrikaanse kultuur ingeneem óf voortdurend gedreig om die Afrikaner te denasionaliseer of as kenbare tipe geheel en

al / .....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

al onder te ploeg. Danksy die bekwame leiding van versiende leiers ontstaan by die Afrikaner 'n nasionale bewussyn of gevoel waardeur hy in verset kom teen hierdie bedreiging. Op sowel politieke as kulturele terrein gaan die Afrikaner nou oor tot kollektiewe en georganiseerde optrede om sodoende 'n sterker mag na buite te vorm in hulle stryd vir die bewaring en handhawing van die eie.

Hierbo is miskien die indruk nagelaat dat die politieke en kulturele strewe van die Afrikaner twee losstaande, nie-op-mekaar-aangewese-nie, aspekte is. Dit is egter onteenseglik nie die geval nie. Deur die jare heen was die Afrikaner se politieke en kulturele stryd en strewe ten nouste met mekaar vervleg. Die verslag van die Jeugondersoek Deel II beweer byvoorbeeld: „Die Afrikaanse kultuurontwikkeling en -groei het nog altyd hand aan hand geloop met die strominge wat daar op politieke terrein geheers het". ( 51, p.86).

Die vervlegdheid was so intiem dat die een nouliks van die ander losgemaak kan word. Die twee het voortdurend op mekaar 'n wederkerige invloed uitgeoefen. Die feit dat, soos Van der Heever dit stel, „die Afrikaners daarna strewe om 'n politieke magsposisie te verower om langs daardie weg 'n waarborg te kry dat hulle kulturele erfenis nie skaamteloos deurgebring sal word nie" (62,p.26), toon duidelik die graad van betrokkenheid op mekaar aan.

As verder in gedagte gehou word dat die politieke en kulturele stryd en strewe van die Afrikaner sy ontstaan in een en dieselfde groeibodem het, naamlik die nasionale bewussyn of gevoel is dit te verstane dat wanneer die

Afrikaner / .....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Afrikaner hom met die politiek bemoei hy nie anders kan nie as om ook noodwendig met betrekking tot sy kultuureie en -erfenis bepalend en beherend op te tree. „Ons moet ook onthou dat die kultuuruitinge van 'n volk opkom uit dieselfde wortel waaruit sy politieke opkom, naamlik die een nasionale bewussyn of gevoel" aldus Treutnicht (85, p.8). Vandaar dan ook die onregverdige beskuldiging - 'n beskuldiging wat voortspruit uit 'n foutiewe begrip van wat politiek is - dat die Afrikaner hom met die politiek bemoei wanneer hy vertroetelend en beskermend optree teenoor sy kultuureie (vgl. 72, pp.136 en 137).

Die jaar 1875 kan gesien word as die jaar waarin die ontstaan van Afrikaanse kultuurorganisasies 'n aanvang neem. In hierdie tydperk was daar nog skaars sprake van soiets as 'n eie Afrikanervolksbewussyn. Desnieteenstaande is 'n kultuurvereniging in die lewe geroep wat, soos Snyman dit stel, „... die draer van die gedagte van 'n eie Afrikaanse nasieskap geword het en wat die Afrikaanse volk van sy eie taal as eerste vereiste vir sy nasieskap bewus gemaak het" (82,p.2). Hierdie kultuurvereniging het die Afrikaanse volk by die hand geneem, sy strewe vir hom duidelik voorop-gestel en hom gelei tot 'n felle stryd waardeur hy gelyke beregting en volwaardigheid as volk sou verkry. Hierdie vereniging is die Genootskap van Regte Afrikaners[1] wat op 14 Augustus 1875 in die huis van 'n Paarlse wynboer gestig is deur agt persone na wie op spottender wyse verwys is as

skoolmeestertjies / .....

1) Oorspronklik was dit „Afrikaanders".

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

skoolmeestertjies en wynboertjies.

Die Genootskap het berus op 'n Christelik-nasionale grondslag, so ook die blad - Die Patriot - wat hulle as mondstuk in die lewe geroep het. Daar is ook besluit dat Afrikaans die amptelike taal van die Genootskap sou wees.

Dat hierdie beweging - die eerste Afrikaanse taal- en volksbeweging - 'n kultuurbeweging is, blyk duidelik uit die leuse, „Om te staan vir ons Taal, ons Nasie en ons Land", asook uit die doelstellings daarvan. Dekker konstateer byvoorbeeld: „Hierdie beweging is nie bloot 'n taalbeweging nie, dit staan vir 'n veel grootser ideaal: vir ons Taal, ons Nasie en ons Land. Hierdie manne wil die volk ophef op elke gebied" ( 20,p.14). Die leuse dui daarop dat die Genootskap hom veral op drie terreine wou begewe naamlik die letterkundige, die kulturele en die politieke. G.R. von Wielligh stel dan ook tereg: „Doelbewus het hulle die plan opgevat om uit die spreektaal 'n skryftaal te ontwikkel, om die onbevoorregte en verengelste volk tot besef van eie waarde en selfrespek te bring, en om die volk op te voed om hulleself te kan regeer" ( 47,p.46 ). Die doelstellings, soos reeds genoem, dui ook op die kulturele georiënteerdheid van die Genootskap. Die werk van die Genootskap sou onder andere bestaan in die verspreiding van 'n Afrikaanse Volkslied, die oorweging van 'n Afrikaanse Bybelvertaling, die uitgee van 'n Afrikaanse spraakkuns en die samestelling van 'n Afrikaanse woordeboek (vgl. 82, p.4; 47, p.156; 20, p.14).

Tot verdienste van die Genootskap van Regte Afrikaners

kan / .....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

kan, om die saak kortliks saam te vat, gereken word dat hulle met hulle uitgesproke ideaal en positiewe stryd die Afrikaanse volk van sy eie volksaard, volksstrewe, volkswees en identiteit bewus gemaak het, en daardeur 'n groot aandeel gehad in die feit dat die Afrikaanse volk behoue gebly het. Snyman laat hom soos volg oor hierdie aangeleentheid uit: „Hulle (het) die Afrikaanse volk van nasionale ondergang gered deur hom van 'n eie volkswees en volksstrewe bewus te maak en deur aan hom die belewenis van 'n eie identiteit met 'n doelgerigte eie volkseenheid vir die toekoms te gee" (82,p.5). Die aandeel wat die Genootskap van Regte Afrikaners gehad het in die ontwaking van die Afrikaanse nasionale bewussyn was dus hoegenaamd nie gering nie. (sien 64, pp.91-95 vir 'n uitgebreide bespr.)

Die volgende stap in die ontwikkelingsgang van die Afrikaanse kultuurorganisasies is die totstandkoming van die Afrikanerbond. Die mislukte federasieplan van Carnarvon het by die Afrikaner 'n begeerte na vereniging en eenheid - eenheid wat moes kulmineer in die stigting van die „Unie van Suid-Afrika" wakkergemaak. Hierdie vereniging kon alleen plaasvind as 'n Bond georganiseer word wat gans die Afrikanervolk sou omarm. (vgl. 64, p.169). Dit is juis wat die Afrikanerbond beoog het. G.S. en P.J. Nienaber bevestig dit wanneer hulle sê: „Die Afrikaner-Bond beoog die vereniging onder een beherende liggaam van alle persone wat Suid-Afrika as hulle vaderland aanneem". (48, p.89)

Die Afrikanerbond is in 1879, onder die bekwame en versiende leiding van ds. S.J. du Toit, uit die Patriot-

beweging / .....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

beweging gebore en het 'n mag in die land geword soos die Afrikaner nooit tevore besit het nie. In essensie was die doel van die Bond om 'n sterk nasionaliteitsgevoel onder die Afrikaners te laat posvat want, daar is besef dat: „Die enigste manier om 'die welvaart en bloei van Suid-Afrika te bevorder' is, sonder teëpraat, 'die aankweking van Nasionaliteitsgevoel'" (22,p.174). In 'n geskrif laat S.J. du Toit hom in hierdie verband soos volg uit: „Ons wil 'n boom hê, met één stam, waarvan syn takke o'er heel Suid-Afrika uitsprei: en die wortel moet wees nasionaliteitsgevoel". (soos aangehaal deur 47, p.77). Die klem wat op die nasionaliteitsgevoel geplaas was, is van die uiterste belang. 'n Sterk nasionaliteitsgevoel lei noodwendig tot liefde en 'n behoudende ingesteldheid teenoor die volkseie. Hierin lê die kulturele betekenis en aard van die Afrikanerbond opgesluit. Hoewel in beginsel 'n politieke organisasie, het die Afrikanerbond in die kulturele milieu die Afrikaner onteenseglik ook ten bate geval. Daar het so 'n noue vervlegdheid tussen die Bond se politieke en kulturele strewe bestaan, dat dit nie anders kon nie. Die Afrikanerbond het tegerlyk 'n politieke en kulturele stryd gestry (Sien 22, Hfst 8 vir 'n gedetailleerde bespreking van die Afrikanerbond).

In die tydperk naasteby 1880 tot 1900 begin Afrikaanse kultuurorganisasies, onder andere <u>Debats- en Christelike Jongeliede verenigings</u> (vgl. hoofstuk 3 vir 'n breedvoerige bespreking hieroor), <u>Die Z.A. Taalbond</u>, <u>De Volksvereniging der Zuid-Afrikaansche Republiek</u> ens.

ontstaan / .....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ontstaan. Hierdie verenigings het 'n groot rol gespeel in en bydrae gelewer tot die ontwikkeling en bevordering van die Afrikaanse taal en kultuur. Trouens, hulle het 'n besliste aandeel gehad aan die ontwakende Afrikaanse nasionale bewussyn, die ontstaan van die Afrikaanse gedagte en die kultuurbewuswording van die Afrikaner.

In hierdie tydperk ontstaan ook die Z.A. Taalbond, gestig op 'n Taalkongres wat op 31 Oktober en 1 November 1890, veral op aandrang van manne soos prof. Moorrees, ds. A. Louw, mnr. J.H. Hofmeyer e.a., in Kaapstad gehou is (22,p.161). Hoewel die Taalbond in hoofsaak ingestel was op die handhawing van Nederlands, het dit ook die Afrikaanse taal en kultuur indirek tot voordeel gestrek. Die behoud van Hollands teenoor Engels kon, om klaarblyklike redes, alleen tot voordeel van Afrikaans wees. Hieroor laat Die Patriot hom duidelik uit: „... dat die voorstaanders van Afrikaans ook verder die langs mogelike behoud van Hollands sal help bevorder, as 'n dam teen Engelse o'erheersing, wetende dat die toekoms ons toebekoor". (soos aangehaal deur 20, p.20).

Aan die Rand ontstaan in hierdie periode (1880-1890) sekere bewegings waarvan enkeles vermelding verdien. As verset teen die negatiewe houding ten opsigte van die Afrikaanse kultuurlewe aan die Rand, word in 1893 De Volksvereniging der Zuid-Afrikaansche Republiek in Krugersdorp gestig. (12,p.380). Ook ontstaan 'n Suid-Afrikaanse afdeling van die Algemeen Nederlandsch Verbond - op 27 April 1895 in Brussel gestig - met 'n eie statute op 14 Augustus 1897, en die Johannesburgse tak daarvan op

19 / .....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



19 en 26 Maart 1898. Hierdie beweging (A.N.V.) is net soos die Taalbond in hoofsaak Nederlands georiënteerd, maar val ewe-eens die Afrikanersaak ten bate soos duidelik blyk uit 'n opsomming van hulle werksaamhede, wat onder andere die volgende insluit: aandrang dat alle lede óf Afrikaans óf Nederlands in die sakewêreld sou gebruik om sodoende winkeliers te beweeg om Afrikaanssprekendes in diens te neem; voorlesings oor die Afrikaanse geskiedenis asook oor die geskiedenis van die O.V.S. is gehou; Melt Brink het voordragte gehou; nasionale feesdae, onder andere Geloftedag is gevier; daar is met ander Hollands-Afrikaanse verenigings aan die Rand geskakel (12,p.382). Dit val dus op dat ook hierdie beweging 'n voorwaartse stap in die ontwikkelingsgang van Afrikaanse kultuurorganisasies was.

Die tydperk 1902 tot 1929 is in 'n groot mate 'n voortsetting van die voorafgaande periode. Dit was 'n tydperk van stryd vir, en verowering van die kultuureie. Die georganiseerde beweging ten bate van die Afrikaner se eie begin nou koers kry. In hierdie tydperk ontstaan ook Afrikaanse kultuurorganisasies wat in die wederopstanding van die Afrikaanse volk 'n rol van buitengewone betekenis gespeel het.

Uit die nood wat veral na die Tweede Vryheidsoorlog ontstaan het, is kultuurverenigings gebore wat die Afrikaanse strewe gedra en die selftrots en taaltrots weer aangewakker het. Dit is dan ook op hierdie front waar Generaal Hertzog sy stryd vir die Afrikaner begin het en waar die eerste deurbraak gemaak is.

In / .....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



In die Noorde word die <u>Afrikaanse Taalgenootskap</u> (A.T.G.) op wekroep van Preller, op 13 Desember 1905 in Pretoria gestig. Die doelstellings was:

- o „(Om) Afrikaners te oortuig dat Afrikaans ons taal is, en dat dit deur Afrikaners as hulle spreek- en skryftaal behoort gebruik te word.
- o (Die) ontwikkeling van die Afrikaanse taal in suiwere vorm.
- o Aankweking en ontwikkeling van 'n suiwer Afrikaanse nasionaliteitsgevoel" (62, p.83).

Hierdie beweging het werk van groot waarde gelewer soos onder andere blyk uit die feit dat die oprigting van <u>Die Brandwag</u> aan hulle te danke was.

In die daaropvolgende jaar word die <u>Afrikaanse Taalvereniging</u> (A.T.V.) in die Suide onder aanvoering van J.H.H. de Waal en D.F. Malherbe op 3 November 1906 in Kaapstad in die lewe geroep. Hierdie beweging het groot welslae behaal en veel vir die Afrikaner-saak gedoen. Die statute van hierdie beweging toon naastenby dieselfde strewe as die A.T.G. (Vgl. 20, p.41).

<u>Die Algemeen Nederlandsch Verbond</u> (A.N.V.), waarna hierbo reeds verwys is, word saam met die vrugte op sy arbeid van die eerste tydperk, deur die Tweede Vryheidsoorlog vernietig. Tog volg 'n tweede poging van die A.N.V. om die Afrikaners aan die Rand saam te snoer in 'n hegte kulturele eenheid. Vanaf 1906 word op verskeie plekke takke gestig. (Vgl.12,p.383). Oor die waarde en betekenis van hierdie beweging konstateer Coetzee soos



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



volg: „Ons kan dus aanneem dat die A.N.V. vanaf 1908 'n tydlank die suiwer kulturele arbied verrig het en die Hollands-Afrikaanse vlam aan die Rand hooggeblaas het (12,p.384)." Die A.N.V. in sy tweede tydperk loop ten einde in 1919.

Hierna volg die stigting van Onze Taal in Bloemfontein op 10 November 1908 (Vgl. 69). Hierdie liggaam beywer hom om Hollands en Afrikaans op die gebied van die literatuur, toneel, sang en musiek te bevorder (Vgl.20,p.42), sê ook sy daadwerklike steun toe aan die algemene roep om eenheid, en reël derhalwe 'n groot verbroederingskongres wat op 1 en 2 Julie 1909 in Bloemfontein gehou is. (62,p.83).

Op hierdie kongres is oorgegaan tot die stigting van De Zuid-Afrikaansche Akademie voor Taal, Letteren en Kunst. Die idee om tot die stigting van so 'n Akademie oor te gaan het vanuit drie verskillende oorde gekom en die bedoeling daarmee was volgens Onze Taal, by monde van ds. Postma, om „een kongres byeen te roepen van belangstellenden op taal-gebied ten einde te beraadslagen wat gedaan kan worden om in de onmiddellike behoefte van schoolboeken te voorzien, alsook om Afrikkaanse literatuur over't algemeen aan te moedigen en te verspreiden." (Soos aangehaal deur 46,p.3), volgens die Nasionale Konvensie wat in 1908 in Kaapstad byeen gekom het om die Unie voor te berei, by monde van Generaal Hertzog „dat een lichaam int' leven worde geroepen ter bevordering van de Hollandse taal en letteren in Zuid-Afrika". (Soos aangehaal deur 46,p.2), en volgens die Taalbond-konferensie (Pêrel 1908) „de stichting van een Zuid-

Afrikaansche / ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Afrikaansche Akademie voor de behartiging van onze taal, letteren, geschiedenis en kunst". (Soos aangehaal deur 48,p.150).

Op 2 Julie 1909 word die Akademie dan ook in die lewe geroep en het tot doel gehad: „... de handhawing en bevordering van de Hollandse Taal en Letteren, en van de Zuid-Afrikaanse Geschiedenis, Oudheidkunde en Kunst. Onder't woord Hollands wordt verstaan: de heide taalvormen gebruikelik in Zuid-Afrika". (Soos aangehaal deur 20,p.42). Om verskeie redes het die Akademie aanvanklik nie ontwikkel tot die dinamiese liggaam waarop die stigters gehoop het nie. Dit is in 1942 hervorm met die toevoeging van 'n fakulteit vir natuurwetenskappe. Tans staan dit bekend as die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. (Vgl. 20, p.42).

Die Helpmekaarbeweging het sy ontstaan gehad in die Rebellie van 1914-15. As nasleep van die Rebellie is talle rebelle opgesaal met geweldige hoë eise vir skadevergoeding ten einde diegene en instellinge wat deur die rebelle skade aangedoen is, te vergoed. Dit het spoedig geblyk dat talle rebelle met ekonomiese ondergang bedreig word en dat baie van eertydse vermoënde mense tot 'n staat van armblankedom verlaag sou word. Die volksgenote moes gehelp word. Die Helpmekaar, 'n beweging wat spontaan begin is en waartoe die volk finansieel en andersins mildadiglik bygedra het, word in die lewe geroep en stel homself ten doel, „om die skade wat deur die Rebelle aangerig was, te vergoed en om die bates wat aan hulle

opgelê / .....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



opgelê was, te betaal", aldus Scholtz. (54,p.117). Oor hierdie beweging skryf Kapp soos volg: „So is die pragtige Helpmekaarbeweging uit vernedering gebore en het die Afrikaner getoon dat hy in staat is tot dade van selfopoffering en toewyding". (94,p.9). Teen 1918 was hierdie taak afgehandel met nog 'n aansienlike som geld in die kas oor. Hier het die Helpmekaarbeweging egter nie doodgeloop nie, maar is omskep in 'n magtige beweging wat voortaan die Afrikanersaak sou dien en steun. Nienaber merk in die verband tereg op: „.... die Helpmekaar, 'n wondere openbaring van samehorigheidsbesef, wat nadat dit sy onmiddellike doel bereik het, uitgroei tot 'n grootskaalse kulturele aksie". (47,p.183). Daar hoef slegs na die statute en werksaamhede van die Helpmekaar gekyk te word om te besef in welke mate die stoflike en geestelike belange van die Afrikaner op die hart gedra is en in welke mate hy hom aan die Afrikanervolk diensbaar gemaak het. (Vgl. 54,p.117 e.v., 94,p.9 e.v.). .

Die verdere uitkringing van Afrikaanse kultuurorganisasies in hierdie tydperk (1902-1929) is beliggaam in die totstandkoming van die <u>Afrikaanse Studentebond</u> (A.S.B.), die <u>Afrikaner-Broederbond</u> en die <u>Voortrekkerbeweging</u>. Die stigting van die <u>Akademie vir Taal, Lettere en Kuns</u> kan gesien word as 'n stimulus vir die totstandkoming van die A.S.B. Hierdie beweging is in 1916 in die lewe geroep en het sedertdien, veral op studentevlak, bemoeienis gemaak met, onder andere, die Afrikaanse kultuur. (Sien 104,p.4 vir 'n bespreking oor die A.S.B.). Die <u>Afrikaner-Broederbond</u> word in 1918 in Johannesburg in die lewe geroep en het baie bygedra tot die bevordering van die Afrikaanse kultuurbelange

aan / .....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

aan die Rand (Vgl.12,p.385). (Sien hoofstuk vier vir 'n bespreking van die Voortrekkerbeweging.)

Vervolgens verdien die periode ná 1929 kortliks vermelding. Baie van die ouer verenigings het ondergegaan, maar omstreeks 1929 is onder die ouer organisasies Ons Taal, die Akademie, die Saamwerk-Unie en die A.S.B. nog baie aktief. Aan die anderkant tree nuwe organisasies egter na vore om allerbelangrikste werk te verrig. In 1929 word die Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigínge (F.A.K.), in 1931 die Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging (A.T.K.V.) en die Handhawersbond, in 1939 die Ossewa-brandwag, in 1940 die Volkspelebeweging en die Reddingsdaadbond in die lewe geroep om voortaan op die Afrikaanse kultuurakker aktief werksaam te wees. In teenstelling met die organisasies voor 1929, val dit op dat die nuwe liggame die aksent meer op handhawing as op verowering laat val. Van nou af gaan dit daarom om die verworwe waardigheid te behou en te verhoog - om die wettig-erkende erfporsie in meerdere mate aan die volk diensbaar te maak. Die Afrikaner moet nie nou meer slegs beskerm en verower nie, maar handhaaf en produseer. (Vgl. 48,p.179).

3. Taak en rol van die vroeëre kultuurorganisasies in die Afrikaner se volkslewe

Sonder vrees vir enige teëspraak kan gekonstateer word dat Afrikaanse kultuurorganisasies in die verlede op geheel die Afrikaanse lewensakker 'n rol van onberekenbare groot waarde gespeel het. Hulle het die Afrikanerkragte georganiseer vir doelgerigte en voortgesette optrede in

belang / .....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



belang van die volk. Soos Snyman dit stel: „..... Afrikaanse kultuurorganisasies (het) in werklikheid volksorg-instellings geword. Naas ons kerke, onderwysinrigtings en roepingsbewuste volksleiers het hulle miskien die belangrikste rol gespeel om ons volk te bring waar hy vandag is. Hulle kan volksuniversiteite genoem word". (82,p.6).

Afrikaanse kultuurorganisasies het aanvanklik in die vroeë stadium van hulle ontwikkeling onder andere die volgende tot taak gehad:

(a) Hulle moes die Afrikaanse kultuur losmaak van die minderwaardigheidskompleks wat daaraan gekleef het, die Afrikaner bewus maak van sy kultuurbesit en hom trots maak daarop.

(b) Hulle moes die Afrikaanse taal vestig en ontwikkel en die Afrikaner mobiliseer om sy taal te gebruik.

(c) Hulle moes as mondstuk van die Afrikaner optree, en het hulle uitgespreek oor enigiets, van arbeid tot politiek.

(d) Hulle moes die Afrikaner se volkslewe vir hom organiseer.

(e) Hulle moes die Afrikaner teen verengelsing beskerm.

(f) Hulle moes die Afrikaner lei tot die vorming van 'n onwrikbare sterk nasionale bewussyn waardeur die ewigdurende voortbestaan van die Afrikanervolk, as volwaardige, eiestandige, besonderse en eie-aardige volk, verseker sou word.

Kortom kan die taak van die Afrikaanse kultuurorganisasies in hul beginjare soos volg in die woorde van Snyman

saamgevat / .....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



saamgevat word: „Hulle was die vormende kragte in die volkslewe; gerig volgens die Woord van God, het hulle deur bewuste formulering van ons volkstrewe en -doelstellings as leidende kragte gedien" (82,p.13. Die huidige gesitueerdheid van die Afrikaner - die feit dat hy op feitlik alle lewensterreine 'n staanplek ingeneem het, dat die Afrikaanse saak besig is om oral tot sy reg te kom en die feit dat hy reeds ongeveer alles gekry het waarna hy gestrewe het - getuig van die voortreflike wyse waarop Afrikaanse kultuurorganisasies hulle taak uitgevoer het. Hier moet nou egter nie verkeerdelik tot die slotsom geraak word dat die Afrikaanse kultuurorganisasies se taak ten volle volvoer is nie. Daar is steeds 'n stryd te stry. Die vraag of daar vandag nog 'n taak en 'n plek vir kultuurorganisasies in die volkslewe is, kan met 'n besliste „ja" beantwoord word.

Alvorens die taak van die hedendaagse Afrikaanse kultuurorganisasies van nader bekyk word, moet eers op die taakverandering tussen die vroeëre en huidige kultuurliggame gewys word.

4. <u>Taakverandering</u>

Die vroeëre organisasies het te make gehad met 'n stryd om erkenning van die eie. Hierteenoor het die hedendaagse organisasies as taak die handhawing en uitbouing van die reeds verkreë eie, en ook om toe te sien dat dit bly voortbestaan.

Die Afrikaner bevind hom tans in 'n tydsgewrig waarin hy voortdurend met die vreemde en nuwe op sowel geestelike as materiële vlak gekonfronteer word. Die vreemde

geestelike / .....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

geestelike elemente is onder andere beliggaam in die moderne geestesstrominge of ideologieë wat, soos Breedt dit stel, „....... soos 'n reuse golf oor die Suid-Afrikaanse bodem breek". (72,p.244). Sonder om in breë besonderhede in te gaan kan in hierdie verband onder andere gewys word op die sogenaamde wêreldburgerskap of internasionalisme, wat gans die mensdom in een verenigde ras, woonagtig in een verenigde wêreld, regeer deur een wêreldregering en deur een wêreldkerk bedien, wil sien. Derhalwe ken hierdie stroming geen plek toe aan die nasionalisme nie. Nie die eie nie, nie die eie volk nie, maar die internasionalisme word as die belangrikste voorgehou. (85,p.1).

Daar is verder die vervlakking van die godsdienstige besef, die verwêreldliking van alles, waardeur die Christelike norme in die openbare lewe deur eertydse Christenmense ter syde gestel of negeer word. Die bestaan van God en sy direkte verhouding tot die wêreld en die mens word deur volke, wat 'n paar eeue lank as Christenvolke bekend gestaan het, ontken. Hierdie stroming staan bekend as die sekularisme en beteken kortliks die losmaking of emansipasie van die mens van sy betrokkenheid op die bo-kosmiese. Hierdie stroming lei tot mensverheerliking en normloosheid. (Vgl. 82,p.9; 85,p.2).

Daar is ook die liberalisme wat as 'n populêre lewenshouding onder 'n groot deel van die Westerse wêreld aanvaar word. Hierdie stroming kom met 'n lewenshouding of filosofie van „.... die vrye, outonome mens wat in verset is teen gesag in die staat, kerk, gemeenskap, opvoeding,

huisgesin / .....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



huisgesin; teen tradisie en 'n konserwatiewe lewenshouding waarin blywende waardes en norme geëerbiedig en gehandhaaf word; teen die beskerming van die nasionale bestaan en leefwyse; nasionale soewereiniteit in onderskeiding van ander volksgemeenskappe", aldus Treurnicht. ( 85,p.3 ).

Voorts verdien die Kommunisme, as een van die aktueelste bedreiginge, die ongekende tegnologiese ontwikkeling of tegnisisme waardeur lewenswaardes afgetakel en die mens soms tot die staat van 'n instrument verlaag word, die Humanisme met sy uitsluitlike klem op gelykheid, vryheid en broederskap, die Sosialisme, die erotisisme of seksualisme met sy oordrewe klem op die seksuele en dergelike ismes, ook vermelding.

As voorbeeld van die vreemde materiële elemente waarna hierbo verwys is, kan onder andere genoem word dit wat Snyman as oorgewaaide peskultuur bestempel. Hy noem die pornografie van die tydskrif, die slapbandboek en die rolprent. Hy gaan voort deur te sê: „Maar daar is boeke, tydskrifte en rolprente wat nie pornografies aanstootlik is nie, maar wat tog waarde-, sede- en normebederwend is wat 'n groot invloed op 'n volk uitoefen". (82,p. ongenom. ). Hy wys dan verder daarop dat 'n verskeidenheid obskure mensetipes deur die Afrikanerjeug tot helde gemaak word, terwyl die kennis aangaande die Afrikaner se eie volkshelde by hulle al hoe skraler word.

Dat hierdie verskeidenheid vreemde en nuwe geestelike en materiële elemente wat tans oor die Afrikanervolk heenspoel, sy lewens-, wêreld- en mensbeskouing, derhalwe

sy / .....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



sy voortbestaan en leefwyse bedreig, is gewis en seker. Treurnicht konstateer byvoorbeeld: „Daar is veel in die strominge van ons tyd wat vir die Afrikaner as volk, sowel as vir sy kenmerkende leefwyse, 'n groot uitdaging bied" (85.p.1 ). Ook de Klerk sê: „Ek sien die kern van ons lewensbeskoulike bedreiging in ons blootstelling as Afrikaners aan hierdie wêreldkultuur" (77,.p.115). Onder die begrip wêreldkultuur sluit hy onder meer die moderne ideologieë in. Bedreiging van die Afrikaner se lewens- en wêreldbeskouing veronderstel noodwendig ook bedreiging van die voortbestaan van die Afrikanervolk. Breedt wys ook op die gevaar: „Van die belangrikste bedreiginge waaraan die Suid-Afrikaanse volk op die huidige tydstip blootgestel is, is die beïnvloeding van sy lewens- en wêreldbeskouing deur moderne geestesstrominge of ideologieë" (72,p.242). Hierdie moderne denkrigtings vorm die milieu of geestesklimaat waarin die Afrikaner hom vandag bevind en waarin hy sy weg moet vind en sy taak moet vervul.

5. <u>Taak en plek van die hedendaagse Afrikaanse kultuur-organisasie</u>

In hierdie taakvervulling lê vir Afrikaanse kultuur-organisasies van die hede 'n groot uitdaging opgesluit. Hulle moet die rigtinggewende instansies wees en meehelp in die geestelike weerbaarmaking van die Afrikaner. Die weg hiertoe lê opgesluit in die opwekking van gesonde volkstrots en volksbewustheid. Voorgemelde is die noodwendige en onontbeerlike groeibodem waaruit liefde vir, asook 'n behoefte na kennis aangaande die eie opgewek word.

Uit / .....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Uit hierdie liefde en kennis word 'n strewe na handhawing en uitbouing van die kultuur-eie gebore. Oor hierdie taak sê Dönges tereg: „.... in hulle (kultuurorganisasies) het ons die middels om die Afrikaanse akker vir nasionale vrugbaarheid voor te berei .... ons kultuurorganisasies moet besef dat die ontwikkeling van 'n sterk nasiegevoel die onontbeerlike voorwaarde vir die sukses van hulle strewe is en dus hulle positiewe, voorgestelde doelwit moet wees" (78,p.14).

In hulle stryd teen die moderne geestesstrominge moet Afrikaanse kultuurorganisasies ook uitkom by die Afrikaner se Christelike, meer bepaald, Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing. Dit gaan hier daarom dat hulle strydend en rigtinggewend moet staan vir die Afrikaner se Christelike godsdiens op alle lewensterreine. Deur die Afrikaner te help om sy Christelike norme te behou en sy Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing uit te leef word verseker dat die volk nie ten prooi van vreemde ideologieë sal val nie. Hierdie bemoeienis dien as teenvoeter teen die moderne ideologieë, maar is tegelyk ook 'n allerbelangrike taak op sigself.

In hierdie trant kan voortgegaan word om die taak van die hedendaagse Afrikaanse kultuurorganisasie bloot te lê. Daar kan verwys word na die taak om die Afrikaner te prikkel om effektief en betekenisvol na te dink oor dit wat in die beste belang van die Afrikanervolk is; die taak om die Afrikaner by te staan en in te lei tot die vorming van 'n duidelike beeld met betrekking tot die samewerking tussen

Afrikaans- / .....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Afrikaans- en Engelssprekendes in belang van die Republiek van Suid-Afrika maar met behoud van elkeen se kultuureie; die taak met betrekking tot die vestiging en uitbouing van die Afrikaanse taal onder die immigrante en nie-blankes; die taak om in hierdie tyd van ekonomiese welvaart - 'n toestand wat bevorderlik en essensieel is vir kulturele opbloei - die Afrikaanse kultuur tot die hoogs moontlike ontwikkelingspeil te voer; die taak in verband met taalhandhawing; dié om 'n nuwe begrip in verband met die arbeid by die volk in te skerp (Christelike siening); die stryd wat aangeknoop moet word teen die kleurlose neutralisme wat kop uitsteek, en vele meer.

Die taak van die hedendaagse Afrikaanse kultuurorganisasie soos hierbo kortliks uiteengesit, wil nie voorgee dat dit alle moontlike aspekte aangeraak het nie. Trouens, daar kan nog vele gebiede gevind word wat tot die arbeidsterrein van Afrikaanse kultuurorganisasies toegevoeg kan word. Hoofsaak is egter dat bogemelde pertinent op die onteenseglike bestaansreg, die allerbelangrike taak en die absolute noodsaaklikheid van Afrikaanse kultuurorganisasies wys. Oor die noodsaaklikheid van kultuurorganisasies sal opsommenderwys met die woorde van Koornhof volstaan word. „Die betekenis van die nasionale kultuurorganisasie is dat dit in ons tyd die verskil tussen lewe, groei en bloei, of agteruitgang, selfs dood, van die Afrikanervolk is. As die Afrikanervolk kultureel sou sterf, sal hy as volk in die proses van die toneel verdwyn, omdat sy getalle vergeleke by ander groot volkere van die

wêreld / .....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



wêreld so klein is. Die kultuurorganisasie van ons volk is dus een van die fondamente waarop die volk gebou word, is een van die belangrikste hoekstene waarop hy staan, en waaruit hy groei en bloei" (99,p.26 ).

6. Klassifikasie van Afrikaanse Kultuurorganisasies

Aangesien dit in die onderhawige hoofstuk om Afrikaanse kultuurorganisasies gaan, sal dit gerade wees om die organisasies wat aandag sal geniet (Vraag B1) eers volgens hulle aard in groepe te klassifiseer. Daar kan 'n vyf-ledige indeling gemaak word.

(a) Beroepskultuurorganisasies

Hierdie organisasies bedien elk 'n bepaalde beroep-sektor en is daarop ingestel om die Afrikaanse kultuur in daardie sektor te bevorder. Van die organisasies wat bespreek word, val die Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging (A.T.K.V. van die S.A.S. en H.), die Afrikaanse Taal- en Kultuurbond (A.T.K.B. van die Dept. van Poswese), die Afrikaanse Kultuurvereniging van die Suid-Afrikaanse Polisie (AKPOL), die Afrikaanse Kultuurvereniging van die Verdedigingsmag (AKVV) en die Afrikaanse Studentebond in hierdie groep.

(b) Eksklusiewe Kultuurorganisasies

Hierdie organisasies betrek slegs sekere persone in hulle geledere. Die bedoeling is dat hierdie persone met kennis en insig oor aktuele onderwerpe bewapen sal word en dat hulle dan sal uitgaan om die deursnee bevolking in te lig oor hierdie aktuele vraagstukke wat vir die Afrikaner-volk van belang is. Die Rapportryers en Junior Rapport-

ryers / .....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



ryers hoort in hierdie groep tuis.

(c) <u>Organisasies wat op groeps- of streeksbelange ingestel is</u>

Hierdie organisasies fungeer in 'n bepaalde omgewing of onder 'n sekere groep mense. Plaaslike kultuurliggame soos byvoorbeeld die Florida kultuurvereniging is van hierdie groep verteenwoordigend. Hierdie groep moet nie met beroepskultuurorganisasies verwar word nie. Laasgenoemde is nie beperk tot enige spesifieke streek of omgewing nie en ook nie tot 'n sekere groep mense in 'n bepaalde omgewing nie. Dit is wel waar dat hulle 'n spesifieke groep mense bedien, maar dan nooit slegs of noodwendig in 'n begrensde omgewing of streek nie. Hulle aktiwiteite is landwyd versprei.

(d) <u>Vroue-organisasies</u>

Slegs vroue word in hierdie organisasies opgeneem. Die Suid-Afrikaanse Vrouefederasie (S.A.V.F.) en Afrikaanse Vroueklubs soos byvoorbeeld die Maria-Malan-klub val in hierdie groep.

(e) <u>Ope-organisasies</u>

Op die lidmaatskap van hierdie organisasies word geen beperkinge opgelê nie. Almal het vrye toegang daartoe. Voorbeelde daarvan is die Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings (F.A.K.), die Noodhulpliga, die Voortrekker- en Volkspelebewegings.

7. <u>Aspekte van die ondersoekgroep se lidmaatskap van en deelname aan die aktiwiteite van Afrikaanse kultuurorganisasies</u>

Waar / .....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Waar daar in die voorafgaande, ter aanvang, enkele gedagtes oor Afrikaanse kultuurorganisasies uitgespreek is, word in die hieropvolgende gedeelte van die hoofstuk aandag geskenk aan aspekte van die ondersoekgroep se lidmaatskap van en deelname aan die aktiwiteite van Afrikaanse kultuurorganisasies.

Hoewel daar reeds duidelikheid verkry is oor die begrip Afrikaanse kultuurorganisasies wil ondersoeker aandui watter uitgangspunt aan die veldwerkers voorgehou is om te bepaal of 'n organisasie 'n Afrikaanse kultuurorganisasie is. Aan hulle is voorgehou dat 'n Afrikaanse kultuurorganisasie 'n organisasie is wat hom primêr toespits om enige aspek van die Afrikaanse kultuurtotaliteit (Afrikaanse taal, Volksfeeste ens.) te handhaaf, uit te bou, te versterk en te bevorder. Verder is duidelik gestel dat geen liefdadigheids-, diens- of enige tweetalige organisasie as 'n Afrikaanse kultuurorganisasie beskou moet word nie.

(a) <u>Die ondersoekgroep se lidmaatskap van en deelname aan die aktiwiteite van Afrikaanse Kultuurorganisasies</u>

Ten einde lig te werp op die ondersoekgroep se lidmaatskap van en deelname aan die aktiwiteite van Afrikaanse kultuurorganisasies, is aan hulle gevra of hulle tans lede is van Afrikaanse kultuurorganisasies en, indien wel, hoedanig hulle deelname aan die organisasies se aktiwiteite is. (Vergelyk vraag B1, Bylae A). Vervolgens word die bevindinge op hierdie vraag ontleed.

Blykens die bevindinge van die ondersoek (vgl. tabel 12)

is / .....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



TABEL 12

LIDMAATSKAP VAN EN DEELNAME AAN DIE AKTIWITEITE VAN AFRIKAANSE KULTUURORGANISASIES

| LIDMAATSKAP VAN EN DEELNAME AAN AFRIKAANSE KULTUUR-ORGANISASIES | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Organisasie | Lidmaat-skap | Deelname aan aktiwiteite | Getal | % |
| Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging (ATKV van die SAS en H). Sluit in die Vrou- en-Moederbeweging | Nee | | 1406 | 93.7 |
| | Tans lid | Gereeld | 15 | 1.0 |
| | | Soms | 47 | 3.1 |
| | | Nooit | 32 | 2.1 |
| | Totaal | | 1500 | 100.0 |
| Afrikaanse Taal- en Kultuurbond (ATKB van die Departement van Poswese) | Nee | | 1486 | 99.1 |
| | Tans lid | Gereeld | 4 | 0.3 |
| | | Soms | 7 | 0.5 |
| | | Nooit | 3 | 0.2 |
| | Totaal | | 1500 | 100.0 |
| Afrikaanse Kultuur-vereniging van die S.A. Polisie (AKPOL) | Nee | | 1487 | 99.1 |
| | Tans lid | Gereeld | 2 | 0.1 |
| | | Soms | 7 | 0.5 |
| | | Nooit | 4 | 0.3 |
| | Totaal | | 1500 | 100.0 |
| Afrikaanse Kultuur-vereniging van die Verdedigingsmag (AKVV) | Nee | | 1498 | 99.9 |
| | Tans lid | Gereeld | 0 | 0.0 |
| | | Soms | 2 | 0.1 |
| | | Nooit | 0 | 0.0 |
| | Totaal | | 1500 | 100.0 |
| Federasie van Afrikaanse Kultuur-verenigings (FAK) | Nee | | 1481 | 98.7 |
| | Tans lid | Gereeld | 9 | 0.6 |
| | | Soms | 8 | 0.5 |
| | | Nooit | 2 | 0.1 |
| | Totaal | | 1500 | 100.0 |
| Rapportryers | Nee | | 1466 | 97.7 |
| | Tans lid | Gereeld | 28 | 1.9 |
| | | Soms | 6 | 0.4 |
| | | Nooit | 0 | 0.0 |
| | Totaal | | 1500 | 100.0 |

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



TABEL 12 (vervolg)

| LIDMAATSKAP VAN EN DEELNAME AAN AFRIKAANSE KULTUURORGANISASIE | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Organisasie | Lidmaatskap | Deelname aan aktiwiteite | Getal | % |
| Junior Rapportryers | Nee | | 1493 | 99.5 |
| | Tans lid | Gereeld | 6 | 0.4 |
| | | Soms | 1 | 0.1 |
| | | Nooit | 0 | 0.0 |
| | Totaal | | 1500 | 100.0 |
| Suid-Afrikaanse vroue-federasie (SAVF) | Nee | | 1487 | 99.1 |
| | Tans lid | Gereeld | 5 | 0.3 |
| | | Soms | 8 | 0.5 |
| | | Nooit | 0 | 0.0 |
| | Totaal | | 1500 | 100.0 |
| 'n Afrikaanse Vroueklub (bv. die Maria Malan-klub) | Nee | | 1493 | 99.5 |
| | Tans lid | Gereeld | 5 | 0.3 |
| | | Soms | 2 | 0.1 |
| | | Nooit | 0 | 0.0 |
| | Totaal | | 1500 | 100.0 |
| Voortrekkerbeweging | Nee | | 1487 | 99.1 |
| | Tans lid | Gereeld | 8 | 0.5 |
| | | Soms | 5 | 0.3 |
| | | Nooit | 0 | 0.0 |
| | Totaal | | 1500 | 100.0 |
| Volkspelebeweging | Nee | | 1480 | 98.7 |
| | Tans lid | Gereeld | 13 | 0.9 |
| | | Soms | 7 | 0.5 |
| | | Nooit | 0 | 0.0 |
| | Totaal | | 1500 | 100.0 |
| Afrikaanse Studentebond | Nee | | 1489 | 99.3 |
| | Tans lid | Gereeld | 7 | 0.5 |
| | | Soms | 3 | 0.2 |
| | | Nooit | 1 | 0.1 |
| | Totaal | | 1500 | 100.0 |

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



TABEL 12 (vervolg)

| LIDMAATSKAP VAN EN DEELNAME AAN AFRIKAANSE KULTUUR-ORGANISASIE | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Organisasie | Lidmaatskap | Deelname aan aktiwiteite | Getal | % |
| Noodhulpliga | Nee | | 1475 | 98.3 |
| | Tans lid | Gereeld | 18 | 1.2 |
| | | Soms | 7 | 0.5 |
| | | Nooit | 0 | 0.0 |
| | Totaal | | 1500 | 100.0 |
| 'n Plaaslike kultuurliggaam (bv. Florida Kultuurvereniging) | Nee | | 1477 | 98.5 |
| | Tans lid | Gereeld | 13 | 0.9 |
| | | Soms | 10 | 0.7 |
| | | Nooit | 0 | 0.0 |
| | Totaal | | 1500 | 100.0 |
| Ander | Nee | | 1488 | 99.2 |
| | Tans lid | Gereeld | 11 | 0.7 |
| | | Soms | 1 | 0.1 |
| | | Nooit | 0 | 0.0 |
| | Totaal | | 1500 | 100.0 |

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



is daar deurgaans by al die onderskeie kultuurorganisasies 'n besondere hoë persentasie proefpersone wat nie lede van hierdie organisasies is nie. Van die 14 Afrikaanse kultuurorganisasies wat in die ondersoek betrek is, het die AKVF die hoogste persentasie nie-lidmaatskap (99.9%) teenoor die ATKV met die laagste persentasie nie-lidmaatskap (93.7%). Al die ander kultuurorganisasies het 'n nie-lidmaatskap persentasie wat iewers tussen hierdie twee genoemde persentasies lê.

Van die 14 kultuurorganisasies wat in die ondersoek opgeneem is, beskik 8 oor 'n nie-lidmaatskap van 99 persent en hoër, by name die ATKB (99.1%), AKPOL (99.1%), AKVV (99.9%), Junior Rapportryers (99.5%), SAVF (99.1%), 'n Afrikaanse vroueklub (99.5%), Voortrekkerbeweging (99.1%) en die ASB (99.3%).

Vier van die kultuurorganisasies het 'n nie-lidmaatskap persentasie tussen 98 en 99 persent, te wete, die FAK (98.7%), die Volkspelebeweging (98.7%), die Noodhulpliga (98.3%) en plaaslike kultuurliggame (98.5%) teenoor die Rapportryers en ATKV met 'n nie-lidmaatskap persentasie van 97.7 persent en 93.7 persent onderskeidelik.

Hier moet egter in gedagte gehou word dat verskeie van hierdie organisasies vanweë hulle aard geslote organisasies is, met ander woorde dat alle persone nie vrye toegang tot hulle het nie. Slegs spoorwegamptenare kan lede wees van die ATKV; persone in diens van die Departement van Poswese van die ATKB; Suid-Afrikaanse Polisiedienaars van AKPOL; persone in diens van die Verdedigingsmag van die AKVV en

slegs / .....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



slegs ingeskrewe studente van die onderskeie universiteite wat by die ASB geaffilieer is kan lede wees van die ASB. In die geval van die voorgenoemde organisasies is hulle geslotenheid konstitusioneel vasgelê. Op die lidmaatskap van die Rapportryers en Junior Rapportryers is daar ook beperkinge vanweë die feit dat lede van hierdie twee organisasies uitgenooi word om aan te sluit en nie uit eie vrye wil lede kan word nie. Hierdie organisasies is dus eksklusief of feitlik eksklusief van aard. Die SAVF en plaaslike vroueklubs is vanweë hulle aard beperk tot die vroulike geslag, terwyl plaaslike kultuurliggame merendeel beperk is tot persone woonagtig in die bepaalde omgewing waar sodanige liggame hulle voordoen.

Feit bly desnieteenstaande dat hierdie bevinding 'n besondere negatiewe kleur dra. Selfs die ope-organisasies, waartoe almal vrye toegang het, het 'n besondere hoë persentasie nie-lidmaatskap. 'n Moontlike verklaring vir hierdie negatiewe beeld met betrekking tot lidmaatskap mag geleë wees in die feit dat die materiële in die huidige samelewingsopset die swaarste weeg en voorkeur bo die nie-materiële geniet. Roux wys duidelik op hierdie negering van die geestelike waardes ter wille van die materiële waardes wanneer hy besin oor die erfenis van die Afrikaner: „Hierin lê vir my die grootste uitdaging waarvoor die Afrikaner te staan gekom het, nl. om sy erfenis te behou <u>in die wêreld waarin die geestelike waardes vinnig plek inruim vir materiële waardes</u>" (81,p.107). Die mens, in hierdie geval bepaald die Afrikaner aan die Rand, is moontlik

ingestel / .....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



ingestel op dit wat vir hom van tasbare waarde is en waaruit hy iets kan kry wat tot sy materiële welstand bydra. Hy voel miskien dat hy eerder aan iets wat hom tot onmiddellike voordeel sal strek en wat in sy eie belang is, wil meedoen, as om een of ander kulturele byeenkoms by te woon wat nie direk sy aardse bestaan ten bate sal val nie. Die gevolg is dat die materiële bo die volkseie voorkeur geniet en dat die mens, omrede hy nie sin daarin kan sien om hom met Afrikaanse kultuurorganisasies te vereenselwig nie, hom totaal en al van sodanige organisasies distansieer.

Met betrekking tot die deelname aan die aktiwiteite van die onderskeie kultuurorganisasies blyk uit die gegewens van tabel 12A dat van die totale aantal respondente wat tans lede van die onderskeie kultuurorganisasies is, die grootste persentasie wel aan die aktiwiteite daarvan deelneem. Die persentasie proefpersone wat gereeld aan die aktiwiteite deelneem, is in die meerderheid van die gevalle hoër as die persentasie respondente wat soms en nooit daaraan deelneem nie. Die uitsonderings in hierdie geval is die ATKV, die ATKB, AKPOL, die AKVV en die SAVF (vgl. tabel 12A).

(b) <u>Die ondersoekgroep se redes vir aansluiting by Afrikaanse Kultuurorganisasies</u>

In 'n poging om vas te stel waarom die ondersoekgroep by Afrikaanse kultuurorganisasies aangesluit het, is die volgende vraag aan hulle gevra: „Om watter rede het u by ....... (noem organisasie) aangesluit? (Slegs u algemene hoofrede)". Die bevindinge op hierdie vraag word vervolgens volgens die geslag, onderwyskwalifikasies en ouderdom van

die / .....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



TABEL 12A

DEELNAME AAN DIE AKTIWITEITE VAN AFRIKAANSE KULTUURORGANISASIES TEN OPSIGTE VAN DIEGENE WAT LEDE VAN SODANIGE ORGANISASIES IS

| *DEELNAME AAN DIE AKTIWITEITE VAN AFRIKAANSE KULTUURORGANISASIES | | | |
|---|---|---|---|
| Organisasie | Deelname | Getal | % |
| ATKV | Gereeld<br>Soms<br>Nooit | 15<br>47<br>32 | 16.0<br>50.0<br>34.0 |
| | Totaal | 94 | 100.0 |
| ATKB | Gereeld<br>Soms<br>Nooit | 4<br>7<br>3 | 28.6<br>50.0<br>21.4 |
| | Totaal | 14 | 100.0 |
| AKPOL | Gereeld<br>Soms<br>Nooit | 2<br>7<br>4 | 15.4<br>53.8<br>30.8 |
| | Totaal | 13 | 100.0 |
| AKVV | Gereeld<br>Soms<br>Nooit | 0<br>2<br>0 | 0.0<br>100.0<br>0.0 |
| | Totaal | 2 | 100.0 |
| FAK | Gereeld<br>Soms<br>Nooit | 9<br>8<br>2 | 47.4<br>42.1<br>10.5 |
| | Totaal | 19 | 100.0 |
| Rapportryers | Gereeld<br>Soms<br>Nooit | 28<br>6<br>0 | 82.4<br>17.6<br>0.0 |
| | Totaal | 34 | 100.0 |
| Junior Rapportryers | Gereeld<br>Soms<br>Nooit | 6<br>1<br>0 | 85.7<br>14.3<br>0.0 |
| | Totaal | 7 | 100.0 |

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

TABEL 12 A (vervolg)

| Organisasie | Deelname | Getal | % |
|---|---|---|---|
| SAVF | Gereeld | 5 | 38.5 |
| | Soms | 8 | 61.5 |
| | Nooit | 0 | 0.0 |
| | Totaal | 13 | 100.0 |
| 'n Afrikaanse Vroueklub | Gereeld | 5 | 71.4 |
| | Soms | 2 | 28.6 |
| | Nooit | 0 | 0.0 |
| | Totaal | 7 | 100.0 |
| Voortrekkerbeweging | Gereeld | 8 | 61.5 |
| | Soms | 5 | 38.5 |
| | Nooit | 0 | 0.0 |
| | Totaal | 13 | 100.0 |
| Volkspelebeweging | Gereeld | 13 | 65.0 |
| | Soms | 7 | 35.0 |
| | Nooit | 0 | 0.0 |
| | Totaal | 20 | 100.0 |
| ASB | Gereeld | 7 | 63.6 |
| | Soms | 3 | 27.3 |
| | Nooit | 1 | 9.1 |
| | Totaal | 11 | 100.0 |
| Noodhulpliga | Gereeld | 18 | 72.0 |
| | Soms | 7 | 28.0 |
| | Nooit | 0 | 0.0 |
| | Totaal | 25 | 100.0 |
| 'n Plaaslike Kultuurliggaam | Gereeld | 13 | 56.5 |
| | Soms | 10 | 43.5 |
| | Nooit | 0 | 0.0 |
| | Totaal | 23 | 100.0 |
| Ander | Gereeld | 11 | 91.7 |
| | Soms | 1 | 8.3 |
| | Nooit | 0 | 0.0 |
| | Totaal | 12 | 100.0 |

*Hierdie tabel is uit tabel 12 saamgestel en het slegs betrekking op daardie proefpersone wat tans lede is van die onderskeie Afrikaanse kultuurorganisasies. Tabel 12A het ten doel die vasstelling van die deelname, al dan nie, aan die aktiwiteite van die onderskeie kultuurorganisasies van daardie respondente wat wel lede is. Die totaalgetalle by die onderskeie kultuurorganisasies is nie 1500 nie en wissel deurgaans omrede dit betrekking het op slegs die respondente wat tans lede van die onderskeie kultuurorganisasies is.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die ondersoekgroep ontleed.

(i) Rede vir aansluiting by Afrikaanse kultuur-organisasies, volgens geslag.

Die bogemelde persentasies ten opsigte van die lidmaatskap van die onderskeie kultuurorganisasies het betrekking op elke kultuurorganisasie afsonderlik. Wanneer al die kultuurorganisasies egter saamgevoeg word, blyk dit, volgens die gegewens van tabel 13, dat steeds 'n hoë persentasie (84.1) van die ondersoekgroep nie lede van enige kultuurorganisasie is nie.

Tabel 13 bring verder aan die lig dat die grootste enkele persentasie van die ondersoekgroep (5.5) by Afrikaanse kultuurorganisasies aangesluit het omdat hulle daarin belang stel en die doelstellings van die organisasie nastreef. Voorts voer 4.1 persent as rede vir hulle aansluiting by Afrikaanse kultuurorganisasies aan dat hulle die Afrikaanse kultuur wil ondersteun en bevorder terwyl 2.8 persent aangesluit het omdat hulle uitgenooi is om aan te sluit. Slegs 0.5 persent van die ondersoekgroep is onkundig met betrekking tot hulle rede vir aansluiting. Dieselfde persentasie respondente (0.5 persent) het onder dwang of weens die feit dat hulle verplig was, aangesluit.

Diegene wat belangstel en die doelstellings van die organisasie nastreef (5.5%) en diegene wat die Afrikaanse kultuur wil ondersteun en bevorder (4.1%) kan basies saamgevoeg word, aangesien dit in albei gevalle gaan om 'n positiewe ingesteldheid teenoor Afrikaanse kultuur-organisasies. Gevolglik kan aangeneem word dat 9.6 persent

van / .....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

TABEL 13

DIE ONDERSOEKGROEP SE REDES VIR AANSLUITING BY AFRIKAANSE KULTUURORGANISASIE(S) VOLGENS GESLAG

| Rede vir aansluiting by Afrikaanse kultuurorganisasie(s) | Geslag van die ondersoekgroep | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Manlik | | Vroulik | | | |
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| Nie van toepassing, behoort aan geen Afrikaanse kultuurorganisasie nie | 590 | 78.9 | 671 | 89.2 | 1261 | 84.1 |
| Omdat ek uitgenooi is om aan te sluit | 34 | 4.5 | 8 | 1.1 | 42 | 2.8 |
| Omdat ek daarin belangstel en die doelstellings van die organisasies nastreef | 55 | 7.4 | 28 | 3.7 | 83 | 5.5 |
| Omdat ek die Afrikaanse kultuur wil ondersteun en bevorder | 40 | 5.3 | 21 | 2.8 | 61 | 4.1 |
| Omdat ek deur ouers of vriende verplig is om aan te sluit | 7 | 0.9 | 1 | 0.1 | 8 | 0.5 |
| Om die gesellige sosiale verkeer | 6 | 0.8 | 12 | 1.6 | 18 | 1.2 |
| Omdat ek tuis voel onder mede Afrikaners | 7 | 0.9 | 7 | 0.9 | 14 | 0.9 |
| Ek weet nie | 6 | 0.8 | 2 | 0.3 | 8 | 0.5 |
| Ander | 3 | 0.4 | 2 | 0.3 | 5 | 0.3 |
| Totaal | 748 | 100.0 | 752 | 100.0 | 1500 | 100.0 |

Die chi-kwadraat ($x^2$) wat verkry is, is beduidend op 'n waarskynlikheidsvlak van 1 persent. Populêr gesproke kan dit soos volg geïnterpreteer word: Wanneer dieselfde ondersoek elke keer met 'n ander steekproef uit dieselfde universum honderd keer herhaal word, sal 'n ander resultaat ten opsigte van die betrokke faktore slegs in een geval gevind word. Met ander woorde, die moontlikheid dat die verband in tabel 13 deur toevallige faktore veroorsaak word, is 1 uit 'n honderd of 1.0 persent. Die bevindinge in tabel 13 kan dus as beduidend beskou word (Vgl. p. 135).

$X^2 = 44.5105$, P 1%

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

van die ondersoekgroep lede is van Afrikaanse kultuur-organisasies om redes wat eintlik as hoofoorweginge behoort te geld by aansluiting by sodanige organisasies en wat wesenlik bevorderlik vir die welstand van sodanige organisasies is.

Wanneer die rede vir aansluiting by Afrikaanse kultuurorganisasies volgens die geslag van die ondersoek-groep ontleed word, blyk dit dat, hoewel die verskille klein is, na verhouding meer manlikes (7.4 persent) as vroulikes (3.7 persent) aangesluit het omdat hulle in die organisasies belang stel en die doelstellings daarvan nastreef. Die-selfde tendens tree na vore waar die rede vir aansluiting gaan om die bevordering en ondersteuning van die Afrikaanse kultuur (5.3 persent manlikes teenoor 2.8 persent vroulikes). 'n Verdere opvallende bevinding uit tabel 13 is dat na verhouding meer vroulike respondente (89.2 persent) as manlike respondente (78.9 persent) lede is van geen Afrikaanse kultuurorganisasie nie.

Uit die bevindinge van hierdie tabel wil dit voorkom asof mans waarskynlik meer geredelik by Afrikaanse kultuur-organisasies aansluit as vrouens en dat hulle skynbaar 'n positiewer ingesteldheid teenoor sodanige organisasies openbaar.

'n Moontlike verklaring hiervoor kan te vinde wees in die feit dat mans waarskynlik na afloop van hulle daaglikse verpligtinge, oor die algemeen meer vrye tyd as dames tot hulle beskikking het. Die vrou het moontlik meer huislike pligte om na te kom en haar aandag word in haar

huis / .....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

huis en huisgesin in beslag geneem, veral in die huidige tydsgewrig waar 'n groot aantal vroue hulle in die arbeidsmark bevind. Die werkende moeder moet saans na afloop van haar arbeidsverpligtinge en gedurende naweke die nodigste pligte wat van haar as moeder verwag word, nakom. Dit alles bring mee dat die man moontlik meer geleentheid het om aktief aan die openbare lewe mee te doen. Die man se belangstelling in kultuursake sal uiteraard wyer uitkring as die van die vrou omdat hy meer geleentheid het om midde in die kultuurstryd te staan en daarom sal hy sterker onder die besef van die noodsaaklikheid om die Afrikanerkultuur te bevorder, staan.

Vervolgens word die rede vir aansluiting by 'n Afrikaanse kultuurorganisasie volgens die respondente se onderwyskwalifikasies ontleed.

(ii) <u>Rede vir aansluiting by Afrikaanse kultuurorganisasies volgens die onderwyskwalifikasies van die ondersoekgroep</u>

Uit tabel 14 blyk dit dat die persentasie proefpersone wat lede is van geen Afrikaanse kultuurorganisasie nie, met geringe fluktuasies daal namate hulle onderwyskwalifikasies toeneem. So, byvoorbeeld, blyk dat 89.6 persent van diegene wat oor kwalifikasies laer as standerd 6 beskik, aan geen Afrikaanse kultuurorganisasie behoort nie, teenoor slegs 50.8 persent van diegene wat 'n universiteitsgraad behaal het.

Dit val verder op dat die persentasie proefpersone wat aangedui het dat hulle aangesluit het omdat hulle in die

organisasies / .....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## TABEL 14

### REDE VIR AANSLUITING BY 'N AFRIKAANSE KULTUURORGANISASIE(S) VOLGENS DIE ONDERWYSKWALIFIKASIES VAN DIE ONDERSOEKGROEP

| REDE VIR AANSLUITING BY 'N AFRIKAANSE KULTUURORGANISASIE(S) | ONDERWYSKWALIFIKASIES VAN DIE ONDERSOEKGROEP | | | | | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Laer as st. 6 | | St. 6 tot st. 7 of 'n gelykwaardige sertifikaat | | St. 8 tot st. 10 of 'n gelykwaardige sertifikaat | | 'n Diploma of sertifikaat of ander opvoedkundige kwalifikasie na st. 10 behaal | | Universiteitsgraad | | | |
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| Nie van toepassing, behoort aan geen Afrikaanse kultuurorganisasie nie | 138 | 89.6 | 350 | 88.6 | 667 | 84.5 | 76 | 73.8 | 30 | 50.8 | 1261 | 84.1 |
| Omdat ek uitgenooi is om aan te sluit | 5 | 3.2 | 12 | 3.0 | 18 | 2.3 | 2 | 1.9 | 5 | 8.5 | 42 | 2.8 |
| Omdat ek daarin belang stel en die doelstellings van die organisasie nastreef | 6 | 3.9 | 18 | 4.6 | 39 | 4.9 | 12 | 11.7 | 8 | 13.6 | 83 | 5.5 |
| Omdat ek die Afrikaanse kultuur wil ondersteun en bevorder | 3 | 1.9 | 4 | 1.0 | 34 | 4.3 | 9 | 8.7 | 11 | 18.6 | 61 | 4.1 |
| Omdat ek deur ouers of vriende verplig is om aan te sluit | 0 | 0.0 | 1 | 0.3 | 5 | 0.6 | 1 | 1.0 | 1 | 1.7 | 8 | 0.5 |
| Om die gesellige sosiale verkeer | 1 | 0.6 | 1 | 0.3 | 10 | 1.3 | 2 | 1.9 | 4 | 6.8 | 18 | 1.2 |
| Omdat ek tuis voel onder mede-Afrikaners | 0 | 0.0 | 3 | 0.8 | 10 | 1.3 | 1 | 1.0 | 0 | 0.0 | 14 | 0.9 |
| Ek weet nie | 0 | 0.0 | 5 | 1.3 | 3 | 0.4 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 8) )13 | 0.5 |
| Ander | 1 | 0.6 | 1 | 0.3 | 3 | 0.4 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 5) | 0.3 |
| Totaal | 154 | 100.0 | 395 | 100.0 | 789 | 100.0 | 103 | 100.0 | 59 | 100.0 | 1500 | 100.0 |

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



organisasies belang stel en die doelstellings daarvan nastreef, proporsioneel styg namate die onderwyskwalifikasies toeneem, en wel vanaf 3.9 persent by diegene met kwalifikasies laer as standerd 6, tot 13.6 persent by die persone wat oor 'n graad beskik. Dieselfde tendens tree na vore waar die rede vir aansluiting gaan om die ondersteuning en bevordering van die Afrikaanse kultuur. Agtien punt ses (18.6) persent van diegene met 'n universiteitsgraad het bogemelde as rede aangevoer, teenoor 1.9 persent van diegene met kwalifikasies laer as standerd 6.

Dit skyn dus asof daar 'n positiewe verband tussen onderwyskwalifikasies en lidmaatskap van - asook rede vir lidmaatskap van - Afrikaanse kultuurorganisasies, bestaan.

'n Moontlike verklaring hiervoor mag geleë wees in die feit dat diegene met hoër onderwyskwalifikasies vanweë die omstandighede waarin hulle verkeer, meer geleentheid het om intensief en aktief met die kultuur van die Afrikaner kennis te maak, moontlik ook met die bedreiginge ten aansien van die Afrikanerkultuur, en daarom die dringende noodsaaklikheid om die Afrikaanse kultuur te handhaaf en uit te bou, besef. Moontlik het diegene vanweë die noue kontak met die kultuur van die Afrikaner ook groter waardering vir die volkseie en volksverlede met 'n daaruitvoortvloeiende besef van die waarde en betekenis van sodanige kultuurorganisasies. Hierdie persone beweeg ook dikwels op 'n heel ander kulturele vlak in die samelewing waar die Afrikaanse kultuur en volkseie pertinenter op die voorgrond tree. Daar moet ook in gedagte gehou word dat hierdie persone moontlik oor meer

kennis / .....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



kennis aangaande die Afrikaner, sy wording, ontwikkeling en stryd beskik. Kennis bring insig en sodanige insig kan moontlik lei tot 'n behoudende en handhawende ingesteldheid wat onder meer tot uiting kan kom in lidmaatskap van Afrikaanse kultuurorganisasies.

(iii) Rede vir aansluiting by Afrikaanse kultuurorganisasies, volgens die ouderdomsverdeling van die ondersoekgroep

Vervolgens sal die ondersoekgroep se rede vir aansluiting by 'n Afrikaanse kultuurorganisasie volgens hulle ouderdom ontleed word (tabel 15).

Hierdie tabel bring aan die lig dat 82.4 persent van diegene in die ouderdomsgroep 30 tot 49 jaar aan geen Afrikaanse kultuurorganisasie behoort nie, teenoor 84.5 persent van diegene in die ouderdomsgroep 50 tot 60 jaar en ouer en 86.5 persent van diegene in die ouderdomsgroep 18 tot 29 jaar. Dit val dus op, hoewel die persentuele verskille klein is, dat die ouderdomsgroep 30 tot 49 jaar oor die laagste persentasie nie-lidmaatskap beskik en ook dat die ouderdomsgroep 50 tot 60 jaar en ouer oor 'n laer persentasie nie-lidmaatskap beskik as die jongste ouderdomsgroep. Die negatiefste bevinding kom dus voor by die jongste ouderdomsgroep. Hierdie bevinding stem met die van Breedt ooreen. Hy bevind ook dat 'n hoë persentasie jeugdiges van geen kultuurorganisasie lede is nie. Volgens hom val 73.3 persent van die jongmense (16-25 jaar) wat ondervra is in hierdie groep (Vgl. 72,pp.327 en 328).

Wanneer gelet word op die redes waarom die ondersoekgroep

by / .....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

TABEL 15

DIE REDES VIR AANSLUITING BY 'N AFRIKAANSE KULTUURORGANISASIE(S) VOLGENS DIE OUDERDOMSVERDELING VAN DIE ONDERSOEKGROEP

| REDE VIR AANSLUITING BY 'N AFRIKAANSE KULTUURORGANISASIE(S) | OUDERDOMSVERDELING VAN DIE ONDERSOEKGROEP | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 18 tot 29 jaar | | 30 tot 49 jaar | | 50 tot 60 jaar en ouer | | | |
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| N.v.t., behoort aan geen Afrikaanse kultuurorganisasie nie | 346 | 86.5 | 572 | 82.4 | 343 | 84.5 | 1261 | 84.1 |
| Omdat ek uitgenooi is om aan te sluit | 5 | 1.3 | 22 | 3.2 | 15 | 3.7 | 42 | 2.8 |
| Omdat ek daarin belang stel en die doelstellings van die organisasie nastreef | 15 | 3.8 | 45 | 6.5 | 23 | 5.7 | 83 | 5.5 |
| Omdat ek die Afrikaanse kultuur wil ondersteun en bevorder | 8 | 2.0 | 39 | 5.6 | 14 | 3.4 | 61 | 4.1 |
| Omdat ek deur ouers of vriende verplig is om aan te sluit | 3 | 0.8 | 4 | 0.6 | 1 | 0.2 | 8 | 0.5 |
| Om die gesellige sosiale verkeer | 12 | 3.0 | 3 | 0.4 | 3 | 0.7 | 18 | 1.2 |
| Omdat ek tuis voel onder mede-Afrikaners | 7 | 1.8 | 4 | 0.6 | 3 | 0.7 | 14 | 0.9 |
| Ek weet nie | 2 | 0.5 | 5 | 0.7 | 1 | 0.2 | 8 | 0.5 |
| Ander | 2 | 0.5 | 0 | 0.0 | 3 | 0.7 | 5 | 0.3 |
| Totaal | 400 | 100.0 | 694 | 100.0 | 406 | 100.0 | 1500 | 100.0 |

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



by Afrikaanse kultuurorganisasies aangesluit het, val dit op dat 6.5 persent van diegene in die ouderdomsgroep 30 tot 49 jaar aangesluit het omdat hulle in sodanige organisasies belang stel en die doelstellings daarvan nastreef, teenoor 5.7 persent in die ouderdomsgroep 50 tot 60 jaar en ouer en 3.8 persent in die ouderdomsgroep 18 tot 29 jaar. Van diegene wat by Afrikaanse kultuurorganisasies aangesluit het omdat hulle die Afrikaanse kultuur wil ondersteun en bevorder val 5.6 persent in die ouderdomsgroep 30 tot 49 jaar, 3.4 persent in die ouderdomsgroep 50 tot 60 jaar en ouer en 2.0 persent in die ouderdomsgroep 18 tot 29 jaar.

Uit die bevindinge soos hierbo uiteengesit, val dit op dat die ouderdomsgroep 30 tot 49 jaar klaarblyklik die positiefste ingestel is teenoor Afrikaanse kultuurorganisasies. Die ouderdomsgroep 50 tot 60 jaar en ouer is positiewer ingestel as die groep 18 tot 29 jaar, maar nie so positief as die groep 30 tot 49 jaar nie.

'n Verklaring vir hierdie bevinding kan miskien in die positiewe invloed wat van die gebeure in die tydperk 1938 tot 1949 uitgegaan het, gevind word. Diegene in die ouderdomsgroep 30 tot 49 jaar het hierdie tydperk waarin gebeure soos die 1938 Simboliese Ossewatrek, Nasionale Party oorwinning en andere, plaasgevind het, persoonlik beleef. Dit was 'n tydperk waarin daar 'n hewige stryd vir die Afrikanersaak gevoer is. Die Voortrekkereeufees het die Afrikanervolk, wat in daardie stadium deur ondergang bedreig is, geestelik herbewapen en die volk opnuut van sy Afrikanerskap bewus gemaak. Kapp meen byvoorbeeld: „.... in die geskiedenis

van / .....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



van die Afrikanervolk, sal die jaar 1938 altyd bekend staan as die jaar van die groot belewing. Die jaar 1938 het in die siel van die Afrikanervolk 'n roering veroorsaak waarvan die nawerking vandag nog gevoel word" (93,p.11). Voorts beweer hy: „Dit was asof die Afrikaner in 1938 'n beklemming van hom afgeskud het en meteens besef het dat hy tot groter dinge in staat is. Sy wortels het dieper grond gevind wat hom tot vrugbaarder groei in staat gestel het" (95,p.6 ). Die gebeure en stryd daarna, die oorwinning van die Nasionale Party het alles bygedra tot vurige Afrikanerbewustheid. Daar moet onthou word dat diegene in die ouderdomsgroep 30 tot 49 jaar in hierdie tydperk in 'n besondere lewenskragtige stadium van hulle lewe was - 'n stadium wat gekenmerk word deur vurigheid, intense meebelewenis met dit wat hulle aangryp en 'n stadium waarin die mens baie vatbaar is vir beïnvloeding. Waar die respondente in die ouderdomsgroepe 30 tot 49 jaar hierdie gebeurtenisse meegemaak het, kan dit wees dat die invloed daarvan vandag nog by hulle tot uiting kom met 'n gevolglike positiewer ingesteldheid teenoor Afrikaanse kultuurorganisasies as die jonger ouderdomsgroep. Diegene in die ouderdomsgroep 30 tot 49 jaar wat ten tye van die gebeure in hierdie tydperk te jonk was om direk daardeur beïnvloed te word, het moontlik in 'n atmosfeer van 'n nuwe Afrikanerbewustheid hulle wordingsjare deurgemaak, en na alle waarskynlikheid is die positiewe houding van hulle ouers, wat 'n direkte uitvloeisel van hierdie gebeure was, op hulle oorgeplaas. In hierdie gevalle kan dit ook wees dat die ingesteldheid wat in daardie

jare / .....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



jare by hulle vasgelê is vandag steeds deel van hulle is en dat die Afrikanersaak daarom vandag nog by hulle swaar weeg.

(c) Die redes waarom die ondersoekgroep tans aan geen Afrikaanse Kultuurorganisasie behoort nie

In hierdie afdeling sal nagegaan word waarom die ondersoekgroep tans aan geen Afrikaanse kultuurorganisasies behoort nie. 'n Vraag in hierdie verband is aan hulle gevra en die gegewens op hierdie vraag (vraag B.3) sal vervolgens volgens die geslag, onderwyskwalifikasies, huistaal in die ouerhuis en ouderdom van die ondersoekgroep ontleed word, asook volgens die aanmoediging van die ondersoekgroep om na hulle skoolloopbaan by 'n Afrikaanse kultuurorganisasie aan te sluit.

(i) Die rede waarom die ondersoekgroep tans aan geen Afrikaanse kultuurorganisasie behoort nie, volgens geslag ontleed

Tabel 16 gee 'n ontleding van die ondersoekgroep se redes vir die feit dat hulle tans aan geen Afrikaanse kultuurorganisasie behoort nie, volgens hulle geslag.

Uit die gegewens van hierdie tabel kan die volgende afgelei word: Die grootste enkele persentasie van die ondersoekgroep (26.3) behoort tans aan geen Afrikaanse kultuurorganisasie nie omdat hulle nie tyd het nie, hoewel hulle tog daarin belang stel. Die tweede grootste enkele persentasie (13.8) skryf hulle nie-lidmaatskap aan Afrikaanse kultuurorganisasies toe aan 'n algehele gebrek in belangstelling daarin, gevolg deur 11.7 persent in wie se geval werksomstandighede lidmaatskap verhoed, 10.9 persent by wie gesins-

omstandighede / .....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



TABEL 16

DIE HOOFREDE WAAROM DIE ONDERSOEKGROEP AAN GEEN AFRIKAANSE KULTUURORGANISASIE(S) BEHOORT NIE VOLGENS GESLAG

| | HOOFREDE WAAROM DIE ONDERSOEKGROEP AAN GEEN AFRIKAANSE KULTUURORGANISASIE BEHOORT NIE | GESLAG VAN DIE ONDERSOEKGROEP | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | Manlik | | Vroulik | | | |
| | | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| a) | Nie van toepassing, is tans lid | 158 | 21.1 | 81 | 10.8 | 239 | 15.9 |
| b) | Ek het nie tyd nie maar stel wel belang | 203 | 27.1 | 192 | 25.5 | 395 | 26.3 |
| c) | Ek stel glad nie belang nie | 104 | 13.9 | 103 | 13.7 | 207 | 13.8 |
| d) | Sluit liewer by ander soort organisasie aan (ontspanning, sosiale, ens.) | 7 | 0.9 | 7 | 0.9 | 14 | 0.9 |
| e) | Ek is nog nie genader om aan te sluit nie | 52 | 7.0 | 44 | 5.9 | 96 | 6.4 |
| f) | Siekte verhoed dit | 18 | 2.4 | 42 | 5.6 | 60 | 4.0 |
| g) | Werksomstandighede verhoed dit | 115 | 15.4 | 60 | 8.0 | 175 | 11.7 |
| h) | Gesinsomstandighede (bv. kinders, huishouding, ens.) verhoed dit | 12 | 1.6 | 151 | 20.1 | 163 | 10.9 |
| i) | Ek is te oud | 51 | 6.8 | 40 | 5.3 | 91 | 6.1 |
| j) | Ek kan dit nie bekostig nie | 3 | 0.4 | 2 | 0.3 | 5 | 0.3 |
| k) | Dit het vir my geen waarde nie | 3 | 0.4 | 0 | 0.0 | 3 | 0.2 |
| l) | Ek weet nie | 20 | 2.7 | 22 | 2.9 | 42 | 2.8 |
| m) | Ander | 2 | 0.3 | 8 | 1.1 | 10 | 0.7 |
| | Totaal | 748 | 100.0 | 752 | 100.0 | 1500 | 100.0 |

$X^2$: 179.4189, P < 1%

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



omstandighede hulle van lidmaatskap weerhou, 6.4 persent wat nie genader is om aan te sluit nie en 6.1 persent wat aangedui het dat hulle te oud is. Twee punt agt (2.8) persent is onkundig met betrekking tot die rede waarom hulle tans aan geen Afrikaanse kultuurorganisasie behoort nie en vir slegs 0.2 persent het sodanige lidmaatskap geen waarde nie. Vyftien punt nege (15.9) persent is tans lede van een of ander Afrikaanse kultuurorganisasie.

Wanneer die persentasie respondente wat tans lede is van Afrikaanse kultuurorganisasies (15.9) en die persentasie van diegene wat nie tyd het om by sodanige organisasies aan te sluit nie, maar tog daarin belang stel (26.3), saamgevoeg word, val dit op dat 42.2 persent van die ondersoekgroep moontlik gunstig teenoor Afrikaanse kultuurorganisasies ingestel is.

Wanneer die ondersoekgroep se redes vir die feit dat hulle tans lede van geen Afrikaanse kultuurorganisasie is nie, soos vervat in tabel 16, saamgevoeg word, blyk dit dat die samevoeging van redes (b), (f), (g), (h), (i) en (j) daarop dui dat 59.3 persent van die respondente nie om persoonlike afkeur, maar om redes wat in 'n mate buite hulle beheer lê, nie aan Afrikaanse kultuurorganisasies behoort nie. Hierdie redes kan egter nie ten volle as verontskuldiging vir die nie-lidmaatskap dien nie. 'n Persoon wat werklik en intensief in Afrikaanse kultuurorganisasies belang stel sal op een of ander wyse tyd daarvoor inruim. Redes (c), (d), (k) en (l) dui op 'n sterk negatiewe ingesteldheid teenoor Afrikaanse kultuurorganisasies.

Hierdie / .....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Hierdie redes is deur 17.7 persent van die ondersoekgroep aangedui vir die feit dat hulle tans aan geen Afrikaanse kultuurorganisasie behoort nie. „Ek weet nie" (as rede) is by hierdie groep ingevoeg omdat 'n persoon wat onkundig is met betrekking tot sy nie-lidmaatskap, geag word nie in die georganiseerde Afrikaanse kultuurlewe belang te stel nie. Belangstelling - selfs in 'n baie beperkte mate en selfs negatief van aard, - sal meebring dat 'n persoon weet waarom of waarom nie, hy nie op 'n bepaalde wyse optree.

Ten opsigte van die geslagte, blyk dat daar in die meerderheid van die gevalle by die onderskeie redes ten aansien van die nie-lidmaatskap van Afrikaanse kultuurorganisasies, persentueel gesproke, nie veel verskil tussen die manlikes en vroulikes bestaan nie. Die ooglopendste persentuele verskil tussen die manlikes en vroulikes tree na vore by die redes „werksomstandighede verhoed dit" en „gesinsomstandighede (kinders, huishouding, ens.) verhoed dit". Dit blyk dat 'n groter persentasie manlikes (15.4 persent) as vroulikes (8.0 persent) vanweë werksomstandighede tans aan geen Afrikaanse kultuurorganisasie behoort nie. Die teendeel hiervan, naamlik dat 'n groter persentasie vroulikes (20.1 persent) as manlikes (1.6 persent) tans vanweë gesinsomstandighede aan geen Afrikaanse kultuurorganisasie behoort nie, spreek ook uit hierdie tabel (tabel 16 ).

Moontlike verklarings vir hierdie twee bevindinge is onder andere geleë in die feit dat die hele samelewingsopset onverbiddelik van elke man verwag dat hy na afloop van sy

skool- / .....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

skool- en akademiese opleiding hom tot die beroepsarbeid sal wend. Die samelewing verwag verder ook van elke getroude man dat hy sal sorg vir sy gesin se welstand. Dit doen hy langs die weg van finansiële gewin deur middel van die beroepsarbeid. Met die vroulikes is dit anders gesteld. Van haar word verwag om voor die huwelik 'n plek in die arbeidsmark in te neem. Na die huwelik is hierdie verwagting egter nie so onverbiddelik nie. Manlikes sal dus uiteraard vir 'n groter persentasie as vroulikes in die beroepsarbeid staan en derhalwe meer as die vroulikes in hulle bedrywighede buite die beroepsverband, deur hulle beroep beperk word. Hierby moet verder in gedagte gehou word dat daar wesenlike verskille tussen die beroepe van manlikes en vroulikes bestaan. Die man se beroep vorm 'n aktueler deel en speel 'n groter rol in sy lewe as in die geval van die vrou. Sy algemene vooruitgang hang ten nouste saam met die vooruitgang wat hy in sy beroep maak. Die man se beroep geniet 'n sentrale plek in sy lewe, dit is daar waar hy homself moet bewys en sukses moet behaal. Met die vroulikes is dit egter anders gesteld. In die meerderheid gevalle is dit nie so 'n absolute noodsaaklikheid dat sy sal werk nie. Haar beroep speel nie so 'n direkte bepalende rol met betrekking tot haar toekoms nie; haar lewe word nie so direk deur haar beroep geraak as in die geval van die man nie. Sy kan meestal na willekeur en sonder diepgaande gevolge haar beroepsarbeid beëindig.

In die lig van die voorgenoemde is dit duidelik dat manlikes meer as vroulikes op beroepsukses ingestel is en

daarom / .....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



daarom ook dat 'n groter deel van hulle aandag en lewe deur hulle beroep in beslag geneem word. Bogenoemde verklaar moontlik waarom 'n groter persentasie manlikes as vroulikes vanweë werksomstandighede tans lede is van geen Afrikaanse kultuurorganisasie nie.

Met gesinsomstandighede is die teendeel van wat hierbo genoem is waar. Die vrou word waarskynlik meer in beslag geneem deur haar huisgesin (kinders, huishouding ens.) as die man. In die huis, sover dit die direkte huishouding, kinderversorging ensomeer betref, rus meer pligte en verantwoordelikhede op die skouers van die vrou as op die van die man. Daarom ook dat 'n veel groter persentasie vroulikes as manlikes weens gesinsomstandighede aan geen Afrikaanse kultuurorganisasie behoort nie.

Uit tabel 16 val dit ten slotte op dat 'n groter persentasie manlikes as vroulikes lede is van Afrikaanse kultuurorganisasies (21.1 persent manlikes teenoor slegs 10.8 persent vroulikes). Hierdie bevinding is reeds vroeër bespreek (vgl. afd. b (i)) en dus word daarmee volstaan.

(ii) Die redes waarom die ondersoekgroep tans aan geen Afrikaanse kultuurorganisasies behoort nie, volgens hulle onderwyskwalifikasies ontleed

In tabel 17 word die ondersoekgroep se redes vir die feit dat hulle tans aan geen Afrikaanse kultuurorganisasie behoort nie, volgens hulle onderwyskwalifikasies ontleed.

Uit die gegewens van tabel 17 val dit op dat daar 'n duidelike positiewe verband tussen onderwyskwalifikasies en

lidmaatskap / .....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## TABEL 17

### DIE HOOFREDE WAAROM DIE ONDERSOEKGROEP AAN GEEN AFRIKAANSE KULTUURORGANISASIE BEHOORT NIE VOLGENS ONDERWYSKWALIFIKASIES

| HOOFREDE WAAROM DIE ONDERSOEKGROEP AAN GEEN AFRIKAANSE KULTUURORGANISASIE BEHOORT NIE | ONDERWYSKWALIFIKASIES VAN DIE ONDERSOEKGROEP | | | | | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Laer as st. 6 | | St. 6 tot st. 7 of 'n gelykwaardige sertifikaat | | St. 8 of st. 10 of 'n gelykwaardige sertifikaat | | 'n Diploma of sertifikaat of ander opvoedkundige kwalifikasie na st. 10 behaal | | 'n Universiteitsgraad | | | |
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| Nie van toepassing, is tans lid | 16 | 10.4 | 43 | 10.9 | 123 | 15.6 | 28 | 27.2 | 29 | 49.2 | 239 | 15.9 |
| Het nie tyd nie maar stel wel belang | 18 | 11.7 | [illegible] | 23.5 | 237 | 30.0 | 35 | 34.0 | 12 | 20.3 | 395 | 26.3 |
| Stel glad nie belang nie | 21 | 13.6 | 78 | 19.7 | 95 | 12.0 | 10 | 9.7 | 3 | 5.1 | 207 | 13.8 |
| Sluit liewer by ander soort organisasie aan | 0 | 0.0 | 1 | 0.3 | 10 | 1.3 | 3 | 2.9 | 0 | 0.0 | 14 | 0.9 |
| Ek is nog nie genader om aan te sluit nie | 12 | 7.8 | 25 | 6.3 | 45 | 5.7 | 10 | 9.7 | 4 | 6.8 | 96 | 6.4 |
| Siekte verhoed dit | 15 | 9.7 | 20 | 5.1 | 22 | 2.8 | 0 | 0.0 | 3 | 5.1 | 60 | 4.0 |
| Werksomstandighede verhoed dit | 17 | 11.0 | 41 | 10.4 | 107 | 13.6 | 6 | 5.8 | 4 | 6.8 | 175 | 11.7 |
| Gesinsomstandighede verhoed dit | 7 | 4.5 | 51 | 12.9 | 96 | 12.2 | 8 | 7.8 | 1 | 1.7 | 163 | 10.9 |
| Ek is te oud | 41 | 26.6 | 29 | 7.3 | 17 | 2.2 | 2 | 1.9 | 2 | 3.4 | 91 | 6.1 |
| Ek kan dit nie bekostig nie | 3 | 1.9 | 0 | 0.0 | 2 | 0.3 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 5 | 0.3 |
| Dit het vir my geen waarde nie | 0 | 0.0 | 2 | 0.5 | 1 | 0.1 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 3 | 0.2 |
| Ek weet nie | 4 | 2.6 | 8 | 2.0 | 28 | 3.5 | 1 | 1.0 | 1 | 1.7 | 42 | 2.8 |
| Ander | 0 | 0.0 | 4 | 1.0 | 6 | 0.8 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 10 | 0.7 |
| Totaal | 154 | 100.0 | 395 | 100.0 | 789 | 100.0 | 103 | 100.0 | 59 | 100.0 | 1500 | 100.0 |

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



lidmaatskap van Afrikaanse kultuurorganisasies bestaan. Die persentasie respondente wat tans lede van sodanige organisasies is, styg namate hulle onderwyskwalifikasies toeneem. So blyk dat 49.2 persent van diegene wat 'n universiteitsgraad behaal het aan Afrikaanse kultuurorganisasies behoort, teenoor slegs 10.4 persent en 10.9 persent van diegene wat onderskeidelik oor onderwyskwalifikasies laer as standerd 6 en standerd 6 en 7 beskik. 'n Moontlike verklaring wat waarskynlik op hierdie bevinding betrekking het is in afdeling b (ii) van die onderhawige hoofstuk bespreek en kom kortliks daarop neer dat diegene met hoër onderwyskwalifikasies meer geleentheid het om intensief en aktief met die kultuur, asook met die bedreiginge ten aansien van die kultuur van die Afrikaner kennis te maak. Moontlik beskik hulle ook oor meer kennis aangaande die Afrikaanse kultuur. Gevolglik besef hulle wat die waarde en betekenis van Afrikaanse kultuurorganisasies is en gee uiting aan hierdie besef by wyse van steungewing deur lidmaatskap.

Uit tabel 17 blyk dit verder dat 11.7 persent van diegene met kwalifikasies laer as standerd 6, 23.5 persent met standerd 6 en 7, 30.0 persent met standerd 8 tot 10, 34.0 persent met 'n diploma of sertifikaat of 'n ander onderwyskwalifikasie na standerd 10 behaal, en 20.3 persent met 'n universiteitsgraad, aan geen Afrikaanse kultuurorganisasie behoort nie omdat hulle nie tyd het nie, hoewel hulle daarin belangstel.

Met betrekking tot diegene wat glad nie in Afrikaanse kultuurorganisasies belang stel nie, is 'n dalende tendens

met / .....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



met 'n styging in die onderwyskwalifikasies waarneembaar met die uitsondering dat 'n groter persentasie respondente wat standerd 6 en 7 onderwyskwalifikasies behaal het (19.7 persent) as diegene met kwalifikasies laer as standerd 6 (13.6 persent) om hierdie rede aan geen Afrikaanse kultuur-organisasie behoort nie. Dit blyk byvoorbeeld dat slegs 5.1 persent van die respondente wat oor 'n universiteits-graad beskik, teenoor 19.7 persent van diegene met standerd 6 en 7 onderwyskwalifikasies tans aan geen Afrikaanse kultuurorganisasie behoort nie omrede hulle geensins daarin belang stel nie.

Uit wat hierbo gesê is, is dit geregverdig om tot die slotsom te geraak dat 'n toename in onderwyskwalifikasies oor die algemeen tot 'n positiewe en behoudende ingesteld-heid teenoor die Afrikanereie en Afrikanerkultuur, en in die besonder, voortvloeiend uit voorgenoemde ingesteldheid, tot Afrikaanse kultuurorganisasie lei. Bostaande verklaring het moontlik hier ook toepassing.

(iii) <u>Die redes waarom die ondersoekgroep tans aan geen Afrikaanse kultuurorganisasie behoort nie, volgens die huistaal in hulle ouerhuis ontleed</u>

Tabel 18, wat 'n beeld gee van die ondersoekgroep se redes vir die feit dat hulle tans aan geen Afrikaanse kultuurorganisasie behoort nie volgens die huistaal in hulle ouerhuis, bring die volgende na vore.

Veertig punt ses (40.6) persent van diegene met Afrikaans en Engels, 26.2 persent van diegene met slegs Afrikaans en 25.0 persent van dié met slegs Engels as

huistaal / .....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

TABEL 18

DIE HOOFREDE WAAROM DIE ONDERSOEKGROEP AAN GEEN AFRIKAANSE KULTUURORGANISASIE BEHOORT NIE VOLGENS DIE HUISTAAL IN HULLE OUERHUIS

| HOOFREDE WAAROM DIE ONDERSOEKGROEP AAN GEEN AFRIKAANSE KULTUURORGANISASIE BEHOORT NIE | HUISTAAL IN DIE OUERHUIS VAN DIE ONDERSOEKGROEP | | | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Afrikaans | | Engels | | Afrikaans en Engels | | Ander | | | |
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| Nie van toepassing, is tans lid | 236 | 16.6 | 1 | 3.6 | 0 | 0.0 | 2 | 13.3 | 239 | 15.9 |
| Het nie tyd nie maar stel wel belang | 373 | 26.2 | 7 | 25.0 | 13 | 40.6 | 2 | 13.3 | 395 | 26.3 |
| Stel glad nie belang nie | 193 | 13.5 | 6 | 21.4 | 3 | 9.4 | 5 | 33.3 | 207 | 13.8 |
| Sluit liewer by ander soort organisasie aan | 11 | 0.8 | 1 | 3.6 | 2 | 6.3 | 0 | 0.0 | 14 | 0.9 |
| Ek is nog nie genader om aan te sluit nie | 91 | 6.4 | 1 | 3.6 | 2 | 6.3 | 2 | 13.3 | 96 | 6.4 |
| Siekte verhoed dit | 53 | 3.7 | 2 | 7.1 | 4 | 12.5 | 1 | 6.7 | 60 | 4.0 |
| Werksomstandighede verhoed dit | 168 | 11.8 | 5 | 17.9 | 1 | 3.1 | 1 | 6.7 | 175 | 11.7 |
| Gesinsomstandighede verhoed dit | 155 | 10.9 | 3 | 10.7 | 4 | 12.5 | 1 | 6.7 | 163 | 10.9 |
| Ek is te oud | 88 | 6.2 | 1 | 3.6 | 1 | 3.1 | 1 | 6.7 | 91 | 6.1 |
| Ek kan dit nie bekostig nie | 5 | 0.4 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 5 | 0.3 |
| Dit het vir my geen waarde nie | 3 | 0.2 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 3 | 0.2 |
| Ek weet nie | 39 | 2.7 | 1 | 3.6 | 2 | 6.3 | 0 | 0.0 | 42 | 2.8 |
| Ander | 10 | 0.7 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 10 | 0.7 |
| Totaal | 1425 | 100.0 | 28 | 100.0 | 32 | 100.0 | 15 | 100.0 | 1500 | 100.0 |

$X^2$ : 49.1816, $P < 5\%$

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



huistaal in hulle ouerhuis verklaar dat hulle, hoewel hulle daarin belang stel, tans aan geen Afrikaanse kultuurorganisasie behoort nie omdat hulle nie tyd daarvoor het nie. Slegs 13.5 persent van diegene met Afrikaans as huistaal in hulle ouerhuis, in vergelyking met 21.9 persent van diegene in wie se ouerhuise Engels as huistaal geld (gegeld het), verklaar dat hulle weens die feit dat hulle glad nie belang stel nie, tans aan geen Afrikaanse kultuurorganisasie behoort nie. Slegs 9.4 persent van diegene met Afrikaans en Engels as huistaal in hulle ouerhuis voer hierdie rede as hoofrede aan.

Hoewel daar duidelike persentuele verskille by sommige van die oorblywende redes voorkom, word 'n ontleding daarvan agterweë gelaat omrede daar geen direkte verband tussen hierdie redes en die taalveranderlikes bestaan nie.

Die algemene afleiding wat op grond van bogemelde bevindinge gemaak kan word is dat daar skynbaar 'n positiewer beïnvloeding van ouerhuise waar slegs Afrikaans as huistaal gebesig word (is), teenoor Afrikaanse kultuurorganisasies uitgaan, as van daardie ouerhuise waar slegs Engels as huistaal geld (gegeld het). Bloot vanweë sy piëteitsgevoel teenoor die Afrikanerdom, kan verwag word dat die suiwere of uitsluitlike Afrikaanse ouerhuis hom in 'n groter mate as die suiwere Engelse ouerhuise met die Afrikanervolk en -kultuur, daarom ook Afrikaanse kultuurorganisasies, sal en kan vereenselwig en identifiseer. Derhalwe sal sodanige ouerhuis waarskynlik in 'n groter mate as die suiwere Engelse ouerhuis 'n positief beïnvloedende houding teenoor

die / .....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die Afrikanereie, waarby Afrikaanse kultuurorganisasies inbegrepe is, inneem.

(iv) Die redes waarom die ondersoekgroep tans aan geen Afrikaanse kultuurorganisasie behoort nie, volgens ouderdom ontleed

Tabel 19, wat op bovermelde betrekking het, bring die volgende na vore:

Dit blyk dat meer persone in die ouderdomsgroep 35 tot 49 jaar tans aan een of ander Afrikaanse kultuurorganisasie behoort (18.1 persent), as diegene in die ouderdomsgroepe 18 tot 34 jaar (14.6 persent) en 50 tot 60 jaar en ouer (15.3 persent).

Ten opsigte van die ondersoekgroep se redes vir hulle nie-lidmaatskap, blyk dat 'n groter persentasie respondente in die middeljarige ouderdomsgroep (32.6 persent) as diegene in die jonger en ouer ouderdomsgroepe (27.9 persent en 16.5 persent onderskeidelik), aangedui het dat, hoewel hulle tans weens 'n gebrek aan tyd aan geen Afrikaanse kultuurorganisasie behoort nie, hulle tog daarin belang stel. Uit hierdie bevindinge wil dit dus voorkom asof die middeljarige ouderdomsgroep die positiefste ingestel is teenoor Afrikaanse kultuurorganisasies.

Hierteenoor openbaar die jongste ouderdomsgroep (18 tot 34 jaar) die negatiefste ingesteldheid teenoor Afrikaanse kultuurorganisasies. So, byvoorbeeld, verklaar 16.4 persent van diegene in die ouderdomsgroep 18 tot 34 jaar dat hulle tans aan geen Afrikaanse kultuurorganisasie behoort nie omrede hulle geensins daarin belang stel nie,

teenoor / .....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

TABEL 19

DIE HOOFREDE WAAROM DIE ONDERSOEKGROEP AAN GEEN AFRIKAANSE KULTUURORGANISASIE BEHOORT NIE VOLGENS OUDERDOM

| HOOFREDE WAAROM DIE ONDERSOEKGROEP AAN GEEN AFRIKAANSE KULTUURORGANISASIE BEHOORT NIE | OUDERDOM VAN DIE ONDERSOEKGROEP | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 18 tot 24 jaar | | 25 tot 29 jaar | | 30 tot 34 jaar | | Subtotaal | | 35 tot 39 jaar | | 40 tot 44 jaar | | 45 tot 49 jaar | | Subtotaal | | 50 tot 54 jaar | | 55 tot 59 jaar | | 60 jaar en ouer | | Subtotaal | | | |
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| Nie van toepassing, is tans lid | 39 | 18.6 | 18 | 9.5 | 31 | 15.3 | 88 | 14.6 | 33 | 18.0 | 27 | 19.0 | 29 | 17.5 | 89 | 18.1 | 29 | 18.8 | 12 | 15.2 | 21 | 12.1 | 62 | 15.3 | 239 | 15.9 |
| Het nie tyd nie maar stel wel belang | 47 | 22.4 | 58 | 30.5 | 63 | 31.0 | 168 | 27.9 | 64 | 35.0 | 42 | 29.6 | 54 | 32.5 | 160 | 32.6 | 35 | 22.7 | 15 | 19.0 | 17 | 9.8 | 67 | 16.5 | 395 | 26.3 |
| Stel glad nie belang nie | 46 | 21.9 | 30 | 15.8 | 23 | 11.3 | 99 | 16.4 | 24 | 13.1 | 19 | 13.4 | 17 | 10.2 | 60 | 12.2 | 23 | 14.9 | 8 | 10.1 | 17 | 9.8 | 48 | 11.8 | 207 | 13.8 |
| Sluit liewer by ander soort organisasie aan | 3 | 1.4 | 2 | 1.1 | 3 | 1.5 | 8 | 1.3 | 2 | 1.1 | 1 | 0.7 | 1 | 0.6 | 4 | 0.8 | 2 | 1.3 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 2 | 0.5 | 14 | 0.9 |
| Ek is nog nie genader om aan te sluit nie | 20 | 9.5 | 19 | 10.0 | 8 | 3.9 | 47 | 7.8 | 11 | 6.0 | 8 | 5.6 | 9 | 5.4 | 28 | 5.7 | 9 | 5.9 | 3 | 3.8 | 9 | 5.2 | 21 | 5.2 | 96 | 6.4 |
| Siekte verhoed dit | 3 | 1.4 | 1 | 0.5 | 3 | 1.5 | 7 | 1.2 | 0 | 0.0 | 1 | 0.7 | 8 | 4.8 | 9 | 1.8 | 13 | 8.4 | 7 | 8.9 | 24 | 13.9 | 44 | 10.8 | 60 | 4.0 |
| Werksomstandighede verhoed dit | 21 | 10.0 | 21 | 11.1 | 37 | 18.2 | 79 | 13.1 | 19 | 10.4 | 22 | 15.5 | 17 | 10.2 | 58 | 11.8 | 19 | 12.3 | 11 | 13.9 | 8 | 4.6 | 38 | 9.4 | 175 | 11.7 |
| Gesinsomstandighede verhoed dit | 18 | 8.6 | 35 | 18.4 | 30 | 14.8 | 83 | 13.8 | 24 | 13.1 | 13 | 9.2 | 20 | 12.0 | 57 | 11.6 | 14 | 9.1 | 6 | 7.6 | 3 | 1.7 | 23 | 5.7 | 163 | 10.9 |
| Ek is te oud | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 3 | 1.8 | 3 | 0.6 | 5 | 3.2 | 12 | 15.2 | 71 | 41.0 | 88 | 21.7 | 91 | 6.1 |
| Ek kan dit nie bekostig nie | 1 | 0.5 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 1 | 0.2 | 1 | 0.5 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 1 | 0.2 | 1 | 0.7 | 1 | 1.3 | 1 | 0.6 | 3 | 0.7 | 5 | 0.3 |
| Dit het vir my geen waarde nie | 1 | 0.5 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 1 | 0.2 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 1 | 0.6 | 1 | 0.2 | 0 | 0.0 | 1 | 1.3 | 0 | 0.0 | 1 | 0.2 | 3 | 0.2 |
| Ek weet nie | 9 | 4.3 | 6 | 3.2 | 5 | 2.5 | 20 | 3.3 | 4 | 2.2 | 8 | 5.6 | 4 | 2.4 | 16 | 3.3 | 2 | 1.3 | 3 | 3.8 | 1 | 0.6 | 6 | 1.5 | 42 | 2.8 |
| Ander | 2 | 1.0 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 2 | 0.3 | 1 | 0.5 | 1 | 0.7 | 3 | 1.8 | 5 | 1.0 | 2 | 1.3 | 0 | 0.0 | 1 | 0.6 | 3 | 0.7 | 10 | 0.7 |
| Totaal | 210 | 100.0 | 190 | 100.0 | 203 | 100.0 | 603 | 100.0 | 183 | 100.0 | 142 | 100.0 | 166 | 100.0 | 491 | 100.0 | 154 | 100.0 | 79 | 100.0 | 173 | 100.0 | 406 | 100.0 | 1500 | 100.0 |

$X^2$ : 601.3075, $P < 1\%$

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



teenoor 12.2 persent van diegene tussen 35 en 49 jaar en 11.8 persent van diegene in die ouderdomsgroep 50 tot 60 jaar en ouer.

Hierteenoor is 'n persentuele daling ten opsigte van diegene wat deur werksomstandighede verhoed word om tans aan 'n Afrikaanse kultuurorganisasie te behoort, met 'n styging in die ouderdom, waarneembaar (18 tot 34 jaar: 13.1 persent; 35 tot 49 jaar: 11.8 persent; 50 tot 60 jaar en ouer: 9.4 persent).

'n Moontlike verklaring vir hierdie tendens is die volgende: Oor die algemeen gesien is die mens op beroepsukses ingestel. Ten einde dit te bereik moet hy homself in sy beroep bewys, en dit gaan dikwels gepaard met vele opofferings - ook wat sy vrye tyd betref. Indien nou in gedagte gehou word dat dit veral die proefpersone in die jongste ouderdomsgroep en, hoewel in 'n mindere mate, dié in die middeljarige ouderdomsgroep is wat by toetrede tot 'n beroep hulleself nog moet bewys en derhalwe bereid moet wees om vele opofferings te maak, is dit te verstane waarom 'n groter persentasie van hulle as diegene in die oudste ouderdomsgroep deur hulle beroepe van lidmaatskap van Afrikaanse kultuurorganisasies weerhou word. Persone in die ouere ouderdomsgroep het óf reeds die aftree ouderdom bereik óf reeds 'n gevestigde posisie in hulle beroepe ingeneem.

'n Soortgelyke tendens as die wat hierbo vermeld is, is waarneembaar met betrekking tot diegene wat deur gesinsomstandighede verhoed word om tans aan 'n organisasie te

behoort / .....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

behoort. Dit blyk in hierdie verband dat 13.8 persent van die agtien tot vier-en-dertigjariges, 11.6 persent van die vyf-en-dertig tot nege-en-veertigjariges teenoor slegs 5.7 persent van diegene in die ouderdomsgroep 50 tot 60 jaar en ouer bogemelde as rede vir hulle nie-lidmaatskap aangevoer het. 'n Moontlike verklaring hiervoor lê waarskynlik daarin opgesluit dat die jonger ouderdomsgroepe se kinders waarskynlik jonger is as die van die ouer persone en derhalwe meer van hulle ouers se aandag en tyd in beslag neem.

Uit die bevindinge van hierdie tabel is dit dus geregverdig om tot die slotsom te geraak dat die middeljarige ouderdomsgroep (35 tot 49) die positiefste ingestel is teenoor Afrikaanse kultuurorganisasies terwyl die jongste ouderdomsgroep (18 - 34) die negatiefste ingesteldheid openbaar.

Die moontlike verklaring wat in afdeling b (iii) van die onderhawige hoofstuk aangebied is kan hier ook toepassing vind. Daar is, om dit kortliks saam te vat, gemeld dat die middeljarige ouderdomsgroep die tydperk 1938 tot 1949 tydens 'n baie beïnvloedbare en vurige stadium van hulle lewe, persoonlik beleef het. Hierdie tydperk word gekenmerk deur gebeure wat tot sterk Afrikanerbewustheid aanleiding gegee het. Dit kan wees dat die invloed van die gebeure in hierdie tydperk vandag nog by hulle tot uiting kom.

Hierby moet verder in gedagte gehou word dat die ouere ouderdomsgroep oor die algemeen waarskynlik voel dat hulle

reeds / .....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



reeds hulle deel gedoen en plig nagekom het en derhalwe sake wil oorlaat aan jonger persone. Die middeljarige ouderdomsgroep daarteenoor is nog in 'n lewenskragtige stadium van hulle lewe en aangesien hulle reeds gevestigde mense is en oor meer ervaring en bestendigheid beskik as die jongere proefpersone, wat merendeels op sosiale genietinge en plesier ingestel is, kan waarskynlik verwag word dat hulle in 'n groter mate by Afrikaanse kultuurorganisasies betrek sal word.

Vervolgens wil vasgestel word of die aanmoediging, al dan nie, van die ondersoekgroep op skool om na afloop van hulle skoolloopbaan by 'n Afrikaanse kultuurorganisasie aan te sluit, enige uitwerking op hulle lidmaatskap en redes vir nie-lidmaatskap van sodanige organisasies het. Hierdie gegewens is in tabel 20 vervat.

(v) Die redes waarom die ondersoekgroep tans aan geen Afrikaanse kultuurorganisasie behoort nie, ontleed volgens die aanmoediging op skool, al dan nie, om na afloop van die skoolopleiding by 'n Afrikaanse kultuurorganisasie aan te sluit

Die gegewens ten opsigte van diegene wat nie op skool was nie, sal met betrekking tot hierdie tabel buite rekening gelaat word aangesien die klem hoofsaaklik op die uitwerking van aanmoediging op skool, al dan nie, om na afloop van die skoolloopbaan by Afrikaanse kultuurorganisasies aan te sluit, val.

Uit die gegewens van tabel 20 blyk dit asof die

respondente / .....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

TABEL 20

DIE HOOFREDE WAAROM DIE ONDERSOEKGROEP AAN GEEN AFRIKAANSE KULTUURORGANISASIE BEHOORT NIE, VOLGENS AANGEMOEDIG OP SKOOL, AL DAN NIE, OM NA AFLOOP VAN HULLE SKOOLLOOPBAAN BY 'N AFRIKAANSE KULTUURORGANISASIE AAN TE SLUIT

| HOOFREDE WAAROM DIE ONDERSOEKGROEP AAN GEEN AFRIKAANSE KULTUURORGANISASIE BEHOORT NIE | AANMOEDIGING OP SKOOL OM NA SKOOLLOOPBAAN BY 'N AFRIKAANSE KULTUURORGANISASIE AAN TE SLUIT | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | N.v.t. was nie op skool | | Ja | | Nee | | | |
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| Nie van toepassing, is tans lid | 3 | 15.8 | 87 | 20.5 | 149 | 14.1 | 239 | 15.9 |
| Ek het nie tyd nie maar stel wel belang | 0 | 0.0 | 123 | 29.0 | 272 | 25.7 | 395 | 26.3 |
| Ek stel glad nie belang nie | 1 | 5.3 | 36 | 8.5 | 170 | 16.1 | 207 | 13.8 |
| Sluit liewer by ander soort organisasie aan (ontspanning, sosiale, ens.) | 0 | 0.0 | 8 | 1.9 | 6 | 0.6 | 14 | 0.9 |
| Ek is nog nie genader om aan te sluit nie | 2 | 10.5 | 13 | 3.1 | 81 | 7.7 | 96 | 6.4 |
| Siekte verhoed dit | 2 | 10.5 | 8 | 1.9 | 50 | 4.7 | 60 | 4.0 |
| Werksomstandighede verhoed dit | 4 | 21.1 | 60 | 14.2 | 111 | 10.5 | 175 | 11.7 |
| Gesinsomstandighede (bv. kinders, huishouding, ens.) verhoed dit | 2 | 10.5 | 51 | 12.0 | 110 | 10.4 | 163 | 10.9 |
| Ek is te oud | 4 | 21.1 | 19 | 4.5 | 68 | 6.4 | 91 | 6.1 |
| Ek kan dit nie bekostig nie | 1 | 5.3 | 1 | 0.2 | 3 | 0.3 | 5 | 0.3 |
| Dit het vir my geen waarde nie | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 3 | 0.3 | 3 | 0.2 |
| Ek weet nie | 0 | 0.0 | 13 | 3.1 | 29 | 2.7 | 42 | 2.8 |
| Ander | 0 | 0.0 | 5 | 1.2 | 5 | 0.5 | 10 | 0.7 |
| Totaal | 19 | 100.0 | 424 | 100.0 | 1057 | 100.0 | 1500 | 100.0 |

$X^2$ : 73.2423, $P < 1\%$

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



respondente wat op skool aangemoedig is om na afloop van hulle skoolloopbaan by 'n Afrikaanse kultuurorganisasie aan te sluit, 'n positiewer ingesteldheid jeens sodanige organisasies openbaar as diegene wat nie aangemoedig is nie. Illustrerend hiervan blyk dat 20.5 persent van diegene wat op skool aangemoedig is om by 'n Afrikaanse kultuurorganisasie aan te sluit tans van een of ander sodanige organisasie lede is teenoor 14.1 persent van diegene wat nie aangemoedig is nie.

Nege-en-twintig (29.0) persent van diegene wat op skool aangemoedig is om na hulle skoolloopbaan by 'n Afrikaanse kultuurorganisasie aan te sluit, het aangevoer dat hulle weens 'n gebrek aan tyd tans aan geen Afrikaanse kultuurorganisasie behoort nie, hoewel hulle daarin belang stel, teenoor 25.7 persent van diegene wat op skool hierdie aanmoediging moes ontbeer. Hierteenoor het 16.1 persent van diegene wat nie op skool aangemoedig is om by 'n Afrikaanse kultuurorganisasie aan te sluit nie, verklaar dat 'n algehele gebrek aan belangstelling die rede daarvoor is dat hulle tans aan geen Afrikaanse kultuurorganisasie behoort nie, in vergelyking met slegs 8.5 persent van diegene wat wel op skool die nodige aanmoediging ontvang het.

Dit is dus duidelik dat daar 'n positiewe verband tussen aanmoediging op skool en ingesteldheid teenoor Afrikaanse kultuurorganisasies bestaan.

Hierdie bevinding dui opnuut op die geweldige invloed wat die leerkragte op die jeug het en op die waardevolle

werk / .....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



werk wat tydens die opvoedingstaak in belang van die vaderland en kultuureie van die volk gedoen kan word. Dit sal goed en reg wees as die leerkragte opnuut van hierdie reeds bekende en aanvaarde waarheid bewus gemaak sal word. Dit is 'n absolute vereiste dat die jeug op elke lewensterrein - dit sluit dus die kulturele ook in - tot volwaardige mense gevorm sal word. In hierdie taak speel die skool 'n nie te geringe rol nie.

(d) <u>Aanmoediging op skool om na afloop van die skoolloopbaan by 'n Afrikaanse Kultuurorganisasie aan te sluit</u>

In die lig van bogemelde bevinding - naamlik die positiewe uitwerking van aanmoediging op skool ten bate van die volkseie - word vervolgens gelet op enkele aspekte rakende die aanmoediging wat die ondersoekgroep op skool ontvang het om by 'n Afrikaanse kultuurorganisasie aan te sluit.

Naas die ouerhuis vorm die skool een van die belangrikste opvoedkundige instansies in die lewensgang van enige kind en aangesien die kinders van die hede die volk van die toekoms sal uitmaak, ook in die lewensgang van enige volk. (Vgl. 73,p.240; 66,p.20). Nel bevestig byvoorbeeld: „Dit (onderwys en opvoeding) is voorwaar die magtigste wapen in die volksvormingsproses". (102,p.41 ).

Die mens kom as hulpelose en hulpbehoewende wese in die wêreld - nie alleen in fisieke sin nie, maar ook wat die geestelike betref. Hy staan nie slegs koud teenoor sy geestelike erfenis nie, maar is daar ook geheel en al

onbewus / .....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



onbewus van. In hierdie verband sê Potgieter: „Wesenlik is elke baba wat gebore word, ook die in hoogs gekultiveerde gemeenskappe, niks meer nie as 'n klein barbaartjie nie, en indien hy selfs in daardie kultuurgemeenskap aan homself oorgelaat word, sal hy opgroei met hoogstens 'n vernis van beskawing en kultuur, maar niks meer nie" (80,p.9). Dit is veral die taak van die onderwyser (naas en tesame met die ouers) om die kind aan 'n kultiveringsproses, dit wil sê die proses van inlywing in die kultuurpatroon en -erfenis van sy volk, te onderwerp. Cilliers stel dit so: „Die kind moet uit natuurmens omvorm word tot kultuurmens" (86,p.6). Aldus gesien, is dit duidelik dat die totale kultuureie en geesteswaardes van die verdwynende geslag, deur die opvoedingsproses aan die opkomende geslag oorgedra word. Venter sê tereg: „.... 'n afgeronde program van opvoeding sluit o.a. in die ontwikkeling van 'n gebalanseerde persoonlikheid (hy noem dan verskeie aspekte van belang en sluit die reeks af deur te sê) ............. wat volk, vaderland en moedertaal as die kosbaarste erfenis sal aanvaar". (66,p.20 ).

Dit blyk dus duidelik dat die onderwyser 'n geweldige rol speel in die opvoeding van die kind. Goosen stel dit baie sterk en duidelik as hy sê: „Die magtigste enkele faktor in die ontwikkeling en vorming van die leerling, sy liefde vir sy eie, sy vaderlandsliefde, trots op sy herkoms, geloof in die toekoms is en sal nog altyd die onderwyser bly". (120,p.32 ). Juis vanweë hierdie sterk invloed kan die onderwyser ten opsigte van die Afrikaanse kultuur,

bepaald / .....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

bepaald in hierdie geval ten opsigte van Afrikaanse kultuurorganisasies, 'n bydrae van onskatbare waarde lewer deur onder andere die leerlinge aan te moedig om na afloop van hulle skoolloopbaan by 'n Afrikaanse kultuurorganisasie aan te sluit. Sodanige aanmoediging, afkomstig van 'n persoon wie se woord vir die kind bepalend is, en na wie hy opsien, sal na alle waarskynlikheid 'n verhoogde belangstelling vir die bepaalde saak tot gevolg hê, wat om klaarblyklike redes die Afrikaanse kultuur in die algemeen en, in die onderhawige konteks, Afrikaanse kultuurorganisasies slegs tot voordeel kan strek.

Ten einde hierdie belangrike taak te kan realiseer of verwerklik is dit nodig en vanselfsprekend dat die onderwyser eers self die volksbesit tot persoonlike besit moet maak. Ook moet hy beskik oor 'n aktiewe en tere vaderlandsliefde, trotse nasionalisme en liefde vir die Afrikaner se eiendomlike. Nooit moet hy skroom om van elke opvoedingsmoment gebruik te maak om die jeug in die volksweë op te voed nie, sodat hulle ook 'n liefde vir 'n eie volksaard en -kultuur, 'n nasietrots en 'n nasie-eer sal ontwikkel (Vgl.88,p.446).

Die taak van die skool strek heelwat verder as slegs die onderrig van formele feitekennis. Die skool behartig die opvoeding in die ruimste betekenis van die woord. „Die opvoeding van die hele mens vir die hele lewe tot die eer van God", is volgens Stofberg die omvattende taak van die skool (107,p.24 ). Die tasbare, direkte taak van die skool (onderwysers) in hierdie verband kan soos volg gesien word:

Die / .....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die skoolgaande jeug het oor die algemeen heelwat vrye tyd, daar is ook heelwat geleenthede vir vryetydsbesteding. Die besteding van vrye tyd word opsetlik saam met die kulturele genoem omdat die vrye tyd juis 'n groot geleentheid vir kultuurbevordering bied. Die skool moet toesien dat 'n deel van die kind se vrye tyd in opbouende kultuurbedrywighede (volkspele, voortrekkers, debatte ens.) opgaan. Dit dien as teenvoeter teen kulturele vervlakking en derhalwe as stimulus vir kulturele verdieping.

Verder moet die skool voorsiening maak vir die kennismaking met kultuurgoedere in en deur die skoolkring. Die onderwysers dien veral toe te sien dat die regte gehalte kultuurgoedere die skoolkring binnedring deur die geskrewe woord, funksies en dergelike aktiwiteite. Die skool kan veel doen om die leerling se waardering vir, en aanvaarding van kultuurgoedere te bevorder.

Wanneer Cronjé besin oor die kulturele taak van die opvoeder, maak hy die volgende uitlating: „Op die skouers van elke opvoeder rus dié belangrike taak om ons volk wat nog groei en gedy koersvas die toekoms in te lei en op te bou. Ons sal die Christelike lewensbeginsels - volkskultuur- en volksidealisme, wat gebore is en gegroei het uit 'n mooi verlede soos ons volk self, moet vertroetel en versterk. Elke opvoeder moet dus besiel wees met hierdie ideaal wat kan deurwerk tot ons mede-burgers wat daaruit ook vertroue en geloof vir die toekoms kan put". ( 88,p.445).

Ten einde lig te werp op die rol van die skool met betrekking tot die Afrikaner aan die Witwatersrand se

betrokkenheid / .....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



betrokkenheid by Afrikaanse kultuurorganisasies, is aan die ondersoekgroep gevra of hulle op skool op enige wyse aangemoedig is/word om na afloop van hulle skoolloopbaan by 'n Afrikaanse kultuurorganisasie aan te sluit. (Vraag B.4). Die gegewens op hierdie vraag sal vervolgens volgens onderwyskwalifikasies, taalmedium op hoërskool, ouderdom en plek waar die respondente op hoërskool was, ontleed word.

(i) Aanmoediging, al dan nie, op skool om na afloop van die skoolloopbaan by 'n Afrikaanse kultuurorganisasie aan te sluit, volgens die onderwyskwalifikasies van die ondersoekgroep ontleed

Uit die gegewens van tabel 21 blyk dit dat 28.3 persent van die ondersoekgroep op skool aangemoedig was om na voltooiing van hulle skoolloopbaan by 'n Afrikaanse kultuurorganisasie aan te sluit, terwyl soveel as 70.5 persent nie sodanige aanmoediging ontvang het nie. Breedt kry 'n soortgelyke bevinding wanneer hy nagaan of kinders op skool aangemoedig word om volksfeeste by te woon. Hy bevind ook dat daar nie veel aanmoediging van die skool uitgaan nie.[1] Hy skryf: „Dit is ook opvallend uit die gegewens van die ondersoek dat kinders weinig aanmoediging op skool ontvang om volksfeeste by te woon". (73,p.40).

Dit / .....

---

1) Die bedoeling met hierdie vergelyking is nie om volksfeeste en Afrikaanse kultuurorganisasies teenoor mekaar te stel nie, maar slegs om daarop te wys dat ook ander ondersoekers bevind dat skole hulle aan pligsversuim met betrekking tot aanmoediging in belang van die kultuur, skuldig maak.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



TABEL 21

AANMOEDIGING OM NA AFLOOP VAN DIE SKOOLLOOPBAAN BY 'N AFRIKAANSE KULTUURORGANISASIE AAN TE SLUIT VOLGENS DIE ONDERWYSKWALIFIKASIES VAN DIE ONDERSOEKGROEP

| AANMOEDIGING OM NA SKOOLLOOPBAAN BY 'N AFRIKAANSE KULTUURORGANISASIE AAN TE SLUIT | ONDERWYSKWALIFIKASIES VAN DIE ONDERSOEKGROEP | | | | | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Laers as st. 6 | | St. 6 tot st. 7 of 'n gelykwaardige sertifikaat | | St. 8 tot st. 10 of 'n gelykwaardige sertifikaat | | Diploma of sertifikaat of ander onderwyskwalifikasie na st. 10 behaal | | 'n Universiteitsgraad | | | |
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| N.v.t., was nie op skool nie | 16 | 10.4 | 0 | 0.0 | 3 | 0.4 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 19 | 1.3 |
| Ja | 19 | 12.3 | 76 | 19.2 | 258 | 32.7 | 47 | 45.6 | 24 | 40.7 | 424 | 28.3 |
| Nee | 119 | 77.3 | 319 | 80.6 | 528 | 66.9 | 56 | 54.4 | 35 | 59.3 | 1057 | 70.5 |
| Totaal | 154 | 100.0 | 395 | 100.0 | 789 | 100.0 | 103 | 100.0 | 59 | 100.0 | 1500 | 100.0 |

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Dit wil dus voorkom asof die negatiewe beeld met betrekking tot die lidmaatskap van Afrikaanse kultuurorganisasies (vgl. afd. 7(a) van die onderhawige hoofstuk) ook in 'n groot mate deur die skool teweeggebring word. As die bevindinge van afdeling 7(c)(v) van die onderhawige hoofstuk in gedagte gehou word, naamlik dat meer proefpersone wat op skool aangemoedig is om na afloop van hulle skoolloopbaan by 'n Afrikaanse kultuurorganisasie aan te sluit as diegene wie nie aangemoedig is nie, tans lede van sodanige organisasie is, is dit duidelik dat die skool nie kan en mag nalaat om die leerlinge aan te moedig om by Afrikaanse kultuurorganisasies aan te sluit nie. Soos reeds gemeld moet die taak van die skool nie slegs beperk word tot formele onderrig nie maar ook gerig wees op die oordrag van 'n volk se geestelike en kulturele waardes op die kind. Wanneer die onderwyser in gebreke bly om hierdie taak uit te voer versuim hy gedeeltelik sy plig om die jeug wat aan sy sorg toevertrou is, op te voed in die kennis en liefde en waardering van die geestesrykdomme en kultuurskatte van die Afrikaanse volk.

Wanneer die aanmoediging op skool met die onderwyskwalifikasie van die ondersoekgroep in verband gebring word, val dit op dat die persentasie proefpersone wat op skool aangemoedig is om by 'n Afrikaanse kultuurorganisasie aan te sluit, styg vanaf 12.3 persent by diegene wat oor kwalifikasies laer as standerd 6 beskik tot by 45.6 persent ten opsigte van diegene wat 'n diploma of sertifikaat of 'n ander onderwyskwalifikasie na standerd 10 behaal het,

waarna / .....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

waarna die persentasie weer daal tot 40.7 persent by diegene met 'n universiteitsgraad.

Die omgekeerde hiervan blyk met betrekking tot diegene wat nie op skool aangemoedig is om na afloop van hulle skoolloopbaan by 'n Afrikaanse kultuurorganisasie aan te sluit nie, met die uitsondering dat die persentasie by kategorie standerd 6 tot 7 hoër is as die persentasie by kategorie laer as standerd 6. Oor die algemeen blyk dit dus asof die aantal proefpersone wat nie aangemoedig is nie, daal namate die onderwyskwalifikasies toeneem en wel vanaf 77.3 persent by diegene wat oor onderwyskwalifikasies laer as standerd 6 beskik tot by 59.3 persent ten opsigte van diegene wat 'n universiteitsgraad behaal het.

Uit hierdie tabel blyk dit dus asof daar 'n positiewe verband tussen aanmoediging op skool om na afloop van die skoolloopbaan by 'n Afrikaanse kultuurorganisasie aan te sluit en 'n styging in die onderwyskwalifikasies, bestaan.

'n Moontlike verklaring hiervoor is dat diegene met hoër onderwyskwalifikasies hulle vir 'n langer tydperk op skool bevind as diegene met laer onderwyskwalifikasies en daar vir die onderwysers moontlik meer geleentheid is om hulle aan te moedig om by Afrikaanse kultuurorganisasies aan te sluit. Hierby moet in gedagte gehou word dat daar waarskynlik nouer kontak tussen onderwysers en skolasties verder gevorderde kinders en die kinders wat oor die potensiaal beskik om op skool goed te vaar sal wees, deels omdat die onderwyser in hierdie soort kind 'n goeie toehoorder vind en dat hierdie kind ook uit sy eie kontak met

die / .....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die onderwyser sal soek. Hierdie kontak is waarskynlik ook intiemer en persoonliker van aard.

Daar moet verder ook in gedagte gehou word dat die kind wat skolasties verder gevorder is vir sy onderrig oor die algemeen aan die meer ervare onderwyser toevertrou word. Hierdie leerkragte is so deeglik in hulle beroep ingegrawe en hulle vak is so goed georganiseer dat hulle tyd kan inruim en ook oor die weet-hoe beskik om wyer as hulle vak self uit te kring.

(ii) <u>Aanmoediging, al dan nie, van die ondersoekgroep op skool om na afloop van hul skoolloopbaan by 'n Afrikaanse kultuurorganisasie aan te sluit, volgens die taalmedium op hoërskool ontleed</u>

In tabel 22 word 'n beeld gegee van die aanmoediging, al dan nie, van die ondersoekgroep op skool om na afloop van hul skoolloopbaan by 'n Afrikaanse kultuurorganisasie aan te sluit. Hierdie gegewens word weergegee volgens die taalmedium op hoërskool.

Uit die gegewens van hierdie tabel blyk dat 'n groter persentasie van diegene wat op 'n Afrikaansmedium hoërskool was (34.2%) as diegene wat op 'n Engelsmedium (21.1%) of 'n parallel- of dubbelmedium hoërskool (23.6%) was op skool aangemoedig is om na afloop van hulle skoolloopbaan by 'n Afrikaanse kultuurorganisasie aan te sluit. Presies die omgekeerde hiervan blyk met betrekking tot diegene wat nie op skool sodanig aangemoedig is nie. So, byvoorbeeld, verklaar 65.8 persent van diegene wat 'n Afrikaansmedium hoërskool bygewoon het dat hulle nie sodanige aanmoediging

ontvang / .....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



TABEL 22

DIE AANMOEDIGING VAN DIE ONDERSOEKGROEP OM NA AFLOOP VAN HULLE SKOOLLOOPBAAN BY 'N AFRIKAANSE KULTUURORGANISASIE(S) AAN TE SLUIT VOLGENS DIE TAALMEDIUM OP HOëRSKOOL

| AANMOEDIGING OM NA SKOOLLOOPBAAN BY 'N AFRIKAANSE KULTUURORGANISASIE AAN TE SLUIT | TAALMEDIUM OP HOëRSKOOL | | | | | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | N.v.t., was glad nie op skool nie of was nie op hoërskool nie* | | Afrikaansmedium | | Engelsmedium | | Parallel- of dubbelmedium | | Ander | | | |
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| N.v.t., was nie op skool nie | 19 | 6.9 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 19 | 1.3 |
| Ja | 37 | 13.4 | 328 | 34.2 | 24 | 21.1 | 34 | 23.6 | 1 | 16.7 | 424 | 28.3 |
| Nee | 220 | 79.7 | 632 | 65.8 | 90 | 78.9 | 110 | 76.4 | 5 | 83.3 | 1057 | 70.5 |
| Totaal | 276 | 100.0 | 960 | 100.0 | 114 | 100.0 | 144 | 100.0 | 6 | 100.0 | 1500 | 100.0 |

* Wanneer die aantal proefpersone wat volgens hierdie tabel glad nie op skool of nie op hoërskool was nie met die aantal proefpersone wat volgens tabel 21 oor geen of laer as standerd 6 onderwyskwalifikasies beskik, vergelyk word, skyn dit asof daar 'n teenstrydigheid te bespeur is. Hierdie verskil dui egter nie op 'n teenstrydigheid nie omrede die standerd 6 opleiding in vroeër jare aan laerskole plaasgevind het. Hierdie persone sal dan aangedui het dat hulle nie op hoërskool was nie. Die moontlikheid is ook nie uitgesluit dat sommige proefpersone hulle onderwyskwalifikasies deur middel van korrespondensiekursusse kan verwerf het nie, wat sal meebring dat hulle sal aandui dat hulle òf glad nie op skool òf nie op 'n hoërskool was nie.

$X^2$ : 129.2896, $< P$ 1%

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ontvang het nie, teenoor 78,9 persent en 76,4 persent van diegene wat op 'n Engelsmedium en parallel- of dubbelmedium hoërskool, onderskeidelik was.

Konkluderend kan gevolglik gekonstateer word dat leerlinge op Afrikaansmedium hoërskole vir 'n groter persentasie as diegene op die ander-talige hoërskole aangemoedig is/word om na voltooiing van hulle skoolloopbaan by 'n Afrikaanse kultuurorganisasie aan te sluit.

Die feit dat Afrikaansmedium hoërskole hulle waarskynlik in 'n groter mate en makliker as die ander soorte hoërskole met die Afrikanereie en Afrikanerkultuur sal en kan vereenselwig en identifiseer verklaar moontlik hierdie bevinding. Die Afrikaansmedium hoërskool besef ook na alle waarskynlikheid in meerdere mate die noodsaaklikheid daarvan om die Afrikanersaak uit te bou en te bevorder. Die gevolg is dat leerlinge van Afrikaansmedium hoërskole waarskynlik doelbewus en in 'n groter mate as dié van die ander-talige hoërskole pertinent van die Afrikaanse kultuur, meer bepaald van aansluiting by Afrikaanse kultuurorganisasies as een van die vele tasbare en sigbare vorme van die Afrikaanse kultuur, bewus gemaak word.

(iii) <u>Aanmoediging, al dan nie, op skool om na afloop van die skoolloopbaan by 'n Afrikaanse kultuurorganisasie aan te sluit, volgens die ouderdom van die ondersoekgroep ontleed</u>

In tabel 23 word 'n beeld van die aanmoediging, al dan nie, van die ondersoekgroep op skool om na afloop van hul skoolloopbaan by 'n Afrikaanse kultuurorganisasie aan te

sluit / .....

© University of Pretoria

TABEL 23

AANMOEDIGING OM NA AFLOOP VAN DIE SKOOLLOOPBAAN BY 'N AFRIKAANSE KULTUURORGANISASIE(S) AAN TE SLUIT VOLGENS DIE OUDERDOMSVERDELING VAN DIE ONDERSOEKGROEP

| AANMOEDIGING OM NA SKOOLLOOPBAAN BY 'N AFRIKAANSE KULTUURORGANISASIE AAN TE SLUIT | OUDERDOMSVERDELING VAN DIE ONDERSOEKGROEP | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 18 tot 24 jaar | | 25 tot 29 jaar | | 30 tot 34 jaar | | Sub-totaal | | 35 tot 39 jaar | | 40 tot 44 jaar | | 45 tot 49 jaar | | Sub-totaal | | 50 tot 54 jaar | | 55 tot 59 jaar | | 60 jaar en ouer | | Sub-totaal | | | |
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| Nie van toepassing, was nie op skool nie | 1 | 0.5 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 1 | 0.2 | 1 | 0.5 | 1 | 0.7 | 3 | 1.8 | 5 | 1.0 | 4 | 2.6 | 1 | 1.3 | 8 | 4.6 | 13 | 3.2 | 19 | 1.3 |
| Ja | 76 | 36.2 | 45 | 23.7 | 76 | 37.4 | 197 | 32.7 | 56 | 30.6 | 47 | 33.1 | 45 | 27.1 | 148 | 30.1 | 33 | 21.4 | 16 | 20.3 | 30 | 17.3 | 79 | 19.5 | 424 | 28.3 |
| Nee | 133 | 63.3 | 145 | 76.3 | 127 | 62.6 | 405 | 67.2 | 126 | 68.9 | 94 | 66.2 | 118 | 71.1 | 338 | 68.8 | 117 | 76.0 | 62 | 78.5 | 135 | 78.0 | 314 | 77.3 | 1057 | 70.5 |
| Totaal | 210 | 100.0 | 190 | 100.0 | 203 | 100.0 | 603 | 100.0 | 183 | 100.0 | 142 | 100.0 | 166 | 100.0 | 491 | 100.0 | 154 | 100.0 | 79 | 100.0 | 173 | 100.0 | 406 | 100.0 | 1500 | 100.0 |

$X^2$ : 57.8923, P < 1%

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

sluit, volgens ouderdom gegee.

Blykens die gegewens van tabel 23 daal die persentasie respondente wat op skool sodanige aanmoediging ontvang het, namate hulle ouderdom toeneem. So, byvoorbeeld, verklaar 32.7 persent van diegene in die groep 18 tot 34 jaar en 30.1 persent van diegene in die ouderdomsgroep 35 tot 49 jaar dat hulle wel op skool aangemoedig is om by 'n Afrikaanse kultuurorganisasie aan te sluit, terwyl slegs 15.9 persent in die groep 50 tot 60 jaar en ouer dieselfde antwoord verstrek het.

Dit val op dat die persentuele verskille tussen die jongste en middeljarige ouderdomsgroepe kleiner is as dié tussen hierdie twee groepe en die oudste ouderdomsgroep.

Presies die omgekeerde hiervan blyk met betrekking tot diegene wat op skool nie aangemoedig is om na afloop van hulle skoolloopbaan by 'n Afrikaanse kultuurorganisasie aan te sluit nie. Sewe-en-sestig punt twee (67.2) persent van die groep wat 18 tot 34 jaar oud is, het aangedui dat hulle op skool nie sodanige aanmoediging ontvang het nie teenoor 77.3 persent van diegene tussen 50 en 60 jaar en ouer.

Dit skyn dus asof die jonger en middeljarige geslagte in 'n groter mate as die ouer geslag op skool aangemoedig is (word) om na afloop van hulle skoolloopbaan by 'n Afrikaanse kultuurorganisasie aan te sluit.

'n Moontlike verklaring hiervoor lê waarskynlik opgesluit in die feit dat die ouer geslag oor die algemeen oor laer onderwyskwalifikasies beskik as die jong en middeljarige ouderdomsgroepe. Dit bring mee dat daar gevolglik

weens / .....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



weens die feit dat hulle vir 'n korter tydperk van hulle lewe op skool was, minder geleentheid bestaan het om hulle aan te moedig om by Afrikaanse kultuurorganisasies aan te sluit.

Die positiewer beeld ten opsigte van die jonger ouderdomsgroep is waarskynlik toe te skryf aan die feit dat die moontlikheid om in die huidige tydsgewrig in 'n toestand van kultuurlosheid en kultuurloosheid te verval skynbaar groter as in die dae toe die ouer ouderdomsgroepe hulle op skool bevind het. Die leerkragte van vandag besef hierdie toestand, so ook het dié van die afgelope aantal jare dit besef, en dit kan moontlik wees dat hulle as gevolg hiervan meer klem op die handhawing van die Afrikaanse kultuureie laat val (het) en derhalwe die leerlinge in 'n groter mate aanmoedig (aangemoedig het) om by Afrikaanse kultuurorganisasies aan te sluit as in vroeëre jare.

(iv) <u>Aanmoediging, al dan nie, op skool om na afloop van die skoolloopbaan by 'n Afrikaanse kultuurorganisasie aan te sluit ontleed volgens die plek waar die ondersoekgroep op hoërskool was</u>

Uit die gegewens van tabel 24, wat op bogemelde betrekking het, val dit op dat diegene wat in stede, op dorpe en op plase op hoërskool was naasteby na verhouding in 'n gelyke mate op skool aangemoedig is om by beëindiging van hulle skoolloopbaan by Afrikaanse kultuurorganisasies aan te sluit (stede 30.3%; dorpe 31.1% en plase 32.8% onderskeidelik). Dieselfde bevinding is waarneembaar met betrekking tot diegene wat op skool nie sodanige aanmoediging

ontvang / .....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



TABEL 24

AANMOEDIGING OM NA AFLOOP VAN DIE SKOOLLOOPBAAN BY 'N AFRIKAANSE KULTUURORGANISASIE(S) AAN TE SLUIT VOLGENS DIE PLEK WAAR DIE ONDERSOEKGROEP OP HOëRSKOOL WAS

| AANMOEDIGING OM NA SKOOLLOOPBAAN BY 'N AFRIKAANSE KULTUURORGANISASIE AAN TE SLUIT | PLEK WAAR ONDERSOEKGROEP OP HOëRSKOOL WAS | | | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | N.v.t., was nie op hoërskool nie | | Stad | | Dorp | | Plaas | | | |
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| N.v.t., was nie op skool nie | 16 | 7.2 | 3 | 0.5 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 19 | 1.3 |
| Ja | 30 | 13.6 | 177 | 30.3 | 197 | 31.1 | 20 | 32.8 | 424 | 28.3 |
| Nee | 175 | 79.2 | 404 | 69.2 | 437 | 68.9 | 41 | 67.2 | 1057 | 70.5 |
| Totaal | 221 | 100.0 | 584 | 100.0 | 634 | 100.0 | 61 | 100.0 | 1500 | 100.0 |

$x^2$ : 96.4381, P < 1 %

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ontvang het nie.

8. Samevatting

(a) Aan die hand van 'n ontleding ten aansien van die doelstellings van verskeie Afrikaanse kultuurorganisasies en in die lig daarvan dat 'n organisasie bestempel kan word as 'n mensegroepering wat doelbewus saamgestel is om bepaalde doelstellings na te streef en te verwesenlik, kan 'n Afrikaanse kultuurorganisasie getipeer word as 'n groepering van mense wat doelbewus saamgestel is om die Afrikaanse Christelik-nasionale lewens- en wêreldbeskouing, die Afrikaanse taal, sedes, gewoontes en tradisies, die Afrikaanse uitvoerende en beeldende kunste, die stoflike sowel as geestelike belange van die Afrikaner, te bevorder, te handhaaf en uit te bou; om die Afrikanervolk te wys op sy identiteit, taak en roeping, om onder Afrikaners 'n sterk samehorigheidsgevoel te kweek, om die Afrikaanse volksgeskiedenis in sy arbeidsterrein op te neem en veral, om met betrekking tot die totaliteit van bogenoemde leiding te neem en rigting te gee. Konkluderend kan 'n Afrikaanse kultuurorganisasie bestempel word as 'n organisasie wat hom besig hou met die bewerking van die intellek, die gees, trouens die hele volkslewe van die Afrikaner.

Om, vir die doel van hierdie ondersoek, as 'n Afrikaanse kultuurorganisasie bestempel te word moet 'n organisasie hom op die Afrikaanse Christelik-nasionale grondslag stel en Afrikaans as amptelike taal aanvaar. Geen liefdadigheidsorganisasie of enige tweetalige of ander-talige organisasie en derglike meer word as 'n Afrikaanse kultuurorganisasie beskou nie.

(b) / .....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

(b) Die ontstaan, bestaan en voortbestaan van die meerderheid Afrikaanse kultuurorganisasies is 'n weerspieëling van die politieke situasie in Suid-Afrika. Deur die jare heen was die Afrikaner se politieke en kulturele stryd en strewe ten nouste met mekaar vervleg.

Die wordings- en ontwikkelingsgang van Afrikaanse kultuurorganisasies kan in 'n aantal periodes verdeel word. Afrikaanse kultuurorganisasies neem 'n aanvang met die stigting van die Genootskap van Regte Afrikaners op 14 Augustus 1875. Dat hierdie beweging 'n kultuurbeweging was blyk duidelik uit die leuse en doelstellings daarvan.

Die volgende periode in die ontwikkelingsgang is die totstandkoming van die Afrikanerbond. Hoewel in beginsel 'n politieke organisasie, het die Afrikanerbond op kulturele vlak die Afrikaner ook onteenseglik ten bate geval. Dit het tegelyk 'n politieke en kulturele stryd gestry.

Die volgende periode lê tussen die jare 1880 en 1900. In hierdie tydperk begin Afrikaanse kultuurorganisasies, onder andere Debats- en Christelike Jongeliede Vereniginge, Die Z.A. Taalbond, en so meer, ontstaan. Ook De Volksvereniging der Zuid Afrikaansche Republiek en 'n Suid-Afrikaanse afdeling van die Algemeen Nederlandsch Verbond kry hulle beslag.

Die tydperk 1902 tot 1929 is in 'n groot mate 'n voortsetting van die voorafgaande periode. Dit was 'n tydperk van stryd vir en verowering van die kultuureie. Die georganiseerde beweging ten bate van die Afrikaner se eie begin nou koers kry. Die Tweede Vryheidsoorlog het die

Afrikaner / .....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Afrikaner met totale ondergang bedreig. Uit die nood wat veral na hierdie oorlog ontstaan het, is Afrikaanse kultuurorganisasies gebore wat die Afrikaanse strewe gedra het en wat die selftrots en taaltrots weer aangewakker het. In die Noorde word die Afrikaanse Taalgenootskap in 1905 gestig. In die daaropvolgende jaar word die Afrikaanse Taalvereniging in die Suide in die lewe geroep. Die Algemeen Nederlandsch Verbond word heropgerig. Voorts word oorgegaan tot die stigting van Onze Taal in 1908. Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, Die Helpmekaarbeweging, Die Afrikaanse Studentebond, Die Afrikaner-Broederbond en die Voortrekkerbeweging word almal in hierdie periode in die lewe geroep.

In die periode ná 1929 word Afrikaanse kultuurorganisasies in die lewe geroep om allerbelangrikste werk te verrig. In 1929 word die F.A.K., in 1931 die A.T.K.V. en die Handhawensbond, in 1939 die Ossewabrandwag, in 1940 die Volkspelebeweging en die Reddingsdaadbond in die lewe geroep. Hierdie organisasies het in teenstelling met dié voor 1929 die klem meer op handhawing en produsering en nie hoofsaaklik op verowering en beskerming laat val nie.

(c) Afrikaanse kultuurorganisasies het in die verlede op geheel die Afrikaanse lewensakker 'n rol van onberekenbare groot waarde gespeel. Die take waarvoor hulle te staan gekom het, het hulle op 'n besondere voortreflike wyse volvoer soos blyk uit die huidige kulturele posisie van die Afrikaner.

(d) Bogemelde wil egter nie veronderstel dat die taak

en / .....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



en die plek van Afrikaanse kultuurorganisasies in die volkslewe uitgedien is nie. Die Afrikaner bevind hom tans in 'n tydsgewring waarin hy voortdurend met vreemde en nuwe geestelike en materiële elemente gekonfronteer word en waar daar voortdurend aanslae op sy geestelike toerusting gemaak word. Hierdie vreemde en nuwe bedreig die voortbestaan van die Afrikaner.

(e) Afrikaanse kultuurorganisasies moet help om hierdie bedreiging af te weer - hulle moet die rigtinggewende instansies wees en meehelp in die geestelike weerbaarmaking van die Afrikaner. Hulle moet op alle lewensvlakke - die huisgesin, die skool, die sosiale, en so meer - die stryd aanknoop en meehelp in die opwekking en voortsetting van 'n behoudende ingesteldheid.

(f) Die Afrikaanse kultuurorganisasies wat in die onderhawige hoofstuk opgeneem is, kan in vyf groepe verdeel word, naamlik, beroepskultuurorganisasies; eksklusiewe kultuurorganisasies; organisasies wat op groeps- of streeksbelange ingestel is; vroue-organisasies en ope-organisasies.

(g) (i) 'n Besondere hoë persentasie proefpersone is nie lede van die onderskeie kultuurorganisasies nie. Van die 14 kultuurorganisasies wat in die ondersoekgroep betrek is, beskik 8 oor 'n nie-lidmaatskap van 99 persent en hoër, 4 se nie-lidmaatskap lê tussen 98 en 99 persent en die oorblywende twee beskik oor 'n nie-lidmaatskap tussen 93 en 98 persent. Daar moet egter in gedagte gehou word dat verskeie van hierdie organisasies, vanweë hulle aard geslote organisasies is.

Die / .....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die respondente wat wel lede van die onderskeie kultuurorganisasies is, vertoon 'n gunstige beeld met betrekking tot die deelname aan die aktiwiteite van hierdie organisasies.

(ii) (aa) Dit blyk dat 84.1 persent van die ondersoekgroep aan geen Afrikaanse kultuurorganisasie behoort nie. Vyf punt vyf (5.5) persent van die ondersoekgroep het by 'n Afrikaanse kultuurorganisasie(s) aangesluit omdat hulle daarin belang stel en die doelstellings van die organisasies nastreef en 4.1 persent omdat hulle die Afrikaanse kultuur wil ondersteun en bevorder.

Volgens geslag ontleed, blyk dat meer vroulikes (89.2 persent) as manlikes (78.9 persent) lede is van geen Afrikaanse kultuurorganisasie nie. Verder val dit op dat 7.4 persent manlikes, teenoor 3.7 vroulikes aangesluit het omdat hulle in die organisasie belang stel en die doelstellings daarvan nastreef en ook dat 5.3 persent manlikes, teenoor 2.8 persent vroulikes, ten einde die Afrikaanse kultuur te ondersteun en te bevorder, by Afrikaanse kultuurorganisasies aangesluit het. Die positiewe ingesteldheid en groter deelname van die manlikes kan waarskynlik toegeskryf word aan hulle groter belangstelling en die feit dat hulle waarskynlik meer tyd het om aan sodanige aktiwiteite deel te neem.

(bb) Hoe hoër die onderwyskwalifikasies hoe groter is die persentasie respondente wat lede is van Afrikaanse kultuurorganisasies. Wanneer op die redes vir aansluiting gelet word, blyk 'n soortgelyke tendens met

betrekking / .....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

betrekking tot diegene wat by Afrikaanse kultuurorganisasies aangesluit het omdat hulle daarin belang stel en die doelstellings daarvan nastreef, asook ten opsigte van dié respondente wat aangesluit het ten einde die Afrikaanse kultuur te ondersteun en te bevorder.

Daar skyn dus 'n positiewe verband tussen onderwyskwalifikasies en lidmaatskap van - asook rede vir lidmaatskap van Afrikaanse kultuurorganisasies, te bestaan.

Die totale gesitueerdheid van diegene met hoër onderwyskwalifikasies, onder andere die intensiewer, aktiewer en nouer belewenis met die kultuur van die Afrikaner, groter waardering vir die Afrikaanse volkseie en volksverlede, die andersheid van die kulturele vlak waarop hulle beweeg, is 'n waarskynlike verklaring vir bogemelde bevinding.

(cc) Wanneer die redes vir aansluiting by Afrikaanse kultuurorganisasies volgens die ouderdomsverdeling van die ondersoekgroep geanaliseer word, blyk die volgende: Die bevindinge ten aansien van sowel die lidmaatskap van as ingesteldheid teenoor Afrikaanse kultuurorganisasies, soos blyk uit die respondente se redes vir aansluiting, is by die ouderdomsgroep 30 tot 49 jaar die positiefste. Hierna volg die ouderdomsgroep 50 tot 60 jaar en ouer en laastens die ouderdomsgroep 18 tot 29 jaar.

'n Moontlike verklaring vir die bevinding dat die middeljarige ouderdomsgroep die positiefste ingesteldheid openbaar, lê waarskynlik daarin opgesluit dat hulle die tydperk tussen die jare 1938 en 1949 in 'n besondere

beïnvloedbare / .....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



beïnvloedbare, lewenskragtige en meebelewende stadium van hulle lewe beleef het. Hierdie tydperk is gekenmerk deur 'n hewige stryd vir die Afrikanersaak asook deur gebeure wat bygedra het tot 'n vurige Afrikanerbewustheid. Dit kan wees dat die invloed daarvan vandag nog by hulle tot uiting kom.

(iii) (aa) Met betrekking tot die redes waarom die ondersoekgroep tans aan geen Afrikaanse kultuurorganisasie behoort nie, blyk dat 'n gebrek aan tyd (26.3 persent), algehele gebrek in belangstelling (13.8 persent), werksomstandighede (11.7 persent) en gesinsomstandighede (10.9 persent), die vier hoofredes vir die ondersoekgroep se nie-lidmaatskap is.

Wanneer die redes vir nie-lidmaatskap volgens die geslag van die ondersoekgroep ontleed word, blyk dat naasteby twee keer soveel manlikes as vroulikes deur werksomstandighede verhoed word om by Afrikaanse kultuurorganisasies aan te sluit. Voorts blyk dat 'n veel groter persentasie vroulikes as manlikes deur gesinsomstandighede van lidmaatskap weerhou word.

Met betrekking tot die oorblywende redes vir nie-lidmaatskap is tussen die manlikes en vroulikes nie opvallende groot persentuele verskille waarneembaar nie.

Ten slotte moet gemeld word dat 'n aansienlike groter persentasie manlikes (21.1 persent) as vroulikes (10.8 persent) - na verhouding naasteby tweekeer soveel - lede van Afrikaanse kultuurorganisasies is.

(bb) Daar blyk onteenseglik 'n positiewe

verband / .....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

verband tussen onderwyskwalifikasies en lidmaatskap van Afrikaanse kultuurorganisasies te bestaan. Die persentasie respondente wat tans lede van sodanige organisasies is, styg namate hulle onderwyskwalifikasies toeneem.

Die redes vir nie-lidmaatskap van Afrikaanse kultuurorganisasies in verband gebring met die onderwyskwalifikasies van die ondersoekgroep regverdig die afleiding dat 'n toename in onderwyskwalifikasies oor die algemeen tot 'n positiewe en behoudende ingesteldheid teenoor die Afrikanereie en Afrikanerkultuur, en in die besonder, voortvloeiende uit voorgemelde ingesteldheid, tot Afrikaanse kultuurorganisasies lei.

(cc) Die ondersoekgroep se redes vir hulle nie-lidmaatskap van Afrikaanse kultuurorganisasies, volgens die huistaal in hulle ouerhuis ontleed, bring aan die lig dat daar van die uitsluitlike Afrikaanstalige ouerhuise skynbaar 'n positiewer beïnvloeding teenoor Afrikaanse kultuurorganisasies uitgaan, as in die geval van die uitsluitlike Engelstalige ouerhuise.

(dd) Samevattend blyk die volgende wanneer die ondersoekgroep se redes vir hulle nie-lidmaatskap met hulle ouderdom in verband gebring word. Volgens die moontlike antwoorde „nie van toepassing, is tans lid" en „het nie tyd nie, maar stel wel belang", blyk dat die middeljarige ouderdomsgroep (35 tot 49 jaar) die positiefste ingestel is teenoor Afrikaanse kultuurorganisasies. Die redes „stel glad nie belang nie" en „sluit liewer by 'n ander soort organisasie aan", toon dat die jongste ouderdomsgroep

(18 / .....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



(18 tot 34 jaar) die negatiefste ingesteldheid teenoor Afrikaanse kultuurorganisasies openbaar. Die oudste ouderdomsgroep (50 tot 60 jaar en ouer) is, soos verwag kan word, dié groep wat die meeste deur ouderdom en siekte van lidmaatskap weerhou word, terwyl gesins- en werksomstandighede, as beperkende faktore, die meeste voorkom by die jongste van die drie ouderdomsgroepe.

(ee) Wanneer die redes waarom die ondersoekgroep tans aan geen Afrikaanse kultuurorganisasie behoort nie, in verband gebring word met hulle aanmoediging op skool, al dan nie, om na afloop van hul skoolloopbaan by 'n Afrikaanse kultuurorganisasie aan te sluit, dwing die volgende sigself op die voorgrond: Diegene wat wel aangemoedig is toon ten opsigte van sowel hulle lidmaatskap as hulle ingesteldheid 'n positiewer beeld as diegene wie nie aangemoedig is nie.

(iv) Naas die ouerhuis vorm die skool een van die belangrikste instansies in die lewensgang van enige kind en derhalwe ook in die lewensgang van enige volk. Die mens kom as hulpelose en hulpbehoewende wese in die wêreld, nie alleen in fisieke sin nie maar ook wat die geestelike betref. Dit is dan veral in die skool en in die ouerhuis waar hy deur opvoeding en onderwys in die kultuurpatroon en -erfenis van sy volk ingelyf word. Hierdeur word dan verseker dat die totale kultuureie en geesteswaardes van die verdwynende geslag aan die opkomende geslag oorgedra word. Die onderwyser, as persoon wat 'n sterk invloed op die kind uitoefen en as persoon na wie die kind opsien, kan die

Afrikaanse / .....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Afrikaanse kultuur in die algemeen 'n diens van onskatbare waarde bewys deur slegs die kind aan te moedig om aan sodanige organisasies deel te neem. Ten einde dit te kan doen, moet die onderwysers self eers die volksbesit tot persoonlike besit maak. Die skool moet ook die skoolgaande jeug se vrye tyd in opbouende kulturele bane stuur.

(aa) Dit blyk dat slegs 28.3 persent van die ondersoekgroep op skool aangemoedig was om na afloop van hul skoolloopbaan by 'n Afrikaanse kultuurorganisasie aan te sluit, terwyl soveel as 70.5 persent nie sodanige aanmoediging ontvang het nie. Waar die aanmoediging, al dan nie, volgens die onderwyskwalifikasies van die ondersoekgroep ontleed word, word 'n groter persentasie aanmoediging by diegene met hoër onderwyskwalifikasies as diegene met laer onderwyskwalifikasies, aangetref. So byvoorbeeld, blyk dat 12.3 persent van diegene met onderwyskwalifikasies laer as standerd 6 teenoor 40.7 persent van diegene met 'n universiteitsgraad sodanig aangemoedig is. Moontlike redes hiervoor is die langer tydsduur van die hoër gekwalifiseerde op skool en die persoonliker en intiemer aard van die verhouding tussen die leerkragte en die leerlinge, wat moontlik hieruit voortgevloei het.

(bb) 'n Groter persentasie van die respondente wat 'n Afrikaansmedium hoërskool bygewoon het (34.2 persent) as dié wat op 'n Engels - (21.1 persent) en parallel- of dubbelmedium (23.6 persent) hoërskool was, is op hoërskool aangemoedig om na afloop van hulle skoolloopbaan by 'n Afrikaanse kultuurorganisasie aan te sluit. Dit blyk

gevolglik / .....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



gevolglik asof Afrikaansmedium hoërskole in 'n groter mate as Engels- en parallel- of dubbelmedium hoërskole hulle leerlinge aangemoedig om by Afrikaanse kultuurorganisasies aan te sluit.

(cc) Waar die aanmoediging, al dan nie, op skool om na afloop van die skoolloopbaan by 'n Afrikaanse kultuurorganisasie aan te sluit volgens die ouderdom van die ondersoekgroep ontleed word, skyn 'n groter mate van aanmoediging by die jonger en middeljarige ouderdomsgroepe as by die oudste ouderdomsgroep voor te kom.

(dd) Aanmoediging op skool volgens die plek waar die ondersoekgroep op hoërskool was, ontleed, bring aan die lig dat diegene wat in stede, op dorpe en op plase op hoërskool was naasteby in 'n gelyke mate aangemoedig is om na afloop van hulle skoolloopbaan by 'n Afrikaanse kultuur-organisasie aan te sluit.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# HOOFSTUK IV

## DEELNAME AAN KULTUURBEDRYWIGHEDE

Waar daar in die voorafgaande hoofstuk gelet is op kultuurorganisasies, sal in die onderhawige hoofstuk aandag geskenk word aan die deelname aan kultuurbedrywighede. Die kultuurbedrywighede waaraan aandag geskenk sal word is die Volkspele- en Voortrekkerbewegings, die Debats-, Toneel- en Musiekverenigings. Voorgemelde bedrywighede word binne die raamwerk van kultuurorganisasies beoefen en kan derhalwe ook as kultuurorganisasies gesien word. Volkspele en Voortrekkers is as tipiese Afrikaanse kultuurorganisasies in die vorige hoofstuk ingesluit terwyl dit nie die geval met die Debats-, Toneel- en Musiekverenigings is nie. Die rede hiervoor is dat, volgens die omskrywing van Afrikaanse kultuurorganisasies, die eersgenoemde twee by die omskrywing inpas terwyl by laasgenoemde drie dit nie die geval is nie omrede die moontlikheid bestaan dat hulle kan afwyk van die voorgeskrewe taalvereiste (slegs Afrikaans). Die Volkspele- en Voortrekkerbewegings is nie tweetalig van aard nie, terwyl die Debats-, Toneel- en Musiekverenigings wel deur tweetaligheid gekenmerk kan word.

Die bespreking oor kultuurorganisasies wat in die vorige hoofstuk aangebied is, het ook op hierdie vyf bedrywighede betrekking - derhalwe sal daarmee volstaan word. As inleidende bespreking tot hierdie hoofstuk sal elkeen van hierdie vyf bedrywighede eers kortliks bespreek word.

1. Die Volkspelebeweging

Volksdanse in een of ander vorm is 'n verskynsel wat

hom / .....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

hom voordoen by alle beskaafde volke. So het die Afrikaner ook bepaalde kenmerkende volksdanse wat 'n groot bydrae lewer tot die kultuurskat van die Afrikaner. Kapp sê in hierdie verband: „Wat by die Afrikaner bekend staan as volkspele is eintlik niks anders as volksdanse, iets wat tot die kultuurskat van alle beskaafde volke behoort" (96, p. 20).

Die ontstaan, voortbestaan en voortgesette groei van die Volkspelebeweging is aan twee faktore te danke. Die eerste is die entoesiasme, ondernemingsgees en deursettingsvermoë van die bekende dr. S.H. Pellisier tot wie se verdienste gereken kan word dat hy die vader van die Volkspelebeweging in Suid-Afrika is. Tereg merk Senekal in 1967 op: „Vyf-en-vyftig jaar gelede is die saadjie van die Volkspelebeweging in Suid-Afrika deur S.H. Pellisier geplant. Ses-en-twintig jaar gelede het die boompie reeds sy penwortel gehad toe die Volkspelebeweging in georganiseerde vorm na vore getree het" (74, p.88). Die tweede is die Voortrekkereeufees wat 'n bruisende geesdrif vir die eg Afrikaanse gees geskep het en gevolglik tot 'n herwaardering en herontdekking van hierdie volksbesit gelei het. Al sou dit so gewees het dat die Eeufees niks anders nagelaat het nie, sou hy alreeds deur hierdie bydrae 'n diens van onskatbare waarde aan die Afrikaanse kultuur gelewer het. Vandag is die Volkspelebeweging reeds 'n gevestigde instansie waardeur tienduisende Suid-Afrikaners oor die jare heen hulle vreugde en geluk in hulle samesyn as volkspelers gevind het en waardeur 'n groot bydrae tot die luister en

verryking / .....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

verryking van die Afrikaanse kultuur gelewer is. „Klein en nederig was die begin; moeisaam en stadig die vordering, maar groots en wonderlik die eindresultaat" aldus die Nasionale Raad vir Volksang en Volkspele (112, p.l).

Die Afrikaner het van vroeg af volksmusiek en volksdanse besit hoewel die regte gesindheid daarteenoor ontbreek het. Saam met ander tradisies, gewoontes en gebruik het ook die tradisionele volksdanse verdwyn. Dit was as plaasjapie-agtig, minderwaardig en as 'n openbaring van gebrek aan kunssmaak, beskou. Tot so 'n mate was hierdie aspek van die Afrikaner se volkskultuur afgekeur dat diegene wat dieper insig gehad het en nog waardering daarvoor gehad het, slegs enkele fragmente kon red. Die res moes opnuut geskep word.

Weinig inligting bestaan oor die ontstaan van die eie inheemse volksdanse. Uit die literatuur spreek dit egter dat dans gewild was onder die Voortrekkers, hoewel dit nie altyd die amptelike goedkeuring weggedra het nie. Die Transvaalse en Vrystaatse koerante dui deur middel van hulle huweliksberigte op die gewildheid van dans in hierdie twee Republieke. Die Hollanders aan die Kaap was ook besonder lief vir dans en daar is veral tydens gebeurlikhede soos huwelike, verjaardae, tydens nuwejaar ensovoorts baie gedans. In die vroeë sestigerjare aan die Kaap het dit gebruiklik geword om gereeld pieknieks te hou. Op hierdie pieknieks en die kermisse is daar, volgens reisigers, onder andere gedans. Hierdie groepsdanse kan moontlik as die oorsprong van die latere volksdanse beskou word. Die volksdanse het

nie / .....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

nie as volksdanse bekend gestaan en daar was geen algemene naam daarvoor nie „ ... daar is gewoonlik daarna verwys as 'de tiekie-draai spulletjies' en 'de perdewagen spulletjies'" aldus Kapp (96, p.20). Dit was heeltemal spontane speletjies wat deur die jongmense op piekniek en by nuwejaarsfeeste gespeel is.

Tydens 'n besoek aan Skandinawië in 1912 is dr. Pellisier so beïndruk en aangegryp deur die nasionale drag, die volksliedere en die volksdanse van die Skandinawiese lande dat daar by hom 'n ernstige begeerte ontstaan het om ook sy volk die heilsame invloed van eie sang en spele te laat ondervind. Na sy terugkoms in Suid-Afrika het dr. Pellisier begin werk om hierdie ideaal te verwesenlik.

Hoewel daar aanvanklik besliste groei was, wou die Afrikaner die Voortrekkerdrag en volkspele nie op groot skaal aanvaar nie. Selfs die sterk aanmoediging van die lenteskole wat in die Vrystaat vanaf 1936 gehou is, het nie die gewenste uitwerking gehad nie. Die deurbraak en pad na sukses het met die Eeufees in 1938 gekom. Kapp skryf: Dit was die Eeufees, wat 'n nuwe selfrespek aan die Afrikaner gegee het en 'n nuwe warmte in sy hart opgewek het, wat uiteindelik die grondslag vir sukses sou lê" (96, p.21). Dit is dus duidelik dat twee dinge nodig was om die geesdrif en belangstelling vir hierdie saak aan te wakker. Die eerste was geesdriftige waardering en liefde vir die lied en spel en die tweede, doelbewuste leiding en beplanning ten einde te sorg dat die spele uitgebrei en ontwikkel sou word. Die eerste is deur die Eeufees

verwesenlik / .....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

verwesenlik en die tweede deur die voortgesette arbeid van dr. Pellisier.

Die geesdrif wat deur die Eeufees vir volkspele gaande gemaak is, is deur dr. Pellisier aangegryp. In Oktober 1940 is 'n kursus in volksang en volkspele te Bloemfontein gehou waartydens 270 deelnemers die geleentheid gebied is om die spele en liedere aan te leer en om dit sodoende weer na hulle onderskeie groepe en kringe uit te dra.

Die Uniale Raad vir Volksang en Volkspele is in 1941 deur die Reddingsdaadbond in die lewe geroep. Hierdie Raad sou die verantwoordelikheid vir die ontwikkeling en uitbouing van die volkspele op hom neem. Vandag is die Nasionale Raad vir Volksang en Volkspele 'n selfstandige en onafhanklike liggaam onder voorsitterskap van dr. S.H. Pellisier. Hierdie organisasie het en doen steeds werk van onskatbare waarde.

Dat die Volkspelebeweging vandag 'n gevestigde instansie is en dat dit as 'n groot bate tot die kultuur van die Afrikaner gereken kan word het geen bewyse nodig nie. Kapp skryf: „Die volkspelebeweging het 'n onontbeerlike deel van die Afrikaner se kultuurlewe geword" (96, p.21). Jordaan laat hom soos volg oor die Volkspelebeweging uit: „Volkspele het gedurende die afgelope aantal jare met rasse skrede vordering gemaak - in so 'n mate dat volkspele as 'n integrale deel van die Afrikaanse kultuur bestendig is" (91, p. 1).

2. / .....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

2. Die Voortrekkerbeweging

Toe dr. C.F. Visser in 1913 na voltooiing van sy studies in die buiteland, uit Europa na Suid-Afrika teruggekeer het, het hy die gemis aan 'n eie Afrikaanse jeugbeweging in sy eie vaderland sterk aangevoel. In die buiteland het hy met verskeie Europese jeugorganisasies te doen gekry en is getref deur die positiewe invloed en uitwerking van sodanige organisasies op die jeug. Die Boy Scout-beweging van Suid-Afrika, wat in daardie stadium baie sterk gestaan het, was ook vir dr. Visser 'n prikkel om vir sy eie volk se jeug 'n soortgelyke organisasie in die lewe te probeer roep. Die gedagte aan 'n eie Afrikaanse jeugbeweging kan dus teruggevoer word tot die jaar 1913.

In die Suide is dr. Visser bygestaan deur prof. J.F.W. Grosskopf wat dr. Visser se gedagtes ondersteun en gepropageer het. In hierdie stadium is daar ook verskeie pleidooie ten gunste van die Voortrekkerbeweging in verskillende tydskrifte en nuusblaaie gelewer.

Hierdie propagandaveldtog het tot gevolg gehad dat daar in Desember 1920 te Bloemfontein die eerste werklike Voortrekkerkonferensie gehou is. Hierdie konferensie was nie baie geslaagd nie aangesien slegs 12 konferensiegangers opgedaag het. Desondanks is daar 'n aantal Voortrekkertakke gestig. Die lewensduurte van hierdie takke was egter kortstondig en gou het hierdie eerste Voortrekkerbeweging in sy geheel van die toneel verdwyn. Die gedagte het egter in 1923 weer onder die kultuurbewuste Afrikaners van die Kaapprovinsie posgevat. Die Voortrekkerbeweging van

die / .....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die Kaapland is dan ook in hierdie stadium gestig. Die trefwydte hiervan was egter steeds beperk, en die Voortrekkerbeweging het geen landwye of nasionale weerklank gehad nie. Die uitkringing daarvan was beperk tot sy ontstaangebied. Du Plessis konstateer: „Dit kon nie ver uitkring nie, nie eens tot aan die Grootrivier nie" (89, p.29).

'n Afrikaanse vereniging wat destyds in Pretoria bestaan en wat bekend gestaan het as die „Bond van Suid-Afrika" is diep beïndruk deur die suksesse wat die Boy-Scoutbeweging in 1928-1929 behaal het om die Scoutbeweging vir die Afrikaanse jeug aantrekliker te maak. Die gevolg was dat hierdie instansie 'n vergadering belê het met die doel om 'n jeugbeweging van landwye omvang in die lewe te roep. Die „Bond van Suid-Afrika" het dan ook besluit om die Unie-Onderwysdepartement te nader met die versoek om 'n vergadering te belê waarop alle onderwysverenigings, die Kerk, kultuurliggame, en ander liggame, verteenwoordig wou wees, om die betrokke aspek te bespreek.

Die Unie-Onderwysdepartement, wat onder dr. S.F.N. Gie gestaan het, het gulhartig aan die versoek, om die bal aan die rol te sit vir die stigting van 'n Afrikaanse padvindersorganisasie, voldoen. Hierdie vergadering het tot gevolg gehad dat 'n interprovinsiale komitee van vyf lede benoem is om die nodige stappe te doen om 'n nasionale Afrikaanse padvindersorganisasie in die lewe te roep. Die komitee het onmiddellik werk gemaak met die taak wat aan hulle opgelê is en daarmee was die tweede Voortrekker-

beweging / .....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

beweging feitlik 'n voldonge feit. Die stigtingskomitee het ook besluit om 'n kongres te belê wat verteenwoordigend van die hele Afrikanervolk sou wees. Die doel was om die Voortrekkerbeweging amptelik en formeel in die lewe te roep.

Op 30 September het hierdie groot en belangrike gebeurtenis dan ook plaasgevind. Du Plessis skryf soos volg hieroor: „Bloemfontein was die brandpunt waar kultuurkragte vanoor die hele Unie saamgetrek het om aan die Afrikanerkind sy lank ontbeerde eie organisasie te gee waarin hy tuis kan voel" (89, p. 29).

Die behoefte aan sodanige organisasie, 'n organisasie wat die kind iets kan bied, wat hom nie alleen moreel kan ophef nie, maar wat hom met nuwer idealisme kan besiel, was groot. Landsomstandighede was moeilik. Die depressie met sy gevolglike werkloosheid was op sy ergste. Die land was in die greep van 'n ernstige droogte wat die platteland verder verarm het. Die noodsaaklikheid van so 'n organisasie was gewis. Generaal J.M.B. Hertzog, toe Eerste Minister, het ook tydens die opening van die kongres die erns van die saak beklemtoon en daarop gewys dat indien dit sou misluk dit 'n klap aan die Afrikanervolk sou wees waarvan die skade nie weer herstel sou kan word nie.

Die beweging het inslag gevind en gou posgevat. Aan geesdrif was daar nie gebrek nie en voor die einde van 1932 was daar reeds verskeie kommando's gestig. Die vernaamste enkele rede hiervoor lê waarskynlik daarin opgesluit dat, soos Marais dit stel, „... die doelstellings so suiwer was, dit baie daarmee gemoeid wou wees, veel daaruit kon put en

almal / .....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

almal daarop kon bou" (100, p.28). Coetzee dui ook aan waarom die Voortrekkerbeweging 'n gevestigde, erkende en aanvaarde Afrikaanse instelling geword het. Hy skryf: "Die Voortrekkerbeweging is op vaderlandse bodem gebore met 'n eie Afrikaanse organisasiestelsel en 'n boeregees. En omdat die Voortrekkerbeweging uit die nasionale bodem gegroei, van die volksgees deurdronge is en in die kardinale behoeftes voorsien het, daarom kon die Voortrekkerbeweging kom om te bly" (13, p.17). Die verarmde Afrikanervolk het behoefte gehad aan nuwe besieling en dit was die Voortrekkerbeweging wat hierin kon voorsien deur die jeug te inspireer en te aktiveer. Die beweging moes in 'n tyd van ekonomiese insinking en geestelike traagheid prakties wees, sorg vir ontspanning, naastediens lewer en kultuurdade verrig. Hierin het hulle dan ook voorsien.

Met die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog en die daarmee gepaardgaande veroordeling van alles wat Afrikaans was, het die Voortrekkers weer opnuut 'n taak gehad om te vervul. Die stryd wat hulle moes stry, het hulle dan ook op lofwaardige wyse voltrek.

'n Industriële rewolusie en ekonomiese welvaart van ongekende omvang het op die oorlog gevolg. Weer het 'n taak hom aan die Voortrekkerbeweging voorgedoen. Daar moes gestrewe word na die bekamping van ledigheid, sportoordrywing, sensasiebelustheid, navolging van sekere ongewensde oorsese modes, trouens bekamping van alle vorme van geestelike vervlakking. Die Voortrekkerbeweging wat in 'n stadium gekenmerk deur moeilike omstandighede tot stand gekom het,

het / .....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

het nou in 'n stadium, presies die teenoorgestelde van die eerste, steeds 'n taak gehad om te vervul. Die Beweging kon en het dit gedoen deur sy werkwyses te verander om aan te pas by die veranderde omstandighede, maar nie ten koste van sy doelstellings nie. Die doelstellings het onveranderd gebly.

Vandag nog, in weerwil van die algemene opvatting dat die Voortrekkers 'n uitgediende saak is wat geen bestaansreg meer het nie, is daar steeds 'n behoefte daaraan dat die Voortrekkerbeweging tot verwesenliking van sy doelstellings sal kom. In die Voortrekkerbeweging het die Afrikaner 'n bondgenoot gevind in die stryd vir die opvoeding van sy kinders, 'n bondgenoot wat hom help om die kinders se gedagtes te rig in die tradisionele en beproefde rigting van die Afrikaner se godsdiens, sy eie land en volk. Steyn skryf: „Ons kinders kon as stedelinge daarin vind die gesonde avontuur, die gesonde kameraadskap, die gesonde leiding, die liefde vir die eie en die idealisme wat vir ons voortbestaan as Afrikanernasie so nodig is" (106, p.1). Die behoefte aan goeie beginselvaste, nuttige en hardwerkende burgers bly steeds groot en noodsaaklik in die huidige tydsgewrig. Deur te sorg vir die regte ingesteldheid by die jeug verseker 'n volk sy voortbestaan langs gevestigde tradisionele en behoudende weë. Marais skryf: „Dit is die jeug met sterk en rein karakters wat streef om sy plig teenoor God, sy volk en sy land te doen" (100, p28). Die Voortrekkers is een van die organisasies op wie se skouers daar steeds 'n groot en belangrike taak rus. Die Voortrekkerbeweging van vandag het

selfs / .....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

selfs 'n groter taak as in 1931, die stigtingsjaar van die Beweging. Badenhorst, die hoofleier van die Voortrekkers sê: „Die grondslae van die Beweging en sy doelstellings, sy wet en beloftes sal van krag bly tot in lengte van dae - solank as wat daar 'n Afrikanervolk bestaan" (soos aangehaal deur 90, p. 25).

Vir die kind as individu, in sy wordings- en ontwikkelingsfases tot volwaardige mens, kan die Voortrekkerbeweging veel waarde hê. Elke mens wil erken word. Hy wil voel dat sy lewe nut het en iets beteken. Die mens wil voel dat andere hom daarvoor respekteer. Sy selfrespek hang daarvan af of hy voel dat hy waarde het. Strümpher skryf: „Vir die jeugdige wat besig is om homself te ontdek, is geleenthede om sy eie waarde te leer ken, baie belangrik vir gesonde ontwikkeling" (108, p.19).

'n Geslag of twee gelede was dit vir die jeugdige veel makliker om 'n gevoel van eie-waarde te ontwikkel as vir die jeugdige van vandag. Hulle aktiwiteite was dikwels lewensnoodsaaklik en 'n bydraende faktor tot die welstand van die gemeenskap. Die kind het gevoel dat hy 'n produktiewe lid van die gemeenskap is en dat die gemeenskap in 'n mate van hom afhanklik is. Kortom, die kind het gevoel dat hy vir die samelewing van waarde en nut was, dat hy aan die samelewing diensbaar was.

Met die ontvolking van die platteland, die daarmee gepaardgaande verdwyning van die patriargale familiestelsel en die opkoms van die hoogs gespesialiseerde en georganiseerde samelewing van vandag, het sake verander. Die aktiwiteite

van / .....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

van die kind is nie meer 'n bydraende faktor tot die behoud van die gemeenskap nie. Die gemeenskap is totaal onafhanklik van die kind vir sy vooruitgang en voortbestaan. Die samelewing is tans so georganiseer dat die mens eers die status van wasdom moet bereik alvorens hy aan die gemeenskap diensbaar kan word.

Dit is dan juis ook in hierdie verband waar die Voortrekkerbeweging vir die kind as individu, en daarom vir die volk as geheel, oor 'n lang termyn van onskatbare waarde kan wees en is. Die Voortrekkerbeweging moet die moontlikhede vir die kind daarstel om aan dit mee te doen wat as aktueel en in belang van die gemeenskap en volk gereken word.

3. Debatsverenigingeⁿ

Debatsverenigings was een van die eerste Afrikaanse kultuurorganisasies wat tot stand gekom het. Hierdie vereniging het 'n groot rol in die ontwikkeling en bevordering van die Afrikaanse taal en kultuur gespeel.

Daar is nie veel bekend oor die presiese ontstaan van hierdie verenigings in Suid-Afrika nie. Die verenigings het ook nooit 'n homogene naam gedra nie, maar in naam en karakter van plek tot plek verskil omdat dit uit die aard van die saak plaaslike ondernemings was. Die ontstaan van hierdie verenigings kan teruggevoer word na of die kerk of die politiek.

Die eerste Afrikaanse Debatsverenigings het in die Kaapkolonie ontstaan. Hierdie verenigings was 'n produk

van / .....

1) In hierdie afdeling word vryelik gebruik gemaak van die historiese navorsing van mnr. P.H. Kapp (Vgl.97).

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

van die Christelike Jongeliede Vereniging wat in 1845 in Londen gestig is en in 1874 in Suid-Afrika posgevat het toe 'n C.J.V.-tak deur die N.G. Kerk in Kaapstad gestig is. Hierna het die C.J.V. vinnig uitgebrei. Hierdie C.J.V.-takke het debatte oor godsdienstige onderwerpe gehou. Daar het egter 'n behoefte ontstaan om oor meer as slegs godsdienstige onderwerpe te gesels, wat waarskynlik tot die stigting van Debatsverenigings aanleiding gegee het.

Die Middellandse Unie van Debats- en C.J. Verenigings is in 1888 op 'n konferensie van Debats- en C.J. Verenigings, gehou te Graaff-Reinet, gestig. Hierdie Unie was beperk tot die Oostelike Provinsie. Dit het egter vanweë die krygswet wat gedurende die Tweede Vryheidsoorlog in die Kaapkolonie afgekondig is, tot niet gegaan. Die krygswet het openbare vergaderings van enige aard belet. Onder leiding van die Debatsverenigings van Middelburg is in 1904 weer 'n beweging op tou gesit om die Unie te laat herleef. Op 27 Oktober 1904 is die Unie weer gestig maar toe het die C.J.V. nie meer 'n deel van die organisasie gevorm nie.

In 1904 is daar in Wes-Kaapland tot die stigting van 'n Bond van C.J.- en Debatsverenigings oorgegaan maar die Debatsverenigings is uitgesluit. Onder leiding van die Debatsvereniging van Stellenbosch, wat bekend gestaan het as „Ons Spreekuur", is daar uiteindelik in 1907 so 'n Unie vir Wes-Kaapland gestig. Hierdie Unie het egter nie so 'n sterk eenheidsband soos die Middellandse Unie getoon nie.

Die ontstaan van Debatsverenigings in Transvaal was waarskynlik ook van 'n kerklike aard. In 1889 het daar

reeds/ ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

reeds 'n Christelike Jongeliede Vereniging bestaan wat gereeld debatte gehou het. Voor die Tweede Vryheidsoorlog was Debatsverenigings in die Transvaal 'n seldsame verskynsel. Na die oorlog het 'n hele paar Verenigings ontstaan en op 2 en 3 Oktober 1907 is die Transvaalse Unie van Debatsverenigings op Potchefstroom gestig met 16 verenigings as lede. In 1908 was daar 30 verenigings en in 1916 reeds 36 verenigings by hierdie Unie geaffilieer.

In Natal het daar reeds voor die Tweede Vryheidsoorlog enkele Debatsverenigings bestaan. Die belangrikste hiervan was die Pietermaritzburgse Letterkundige en Debatsvereniging, waaruit die Saamwerk-Unie van Natalse Verenigings later ontstaan het. In 1910 is die Natalse Unie van Debatsverenigings gestig met „geaffilieerde" verenigings. Hierdie Unie het egter mank aan lewenskrag gegaan en het ook tot niet gegaan. In 1917 het die Saamwerk-Unie van Natalse Verenigings tot stand gekom en het die Debatsverenigings lede van hierdie kultuurorganisasies geword.

In die Vrystaat was die oorsprong van die Debatsverenigings van 'n politieke aard. Die „Jongelings Debat- en Skietoefeningsvereniging" is in 1893 as 'n uitvloeisel van die Afrikanerbond gestig. Die gedagte vir sodanige vereniging is op die Klipriviertakvergadering van die Afrikanerbond deur Izak Wessels, lid van die Vrystaatse Volksraad, uitgespreek. Kort daarna is sodanige vereniging op die plaas Daspoort in die distrik Harrismith gestig.

In 1893 is daar 'n Unie van hierdie Verenigings gestig wat ook tydens die Tweede Vryheidsoorlog van die toneel

verdwyn / .....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

verdwyn het. Na die oorlog het hierdie verenigings in die Vrystaat herleef as suiwer Debatsverenigings. In Februarie 1907 is die Unie van Vrystaatse Debatsverenigings gestig.

Die jare tussen 1910 en 1920 was vir die Debatsverenigings in Suid-Afrika 'n bloeitydperk gewees. Vir die Afrikaanse Taal en Kultuur was hierdie verenigings van onskatbare waarde.

Die Debatsverenigings het oral waar hulle voorgekom het aan sy lede die geleentheid gebied om op hul eie manier uitdrukking aan hulle kultuurgevoel te gee. Hoewel daar by sekere byeenkomste aspekte bespreek is wat nie juis van aktuele belang was nie, is by die kongresse van die Debatsverenigings oor veel ernstiger onderwerpe gedebatteer. By hierdie geleenthede is die aandag toegespits op vraagstukke van lands- en volksbelang. Die taal- en armblankevraagstuk en die konstitusionele toekoms van Suid-Afrika was gereeld op die voorgrond. Langs hierdie weg is 'n belangrike vormende invloed op die jonger lede uitgeoefen. Tot verdere verdienste van die Debatsvereniginge kan gereken word dat hulle 'n groot aandeel in die vestiging en erkenning van Afrikaans gehad het. Die voertaal by die byeenkomste was bykans deurgaans Afrikaans. Dit is een van die faktore wat daartoe gelei het dat Afrikaans die moedertaal van die jonger geslagte geword het en dat die uitbouing van hulle moedertaal by hulle voorop gestaan het. Debatsverenigings het dan ook 'n belangrike rol in die latere Taalverenigings en Taalkonferensies gespeel.

In 'n tyd toe die Afrikanerjeug op skool verbied is om

sy / .....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

sy eie volksgeskiedenis te leer, was dit die Debatsverenigings wat die stryd en opoffering en heldedade van die voorgeslagte by die jonger geslag wakker gehou het. Daar is selfs 'n monument deur 'n Debatsvereniging opgerig.

Oor die verhouding Debatsvereniging-Geloftefees skryf Kapp soos volg: „Een van die belangrike middels wat deur die Debatsvereniging gebruik is om hulle doelstellings na buite uit te dra, was die jaarlikse Geloftefees of, soos dit destyds genoem is, Dingaansfeeste. Die Debatsverenigings het nie alleen onderneem om sodanige feeste te reël nie, maar dit ook tot hulle taak gemaak om die godsdienstige karakter van die dag in ere te hou. Op hierdie wyse het daar 'n herlewing in die feeste gekom" (97, p.4 ).

Verder het die Debatsverenigings ook meegedoen aan die bevordering van die Afrikaanse lied. In sy hoedanigheid as voorsitter van die Van Zyls Debatsvereniging het dr. C.F. Visser weens 'n gebrek aan Afrikaanse liedjies 'n aantal geskep waarvan „O Boereplaas" op die wysie van „Der Tannenbaum" die grootste was. Op die jaarlikse uitstoffees wat by baie van die Debatsverenigings 'n instelling geword het, is 'n skat van Afrikaanse liedjies gesing en geskep.

Die Debatsverenigings het na 1930 begin kwyn. Teen 1948 het nog slegs enkeles op die platteland bestaan. Vandag is Debatsverenigings vrywel beperk tot opvoedkundige inrigtings. Ten tye van die ondersoek is op die spoor gekom van 'n Debatsvereniging, te wete „Die Christelike Jongeliede Debatsvereniging" wat vermoedelik in 1887 in die lewe geroep is, en deur die jare heen nog altyd dieselfde

naam / .....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

naam gedra het. Hierdie Debatsvereniging kom voor in die distrik Heilbron en die werksaamhede bestaan uit die gewone besprekingspunte, sang, musiek, voordragte ensomeer (vgl. 119)

4. Toneelverenigings [1)]

Die Toneelbeweging in Suid-Afrika dateer vanaf die begin van die negentiende eeu toe die Engelse en Hollandse toneel ontstaan het. Uit hierdie twee en veral uit die Hollandse toneel, word die Afrikaanse toneel gebore maar bloei eers veel later met die Tweede Afrikaanse Taalbeweging aan die begin van die twintigste eeu.

Teen ongeveer 1800 met die ontwikkeling veral van die Engelse toneel, word die toneel „'n vaste instelling en blywende kultuurinvloed" aldus Bosman (120, p.1). Die Engelse toneel bly egter voortbestaan as amateurtoneel tot ongeveer 1855 waarna beroepstoneel na vore tree in die vorm van besoekende spelers en geselskappe. In hierdie verband merk Bosman op: „Veral met die groei van die land en die opkoms van die groot stede deur die ontdekking van diamante en goud ..., beleef die beroepstoneel geweldige uitbreiding en bloei" (120, p.1). Teen ongeveer 1920, met die koms van die praatfilm, neem die amateurtoneel weer sterk in omvang en betekenis toe en oorheers dit die beroepstoneel.

In 1803, met die tydelike afwesigheid van die Engelse aan die Kaap onder die Bataafse Bewind, kry die Hollandse toneel die geleentheid om te ontwikkel en vaste wortel te skiet. Teen die tweede helfte van die negentiende eeu, word Kaapstad weer 'n Engelse stad. Hierdie ommeswaai in bewind bring volgens Bosman mee, dat die Hollandse toneel 'n amateurtoneel bly wat alleen 'n beperkte kring periodes van bloei beleef (Vgl. 120, p.2).

Om en by 1825, as die Engelse beroepstoneel in die stede wegsterf, kry die Afrikaanse toneel die geleentheid om te ontwikkel en uit te brei. Hierdie proses word aangehelp deur die toename van die Afrikaanse bevolking in die

---

1) In hierdie afdeling is vrylik gebruik gemaak van 120 en 121.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



stede, veral aan die Rand.

Die grondleggers van die Afrikaanse toneel is Melt Brink en J.H.H. de Waal. Die aktiewe Hollands-Afrikaanse Toneelvereniging word in die Noorde onder Preller gestig en in die jare 1912-1920, die periode van kragtige nasionale ontwaking in Suid-Afrika, ontwaak daar ook 'n stryd vir volk en taal. Die nasionale gevoel vind sy weerspieëling in die Afrikaanse drama (Vgl. 120, p.10).

In 1925 word Afrikaans erken as amptelike taal naas Engels en in dieselfde jaar word die eerste beroepstoneelgeselskap in Pretoria onder Paul de Groot gestig. Namate die Afrikaanse toneel volwassenheid bereik het, het dit ook standvastigheid begin kry. In hierdie verband sê Huguenet: „Die grootste mylpaal in ons toneelgeskiedenis is bereik met die stigting van 'n Nasionale Toneelorganisasie in 1947" (121, p.72).

Vandag ontwikkel die Afrikaanse toneel steeds en strek sy invloed uit na die rolprentwêreld. Tereg merk Bosman op: „'n Bloeiende Afrikaanse toneel sal onontbeerlik wees vir 'n bloeiende Afrikaanse rolprent. En albei - toneel en rolprent - is onontbeerlik vir 'n bloeiende Afrikaanse kultuur" (120, p.13).

5. Musiekverenigings [1)]

Met die stigting van 'n nedersetting aan die Kaap deur die Hollands-Oos Indiese Kompanjie in 1652 het die voortbouing van 'n nasie onwillekeurig en onbewustelik die taak van die nedersetters geword. Die ontwikkeling van 'n nasie bring die daarstelling van 'n vaste kultuurpatroon mee en die hoër vorme van kultuur vind vergestalting in die skone kunste.

Die Musiekvereniging in Suid-Afrika het 'n lang ontwikkelingsproses ondergaan. Die Protestantsgesinde kolo

---

1) In hierdie afdeling is vryelik gebruik gemaak van 122.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

niste aan die Kaap het hulle eie gevestigde vorme van musiek van hulle stamlande af saamgebring; vandaar die invloede van Frankryk, Holland, Duitsland en Engeland op die Suid-Afrikaanse musiek. Die Franse Hugenote, afkomstig uit 'n land wat destyds 'n bloeiende en inspirerende musieklewe gehad het, het 'n bydrae tot die kerklike sowel as die wêreldlike musiek gelewer (vgl. 122, p.167). Die invloed van die Duitse volk is goed verstaanbaar aangesien hulle op musiekgebied in daardie dae die botoon gevoer het. Die Engelse invloed het daartoe gelei dat sang- en musiekonderrig en die totstandkoming van orkeste baie aandag begin geniet het. Ook koorsang en gewyde musiek is sterk deur die Engelse element beïnvloed.

Afrikaanse musiek was eers beperk tot die huis, godsdienstige byeenkomste en feesgeleenthede maar sedert die begin van die negentiende eeu neem musiekopvoerings in populariteit toe. Later val die klem ook op musiekinstrumente en is die musikaliteitsgevoel van hierdie stoere pioniers (Afrikaners) na waarde ontgin (Vgl. 122, p.169).

Aan die begin van die twintigste eeu, met die ontwaking van die nasionale stryd by die Afrikaner, ontstaan ook die behoefte om iets te lewer wat eg Afrikaans is. Nasionale volkswysies en toonsettings, Boere- en volksliedere geniet nou baie aandag. Die ontwaking van die nasionale stryd het die behoefte aan 'n volkslied laat ontstaan. In hierdie verband merk de Jager op: „Die vryheidsdrang van 'n volk staan in nou verband met die besit van 'n volkslied - 'n lied wat spontaan die volk in sy diepste wese sal aangryp en meevoer" (122, p.170). Na vele probeerslae slaag C.J. Langenhoven, as digter, en M.L. de Villiers, as komponis, met Die Stem van Suid-Afrika. Hierna volg 'n Liederebundel, 'n Volksangbundel (die F.A.K.) en ook die eerste Psalm- en Gesangboek.

Vandag ondergaan die Afrikaanse musiek nog steeds ontwikkeling. De Jager merk in hierdie verband tereg op: „As kunssinnige volk wat tot veel in staat is en wat 'n geopende oor het vir die skone musiek van die ou lande, koester ons groot verwagtings van en waardering vir die prestasies van ons eie komponiste" (122, p.172).

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## 6. DEELNAME AAN KULTUURBEDRYWIGHEDE OP HOËRSKOOL

Ten einde vas te stel of die ondersoekgroep op hoërskool aan kultuurbedrywighede deelgeneem het, al dan nie, is hulle uitgevra na hulle deelname aan die Volkspelebeweging, Voortrekkerbeweging, Debats-, Toneel- en Musiekverenigings aldaar (vgl. vraag B5).

Die bevindings wat op hierdie vraag verkry is, sal volgens geslag, onderwyskwalifikasies, taalmedium op hoërskool, ouderdom en plek waar die ondersoekgroep op hoërskool was, ontleed word.

### (a) Deelname aan kultuurbedrywighede op hoërskool volgens die geslag van die ondersoekgroep [1)]

In tabel 25 word die ondersoekgroep se deelname aan kultuurbedrywighede op hoërskool volgens hulle geslag ontleed.

Die/ ...

1) By raadpleging van die vraelys sal ten opsigte van vraag B5 - die vraag waaruit al die tabelle wat in die onderhawige afdeling gebruik word, opgestel is - opgemerk word dat die respondente se antwoorde teenoor drie moontlikhede gemerk kan word. Plek is ingeruim vir diegene wat op hoërskool aan die onderskeie kultuurbedrywighede deelgeneem het, vir diegene wat nie daaraan deelgeneem het nie en vir diegene op wie die vraag nie toepassing gehad het nie. In die onderhawige afdeling (afdeling 6) word slegs diegene vir wie die moontlikheid bestaan het om op hoërskool aan die onderskeie kultuurbedrywighede deel te neem, betrek. Die „nie van toepassing" moontlikheid word met ander woorde by die onderskeie tabelle buite rekening gelaat.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



TABEL 25

DEELNAME AAN KULTUURBEDRYWIGHEDE OP HOËRSKOOL VOLGENS GESLAG

| Deelname aan kultuurbedrywighede op hoërskool | | Geslag van die ondersoekgroep: Manlik Getal | Manlik % | Vroulik Getal | Vroulik % | Totaal Getal | Totaal % |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Volkspelebeweging | Ja | 262 | 60.6 | 278 | 61.8 | 540 | 61.2 |
| | Nee | 170 | 39.4 | 172 | 38.2 | 342 | 38.8 |
| | Totaal | 432 | 100.0 | 450 | 100.0 | 882 | 100.0 |
| Voortrekkerbeweging | Ja | 138 | 36.7 | 124 | 31.7 | 262 | 34.2 |
| | Nee | 238 | 63.3 | 267 | 68.3 | 505 | 65.8 |
| | Totaal | 376 | 100.0 | 391 | 100.0 | 767 | 100.0 |
| Debatsvereniging | Ja | 311 | 64.5 | 290 | 58.2 | 601 | 61.3 |
| | Nee | 171 | 35.5 | 208 | 41.8 | 379 | 38.7 |
| | Totaal | 482 | 100.0 | 498 | 100.0 | 980 | 100.0 |
| Toneelvereniging | Ja | 145 | 35.6 | 167 | 38.6 | 312 | 37.1 |
| | Nee | 262 | 64.4 | 266 | 61.4 | 528 | 62.9 |
| | Totaal | 407 | 100.0 | 433 | 100.0 | 840 | 100.0 |
| Musiekvereniging | Ja | 45 | 12.2 | 91 | 22.8 | 136 | 17.7 |
| | Nee | 324 | 87.8 | 309 | 77.2 | 633 | 82.3 |
| | Totaal | 369 | 100.0 | 400 | 100.0 | 769 | 100.0 |

Volkspelebeweging: $X^2$ : .1184, $70\% < P < 80\%$

Voortrekkerbeweging: $X^2$ : 2.1207, $10\% < P < 20\%$

Debatsvereniging: $X^2$ : 4.0855, $2\% < P < 5\%$

Toneelvereniging: $X^2$ : .7774, $30\% < P < 50\%$

Musiekvereniging: $X^2$ : 14.6882, $P < 1\%$

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die volgende tree uit die gegewens van hierdie tabel na vore:

(i) Volkspele

Een-en-sestig punt twee (61.2) persent van die proefpersone het op hoërskool aan volkspele deelgeneem, terwyl 38.8 persent nie daaraan deelgeneem het nie.
Wanneer die deelname met geslag in verband gebring word, blyk volgens sowel die persentasies as die verkreë chi-kwadraatwaarde ($X^2$ :. 1184, 70% < P < 80%) dat daar geen beduidende verskille tussen die geslagte in hierdie verband voorkom nie. Die persentuele verskille wat wel voorkom, is waarskynlik aan toevallige faktore toe te skryf en is te gering om enige betroubare en betekenisvolle afleidings te regverdig.

(ii) Voortrekkers

Van die proefpersone het naasteby 'n derde (34.2 persent) op hoërskool aan die Voortrekkers deelgeneem. Hierteenoor het bykans twee derdes nie op hoërskool aan sodanige bedrywighede deelgeneem nie.
Wanneer die respondente se deelname met hulle geslag in verband gebring word, blyk in hierdie geval ook, volgens die persentasies en chi-kwadraadwaarde ($X^2$ : 2 . 1207, 10% < P < 20%), dat daar geen beduidende verskille tussen die geslagte voorkom nie.

(iii) Debatsvereniging

Blykens die gegewens van tabel 25 het 61.3 persent van die proefpersone op hoërskool aan debatsaktiwiteite

deelgeneem/ ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

deelgeneem, terwyl 38.7 persent nie van sodanige deelname kon getuig nie.

Volgens geslag ontleed, blyk dat na verhouding meer manlikes as vroulikes op hoërskool aan debatsaktiwiteite deelgeneem het. Van die manlikes het 64.5 persent aan debatsbedrywighede meegedoen teenoor 58.2 persent van die vroulikes.

iv) Toneelvereniging

Tabel 25 toon dat 37.1 persent van die proefpersone op hoërskool aan toneelaktiwiteite meegedoen het. Dit volg dus dat 62.9 persent nie aan sodanige aktiwiteite deelgeneem het nie.

As die deelname met die geslag in verband gebring word, is sowel die verkreë persentasies as die verkreë chi-kwadraatwaarde ($X^2$ :. 7774, 30% < P < 50%) in hierdie geval ook daarop beduidend dat daar geen beduidende verskille tussen die geslagte voorkom nie. Die persentuele verskille wat voorkom word waarskynlik deur toevallige faktore teweeggebring.

v) Musiekvereniging

Sewentien punt sewe (17.7) persent van die respondente het op hoërskool aan musiekaktiwiteite deelgeneem. Die oorgrote meerderheid van die proefpersone, (82.3 persent) het nie op hoërskool aan sodanige bedrywighede deelgeneem nie.

As die deelname aan musiekaktiwiteite op hoërskool met die geslag van die ondersoekgroep in verband gebring word, blyk dat 22.8 persent van die vroulike proefper-

sone/ ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



sone teenoor 12.2 persent van die manlikes op hoërskool aan hierdie bedrywigheid deelgeneem het.

'n Moontlike verklaring vir hierdie bevinding mag enersyds geleë wees in die algemene opvatting onder kinders dat deelname aan musiekaktiwiteite „meisie-agtig" is en afbreek doen aan die manlikheidsbeeld van 'n seun. Andersyds kan die openbare mening en die opvatting wat onder ouers voorkom dat musiekaktiwiteite eerder by dogters as by seuns tuishoort, en ook dat onderlegdheid in die musiekkuns bydra tot die verfyndheid of vroulikheid van 'n dogter, bydraende faktore tot hierdie toedrag van sake wees.

Verder val dit uit die gegewens van tabel 25 op dat die Debatsvereniging die grootste deelnamesyfer van al vyf die kultuurbedrywighede gehad het. Hierna volg die Volkspelebeweging (op punt een persent na dieselfde persentasie deelname as die Debatsvereniging), die Toneelvereniging, die Voortrekkerbeweging en laastens die Musiekvereniging. Dit blyk ook dat die onderskeie kultuurbedrywighede in geen geval 'n persentasie deelname van meer as 62 persent gehad het nie. Drie van die kultuurbedrywighede, te wete die Voortrekkerbeweging, die Toneel- en Musiekverenigings se persentasie deelname is laer as 37 persent - van hierdie drie bereik die Musiekvereniging nie eers die 20 persent kerf nie - terwyl slegs twee naamlik die Volkspelebeweging en Debatsvereniging in die omgewing van 62 persent lê. In die geheel gesien is/was die deelnamesyfer aan die kul-

tuurbedrywighede/ ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

tuurbedrywighede op hoërskool dus nie besonder gunstig nie.

(b) Deelname aan kultuurbedrywighede op hoërskool volgens die ouderdom van die ondersoekgroep

Tabel 26 gee 'n beeld van die ondersoekgroep se deelname aan kultuurbedrywighede op hoërskool ontleed volgens hulle ouderdom.

Uit die gegewens van hierdie tabel is die volgende feite duidelik:

i) Volkspele

Na verhouding het 'n groter persentasie van diegene in die middeljarige ouderdomsgroep (35 - 49 jaar) as diegene in die jongste (18 - 34 jaar) en oudste (50 - 60 jaar en ouer) ouderdomsgroepe op hoërskool aan volkspele deelgeneem. Dit blyk verder dat diegene in die jongste ouderdomsgroep in 'n groter mate as diegene in die oudste ouderdomsgroep op hoërskool aan sodanige bedrywighede deelgeneem het. So, byvoorbeeld, verklaar 73.7 persent van diegene in die ouderdomsgroep 35 tot 49 jaar dat hulle op hoërskool aan volkspele deelgeneem het, teenoor 57.3 persent van die responte in die ouderdomsgroep 18 tot 34 jaar en 41.5 persent van diegene in die ouderdomsgroep 50 tot 60 jaar en ouer.

ii) Voortrekkers

Met betrekking tot hierdie beweging blyk 'n soortgelyke tendens as hierbo. Vyftig punt ses (50.6) persent van die vyf-en-dertig tot nege-en-veertigjariges het op hoërskool aan die Voortrekkerbeweging deelgeneem, teenoor 27.0 persent van die agtien- tot vier-en-dertigjariges en 20.3 persent van diegene in die ouderdomsgroep 50 tot 60 jaar en ouer.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

TABEL 26

DEELNAME AAN KULTUURBEDRYWIGHEDE OP HOËRSKOOL VOLGENS OUDERDOM

| Deelname aan kultuurbedrywighede op hoërskool | | Ouderdomsverdeling van die ondersoekgroep | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | 18 tot 24 jaar | | 25 tot 29 jaar | | 30 tot 34 jaar | | Subtotaal | | 35 tot 39 jaar | | 40 tot 44 jaar | | 45 tot 49 jaar | | Subtotaal | | 50 tot 54 jaar | | 55 tot 59 jaar | | 60 jaar en ouer | | Subtotaal | | | |
| | | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| Volkspelebeweging | Ja | 94 | 54.3 | 93 | 56.7 | 106 | 60.9 | 293 | 57.3 | 105 | 75.0 | 63 | 73.3 | 45 | 71.4 | 213 | 73.7 | 16 | 38.1 | 9 | 47.4 | 9 | 42.9 | 34 | 41.5 | 540 | 61.2 |
| | Nee | 79 | 45.7 | 71 | 43.3 | 68 | 39.1 | 218 | 42.7 | 35 | 25.0 | 23 | 26.7 | 18 | 28.6 | 76 | 26.3 | 26 | 61.9 | 10 | 52.6 | 12 | 57.1 | 48 | 58.5 | 342 | 38.8 |
| | Totaal | 173 | 100.0 | 164 | 100.0 | 174 | 100.0 | 511 | 100.0 | 140 | 100.0 | 86 | 100.0 | 63 | 100.0 | 289 | 100.0 | 42 | 100.0 | 19 | 100.0 | 21 | 100.0 | 82 | 100.0 | 882 | 100.0 |
| Voortrekkerbeweging | Ja | 29 | 19.7 | 29 | 20.9 | 59 | 40.1 | 117 | 27.0 | 58 | 48.3 | 41 | 54.7 | 30 | 50.0 | 129 | 50.6 | 11 | 23.4 | 3 | 18.8 | 2 | 12.5 | 16 | 20.3 | 262 | 34.2 |
| | Nee | 118 | 80.3 | 110 | 79.1 | 88 | 59.9 | 316 | 73.0 | 62 | 51.7 | 34 | 45.3 | 30 | 50.0 | 126 | 49.9 | 36 | 76.6 | 13 | 81.2 | 14 | 87.5 | 63 | 79.7 | 505 | 65.8 |
| | Totaal | 147 | 100.0 | 139 | 100.0 | 147 | 100.0 | 433 | 100.0 | 120 | 100.0 | 75 | 100.0 | 60 | 100.0 | 255 | 100.0 | 47 | 100.0 | 16 | 100.0 | 16 | 100.0 | 79 | 100.0 | 767 | 100.0 |
| Debatsvereniging | Ja | 95 | 51.9 | 84 | 49.7 | 92 | 54.1 | 271 | 51.9 | 91 | 66.9 | 68 | 77.3 | 76 | 78.4 | 235 | 73.2 | 47 | 66.2 | 17 | 63.0 | 31 | 79.5 | 95 | 69.3 | 601 | 61.3 |
| | Nee | 88 | 48.1 | 85 | 50.3 | 78 | 45.9 | 251 | 48.1 | 45 | 33.1 | 20 | 22.7 | 21 | 21.6 | 86 | 26.8 | 24 | 33.8 | 10 | 37.0 | 8 | 20.5 | 42 | 40.7 | 379 | 38.7 |
| | Totaal | 183 | 100.0 | 169 | 100.0 | 170 | 100.0 | 522 | 100.0 | 136 | 100.0 | 88 | 100.0 | 97 | 100.0 | 321 | 100.0 | 71 | 100.0 | 27 | 100.0 | 39 | 100.0 | 137 | 100.0 | 980 | 100.0 |
| Toneelvereniging | Ja | 50 | 31.1 | 41 | 28.7 | 50 | 33.8 | 141 | 31.2 | 42 | 35.0 | 37 | 51.4 | 41 | 53.2 | 79 | 34.6 | 26 | 41.3 | 7 | 30.4 | 18 | 54.5 | 51 | 42.9 | 312 | 37.1 |
| | Nee | 111 | 68.9 | 102 | 71.3 | 98 | 66.2 | 311 | 68.8 | 78 | 65.0 | 35 | 48.6 | 36 | 46.8 | 149 | 65.4 | 37 | 58.7 | 16 | 69.6 | 15 | 45.5 | 68 | 57.1 | 528 | 62.9 |
| | Totaal | 161 | 100.0 | 143 | 100.0 | 148 | 100.0 | 452 | 100.0 | 120 | 100.0 | 72 | 100.0 | 77 | 100.0 | 228 | 100.0 | 63 | 100.0 | 23 | 100.0 | 33 | 100.0 | 119 | 100.0 | 840 | 100.0 |
| Musiekvereniging | Ja | 26 | 16.6 | 24 | 17.5 | 26 | 18.4 | 76 | 17.5 | 18 | 16.1 | 13 | 21.3 | 14 | 22.2 | 45 | 19.1 | 6 | 10.9 | 3 | 18.8 | 6 | 28.6 | 15 | 15.3 | 136 | 17.7 |
| | Nee | 131 | 83.4 | 113 | 82.5 | 115 | 81.6 | 359 | 82.5 | 94 | 83.9 | 48 | 78.7 | 49 | 77.8 | 191 | 80.9 | 49 | 89.1 | 13 | 81.2 | 21 | 71.4 | 83 | 84.7 | 633 | 82.3 |
| | Totaal | 157 | 100.0 | 137 | 100.0 | 141 | 100.0 | 435 | 100.0 | 112 | 100.0 | 61 | 100.0 | 63 | 100.0 | 236 | 100.0 | 55 | 100.0 | 16 | 100.0 | 27 | 100.0 | 98 | 100.0 | 769 | 100.0 |

$X^2$ : 38.0569, P < 1%

$X^2$ : 65.7537, P < 1%

$X^2$ : 49.4283, P < 1%

$X^2$ : 27.8965, P < 1%

$X^2$ : 3.[illegible]46, 80% < P < 90%

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

iii) Debatsvereniging

Wanneer die ondersoekgroep se deelname aan die debatsvereniging op hoërskool met hulle ouderdom in verband gebring word, blyk dat 73.2 persent van die vyf-en-dertig- tot nege-en-veertigjariges, 69.3 persent van diegene in die ouderdomsgroep 50 tot 60 jaar en ouer, en 51.9 persent van die agtien- tot vier-en-dertigjariges op hoërskool aan sodanige aktiwititeite deelgeneem het. Dit blyk dus dat diegene in die middeljarige ouderdomsgroep in 'n groter mate as die respondente in die ander twee groepe op hoërskool aan die debatsvereniging deelgeneem het.

iv) Toneelvereniging

Wanneer die ondersoekgroep se deelname aan toneelaktiwiteite op hoërskool volgens hulle ouderdom ontleed word, blyk dat die aantal proefpersone wat daaraan deelgeneem het, styg namate hulle ouderdom toeneem. Dit blyk, byvoorbeeld, dat 31.2 persent van diegene in die ouderdomsgroep 18 tot 34 jaar, 34.6 persent van dié in die groep 35 tot 49 jaar en 42.9 persent van die respondente in die ouderdomsgroep 50 tot 60 jaar en ouer op hoërskool aan toneelaktiwiteite deelgeneem het.

v) Musiekvereniging

Sowel die persentasies as die chi-kwadraatwaarde ($X^2$ :. 3.9646, 80% < P < 90%) wat ten opsigte van die deelname aan musiekbedrywighede op hoërskool verkry is, toon dat daar geen beduidende verskille tussen die onderskeie ouderdomsgroepe in hierdie verband voorkom nie. Die persentuele verskille wat voorkom kon waar-

skynlik/ ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

skynlik aan toevallige faktore toegeskryf word en is te gering om enige betroubare afleidings te regverdig. Dit blyk nietemin dat diegene in die ouderdomsgroep 35 tot 49 jaar (19.1%) in 'n groter mate op hoërskool aan musiekbedrywighede deelgeneem het as wat die geval is met die proefpersone in die ouderdomsgroepe 18 tot 34 jaar (17.5%) en 50 tot 60 jaar en ouer (15.3%).

Uit die gegewens van tabel 26 blyk samevattend dus dat die positiefste bevinding met betrekking tot die ondersoekgroep se deelname aan kultuurbedrywighede op hoërskool, volgens ouderdom ontleed, voorkom by die middeljarige ouderdomsgroep.

Daar kan na alle waarskynlikheid aanvaar word dat diegene in die oudste ouderdomsgroep minder geleentheid gehad het om op hoërskool aan kultuurbedrywighede deel te neem aangesien sodanige bedrywighede in vroeëre jare waarskynlik op skool nie so vryelik as vandag aangebied was nie.

Daar kan waarskynlik ook aanvaar word dat die jongste en middeljarige ouderdomsgroepe, indien die jongste nie meer geleentheid as die middeljarige gehad het nie, minstens in 'n gelyke mate geleentheid gehad het om op hoërskool aan die kultuurbedrywighede deel te neem. Die ongunstige beeld met betrekking tot die jongste ouderdomsgroep se deelname aan kultuurbedrywighede op hoërskool in vergelyking met die van die middeljarige ouderdomsgroep kan waarskynlik daaraan toegeskryf word dat hulle, hulle vrye tyd in belang van ander sake gebruik en dalk meer op sosiale plesier en genietinge ingestel is.

Die/ ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die hedendaagse gees van materialisme en sensasiebewustheid speel waarskynlik ook 'n rol. Die materiële geniet ten koste van die geestelike meer aansien. Daar moet ook in gedagte gehou word dat daar vandag vir die jonger geslag 'n veelheid aanloklike gekommersialiseerde vryetydsaktiwiteite bestaan wat in 'n meerdere mate as wat die geval met die onderhawige kultuurbedrywighede is, in pas is met die „moderne" gees.

(c) <u>Die ondersoekgroep se deelname aan kultuurbedrywighede op hoërskool volgens die taalmedium op hoërskool</u>

Tabel 27 gee 'n ontleding van die ondersoekgroep se deelname aan kultuurbedrywighede op hoërskool volgens die taalmedium op hoërskool.

Gegewens in hierdie tabel vervat bring die volgende aan die lig:

i) <u>Volkspele</u>

Twee-en-sestig punt agt (62.8) persent van diegene wat 'n parallel- of dubbelmedium hoërskool bygewoon het en 62.4 persent van diegene wat op 'n Afrikaansmedium hoërskool skoolgegaan het, verklaar dat hulle op hoërskool aan volkspele deelgeneem het. Hierteenoor gee 41.2 persent van die proefpersone wat 'n Engelsmedium hoërskool bygewoon het ook sodanige antwoord.

ii) <u>Voortrekkers</u>

Van diegene wat 'n parallel- of dubbelmedium hoërskool bygewoon het en diegene wat op 'n Afrikaansmedium hoërskool was, verklaar onderskeidelik 41.9 persent en 34.7 persent dat hulle op hoërskool aan die Voortrekkers

deelgeneem/ ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

TABEL 27

DEELNAME AAN KULTUURBEDRYWIGHEDE OP HOëRSKOOL VOLGENS DIE TAALMEDIUM OP HOëRSKOOL

| Deelname aan kultuurbedrywighede op hoërskool | | * Taalmedium op hoërskool: Afrikaans-medium | | Engels-medium | | Parallel of dubbelmedium | | Ander | | Totaal | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | |
| Volkspele-beweging | Ja | 464 | 62.4 | 21 | 41.2 | 54 | 62.8 | 1 | 50.0 | 540 | 61.2 | |
| | Nee | 279 | 37.6 | 30 | 58.8 | 32 | 37.2 | 1 | 50.0 | 342 | 38.8 | $x^2$ : 9.4596, 2% < P < 5% |
| | Totaal | 743 | 100.0 | 51 | 100.0 | 86 | 100.0 | 2 | 100.0 | 882 | 100.0 | |
| Voortrekker-beweging | Ja | 225 | 34.7 | 5 | 11.6 | 31 | 41.9 | 1 | 50.0 | 262 | 34.2 | |
| | Nee | 423 | 65.3 | 38 | 88.4 | 43 | 58.1 | 1 | 50.0 | 505 | 65.8 | $x^2$ : 11.9874, P < 1% |
| | Totaal | 648 | 100.0 | 43 | 100.0 | 74 | 100.0 | 2 | 100.0 | 767 | 100.0 | |
| Debatsver-eniging | Ja | 479 | 60.3 | 32 | 44.4 | 89 | 79.5 | 1 | 50.0 | 601 | 61.3 | |
| | Nee | 315 | 39.7 | 40 | 55.6 | 23 | 20.5 | 1 | 50.0 | 379 | 38.7 | $x^2$ : 24.6296, P < 1% |
| | Totaal | 794 | 100.0 | 72 | 100.0 | 112 | 100.0 | 2 | 100.0 | 980 | 100.0 | |
| Toneelver-eniging | Ja | 247 | 36.1 | 18 | 28.1 | 44 | 50.0 | 3 | 75.0 | 312 | 37.1 | |
| | Nee | 437 | 63.9 | 46 | 71.9 | 44 | 50.0 | 1 | 25.0 | 528 | 62.9 | $x^2$ : 11.2269, P < 1% |
| | Totaal | 684 | 100.0 | 64 | 100.0 | 88 | 100.0 | 4 | 100.0 | 840 | 100.0 | |
| Musiekver-eniging | Ja | 103 | 16.3 | 14 | 23.0 | 17 | 23.6 | 2 | 66.7 | 136 | 17.7 | |
| | Nee | 530 | 83.7 | 47 | 77.0 | 55 | 76.4 | 1 | 33.3 | 633 | 82.3 | $x^2$ : 8.7118, 2% < P < 5% |
| | Totaal | 633 | 100.0 | 61 | 100.0 | 72 | 100.0 | 3 | 100.0 | 769 | 100.0 | |

*By hierdie tabel is vraag A8 (Taalmedium op hoërskool) se "nie van toepassing" moontlikheid weggelaat omdat daar deurgans nul-waardes voorgekom het.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

deelgeneem het, teenoor slegs 11.0 persent van diegene wat op 'n Engelsmedium hoërskool was.

iii) Debatsvereniging

Wanneer die deelname aan debatsaktiwiteite op hoërskool volgens die taalmedium op hoërskool ontleed word, blyk dat 79.5 persent van die proefpersone wat 'n parallel- of dubbelmedium hoërskool bygewoon het, 60.3 persent van diegene wat op 'n Afrikaansmedium hoërskool was en 44.4 persent van die respondente wat op 'n Engelsmedium hoërskool skoolgegaan het, op hoërskool aan sodanige aktiwiteite deelgeneem het.

iv) Toneelvereniging

Volgens die gegewens van tabel 27 blyk dit dat 50.0 persent van diegene wat op 'n parallel- of dubbelmedium hoërskool was, op hoërskool aan toneelaktiwiteite deelgeneem het, in vergelyking met 36.1 persent en 28.1 persent van die respondente wat onderskeidelik 'n Afrikaansmedium en Engelsmedium hoërskool bygewoon het.

v) Musiekvereniging

Drie-en-twintig punt ses (23.6) persent en 23.0 persent van diegene wat onderskeidelik op 'n parallel- of dubbelmedium hoërskool en 'n Engelsmedium hoërskool was, teenoor 16.3 persent van diegene wat 'n Afrikaansemedium hoërskool bygewoon het, het op hoërskool aan musiekbedrywighede deelgeneem.

Uit die gegewens van tabel 27 blyk dus dat diegene wat op 'n parallel- of dubbelmedium hoërskool was, die grootste persentasie deelname ten opsigte van al vyf die onderskeie

kultuurbedrywighede/ ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

kultuurbedrywighede op hoërskool verteenwoordig.

Met uitsondering van die Musiekvereniging, waar hulle persentasie deelname die laagste is, verteenwoordig diegene wat 'n Afrikaansmedium hoërskool bygewoon het, die tweede hoogste persentasie deelname ten opsigte van die onderskeie kultuurbedrywighede. Diegene wat op 'n Engelsmedium hoërskool was, openbaar dus, met uitsondering van die musiekvereniging, waar hulle persentasie deelname die tweede hoogste is, die laagste persentasie deelname ten opsigte van die onderskeie kultuurbedrywighede.

(d) <u>Deelname aan kultuurbedrywighede op hoërskool volgens die ondersoekgroep se onderwyskwalifikasies</u>

Die verband tussen die deelname aan kultuurbedrywighede op hoërskool en die ondersoekgroep se onderwyskwalifikasies is in tabel 28 vervat.

Uit die gegewens van hierdie tabel val dit ten opsigte van al vyf die kultuurbedrywighede onmiddellik op dat die persentasie proefpersone wat op hoërskool aan die onderskeie kultuurbedrywighede deelgeneem het, styg namate hulle onderwyskwalifikasies toeneem. So, byvoorbeeld, blyk ten opsigte van die onderskeie kultuurbedrywighede die volgende:

i) Drie-en-vyftig punt 9 (53.9) persent van diegene met onderwyskwalifikasies tussen standerd 6 en standerd 8 teenoor 76.7 persent van die persone wat oor 'n universiteitsgraad beskik, verklaar dat hulle op hoërskool aan die Volkspelebeweging deelgeneem het.

ii) Onderskeidelik 27.2 persent en 59.5 persent van diegene wat oor onderwyskwalifikasies van standerd 6 tot standerd

8/ ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

TABEL 28

DEELNAME AAN KULTUURBEDRYWIGHEDE OP HOëRSKOOL VOLGENS ONDERWYSKWALIFIKASIES

| Deelname aan kultuurbedrywighede op hoërskool | | *Onderwyskwalifikasies van die ondersoekgroep | | | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | St. 6, 7 en 8 | | St. 9 en 10 | | 'n Diploma of sertifikaat of ander onderwyskwalifikasie na st. 10 behaal | | 'n Universiteitsgraad | | | |
| | | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| Volkspelebeweging | Ja | 253 | 53.9 | 197 | 67.7 | 57 | 72.2 | 33 | 76.7 | 540 | 61.2 |
| | Nee | 216 | 46.1 | 94 | 32.3 | 22 | 27.8 | 10 | 23.3 | 342 | 38.8 |
| | Totaal | 469 | 100.0 | 291 | 100.0 | 79 | 100.0 | 43 | 100.0 | 882 | 100.0 |
| Voortrekkerbeweging | Ja | 115 | 27.2 | 87 | 35.8 | 38 | 59.4 | 22 | 59.5 | 262 | 34.2 |
| | Nee | 308 | 72.8 | 156 | 64.2 | 26 | 40.6 | 15 | 40.5 | 505 | 65.8 |
| | Totaal | 423 | 100.0 | 243 | 100.0 | 64 | 100.0 | 37 | 100.0 | 767 | 100.0 |
| Debatsvereniging | Ja | 246 | 48.6 | 238 | 71.7 | 71 | 79.8 | 46 | 86.8 | 601 | 61.3 |
| | Nee | 260 | 51.4 | 94 | 28.3 | 18 | 20.2 | 7 | 13.2 | 379 | 38.7 |
| | Totaal | 506 | 100.0 | 332 | 100.0 | 89 | 100.0 | 53 | 100.0 | 980 | 100.0 |
| Toneelvereniging | Ja | 143 | 31.3 | 115 | 41.4 | 34 | 49.3 | 20 | 55.6 | 312 | 37.1 |
| | Nee | 314 | 68.7 | 163 | 58.6 | 35 | 50.7 | 16 | 44.4 | 528 | 62.9 |
| | Totaal | 457 | 100.0 | 278 | 100.0 | 69 | 100.0 | 36 | 100.0 | 840 | 100.0 |
| Musiekvereniging | Ja | 62 | 14.7 | 42 | 17.3 | 19 | 27.1 | 13 | 38.2 | 136 | 17.7 |
| | Nee | 360 | 85.3 | 201 | 82.7 | 51 | 72.9 | 21 | 61.8 | 633 | 82.3 |
| | Totaal | 422 | 100.0 | 243 | 100.0 | 70 | 100.0 | 34 | 100.0 | 769 | 100.0 |

Volkspele : $X^2$ : 23.9417, $P < 1\%$
Voortrekkers : $X^2$ : 38.0590, $P < 1\%$
Debatsvereniging : $X^2$ : 76.7537, $P < 1\%$
Toneelvereniging : $X^2$ : 18.4052, $P < 1\%$
Musiekvereniging : $X^2$ : 16.7879, $P < 1\%$

*By hierdie tabel is diegene met geen onderwyskwalifikasies en onderwyskwalifikasies laer as st. 6 weggelaat omdat daar ten opsigte van hulle deurgans nul-waardes voorgekom het.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



8 en 'n universiteitsgraad beskik, verklaar dat hulle op hoërskool aan die Voortrekkerbeweging deelgeneem het.

iii) Agt-en-veertig punt ses (48.6) persent van diegene met onderwyskwalifikasies van standerd 6 tot standerd 8 teenoor 86.8 persent van die proefpersone wat oor 'n universiteitsgraad beskik, verklaar dat hulle op hoërskool aan debatsaktiwiteite deelgeneem het.

iv) Een-en-dertig punt drie (31.3) persent van die persone wat onderwyskwalifikasies van standerd 6 tot standerd 8 het, verklaar dat hulle op hoërskool aan toneelbedrywighede meegedoen het. Hierteenoor gee 55.6 persent van diegene wat 'n universiteitsgraad behaal het ook sodanige antwoord.

v) Veertien punt sewe (14.7) persent van die respondente wat onderwyskwalifikasies van standerd 6 tot standerd 8 het teenoor 38.2 persent van diegene wat 'n universiteitsgraad verwerf het, verklaar dat hulle op hoërskool aan die musiekvereniging deelgeneem het.

Kragtens die gegewens wat hierbo ontleed is, is dit geregverdig om tot die slotsom te geraak dat proporsioneel meer proefpersone wat oor hoër onderwyskwalifikasies beskik, as diegene wat laer onderwyskwalifikasies verwerf het, op hoërskool aan die onderskeie kultuurbedrywighede deelgeneem het. Daar skyn dus 'n positiewe verband tussen deelname aan kultuurbedrywighede op hoërskool en 'n toename in onderwyskwalifikasies te bestaan.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die bogemelde bevinding kan in verband gebring word met dié van Breedt waar hy sy ondersoekgroep se lidmaatskap van Afrikaanse kultuurorganisasies volgens hulle onderwyskwalifikasies ontleed. Hoewel hierdie twee bevindinge nie heeltemal vergelykbaar is nie - die onderhawige ondersoek vra na die deelname aan kultuurbedrywighede op hoërskool terwyl dié van Breedt uitvra na die lidmaatskap van kultuurorganisasies en dan nie slegs met betrekking tot die hoërskool nie - dui Breedt se bevinding op 'n soortgelyke tendens as die onderhawige. Breedt bevind dat meer jeugdiges wat oor hoër onderwyskwalifikasies beskik, as diegene wat laer onderwyskwalifikasies verwerf het, aan kultuurorganisasies behoort (het). Hy bevind dat daar 'n positiewe verband tussen lidmaatskap van kultuurorganisasies en 'n toename in onderwyskwalifikasies bestaan (Vgl. 72, p.324 en 325). Albei bevindinge dui dus op 'n positiewe verband tussen bemoeienis met kultuur aangeleenthede en 'n toename in onderwyskwalifikasies.

(e) <u>Die ondersoekgroep se deelname aan kultuurbedrywighede op hoërskool volgens die plek waar hulle op hoërskool was</u>

Tabel 29 het op bogemelde betrekking. Hierdie tabel dui dop die volgende:

i) <u>Volkspele</u>

Sewe-en-sestig punt nul (67.0) persent van diegene wat op dorpe en 63.6 persent van die persone wat op plase, teenoor 55.1 persent van die respondente wat in stede op hoërskool was, het aangedui dat hulle op hoërskool aan volkspele deelgeneem het.

ii)/ ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



TABEL 29

DEELNAME AAN KULTUURBEDRYWIGHEDE OP HOËRSKOOL VOLGENS DIE PLEK WAAR DIE RESPONDENTE OP HOËRSKOOL WAS

| Deelname aan kultuur-bedrywighede op hoërskool | | *Plek waar respondente op hoërskool was | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | Stad | | Dorp | | Plaas | | | |
| | | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| Volkspe-lebewe-ging | Ja | 231 | 55.1 | 288 | 67.0 | 21 | 63.6 | 540 | 61.2 |
| | Nee | 188 | 44.9 | 142 | 33.0 | 12 | 36.4 | 342 | 38.8 |
| | Totaal | 419 | 100.0 | 430 | 100.0 | 33 | 100.0 | 882 | 100.0 |
| Voortrek-kerbewe-ging | Ja | 105 | 29.2 | 144 | 37.9 | 13 | 48.1 | 262 | 34.2 |
| | Nee | 255 | 70.8 | 236 | 62.1 | 14 | 51.9 | 505 | 65.8 |
| | Totaal | 360 | 100.0 | 380 | 100.0 | 27 | 100.0 | 767 | 100.0 |
| Debats-ver-eniging | Ja | 239 | 52.8 | 335 | 68.1 | 27 | 77.1 | 601 | 61.3 |
| | Nee | 214 | 47.2 | 157 | 31.9 | 8 | 22.9 | 379 | 38.7 |
| | Totaal | 453 | 100.0 | 492 | 100.0 | 35 | 100.0 | 980 | 100.0 |
| Toneelver-eniging | Ja | 123 | 31.2 | 176 | 41.8 | 13 | 52.0 | 312 | 37.1 |
| | Nee | 271 | 68.8 | 245 | 58.2 | 12 | 48.0 | 528 | 62.9 |
| | Totaal | 394 | 100.0 | 421 | 100.0 | 25 | 100.0 | 840 | 100.0 |
| Musiek-verenig-ing | Ja | 64 | 17.7 | 69 | 18.1 | 3 | 11.1 | 136 | 17.7 |
| | Nee | 297 | 82.3 | 312 | 81.9 | 24 | 89.9 | 633 | 82.3 |
| | Totaal | 361 | 100.0 | 381 | 100.0 | 27 | 100.0 | 769 | 100.0 |

Volkspele: $X^2$: 12.6267, P 1%

Voortrekkerbeweging: $X^2$: 8.6964, $2\% < P < 5\%$

Debatsvereniging: $X^2$: 27.1981, $P < 1\%$

Toneelvereniging: $X^2$: 12.2066, $P < 1\%$

Musiekvereniging: $X^2$: .8490, $50\% < P < 70\%$

*By hierdie tabel is diegene wat nie op hoërskool was nie weggelaat omdat daar ten opsigte van hulle deurgans nul-waardes voorgekom het.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ii) Voortrekkers

Van diegene wat op plase en diegene wat op dorpe op hoërskole was verklaar onderskeidelik 48.1 persent en 37.9 persent dat hulle op hoërskool aan die Voortrekkers deelgeneem het. Hierteenoor is daar 29.2 persent van diegene wat in stede op hoërskool was wat ook sodanige antwoord gee.

iii) Debatsvereniging

Volgens die gegewens van tabel 32 het 77.1 persent van diegene wat op plase en 68.1 persent van die persone wat op dorpe, teenoor 52.8 persent van die respondente wat in stede op hoërskool was, op hoërskool aan debatsaktiwiteite meegedoen.

iv) Toneelvereniging

Ook in hierdie geval het 'n groter persentasie van diegene wat in landelike gebiede op hoërskool was, as diegene wat hulle hoërskoolloopbaan in stedelike gebiede deurloop het, op hoërskool aan die toneelvereniging deelgeneem. So, byvoorbeeld, blyk dit dat 52.0 persent en 41.8 persent van diegene wat onderskeidelik op plase en op dorpe, teenoor 31.2 persent van diegene wat in stede op hoërskool was, op hoërskool aan toneelaktiwiteite deelgeneem het.

v) Musiekvereniging

Volgens sowel die persentasie as die chi-kwadraatwaarde ($X^2$ : .8490, $50\% < P < 70\%$ wat ten opsigte van die deelname aan musiekbedrywighede op hoërskool verkry is, blyk dat daar geen beduidende verskille tussen diegene

wat/ ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

wat in stede, op dorpe en op plase op hoërskool was in hierdie verband bestaan nie. Alhoewel dit wil voorkom asof diegene wat op dorpe (18.1%) en diegene wat in stede (17.7%) op hoërskool was, in 'n groter mate as die proefpersone wat hulle hoërskoolopleiding op plase (11.1%) deurloop het, op hoërskool aan hierdie kultuurbedrywigheid deelgeneem het, kan sodanige opleiding alleen met voorbehoud gemaak word, aangesien die verskille wat tussen die stads-, dorps- en plaasskoolgaande proefpersone voorkom, so gering is dat dit waarskynlik aan toevallige faktore toegeskryf kan word en geen betroubare afleiding kan regverdig nie.

Dit blyk dus hiervolgens dat diegene wat op dorpe en plase, dus in 'n landelike omgewing, op hoërskool was in 'n veel groter mate as diegene wat hulle hoërskoolopleiding in stede deurloop het, op hoërskool aan die onderskeie kultuurbedrywighede deelgeneem het.

Vir hierdie bevinding kan heelparty moontlike verklarings aangebied word. Die groter kultuurbehoudende ingesteldheid van die landelike omgewing en algemeen gunstige ingesteldheid teenoor die volkseie met alles wat verder daarmee gepaard gaan, speel moontlik hier 'n rol (Vgl.51 , p.54 en p.56; 73, p.167). Die feit dat daar in die landelike omgewing waarskynlik 'n kleiner verskeidenheid vryetydsaktiwiteite as in die stede voorkom, wat meebring dat die individu se keuse ten opsigte van die aktiwiteite waaraan hy in sy vrye tyd wil deelneem beperk is en hom derhalwe dwing om hom na die onderhawige kultuurbedrywighede te wend vir sy vryetydsbesteding, moet

ook/ ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ook in gedagte gehou word. Verder moet onthou word dat daar in die stad met sy komplekse maatskaplike struktuur, in 'n veel groter mate as wat die geval op die platteland is, 'n magdom faktore - tradisieloosheid, kultuurlosheid en kultuurbotsings, 'n losse gesinslewe, geen intieme persoonlike verhoudings tussen mense nie, anonimiteit en veel meer - voorkom wat in kulturele sin verarmend op die Afrikaner inwerk. Voorts moet ook in gedagte gehou word dat 'n groter persentasie van diegene wat op plase en dorpe, as die proefpersone wat in stede op hoërskool was, waarskynlik in koshuise tuisgegaan het. Dit kon waarskynlik meebring dat hulle in 'n groter mate in groepsverband en daarom moontlik met 'n groter mate van geneëntheid aan die kultuurbedrywighede deelgeneem het. Moontlik is hulle ook in 'n groter mate deur die leerkragte verplig om aan sodanige bedrywighede deel te neem.

7. <u>ONTLEDING VAN DIE REDES WAAROM DIE ONDERSOEKGROEP OP HOËRSKOOL AAN DIE ONDERSKEIE KULTUURBEDRYWIGHEDE DEELGENEEM HET</u>.

In aansluiting by die voorafgaande afdeling, naamlik die ondersoekgroep se deelname aan kultuurbedrywighede op hoërskool, is ook gepoog om vas te stel waarom hulle op hoërskool aan sodanige bedrywighede deelgeneem het (Vraag B6.) Tabel 30 gee 'n ontleding van die redes wát deur die ondersoekgroep gegee is en dui op die volgende:

(a) <u>Volkspele</u>

Elf punt nege (11.9) persent van die proefpersone het op hoërskool aan die Volkspelebeweging deelgeneem omrede hulle liefde daarvoor gehad het, terwyl 11.1 persent hulle deelname

toeskryf/ ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

TABEL 30

REDE VIR DEELNAME AAN KULTUURBEDRYWIGHEDE OP HOËRSKOOL

| Rede waarom respondente op hoërskool aan onderskeie kultuurbedrywighede deelgeneem het | Volkspele | | Voortrekkers | | Debatsvereniging | | Toneelvereniging | | Musiekvereniging | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| *Nie van toepassing | 960 | 64.0 | 1,238 | 82.5 | 899 | 59.9 | 1,188 | 79.2 | 1,364 | 90.9 |
| Uit liefde daarvoor | 178 | 11.9 | 42 | 2.8 | 98 | 6.5 | 63 | 4.2 | 39 | 2.6 |
| Omdat ek daarin belang gestel het | 167 | 11.1 | 111 | 7.4 | 245 | 16.3 | 135 | 9.0 | 42 | 2.8 |
| Ek was verplig om aan te sluit | 20 | 1.3 | 18 | 1.2 | 54 | 3.6 | 24 | 1.6 | 6 | 0.4 |
| Omdat dit van opvoedkundige en kulturele waarde was | 13 | 0.9 | 12 | 0.8 | 43 | 2.9 | 13 | 0.9 | 4 | 0.3 |
| Omdat dit aangename en gesellige ontspanning was | 145 | 9.7 | 33 | 2.2 | 96 | 6.4 | 43 | 2.9 | 11 | 0.7 |
| Omdat ek gemoedig is | 5 | 0.3 | 10 | 0.7 | 13 | 0.9 | 6 | 0.4 | 4 | 0.3 |
| Omdat dit eg Afrikaans was | 9 | 0.6 | 13 | 0.9 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 |
| Omdat dit leersaam was | 0 | 0.0 | 3 | 0.2 | 26 | 1.7 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 |
| Omdat ek die nodige aanleg gehad het | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 26 | 1.7 | 3 | 2.0 |
| Weens die avontuur (kampe, uitstappies, ens.) daaraan verbonde | 0 | 0.0 | 18 | 1.2 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 |
| Omdat ek 'n goeie spreker was | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 18 | 1.2 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 |
| Ek weet nie | 3 | 0.2 | 1 | 0.1 | 6 | 0.4 | 2 | 0.1 | 0 | 0.0 |
| Ander | 0 | 0.0 | 1 | 0.1 | 2 | 0.1 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 |
| TOTAAL | 1,500 | 100.0 | 1,500 | 100.0 | 1,500 | 100.0 | 1,500 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

*Was nie op hoërskool nie, moontlikheid vir deelname het nie bestaan nie, het nie aan Volkspele/Voortrekkers/Debatsvereniging/Toneelvereniging/Musiekvereniging deelgeneem nie, of is nog op skool.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



toeskryf aan die feit dat hulle in die Volkspelebeweging belang gestel het. Hierteenoor verklaar 9.7 persent van die proefpersone dat die aangename en gesellige ontspanning wat die Volkspelebeweging bied, hulle beweeg het om daaraan deel te neem. Die persentuele verdeling ten aansien van die oorblywende redes is nie noemenswaardig hoog nie en regverdig derhalwe nie aandag nie.

(b) Voortrekkers

Sewe punt vier (7.4) en twee punt agt (2.8) persent van die respondente het hulle deelname aan die Voortrekkerbeweging onderskeidelik daaraan toegeskryf dat hulle daarin belang gestel het en dat hulle liefde daarvoor gehad het. Voorts verklaar 2.2 persent van die proefpersone dat hulle op hoërskool aan die Voortrekkerbeweging deelgeneem het omdat dit aangename en gesellige ontspanning gebied het.

Die bevindinge ten opsigte van die oorblywende redes is so gering dat hulle nie aan verdere analise onderwerp word nie.

(c) Debatsvereniging

Uit die gegewens van tabel 30 blyk dat 16.3 persent van die proefpersone op hoërskool aan debatsaktiwiteite deelgeneem het omdat hulle daarin belang gestel het, terwyl 6.5 persent liefde vir hierdie vereniging aangegee het as rede vir hulle deelname. Vir 6.4 persent het die aangename en gesellige ontspanning wat die Debatsvereniging gebied het, as beweegrede, om daaraan deel te neem, gedien.

Die oorblywende redes se persentuele verdeling is te gering om enige verdere aandag te verg.

(d)/ ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

(d) <u>Toneelvereniging</u>

Die ondersoekgroep het die volgende redes vir hulle deelname aan die Toneelvereniging verstrek. Nege punt nul (9.0) persent dui aan dat hulle in die Toneelvereniging belang gestel het, 4.2 persent neem deel uit liefde daarvoor en 2.9 persent vanweë die aangename en gesellige ontspanning wat daaraan verbonde is.

Die persentuele verdeling ten aansien van die oorblywende redes is te gering om ontleding te regverdig.

(e) <u>Musiekvereniging</u>

Die grootste enkele persentasie van die ondersoekgroep (2.8), het aan die musiekvereniging deelgeneem omrede hulle daarin belang stel. Verder blyk dit dat 2.6 persent van die proefpersone uit liefde vir die Musiekvereniging daaraan deelgeneem het, terwyl 2.0 persent hulle deelname toeskryf aan die feit dat hulle die nodige aanleg daarvoor het.

Die oorblywende redes verdien geen verdere vermelding nie.

Uit die pas vermelde bevindinge blyk dus dat belangstelling in en liefde vir die onderskeie kultuurbedrywighede die twee belangrikste hoofredes was vir die ondersoekgroep se deelname aan die onderskeie kultuurbedrywighede op hoërskool.

Verder blyk, ten opsigte van hierdie twee redes, dat die eerste (belangstelling) die belangrikste of algemeenste is. Met uitsondering van die Volkspelebeweging, waar slegs 'n geringe persentuele verskil tussen hierdie twee redes voorkom, het 'n groter aantal respondente belangstelling as rede

vir/ ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



vir hulle deelname aangevoer.

Die aangename en gesellige ontspanning wat die onderskeie kultuurbedrywighede gebied het, was, met uitsondering van die Musiekvereniging, die derde belangrikste rede.

Vervolgens word nagegaan om welke redes die ondersoekgroep op hoërskool nie aan die onderskeie kultuurbedrywighede deelgeneem het nie.

## 8. 'N ONTLEDING VAN DIE REDES WAAROM DIE ONDERSOEKGROEP NIE OP HOëRSKOOL AAN DIE ONDERSKEIE KULTUURBEDRYWIGHEDE DEELGENEEM HET NIE

In 'n poging om vas te stel waarom die ondersoekgroep op hoërskool nie aan die onderskeie kultuurbedrywighede deelgeneem het nie, is aan hulle gevra om aan te dui wat hulle redes hiervoor is. (Vgl. Vraag B7). Tabel 31 gee 'n ontleding van die redes wat deur die ondersoekgroep aangegee is.

(a) Volkspele

Veertien punt twee (14.2) persent van die ondersoekgroep verklaar dat hulle nie aan die Volkspelebeweging deelgeneem het nie omrede hulle geensins daarin belang gestel het nie, 2.9 persent omdat hulle nie daarvoor tyd gehad het nie en 1.6 persent weens die feit dat hulle nie aangemoedig of genader was om aan te sluit nie.

(b) Voortrekkers

Twintig punt 1 (20.1) persent van die ondersoekgroep verklaar dat hulle vanweë 'n algehele gebrek in belangstelling nie op hoërskool aan die Voortrekkerbeweging deelgeneem het nie, terwyl 5.1 persent nie tyd gehad het om deel te neem nie (te veel ander aktiwiteite) en 3.3 persent nie aangemoedig of genader was om aan te sluit nie.

© University of Pretoria

(c)/ ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## TABEL 31

## REDE VIR NIE-DEELNAME AAN KULTUURBEDRYWIGHEDE OP HOËRSKOOL

| Rede waarom respondente op hoërskool nie aan die onderskeie kultuurbedrywighede deelgeneem het nie | Volkspele | | Voortrekkers | | Debatsvereniging | | Toneelvereniging | | Musiekvereniging | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| *Nie van toepassing | 1158 | 77.2 | 995 | 66.3 | 1121 | 74.7 | 972 | 64.8 | 867 | 57 |
| Het nie belang gestel nie | 213 | 14.2 | 302 | 20.1 | 229 | 15.3 | 285 | 19.0 | 267 | 17. |
| Het nie tyd gehad nie (te veel ander aktiwiteite) | 43 | 2.9 | 76 | 5.1 | 46 | 3.1 | 45 | 3.0 | 56 | 3. |
| Was nie aangemoedig of genader om aan te sluit nie | 24 | 1.6 | 49 | 3.3 | 28 | 1.9 | 32 | 2.1 | 32 | 2. |
| Kon dit nie bekostig nie | 9 | 0.6 | 17 | 1.1 | 0 | 0.0 | 4 | 0.3 | 18 | 1. |
| Dit was outyds en dien geen doel nie | 7 | 0.5 | 6 | 0.4 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 0 | 0. |
| Ek het nie die nodige aanleg gehad nie | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 124 | 8.3 | 228 | 15. |
| Ek was nie 'n goeie spreker nie | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 35 | 2.3 | 0 | 0.0 | 0 | 0. |
| Ek weet nie | 12 | 0.8 | 20 | 1.3 | 12 | 0.8 | 11 | 0.7 | 10 | 0. |
| Ander | 34 | 2.3 | 35 | 2.3 | 29 | 1.9 | 27 | 1.8 | 22 | 1. |
| TOTAAL | 1500 | 100.0 | 1500 | 100.0 | 1500 | 100.0 | 1500 | 100.0 | 1500 | 100. |

*Was nie op hoërskool nie, het deelgeneem aan Volkspele/Voortrekkers/Debatsvereniging/Toneelvereniging/Musiekvereniging, moontlikheid vir deelname het nie bestaan nie, of is nog op skool.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

(c) Debatsvereniging

In tabel 31 word 'n algehele gebrek in belangstelling in die Debatsvereniging as die belangrikste rede aangevoer waarom die respondente nie op hoërskool aan hierdie bedrywigheid deelgeneem het nie (15.3%). Verder verklaar 3.1 persent dat 'n gebrek aan tyd hulle van deelname weerhou het, terwyl 2.3 persent hulle nie-deelname toeskryf aan die feit dat hulle nie goeie sprekers was nie en 1.9 persent daaraan dat hulle nie aangemoedig of genader was om aan te sluit nie.

(d) Toneelvereniging

Ten opsigte van die redes wat die ondersoekgroep aangegee het vir hulle nie-deelname aan die Toneelvereniging op hoërskool, val dit op dat 'n gebrek in belangstelling 19.0 persent van die respondente van sodanige deelname weerhou het.

Voorts skryf 8.3 persent van die respondente hulle nie-deelname daaraan toe dat hulle nie oor die nodige aanleg beskik het nie, terwyl 3.0 persent en 2.1 persent onderskeidelik 'n gebrek aan tyd en die feit dat hulle nie aangemoedig of genader was om aan te sluit nie, as redes aanvoer.

(e) Musiekvereniging

Die proefpersone het om die volgende redes op hoërskool nie aan die Musiekvereniging deelgeneem nie: 17.8 persent omrede hulle geen belangstelling in musiekaktiwiteite gehad het nie; 15.2 persent weens die feit dat hulle nie oor die nodige aanleg beskik het nie; 3.7 persent weens 'n gebrek aan tyd en 2.1 persent omrede hulle nie aangemoedig of genader was om aan te sluit nie.

Uit/ ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Uit die gegewens van tabel 31 blyk dus onteenseglik dat 'n gebrek in belangstelling in die onderskeie kultuurbedrywighede, die vernaamste enkele rede is waarom die ondersoekgroep op hoërskool nie aan hierdie bedrywighede deelgeneem het nie. Ten opsigte van die Toneel- en Musiekverenigings is die tweede belangrikste rede vir die ondersoekgroep se nie-deelname, die feit dat hulle nie oor die nodige aanleg beskik het nie. Dit is belangrik aangesien toneel- en musiekaktiwiteite 'n besondere bedrewenheid vereis. Ten aansien van die oorblywende drie kultuurbedrywighede is die ondersoekgroep se tweede belangrikste rede vir hulle nie-deelname, 'n gebrek aan tyd (te veel ander aktiwiteite), terwyl hierdie rede ten opsigte van die Toneel- en Musiekverenigings die derde belangrikste plek inneem. Ten opsigte van die Volkspelebeweging en Voortrekkerbeweging is die feit dat die ondersoekgroep nie aangemoedig of genader is om aan te sluit nie, die derde belangrikste rede vir hulle nie-deelname, terwyl by die Debatsvereniging die rede, „Ek was nie 'n goeie spreker nie", die derde plek inneem. Die rede „Ek was nie aangemoedig of genader om aan te sluit nie", neem by die Debats-, Toneel- en Musiekverenigings die vierde belangrikste plek in.

## 9. DIE ONDERSOEKGROEP SE DEELNAME AAN KULTUURBEDRYWIGHEDE NA VERLATING VAN SKOOL

Ten einde vas te stel of die ondersoekgroep na skoolverlating aan kultuurbedrywigheide deelgeneem het, is die volgende vraag aan hulle gevra: „Aan watter van die volgende bedrywighede het u deelgeneem ná u die skool verlaat, of begin werk het?"

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Tabelle 32, 33, 34 en 35 werp lig op die bevindinge wat op hierdie vraag verkry is. In tabel 32 word die ondersoekgroep se deelname aan kultuurbedrywighede na verlating van skool volgens hulle geslag ontleed.

Die gegewens van tabel 32 bring die volgende aan die lig:

(a) Volkspele

Sewentien punt twee (17.2) persent van die ondersoekgroep het na verlating van skool aan Volkspele deelgeneem, terwyl 82.1 persent nie aan sodanige bedrywighede deelgeneem het nie.

(b) Voortrekkerbeweging

Van die ondersoekgroep het slegs 4.1 persent na verlating van skool aan die Voortrekkers deelgeneem teenoor 95.2 persent wat nie aan sodanige bedrywighede deelgeneem het nie.

(c) Debatsvereniging

Dit blyk uit die gegewens van tabel 32 dat net 9.6 persent van die ondersoekgroep na verlating van skool by 'n Debatsvereniging ingeskakel het. Hierteenoor het 89.7 persent van die ondersoekgroep nie aan debatsaktiwiteite deelgeneem nie.

(d) Toneelvereniging

Betreffende die Toneelvereniging blyk dat slegs 7.5 persent van die ondersoekgroep, nadat hulle die skool verlaat het, by sodanige verenigings ingeskakel het. Hierteenoor kon 91.9 persent van die ondersoekgroep nie van sodanige inskakeling getuig nie.

(e)/ ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

TABEL 32

DEELNAME AAN KULTUURBEDRYWIGHEDE NA VERLATING VAN SKOOL VOLGENS GESLAG

| | Deelname aan bedrywighede na verlating van skool | | Geslag van die Ondersoekgroep: Manlik | | Vroulik | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| 1) | Volkspele-beweging | N.v.t. (nog op skool) | 5 | 0.7 | 5 | 0.7 | 10 | 0.7 |
| | | Ja | 123 | 16.4 | 135 | 18.0 | 258 | 17.2 |
| | | Nee | 620 | 82.9 | 612 | 81.4 | 1232 | 82.1 |
| | | Totaal | 748 | 100.0 | 752 | 100.0 | 1500 | 100.0 |
| 2) | Voortrekkerbeweging | N.v.t. (nog op skool) | 5 | 0.7 | 5 | 0.7 | 10 | 0.7 |
| | | Ja | 30 | 4.0 | 31 | 4.1 | 61 | 4.1 |
| | | Nee | 713 | 95.3 | 716 | 95.2 | 1429 | 95.2 |
| | | Totaal | 748 | 100.0 | 752 | 100.0 | 1500 | 100.0 |
| 3) | Debatsvereniging | N.v.t. (nog op skool) | 5 | 0.7 | 5 | 0.7 | 10 | 0.7 |
| | | Ja | 78 | 10.4 | 66 | 8.8 | 144 | 9.6 |
| | | Nee | 665 | 88.9 | 681 | 90.6 | 1346 | 89.7 |
| | | Totaal | 748 | 100.0 | 752 | 100.0 | 1500 | 100.0 |
| 4) | Toneelvereniging | N.v.t. (nog op skool) | 5 | 0.7 | 5 | 0.7 | 10 | 0.7 |
| | | Ja | 48 | 6.4 | 64 | 8.5 | 112 | 7.5 |
| | | Nee | 695 | 92.9 | 683 | 90.8 | 1378 | 91.9 |
| | | Totaal | 748 | 100.0 | 752 | 100.0 | 1500 | 100.0 |
| 5) | Musiekvereniging | N.v.t. (nog op skool) | 5 | 0.7 | 5 | 0.7 | 10 | 0.7 |
| | | Ja | 32 | 4.3 | 57 | 7.6 | 89 | 5.9 |
| | | Nee | 711 | 95.1 | 690 | 91.8 | 1401 | 93.4 |
| | | Totaal | 748 | 100.0 | 752 | 100.0 | 1500 | 100.0 |

1) $X^2$: 0.5992, $70\% < P < 80\%$ 2) $X^2$: 0.0119, $98\% < P < 99\%$ 3) $X^2$: 1.1792, $50\% < P < 70\%$

4) $X^2$: 2.3793, $30\% < P < 50\%$ 5) $X^2$: 7.3263, $2\% < P < 5\%$

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

(e) Musiekvereniging

Slegs 5.9 persent van die ondersoekgroep het, nadat hulle die skool verlaat het, aan musiekaktiwiteite deelgeneem, terwyl die oorgrote meerderheid van die ondersoekgroep (93.4 persent) nie by sodanige vereniging ingeskakel was nie.

Uit die bevindinge wat hierbo ontleed is, kan vervolgens algemene afleidings gemaak word:

Wat eerstens aan die hand van bogemelde bevindinge opval is die uiters lae persentasie respondente wat na verlating van skool aan die onderskeie kultuurbedrywighede deelneem. Die persentasie deelname is in vier uit die vyf gevalle laer as 10 persent terwyl in die vyfde geval (Volkspele) dit nie eens die 20 persent merk bereik nie.

As hierby in berekening gebring word dat in geen geval meer as 'n derde van diegene wat op hoërskool aan die onderskeie kultuurbedrywighede deelgeneem het (vgl. tabel 35), by verlating van skool met hulle deelname voortgegaan het nie, doen die sorgwekkende van die situasie sig baie duidelik voor. Die feit dat twee-derdes, en by sommige kultuurbedrywighede meer as twee-derdes, van die respondente wat op hoërskool aan die onderskeie kultuurbedrywighede deelgeneem het, hulle na verlating van die skool van sodanige bedrywighede distansieer, dui op 'n kommerwekkende insinking.

Die feit dat 'n persoon by verlating van skool nie meer so direk onder die invloed en druk van 'n groot groep mense (mede skoliere) staan nie - hy staan nou los van die groepsgees wat hom op skool moontlik tot deelname kon beweeg - en die feit dat hy die aanmoediging, aktivering, begeestering en

inspirasie/ ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

inspirasie van die leerkragte moet ontbeer, kan moontlik lei tot 'n verflouing in belangstelling ten opsigte van die onderskeie kultuurbedrywighede.

Dit blyk dat die Volkspelebeweging die grootste deelnamesyfer van al die kultuurverenigings het (17.2 persent). Hierna volg die Debatsvereniging (9.6 persent), die Toneelvereniging (7.5 persent), Musiekvereniging (5.9 persent) en laastens die Voortrekkerbeweging (4.1 persent).

'n Moontlike verklaring vir die feit dat die Volkspelebeweging oor die hoogste persentasie deelname beskik, lê waarskynlik daarin opgesluit dat die deure van die Volkspelebeweging, meer bepaald van die vele volkspelelaers aan die Witwatersrand, vir bykans alle naskoolse persone oopstaan. Hierdie persone het vrye toegang tot hierdie beweging en kan heel geredelik daarby aansluit. Hierby moet in gedagte gehou word dat die Volkspelebeweging vandag waarskynlik onder die Afrikaanssprekende segment van die bevolking algemeen bekend is.

Met die Voortrekkerbeweging is dit anders gesteld. Hierdie beweging is ook algemeen bekend, maar is merendeels beperk tot die skoolgaande gedeelte van die bevolking. Die moontlikheid om by hierdie beweging aan te sluit na verlating van die skool bestaan wel, maar die kanse om daarby uit te kom is waarskynlik geringer as in die geval van die Volkspelebeweging.

Ook die Debats-, Toneel- en Musiekverenigings is vandag hoofsaaklik tot skole beperk en heelwaarskynlik nie so bekend as die Volkspele- en Voortrekkerbewegings nie. Amateur

toneel-/ ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

toneel- en musiekgeselskappe is redelik onbekend. Voorts moet ook in gedagte gehou word dat 'n persoon oor bepaalde talente moet beskik alvorens daar oorgegaan kan word tot aktiewe deelname aan hierdie verenigínge.

Wanneer die ondersoekgroep se deelname aan kultuurbedrywighede na verlating van skool volgens hulle geslag ontleed word, skyn dit op grond van die verkreë chi-kwadraatwaardes dat daar ten opsigte van die Volkspele- en Voortrekkerbewegings, Debats- en Toneelverenigings geen beduidende verskille tussen die manlikes en vroulikes voorkom nie. Die geringe persentuele verskille wat sigself wel voordoen, kan heelwaarskynlik aan toevallige faktore toegeksryf word.

Ten aansien van die Musiekvereniging val dit op dat 'n groter persentasie vroulikes as manlikes na verlating van skool hieraan deelgeneem het (7.6% vroulikes teenoor 4.3% manlikes). So ook blyk dit dat 95.1 persent van die manlikes nie aan musiekbedrywighede deelgeneem het nadat hulle die skool verlaat het nie teenoor 91.8 persent van die vroulikes.

Gedagtig daaraan dat vroulikes by verlating van skool waarskynlik vir 'n groter persentasie as manlikes reeds in die musiek onderlê is - 'n toestand wat moontlik ontstaan omdat kinders dikwels van mening is dat musiekaangeleenthede eerder by vroulikes as manlikes tuishoort - is dit te verstane dat meer vroulikes as manlikes, nadat hulle die skool verlaat het, aan musiekbedrywighede sal deelneem. Diegene wat oor musiekvaardigheid beskik, sal by verlating van die skool waarskynlik geredeliker daarmee voortgaan as diegene wat nie oor sodanige kennis beskik nie. Baie persone sal waarskynlik

ook/ ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ook nie die lus hê om op 'n bykans of reeds volwasse stadium met musiekonderrig 'n aanvang te neem nie.

In tabel 33 word die ondersoekgroep se deelname aan kultuurbedrywighede na verlating van skool volgens hulle onderwyskwalifikasies ontleed.

Die gegewens van tabel 33 kan soos volg geïnterpreteer word:

(a) Volkspele

Dit val op dat die persentasie proefpersone wat na verlating van skool aan Volkspele deelgeneem het, styg namate hulle onderwyskwalifikasies toeneem vanaf 8.9 persent ten opsigte van diegene wat oor onderwyskwalifikasies tot standerd 7 beskik, tot 33.0 persent ten opsigte van diegene wat 'n diploma of sertifikaat of ander onderwyskwalifikasies na standerd 10 behaal het, waarna dit weer daal tot 30.5 ten opsigte van diegene met 'n universiteitsgraad. Dit val dus op dat diegene met die hoër onderwyskwalifikasies vir 'n groter persentasie as diegene met laer kwalifikasies, aan Volkspele deelgeneem het.

(b) Voortrekkerbeweging

Die persentuele verspreiding met betrekking tot diegene wat na verlating van skool aan die Voortrekkerbeweging deelgeneem het, openbaar dieselfde patroon as die Volkspelebeweging wanneer dit met die onderwyskwalifikasies van die ondersoekgroep in verband gebring word. So, byvoorbeeld, blyk dat onderskeidelik slegs 1.6 persent en 3.7 persent van diegene met onderwyskwalifikasies tot standerd 7 en standerd 8 tot standerd 10, na skoolverlating aan die Voortrekkers

deelgeneem/ ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



TABEL 33

DEELNAME AAN KULTUURBEDRYWIGHEDE NA VERLATING VAN SKOOL VOLGENS ONDERWYSKWALIFIKASIES

| Deelname aan kultuurbedrywighede na verlating van skool | | Onderwyskwalifikasies van die ondersoekgroep | | | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | Geen tot 7 | | St. 8 tot st. 10 | | 'n Diploma of sertifikaat of ander onderwyskwalifikasie na st. 10 behaal | | 'n Universiteitsgraad | | | |
| | | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| Volkspele-beweging | N.v.t. (nog op skool) | 1 | 0.2 | 9 | 1.1 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 10 | 0.7 |
| | Ja | 49 | 8.9 | 157 | 19.9 | 34 | 33.0 | 18 | 30.5 | 258 | 17.2 |
| | Nee | 499 | 90.9 | 623 | 79.0 | 69 | 67.0 | 41 | 69.5 | 1232 | 82.1 |
| | Totaal | 549 | 100.0 | 789 | 100.0 | 103 | 100.0 | 59 | 100.0 | 1500 | 100.0 |
| Voortrekker-beweging | N.v.t. (nog op skool) | 1 | 0.2 | 9 | 1.1 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 10 | 0.7 |
| | Ja | 9 | 1.6 | 29 | 3.7 | 16 | 15.5 | 7 | 11.9 | 61 | 4.1 |
| | Nee | 539 | 98.2 | 751 | 95.2 | 87 | 84.5 | 52 | 88.1 | 1429 | 95.2 |
| | Totaal | 549 | 100.0 | 789 | 100.0 | 103 | 100.0 | 59 | 100.0 | 1500 | 100.0 |
| Debats-vereniging | N.v.t. (nog op skool) | 1 | 0.2 | 9 | 1.1 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 10 | 0.7 |
| | Ja | 52 | 9.5 | 61 | 7.7 | 16 | 15.5 | 15 | 25.4 | 144 | 9.6 |
| | Nee | 496 | 90.3 | 719 | 91.1 | 87 | 84.5 | 44 | 74.6 | 1346 | 89.7 |
| | Totaal | 549 | 100.0 | 789 | 100.0 | 103 | 100.0 | 59 | 100.0 | 1500 | 100.0 |
| Toneel-vereniging | N.v.t. (nog op skool) | 1 | 0.2 | 9 | 1.1 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 10 | 0.7 |
| | Ja | 26 | 4.7 | 60 | 7.6 | 11 | 10.7 | 15 | 25.4 | 112 | 7.5 |
| | Nee | 522 | 95.1 | 720 | 91.3 | 92 | 89.3 | 44 | 74.6 | 1378 | 91.9 |
| | Totaal | 549 | 100.0 | 789 | 100.0 | 103 | 100.0 | 59 | 100.0 | 1500 | 100.0 |
| Musiek-vereniging | N.v.t. (nog op skool) | 1 | 0.2 | 9 | 1.1 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 10 | 0.7 |
| | Ja | 21 | 3.8 | 44 | 5.6 | 13 | 12.6 | 11 | 18.6 | 89 | 5.9 |
| | Nee | 527 | 96.0 | 736 | 93.3 | 90 | 87.4 | 48 | 81.4 | 1401 | 93.4 |
| | Totaal | 549 | 100.0 | 789 | 100.0 | 103 | 100.0 | 59 | 100.0 | 1500 | 100.0 |

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

deelgeneem het, teenoor 15.5 persent van diegene wat 'n diploma of sertifikaat of ander onderwyskwalifikasie na standerd 10 behaal en 11.9 persent van diegene met 'n universiteitsgraad.

Dit blyk dus weer eens dat diegene met die hoër onderwyskwalifikasies vir 'n groter persentasie as diegene met laer kwalifikasies aan die Voortrekkerbeweging deelgeneem het.

(c) Debatsvereniging

Uit die gegewens van tabel 33 blyk met betrekking tot hierdie vereniging dat na verhouding 'n groter persentasie van diegene met naskoolse onderwysopleiding aan debatsaktiwiteite na skoolverlating deelgeneem het, as in die geval van daardie respondente wat geen naskoolse onderwysopleiding ontvang het nie. So blyk dat 9.5 persent van diegene met onderwyskwalifikasies tot standerd 7, 7.7 persent met standerd 8 tot 10, 15.5 persent wat 'n diploma of sertifikaat of ander onderwyskwalifikasie na standerd 10 behaal het en 25.4 persent met 'n universiteitsgraad aan debatsaktiwiteite meegedoen het nadat hulle die skool verlaat het.

(d) Toneelvereniging

In verband met hierdie vereniging val dit op dat die persentasie respondente wat aan toneelaktiwiteite deelgeneem het nadat hulle die skool verlaat het, styg namate die onderwyskwalifikasies toeneem. So, byvoorbeeld, was slegs 4.7 persent van diegene met onderwyskwalifikasies tot standerd 7, teenoor 25.4 persent van diegene wat oor 'n universiteitsgraad beskik, by 'n Toneelvereniging ingeskakel nadat hulle

die/ ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die skool verlaat het, 'n Geleidelike stygende tendens ten aansien van die eerste drie onderwyskwalifikasie-groepe is waarneembaar waarna die tendens skerp styg met betrekking tot diegene wat oor 'n universiteitsgraad beskik.

(e) Musiekvereniging

Die persentasie proefpersone wat na skoolverlating aan musiekaktiwiteite deelgeneem het, styg namate hulle onderwyskwalifikasies toeneem. So word opgemerk dat 3.8 persent van diegene met onderwyskwalifikasies tot standerd 7, 5.6 persent van die met standerd 8 tot 10, 12.6 persent van die met 'n diploma of sertifikaat of ander onderwyskwalifikasies na standerd 10 en 18.6 persent van diegene wat oor 'n universiteitsgraad beskik, na skoolverlating by 'n Musiekvereniging ingeskakel het.

Vervolgens kan enkele algemene gevolgtrekkings uit tabel 33 gemaak word:

Eerstens blyk dit dat daar 'n positiewe verband tussen onderwyskwalifikasies en deelname aan kultuurbedrywighede na verlating van skool bestaan. In die algemeen styg die persentasie respondente wat na skoolverlating aan kultuurbedrywighede deelgeneem het namate hulle onderwyskwalifikasies toeneem, terwyl die persentasie respondente wat na skoolverlating nie aan kultuurbedrywighede deelgeneem het nie, daal met 'n toename in onderwyskwalifikasies.

Moontlik het diegene met hoër onderwyskwalifikasies meer geleentheid gehad om hulle te bemoei met sodanige kulturele aangeleenthede. Moontlik besef hulle ook, vanweë die groter bemoeienis en die opleiding wat hulle deurloop het, in 'n

groter/ ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

groter mate wat die waarde en betekenis van deelname aan kulturele aangeleenthede is. Hulle beweeg ook heel dikwels op 'n ander vlak in die samelewing waar die kulturele meer aandag geniet en waar daar 'n sterker besef van die noodsaaklikheid en betekenis van kultuurbehoudenheid bestaan. Hulle kry waarskynlik ook meer geleentheid om met betrekking tot die kulturele in 'n leidende hoedanigheid op te tree.

Tweedens blyk dit dat die persentuele verskil tussen diegene met naskoolse onderwysopleiding ('n diploma of sertifikaat of ander onderwyskwalifikasies na stander 10 behaal en 'n universiteitsgraad) en diegene met slegs skoolopleiding, (geen tot standerd 7 en standerd 8 tot standerd 10) in soverre dit hulle deelname aan die onderskeie kultuurbedrywighede na verlating van skool betref, opvallend groot is, met ander woorde dat eersgenoemde groep in 'n baie groter mate as laasgenoemde groep na verlating van skool aan die onderskeie kultuurbedrywighede deelgeneem het.

Die grootste enkele persentasie proefpersone met betrekking tot diegene wat na skoolverlating aan kultuurbedrywighede deelgeneem het, kom in die geval van die Volkspele- en Voortrekkerbeweging voor by diegene wat oor 'n diploma of sertifikaat of ander onderwyskwalifikasies na matriek beskik, terwyl dit in die geval van die Debats-, Toneel- en Musiekverenigings voorkom by diegene met 'n universiteitsgraad.

Vervolgens word die ondersoekgroep se deelname aan kultuurbedrywighede na verlating van skool in verband gebring met die feit of hulle op skool aangemoedig is om na afloop van die skoolloopbaan by 'n Afrikaanse kultuurorganisasie

aan/ ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



aan te sluit. Hierdie gegewens word in tabel 34 vervat.

(a) Volkspele

Uit tabel 34 blyk dat diegene wat op skool aangemoedig is om na afloop van hulle skoolloopbaan by 'n Afrikaanse kultuurorganisasie aan te sluit, in 'n groter mate aan Volkspele deelgeneem het nadat hulle die skool verlaat het (25.5%) as diegene wat nie aangemoedig was nie (13.6%).

(b) Voortrekkers

Wanneer die ondersoekgroep se deelname aan die Voortrekkerbeweging na verlating van skool met die feit of hulle op skool aangemoedig is om na afloop van hulle skoolloopbaan by 'n Afrikaanse kultuurorganisasie aan te sluit in verband gebring word, blyk volgens sowel die verkreë persentasie as die verkreë chi-kwadraatwaarde ($X^2$ : 9.4055, $5\% < P < 10\%$), dat daar geen beduidende verskille tussen die aangemoedigdes en nie-aangemoedigdes voorkom nie. Die geringe persentuele verskille wat wel voorkom, kan waarskynlik aan toevallige faktore toegeskryf word.

(c) Debatsvereniging

Wanneer die ondersoekgroep se deelname aan debatsaktiwiteite na verlating van skool ontleed word volgens hulle aanmoediging op skool om na hulle skoolloopbaan by 'n Debatsvereniging aan te sluit, blyk dat na verhouding 'n groter persentasie van diegene wat aangemoedig was (13.7%) as diegene wat nie aangemoedig was nie (7.8%) na afloop van hulle skoolloopbaan aan debatsaktiwiteite deelgeneem het.

(d)/ ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

TABEL 34

DEELNAME AAN KULTUURBEDRYWIGHEDE NA VERLATING VAN SKOOL VOLGENS DIE AANMOEDIGING VAN DIE ONDERSOEKGROEP OM NA AFLOOP VAN HULLE SKOOLLOOPBAAN BY 'n AFRIKAANSE KULTUURORGANISASIE AAN TE SLUIT

| | | Aanmoediging op skool om na skoolloopbaan by 'n Afrikaanse kultuurorganisasie aan te sluit | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | N.v.t. (was nie op skool nie) | | Ja | | Nee | | | |
| | | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| Volkspelebeweging | N.v.t. (nog op skool | 0 | 0.0 | 6 | 1.4 | 4 | 0.4 | 10 | 0.7 |
| | Ja | 6 | 31.6 | 108 | 25.5 | 144 | 13.6 | 258 | 17.2 |
| | Nee | 13 | 68.4 | 310 | 73.1 | 909 | 86.0 | 1232 | 82.1 |
| | Totaal | 19 | 100.0 | 424 | 100.0 | 1057 | 100.0 | 1500 | 100.0 |
| Voortrekkerbeweging | N.v.t. (nog op skool) | 0 | 0.0 | 6 | 1.4 | 4 | 0.4 | 10 | 0.7 |
| | Ja | 2 | 10.5 | 22 | 5.2 | 37 | 3.5 | 61 | 4.1 |
| | Nee | 17 | 89.5 | 396 | 93.4 | 1016 | 96.1 | 1429 | 95.2 |
| | Totaal | 19 | 100.0 | 424 | 100.0 | 1057 | 100.0 | 1500 | 100.0 |
| Debatsvereniging | N.v.t. (nog op skool) | 0 | 0.0 | 6 | 1.4 | 4 | 0.4 | 10 | 0.7 |
| | Ja | 4 | 21.1 | 58 | 13.7 | 82 | 7.8 | 144 | 9.6 |
| | Nee | 15 | 78.9 | 360 | 84.9 | 971 | 91.9 | 1346 | 89.7 |
| | Totaal | 19 | 100.0 | 424 | 100.0 | 1057 | 100.0 | 1500 | 100.0 |
| Toneelvereniging | N.v.t. (nog op skool) | 0 | 0.0 | 6 | 1.4 | 4 | 0.4 | 10 | 0.7 |
| | Ja | 3 | 15.8 | 39 | 9.2 | 70 | 6.6 | 112 | 7.5 |
| | Nee | 16 | 84.3 | 379 | 89.4 | 983 | 93.0 | 1378 | 91.9 |
| | Totaal | 19 | 100.0 | 424 | 100.0 | 1057 | 100.0 | 1500 | 100.0 |
| Musiekvereniging | N.v.t. (nog op skool) | 0 | 0.0 | 6 | 1.4 | 4 | 0.4 | 10 | 0.7 |
| | Ja | 3 | 15.8 | 33 | 7.8 | 53 | 5.0 | 89 | 5.9 |
| | Nee | 16 | 84.3 | 385 | 90.8 | 1000 | 94.6 | 1401 | 93.4 |
| | Totaal | 19 | 100.0 | 424 | 100.0 | 1057 | 100.0 | 1500 | 100.0 |

Volkspele: $X^2$: 38.5747, P < 1%

Voortrekkers: $X^2$: 9.4055, 5% < P < 10%

Debatsvereniging: $X^2$: 20.5701, P < 1%

Toneelvereniging: $X^2$: 10.0326, 2% < P < 5%

Musiekvereniging: $X^2$: 12.7100, 1% < P < 2%

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

(d) Toneelvereniging

Ten opsigte van die Toneelvereniging blyk dat 9.2 persent van diegene wat op skool aangemoedig is teenoor 6.6 persent van die persone wat nie op skool aangemoedig is nie, aktief by 'n Toneelvereniging betrokke was, nadat hulle die skool verlaat het.

(e) Musiekvereniging

Die ondersoekgroep se deelname aan hierdie vereniging na verlating van skool in verband gebring met die feit of hulle op skool aangemoedig is om na afloop van hulle skoolloopbaan by 'n Afrikaanse kultuurorganisasie aan te sluit, vertoon dieselfde patroon as die Volkspelebeweging, Debats- en Toneelverenigings. Sewe punt agt (7.8) persent van die respondente wat op skool aangemoedig is, het na verlating van skool aan 'n Musiekvereniging se bedrywighede deelgeneem teenoor 5.0 persent van diegene wat nie op skool aangemoedig is nie.

Uit hierdie tabel is dit duidelik dat aanmoediging op skool om na afloop van die skoolloopbaan by 'n Afrikaanse kultuurorganisasie aan te sluit, 'n positiewe uitwerking het op die deelname aan kultuurbedrywighede na verlating van skool.

Ten slotte word in hierdie afdeling nagegaan of deelname aan kultuurbedrywighede op hoërskool enige wesenlike uitwerking het op die deelname aan sodanige bedrywighede na verlating van skool. Tabel 35 het hierop betrekking en bring die volgende aan die lig:

(a) Volkspele

Van diegene wat op hoërskool aan Volkspele deelgeneem het, het 32.0 persent na verlating van skool steeds daaraan

deelgeneem/ ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## TABEL 35

## DEELNAME AAN KULTUUBEDRYWIGHEDE NA VERLATING VAN SKOOL VOLGENS DIE DEELNAME AAN KULTUURBEDRYWIGHEDE OP HOëRSKOOL

| Deelname aan kultuurbedrywighede na verlating van skool | Deelname aan kultuurbedrywighede op hoërskool | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Volkspelebeweging | Volkspelebeweging | | | | | | | |
| | N.v.t.* | | Ja | | Nee | | | |
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| N.v.t., nog op skool | 10 | 1.6 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 10 | 0.7 |
| Ja | 67 | 10.8 | 173 | 32.0 | 18 | 5.3 | 258 | 17.2 |
| Nee | 541 | 87.5 | 367 | 68.0 | 324 | 94.7 | 1232 | 82.1 |
| Totaal | 618 | 100.0 | 540 | 100.0 | 342 | 100.0 | 1500 | 100.0 |

| Voortrekkerbeweging | Voortrekkerbeweging | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | N.v.t.* | | Ja | | Nee | | | |
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| N.v.t., nog op skool | 10 | 1.4 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 10 | 0.7 |
| Ja | 20 | 2.7 | 35 | 13.4 | 6 | 1.2 | 61 | 4.1 |
| Nee | 703 | 95.9 | 227 | 86.6 | 499 | 98.8 | 1429 | 95.2 |
| Totaal | 733 | 100.0 | 262 | 100.0 | 505 | 100.0 | 1500 | 100.0 |

| Debatsvereniging | Debatsvereniging | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | N.v.t.* | | Ja | | Nee | | | |
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| N.v.t., nog op skool | 10 | 1.9 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 10 | 0.7 |
| Ja | 54 | 10.4 | 85 | 14.1 | 5 | 1.3 | 144 | 9.6 |
| Nee | 456 | 87.7 | 516 | 85.9 | 374 | 98.7 | 1346 | 89.7 |
| Totaal | 520 | 100.0 | 601 | 100.0 | 379 | 100.0 | 1500 | 100.0 |

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

TABEL 35 (vervolg)

| Deelname aan kultuurbedrywighede na verlating van skool | Deelname aan kultuurbedrywighede op hoërskool | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Toneelvereniging | Toneelvereniging | | | | | | Totaal | |
| | N.v.t.* | | Ja | | Nee | | | |
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| N.v.t. nog op skool | 10 | 1.5 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 10 | 0.7 |
| Ja | 36 | 5.5 | 60 | 19.2 | 16 | 3.0 | 112 | 7.5 |
| Nee | 614 | 93.0 | 252 | 80.8 | 512 | 97.0 | 1378 | 91.9 |
| Totaal | 660 | 100.0 | 312 | 100.0 | 528 | 100.0 | 1500 | 100.0 |
| Musiekvereniging | Musiekvereniging | | | | | | Totaal | |
| | N.v.t.* | | Ja | | Nee | | | |
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| N.v.t. nog op skool | 10 | 1.4 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 | 10 | 0.7 |
| Ja | 24 | 3.4 | 47 | 34.6 | 18 | 2.8 | 89 | 5.9 |
| Nee | 697 | 97.8 | 89 | 65.4 | 615 | 97.2 | 1401 | 93.4 |
| Totaal | 713 | 100.0 | 136 | 100.0 | 633 | 100.0 | 1500 | 100.0 |

*Was nie op hoërskool nie, moontlikheid vir deelname het nie bestaan nie of is nog op skool.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

deelgeneem. Hierteenoor het slegs 5.3 persent van diegene wat nie op hoërskool aan Volkspele deelgeneem het nie, aangedui dat hulle na verlating van skool daaraan deelgeneem het.

(b) Voortrekkers

Volgens tabel 35 blyk dat, na verhouding 'n groter persentasie van diegene wat op hoërskool aan die Voortrekkers deelgeneem het (13.4%) as diegene wat op hoërskool nie aan sodanige aktiwiteite deelgeneem het nie (slegs 1.2%) na verlating van skool by die Voortrekkerbeweging ingeskakel was.

(c) Debatsvereniging

Veertien punt een (14.1) persent van diegene wat op hoërskool aan debatsaktiwiteite deelgeneem het teenoor slegs 1.3 persent van diegene wat op hoërskool nie daaraan deelgeneem het nie, het aangedui dat hulle na verlating van skool by 'n Debatsvereniging ingeskakel was.

(d) Toneelvereniging

Wanneer die deelname aan kultuurbedrywighede na verlating van skool met die deelname daaraan op hoërskool in verband gebring word, blyk dit dat diegene wat op hoërskool by die Toneelvereniging ingeskakel was, in 'n groter mate as diegene wat nie daarby ingeskakel was nie, na verlating van skool aan toneelaktiwiteite deelgeneem het. So, byvoorbeeld, blyk dat 19.2 persent van diegene wat op hoërskool deelgeneem het teenoor slegs 3.0 persent van diegene wat nie op hoërskool deelgeneem het nie, na verlating van skool aan toneelbedrywighede deelgeneem het.

(e)/ ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

(e) Musiekvereniging

Volgens die gegewens van tabel 35 blyk dit dat 34.6 persent van diegene wat op hoërskool by die Musiekvereniging ingeskakel was na skoolverlating weer by sodanige vereniging ingeskakel het, terwyl slegs 2.8 persent van diegene wat op hoërskool nie aan musiekbedrywighede deelgeneem het nie na verlating van skool aan sodanige bedrywighede deelgeneem het.

Dit blyk dus onteenseglik uit tabel 35 dat deelname aan die onderskeie kultuurbedrywighede op hoërskool 'n positiewe uitwerking het op die deelname aan hierdie bedrywighede na verlating van skool. Uit hierdie tabel spreek dit duidelik dat 'n veel groter persentasie proefpersone wat op hoërskool aan die onderskeie kultuurbedrywighede deelgeneem het, as diegene wat nie daaraan deelgeneem het nie, na verlating van skool met sodanige deelname voortgaan.

Hierdie bevinding verklaar sigself. Die persoon wat reeds op skool kennis maak met die onderskeie kultuurbedrywighede en wat daar reeds met liefde en belangstelling vir die saak vervul word, sal waarskynlik veel eerder na verlating van skool met sodanige bedrywighede voortgaan, as die persoon wat op skool geen kontak met die onderskeie kultuurbedrywighede gehad het nie.

Met betrekking tot die ondersoekgroep se deelname aan die onderskeie kultuurbedrywighede na verlating van skool, val dit op dat slegs 'n geringe persentasie van diegene wat op hoërskool aan sodanige bedrywighede deelgeneem het, hulle deelname na verlating van skool voortgesit het. Ten opsigte van die Volkspelebeweging en Musiekvereniging het ongeveer

'n/ ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



'n derde van die respondente hulle deelname aan hierdie bedrywighede voortgesit, terwyl, in die geval van die Voortrekkerbeweging, die Debats- en Toneelverenigings hierdie persentasie heelwat kleiner is.

10. <u>DIE AANMOEDIGING VAN KINDERS OM AAN KULTUURBEDRYWIGHEDE DEEL TE NEEM</u>

In hierdie afdeling word nagegaan of die ondersoekgroep hulle kinders aanmoedig/aangemoedig het, of sal aanmoedig om aan kultuurbedrywighede deel te neem (Vgl. Vraag B9). Die gegewens in hierdie verband sal volgens die huistaal in die ondersoekgroep se ouerhuis, hulle ouderdom, en hulle deelname aan kultuurbedrywighede na verlating van skool, ontleed word.

(a) <u>Die aanmoediging van kinders om aan kultuurbedrywighede deel te neem volgens die huistaal in die ondersoekgroep se ouerhuis ontleed</u>

Tabel 36 het op bovermelde betrekking en bring die volgende aan die lig:

i) <u>Volkspele</u>

Die oorgrote meerderheid (90.7%) van die ondersoekgroep het aangedui dat hulle hulle kinders aanmoedig, aangemoedig het of sal aanmoedig om aan Volkspele deel te neem. Hierteenoor het slegs 9.3 persent met betrekking tot hierdie vraag negatief gereageer. Wanneer die aanmoediging van kinders om aan Volkspele deel te neem met die ondersoekgroep se ouerhuis-huistaal in verband gebring word, blyk dat 91.2 persent van diegene met Afrikaans, 89.3 persent van diegene met Engels en 75.0 persent van diegene met Afrikaans en Engels as huistaal

in/ ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



TABEL 36

AANMOEDIGING VAN KINDERS OM AAN KULTUURBEDRYWIGHEDE DEEL TE NEEM VOLGENS DIE HUISTAAL IN DIE OUERHUIS

| Aanmoediging van kinders om aan kultuurbedrywighede deel te neem | | Die huistaal in die ouerhuis van die ondersoekgroep: Afrikaans | | Engels | | Afrikaans of Engels | | Ander | | Totaal | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | |
| Volkspele | Ja | 1300 | 91.2 | 25 | 89.3 | 24 | 75.0 | 11 | 73.3 | 1360 | 90.7 | |
| | Nee | 125 | 8.8 | 3 | 10.7 | 8 | 25.0 | 4 | 26.7 | 140 | 9.3 | $X^2$: 15.2010, P < 1% |
| | Totaal | 1425 | 100.0 | 28 | 100.0 | 32 | 100.0 | 15 | 100.0 | 1500 | 100.0 | |
| Voortrekkers | Ja | 1258 | 88.3 | 22 | 78.6 | 24 | 75.0 | 8 | 53.3 | 1312 | 87.5 | |
| | Nee | 167 | 11.7 | 6 | 21.4 | 8 | 25.0 | 7 | 46.7 | 188 | 12.5 | $X^2$: 23.3608, P < 1% |
| | Totaal | 1425 | 100.0 | 28 | 100.0 | 32 | 100.0 | 15 | 100.0 | 1500 | 100.0 | |
| Debatsvereniging | Ja | 1282 | 90.0 | 23 | 82.1 | 25 | 78.1 | 10 | 66.7 | 1340 | 89.3 | |
| | Nee | 143 | 10.0 | 5 | 17.9 | 7 | 21.9 | 5 | 33.3 | 160 | 10.7 | $X^2$: 14.4221, P < 1% |
| | Totaal | 1425 | 100.0 | 28 | 100.0 | 32 | 100.0 | 15 | 100.0 | 1500 | 100.0 | |
| Toneelvereniging | Ja | 1253 | 87.9 | 23 | 82.1 | 25 | 78.1 | 11 | 73.3 | 1312 | 87.5 | |
| | Nee | 172 | 12.1 | 5 | 17.9 | 7 | 21.9 | 4 | 26.7 | 188 | 12.5 | $X^2$: 6.2831, 5% < P 10% |
| | Totaal | 1425 | 100.0 | 28 | 100.0 | 32 | 100.0 | 15 | 100.0 | 1500 | 100.0 | |
| Musiekvereniging | Ja | 1253 | 87.9 | 22 | 78.6 | 24 | 75.0 | 11 | 73.3 | 1310 | 87.3 | |
| | Nee | 172 | 12.1 | 6 | 21.4 | 8 | 25.0 | 4 | 26.7 | 190 | 12.7 | $X^2$: 9.4591, 2% < P 5% |
| | Totaal | 1425 | 100.0 | 28 | 100.0 | 32 | 100.0 | 15 | 100.0 | 1500 | 100.0 | |

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

in hulle ouerhuis, hulle kinders aanmoedig, aangemoedig het of sal aanmoedig om aan Volkspele deel te neem.

ii) Voortrekkers

Van die ondersoekgroep het 87.5 persent aangedui dat hulle hulle kinders aanmoedig, aangemoedig het of sal aanmoedig om aan die Voortrekkers deel te neem, terwyl slegs 12.5 persent 'n negatiewe antwoord op hierdie vraag gegee het.

Dit blyk verder dat 88.3 persent van diegene met Afrikaans as huistaal in hulle ouerhuis, teenoor 78.6 persent van diegene met Engels en 75.0 persent van diegene met Afrikaans en Engels as huistaal in die ouerhuis, positief gereageer het met betrekking tot die aanmoediging van kinders om aan die Voortrekkers deel te neem.

iii) Debatsvereniging

Dit blyk uit die gegewens van tabel 36 dat 89.3 persent van die ondersoekgroep positief en 10.7% negatief gereageer het met betrekking tot die aanmoediging van kinders om aan debatsaktiwiteite deel te neem.

As die aanmoediging van kinders om aan bogenoemde vereniging deel te neem met die ondersoekgroep se huistaal in hulle ouerhuis in verband gebring word, blyk dat 90.0 persent van diegene met Afrikaans, 82.1 persent van dié met Engels en 78.1 persent van dié met Afrikaans en Engels as huistaal in hulle ouerhuis, hulle kinders aanmoedig, aangemoedig het of sal aanmoedig om aan sodanige aktiwiteite deel te neem.

iv)/ ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

iv) Toneelvereniging

Sewe-en-tagtig punt vyf (87.5) persent van die ondersoekgroep moedig hulle kinders aan, het hulle aangemoedig of sal hulle aanmoedig om aan toneelaktiwiteite deel te neem. Hierteenoor het 12.5 persent nie van sodanige aanmoediging met betrekking tot hulle kinders getuig nie.

Wanneer die aanmoediging van kinders om aan die Toneelvereniging deel te neem met die ondersoekgroep se huistaal in hulle ouerhuis in verband gebring word, blyk dat daar geen beduidende verskille tussen die verskillende ouerhuis-huistale bestaan nie. Die chi-kwadraadwaarde wat ten opsigte van die Toneelvereniging verkry is ($X^2$ : 6.2831, 5% $<$ P $<$ 10%) dien ook as bevestiging hiervan. Die verskille wat uit die persentuele verdeling blyk kan waarskynlik aan toevallige faktore toegeskryf word.

v) Musiekvereniging

Die oorgrote meerderheid van die ondersoekgroep (87.3%) het, toe hulle daarna uitgevra is of hulle hulle kinders aanmoedig, aangemoedig het of sal aanmoedig om aan musiekaktiwiteite deel te neem, bevestigend geantwoord. Hierteenoor was slegs 12.7 persent van die ondersoekgroep se response negatief.

Aanmoediging van die kinders om aan 'n Musiekvereniging deel te neem met die ondersoekgroep se huistaal en hulle ouerhuis in verband gebring, toon dat 87.9 persent van diegene wat Afrikaans as huistaal het teenoor 78.6 per-

sent/ ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

sent van diegene wat Engels en 75.0 persent van diegene wat sowel Afrikaans en Engels as huistaal in hulle ouerhuise gebruik het, hulle kinders aanmoedig, aangemoedig het of sal aanmoedig om aan musiekaktiwiteite deel te neem.

Dit tref onmiddellik uit die gegewens van die onderhawige tabel dat verreweg die grootste persentasie proefpersone bevestigend gereageer het op die vraag of hulle hulle kinders aanmoedig, aangemoedig het of sal aanmoedig om aan die onderskeie kultuurbedrywighede deel te neem.

Hierdie bevinding dui moontlik daarop dat, te midde van die toenemende materialisme, die mens se waarde vir die behoudende en nie-materiële geestesgoed nog nie totaal op die agtergrond geskuif en afgestomp is nie. Waarskynlik word besef dat die onderhawige kultuurbedrywighede steeds waarde het en wil die mens, meer bepaald die Afrikaanssprekende. nie graag sien dat hierdie kultuuraspekte aan die vergetelheid afgestaan word nie. Verder blyk, met betrekking tot al vyf die kultuurbedrywighede, dat 'n groter persentasie proefpersone wat Afrikaans as diegene wat Engels en sowel Afrikaans en Engels as huistaal in hulle ouerhuis gebruik het, hulle kinders aanmoedig, aangemoedig het of sal aanmoedig om aan kultuurbedrywighede deel te neem. Daar bestaan dus 'n positiewer verband tussen Afrikaans as huistaal in die ouerhuis en aanmoediging van kinders om aan kultuurbedrywighede deel te neem as wat die geval is met Engels en sowel Afrikaans en Engels as huistaal in die ouerhuis.

(b)/ ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

(b) Die aanmoediging van kinders om aan kultuurbedrywighede deel te neem volgens ouderdom ontleed

In tabel 37 word 'n ontleding van die ondersoekgroep se aanmoediging van hulle kinders om aan kultuurbedrywighede deel te neem volgens hulle ouderdom gegee.

Uit die gegewens van tabel 37 blyk dit baie duidelik dat ten opsigte van bykans al die onderskeie kultuuraktiwiteite diegene in die jongste ouderdomsgroep die positiefste ingestel is ten opsigte van die aanmoediging van hulle kinders om hieraan deel te neem. Daarna volg diegene in die middeljarige ouderdomsgroep en laastens diegene in die oudste ouderdomsgroep. Die bevinding ten opsigte van al drie die ouderdomsgroepe is egter besonder gunstig. Ten aansien van hierdie bevinding moet in gedagte gehou word dat 'n aansienlike persentasie van diegene in die jongste ouderdomsgroep waarskynlik nog ongetroud of pasgetroud is en dat hulle derhalwe 'n antwoord op 'n toekomstige situasie gee. Dit kan wees dat hulle 'n effense te gunstige kleur aan die saak gegee het. Dit is nietemin verblydend en betekenisvol om so 'n gunstige tendens by die ouers van die toekoms te bespeur.

Hierby moet verder in gedagte gehou word dat die lewensperiode waarin die jongere respondente verkeer deur besondere idealisme, ambisie, ywer, lewenslus ensomeer gekenmerk word. Hierdie idealistiese geestesingesteldheid laat bes moontlik op bykans alle lewensvlakke sy besielende invloed geld, dus ook met betrekking tot die jongere proefpersone se siening aangaande hulle toekomstige kinders. Daarom is dit te verstane dat die oorgrote meerderheid van hulle bevestigend ge-

reageer/ ...

© University of Pretoria

TABEL 37

AANMOEDIGING VAN KINDERS OM AAN KULTUURBEDRYWIGHEDE DEEL TE NEEM VOLGENS OUDERDOM

| | Aanmoediging van kinders om aan kultuurbedrywighede deel te neem | | Ouderdomsverdeling van die ondersoekgroep | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | 18 tot 24 jaar | | 25 tot 29 jaar | | 30 tot 34 jaar | | Subtotaal | | 35 tot 39 jaar | | 40 tot 44 jaar | | 45 tot 49 jaar | | Subtotaal | | 50 tot 54 jaar | | 55 tot 59 jaar | | 60 jaar en ouer | | Subtotaal | | | |
| | | | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| 1) | Volkspele | Ja | 192 | 91.4 | 175 | 92.1 | 185 | 91.1 | 552 | 91.5 | 173 | 94.5 | 130 | 91.6 | 148 | 89.2 | 451 | 91.9 | 139 | 90.3 | 71 | 89.9 | 147 | 85.0 | 357 | 87.9 | 1360 | 90.7 |
| | | Nee | 18 | 8.6 | 15 | 7.9 | 18 | 8.9 | 51 | 8.5 | 10 | 5.5 | 12 | 8.5 | 18 | 10.8 | 40 | 8.1 | 15 | 9.7 | 8 | 10.1 | 26 | 15.0 | 49 | 12.1 | 140 | 9.3 |
| | | Totaal | 210 | 100.0 | 190 | 100.0 | 203 | 100.0 | 603 | 100.0 | 183 | 100.0 | 142 | 100.0 | 166 | 100.0 | 491 | 100.0 | 154 | 100.0 | 79 | 100.0 | 173 | 100.0 | 406 | 100.0 | 1500 | 100.0 |
| 2) | Voortrekkers | Ja | 191 | 91.0 | 174 | 91.6 | 184 | 90.6 | 549 | 91.0 | 168 | 91.8 | 130 | 91.6 | 140 | 84.3 | 438 | 89.2 | 127 | 82.5 | 61 | 77.2 | 137 | 79.2 | 325 | 80.0 | 1312 | 87.5 |
| | | Nee | 19 | 9.1 | 16 | 8.4 | 19 | 9.4 | 54 | 9.0 | 15 | 8.2 | 12 | 8.5 | 26 | 15.7 | 53 | 10.8 | 27 | 17.5 | 18 | 22.8 | 36 | 20.8 | 81 | 20.0 | 188 | 12.5 |
| | | Totaal | 210 | 100.0 | 190 | 100.0 | 203 | 100.0 | 603 | 100.0 | 183 | 100.0 | 142 | 100.0 | 166 | 100.0 | 491 | 100.0 | 154 | 100.0 | 79 | 100.0 | 173 | 100.0 | 406 | 100.0 | 1500 | 100.0 |
| 3) | Debatsvereniging | Ja | 196 | 93.3 | 181 | 95.3 | 190 | 93.6 | 567 | 94.1 | 166 | 90.7 | 132 | 93.0 | 140 | 84.3 | 438 | 89.2 | 129 | 83.8 | 63 | 79.8 | 143 | 82.7 | 335 | 82.6 | 1340 | 89.3 |
| | | Nee | 14 | 6.7 | 9 | 4.7 | 13 | 6.4 | 36 | 5.9 | 17 | 9.3 | 10 | 7.0 | 26 | 15.7 | 53 | 10.8 | 25 | 16.2 | 16 | 20.2 | 30 | 17.3 | 71 | 17.4 | 160 | 10.7 |
| | | Totaal | 210 | 100.0 | 190 | 100.0 | 203 | 100.0 | 603 | 100.0 | 183 | 100.0 | 142 | 100.0 | 166 | 100.0 | 491 | 100.0 | 154 | 100.0 | 79 | 100.0 | 173 | 100.0 | 406 | 100.0 | 1500 | 100.0 |
| 4) | Toneelvereniging | Ja | 197 | 93.8 | 178 | 93.7 | 186 | 91.6 | 561 | 93.0 | 162 | 88.5 | 123 | 86.6 | 137 | 82.5 | 422 | 85.9 | 128 | 83.1 | 65 | 82.3 | 136 | 78.6 | 329 | 81.0 | 1312 | 87.5 |
| | | Nee | 13 | 6.2 | 12 | 6.3 | 17 | 8.4 | 42 | 7.0 | 21 | 11.5 | 19 | 13.4 | 29 | 17.5 | 69 | 14.1 | 26 | 16.9 | 14 | 17.7 | 37 | 21.4 | 77 | 19.0 | 188 | 12.5 |
| | | Totaal | 210 | 100.0 | 190 | 100.0 | 203 | 100.0 | 603 | 100.0 | 183 | 100.0 | 142 | 100.0 | 166 | 100.0 | 491 | 100.0 | 154 | 100.0 | 79 | 100.0 | 173 | 100.0 | 406 | 100.0 | 1500 | 100.0 |
| 5) | Musiekvereniging | Ja | 192 | 91.4 | 179 | 94.2 | 195 | 96.1 | 566 | 93.9 | 163 | 89.1 | 123 | 86.6 | 137 | 82.5 | 423 | 86.2 | 125 | 81.2 | 62 | 78.5 | 134 | 77.5 | 321 | 79.1 | 1310 | 87.3 |
| | | Nee | 18 | 8.6 | 11 | 5.8 | 8 | 3.9 | 37 | 6.1 | 20 | 10.9 | 19 | 13.4 | 29 | 17.5 | 68 | 13.8 | 29 | 18.8 | 17 | 21.5 | 39 | 22.5 | 85 | 20.9 | 190 | 12.7 |
| | | Totaal | 210 | 100.0 | 190 | 100.0 | 203 | 100.0 | 603 | 100.0 | 183 | 100.0 | 142 | 100.0 | 166 | 100.0 | 491 | 100.0 | 154 | 100.0 | 79 | 100.0 | 173 | 100.0 | 406 | 100.0 | 1500 | 100.0 |

1) $X^2$ : 11.1958, 10% < P < 2%
2) $X^2$ : 35.7971, P < 1%
3) $X^2$ : 41.7935, P < 1%
4) $X^2$ : 38.5481, P < 1%
5) $X^2$ : 55.4474, P < 1%.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



reageer het.

(c) Die aanmoediging van kinders om aan kultuurbedrywighede deel te neem volgens die ondersoekgroep se deelname aan kultuurbedrywighede na verlating van skool

Uit die gegewens van tabel 38 blyk oorsigtelik gesproke dat die verwagte positiewe verband tussen deelname aan kultuurbedrywighede na verlating van skool en aanmoediging van kinders om aan kultuurbedrywighede deel te neem, wel bestaan.

Diegene wat na skoolverlating aan kultuurbedrywighede deelgeneem het neig om hulle kinders in 'n groter mate aan te moedig om aan sodanige bedrywighede deel te neem as wat die geval is met diegene wat na verlating van skool nie aan hierdie bedrywighede deelgeneem het nie.

Deelname aan bedrywighede waarvan die keuse tot deelname opsioneel is vind na alle waarskynlikheid sy ontstaan in liefde vir daardie bedrywighede. Deelname in hierdie sin impliseer dus liefde. Dit is daarom aanvaarbaar dat 'n persoon wat aan die onderskeie kultuurbedrywighede deelneem of deelgeneem het, wat met ander woorde met liefde vir die saak vervul is, waarskynlik in 'n groter mate geneigd sal wees om ander, in hierdie geval sy/haar kinders, aan te moedig om daaraan deel te neem as die persoon wat nie met sodanige liefde vervul is nie.

Hierby moet in gedagte gehou word dat kontak met en deelname aan die onderskeie kultuurbedrywighede waarskynlik 'n verhoogde besef van die waarde en betekenis - opvoedkundig, karaktervormend, sosiaal, volkskundig en andersinds - van sodanige bedrywighede tot gevolg kan hê. Hierdie besef sal

na/ ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



TABEL 38

AANMOEDIGING VAN KINDERS OM AAN KULTUURBEDRYWIGHEDE DEEL TE NEEM VOLGENS DIE ONDERSOEKGROEP SE DEELNAME AAN KULTUURBEDRYWIGHEDE NA VERLATING VAN SKOOL

| Aanmoediging van kinders om aan kultuurbedrywighede deel te neem | Deelname aan kultuurbedrywighede na verlating van skool | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Volkspelebeweging | Volkspelebeweging | | | | | | Totaal | |
| | N.v.t.* | | Ja | | Nee | | | |
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| Ja | 9 | 90.0 | 253 | 98.1 | 1098 | 89.1 | 1360 | 90.7 |
| Nee | 1 | 10.0 | 5 | 1.9 | 134 | 10.9 | 140 | 9.3 |
| Totaal | 10 | 100.0 | 258 | 100.0 | 1232 | 100.0 | 1500 | 100.0 |
| Voortrekkerbeweging | Voortrekkerbeweging | | | | | | Totaal | |
| | N.v.t.* | | Ja | | Nee | | | |
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| Ja | 8 | 80.0 | 58 | 95.1 | 1246 | 87.2 | 1312 | 87.5 |
| Nee | 2 | 20.0 | 3 | 4.9 | 183 | 12.8 | 188 | 12.5 |
| Totaal | 10 | 100.0 | 61 | 100.0 | 1429 | 100.0 | 1500 | 100.0 |
| Debatsvereniging | Debatsvereniging | | | | | | | |
| | N.v.t.* | | Ja | | Nee | | | |
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| Ja | 8 | 80.0 | 134 | 93.1 | 1198 | 89.0 | 1340 | 89.3 |
| Nee | 2 | 20.0 | 10 | 6.9 | 148 | 11.0 | 160 | 10.7 |
| Totaal | 10 | 100.0 | 144 | 100.0 | 1346 | 100.0 | 1500 | 100.0 |

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



TABEL 38 (vervolg)

| Aanmoediging van kinders om aan kultuurbedrywighede deel te neem | Deelname aan kultuubedrywighede na verlating van skool | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Toneelvereniging | Toneelvereniging | | | | | | Totaal | |
| | N.v.t.* | | Ja | | Nee | | | |
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| Ja | 9 | 90.0 | 105 | 93.8 | 1198 | 86.9 | 1312 | 87.5 |
| Nee | 1 | 10.0 | 7 | 6.3 | 180 | 13.1 | 188 | 12.5 |
| Totaal | 10 | 100.0 | 112 | 100.0 | 1378 | 100.0 | 1500 | 100.0 |
| Musiekvereniging | Musiekvereniging | | | | | | Totaal | |
| | N.v.t.* | | Ja | | Nee | | | |
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| Ja | 7 | 70.0 | 88 | 98.9 | 1215 | 86.7 | 1310 | 87.3 |
| Nee | 3 | 30.0 | 1 | 1.1 | 186 | 13.3 | 190 | 12.7 |
| Totaal | 10 | 100.0 | 89 | 100.0 | 1401 | 100.0 | 1500 | 100.0 |

*Nog op skool.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

na alle waarskynlikheid ook as stimilus dien om ander aan te moedig om aan sodanige bedrywighede deel te neem.

11. SAMEVATTING

(a) Elke volk beskik oor een of ander vorm van volksdanse, so ook die Afrikaner. Sy volksdanse staan bekend as volkspele. Die ontstaan van die Volkspelebeweging is aan twee faktore te danke. Die eerste is die entoesiasme, ondernemingsgees en deursettingsvermoë van dr. S.H. Pellisier. Die tweede is die Voortrekkereeufees wat 'n bruisende geesdrif vir die eg-Afrikaanse geskep het en gevolglik tot 'n herwaardering en herontdekking van hierdie volksbesit gelei het. Vandag is die Volkspelebeweging reeds 'n gevestigde aspek van die Afrikaner se kultuurbesit.

Die Afrikaner het van vroeg af volksmusiek en volksdanse besit. Dit was egter as plaasjapie-agtig en minderwaardig beskou. Belangstellendes kon slegs enkele fragmente red. Die res moes opnuut geskep word.

Weinig inligting bestaan oor die ontstaan van die inheemse volksdanse. Uit die literatuur spreek dit egter duidelik dat dans by die Voortrekkers, burgers van die Transvaalse en Vrystaatse Republieke en Hollanders aan die Kaap, gewild was. Hierdie danse is moontlik die begin van die latere volksdanse.

Tydens 'n besoek aan Skandinawië is dr. Pellisier so beïndruk deur die nasionale drag, volksliedere en volksdanse dat by hom die begeerte ontstaan om vir sy volk dieselfde te bewerkstellig. Aanvanklik was daar nie grootskaalse aanvaarding van die Voortrekkerdrag en volkspele nie. Twee dinge was nodig vir sukses. Die eerste was geesdriftige

waardering/ ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



waardering en liefde vir die lied en spel en die tweede doelgerigte leiding en beplanning. Die eerste het gekom van die Eeufees en die tweede van dr. Pellisier. Vandag is die Volkspelebeweging 'n onontbeerlike deel van die Afrikaner se kultuurlewe.

(b) Die gedagte aan 'n eie Afrikaanse jeugbeweging het by dr. C.F. Visser ontstaan en kan teruggevoer word tot die jaar 1913. Dr. Visser is in die buiteland getref deur die positiewe invloed en uitwerking van jeugorganisasies op die jeug. Die eerste Voortrekkerkonferensie is in Desember 1920 te Bloemfontein gehou. Op hierdie konferensie is 'n aantal Voortrekkertakke gestig. Hulle lewensduurte was egter kortstondig.

In 1923 herleef die gedagte weer en die Kaaplandse Voortrekkerbeweging word gestig. 'n Derde poging is aangewend deur die „Bond van Suid-Afrika". Hierdie vereniging het die Unie-onderwysdepartement by hulle poging betrek en 'n komitee bestaande uit vyf lede word benoem om die aanvoorwerk te doen. 'n Kongres word belê om die Voortrekkerbeweging amptelik en formeel in die lewe te roep. Hierdeur word die Voortrekkerbeweging dan ook 'n werklikheid.

Landsomstandighede was moeilik en daar was 'n groot behoefte aan 'n organisasie wat onder die jeug opheffingswerk kan doen. Die beweging het inslag gevind en gou posgevat. In 'n tydperk toe die Afrikanervolk behoefte gehad het aan nuwe besieling (depressie, droogte) was dit die Voortrekkerbeweging wat daarin voorsien het deur die jeug te inspireer en te aktiveer. Met die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog en

die/ ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die daarmee gepaardgaande veroordeling van alles wat Afrikaans was, het die Voortrekkers weer opnuut 'n taak gehad om te vervul. 'n Industriële rewolusie en ekonomiese welvaart het op die oorlog gevolg. Geestelike vervlakking het gedreig om oral in te tree, en weer het 'n taak hom aan die Voortrekkerbeweging voorgedoen. Vandag nog, in weerwil van die algemene mening, het die Voortrekkerbeweging steeds 'n taak om uit te voer. Waar die Afrikaner in die huidige tydsgewrig voortdurend met die vreemde en nuwe gekonfronteer word en waar sy tradisionele Christelik-nasionale lewens-, wêreld- en mensbeskouing bedreig word, is die Voortrekkers se taak om te help om by die Afrikanerjeug 'n behoudende ingesteldheid teenoor hulle volkseie in te skerp. Die Voortrekkerbeweging help die kind ook om in sy wordings- en ontwikkelingsjare 'n gevoel van eie-waarde en diensbaarheid aan die gemeenskap, te ontwikkel. Dit is noodsaaklik vir die vorming van 'n kerngesonde volwasse mens.

(c) Debatsvereniging was een van die eerste Afrikaanse kultuurorganisasies wat tot stand gekom het en het 'n groot rol in die ontwikkeling en bevordering van die Afrikaanse taal en kultuur gespeel. Die ontstaan van hierdie verenigings kan teruggevoer word tot of die Kerk of die politiek. Die debatsverenigings het nie almal op een spesifieke datum en as gevolg van 'n landswye aksie of oproep ontstaan nie. Hierdie bewegings het onafhanklik van mekaar, op verskillende plekke en verspreid oor 'n betreklik groot periode die eerste lewenslig aanskou. Debatsverenigings was uit die aard van die saak plaaslike ondernemings. Weliswaar het daar van tyd tot tyd

sekere/ ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

sekere Unies van Debatsverenigings ontstaan. Hierdie Unies was beperk tot 'n bepaalde omgewing en het slegs die Debatsverenigings in daardie omgewings saamgesnoer. Tot verdienste van die Debatsverenigings kan gereken word dat hulle hulle lede die geleentheid gebied het om op hulle eie manier uitdrukking aan hulle kultuurgevoel te gee; dat hulle oor vraagstukke van lands- en volksbelang gedebateer het en daardeur 'n vormende invloed op die jonger lede gehad het; dat hulle 'n aandeel gehad het in die vestiging en erkenning van Afrikaans; dat hulle 'n belangrike rol in die latere Taalverenigings en Taalkonferensies gespeel het; dat hulle die Afrikaanse volksgeskiedenis by die jonger geslag wakker gehou het; dat hulle Geloftefeeste gereël en die godsdienstige karakter van die dag in ere gehou het en dat hulle meegedoen het aan die bevordering van die Afrikaanse lied. Na 1930 het die Debatsverenigings begin kwyn. Teen 1948 het nog net enkeles op die platteland bestaan. Vandag is hulle meestal beperk tot opvoedkundige inrigtings.

(d) Die Toneelbeweging in Suid-Afrika dateer van die begin van die negentiende eeu af met die ontstaan van die Engelse en Hollandse toneel. Die Engelse toneel ontwikkel tot beroepstoneel maar met die koms van die praatfilm teen ongeveer 1920, tree die amateurstoneel weer sterk op die voorgrond. Teen 1803, onder die Bataafse Bewind, begin die Hollandse toneel sterk opgang maak as amateurstoneel. Die Afrikaanse toneel ontstaan uit die Hollandse toneel met die Tweede Afrikaanse Taalbeweging aan die begin van die twintigste eeu.. Met die erkenning van Afrikaans as amptelike taal naas Engels word ook die eerste beroepstoneelgeselskap in Pretoria gestig. Vandag beïnvloed die Afrikaanse toneel die

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

steeds groeiende Afrikaanse rolprentbedryf en albei is on-ontbeerlik vir 'n bloeiende Afrikaanse kultuur.

(e) Musiekverenigings in Suid-Afrika het hul ontwikkelings-fase betree met die aankoms van die nedersetters aan die Kaap omdat hierdie mense reeds gevestigde vorme van musiek met hulle saamgebring het van hulle stamlande af. Te midde van Europese en Engelse invloede het Afrikaanse musiek tog sterk wortel geskied en waar dit eers beperk was tot die huis, godsdienstige byeenkomste en feesgeleenthede, brei dit ook tot nasionale vlak uit met die skryf van <u>Die Stem van Suid-Afrika</u>. Omdat die Afrikaner 'n kunssinnige volk is, ontwik-kel hy nog steeds sy musikaliteit.

(f) i) Van al vyf die kultuurbedrywighede het die Debats-vereniging en Volkspelebeweging die grootste persentasie deelname gehad (61.3 en 61.2% onderskeidelik). Hierna volg die Toneelvereniging (37.1%), die Voortrekkerbewe-ging (34.2%) en laastens die Musiekvereniging (slegs 17.7%). Die deelname aan die kultuurbedrywighede op hoërskool is dus nie besonder gunstig nie. Slegs twee het 'n persentasie deelname wat lê in die omgewing van 62 persent (Debat en Volkspele). Die persentasie deelname van die oorblywende drie is laer as 37 per-sent, met die Musiekvereniging die heel laagste naam-lik 17.7 persent. Wanneer die deelname volgens ge-slag ontleed word, blyk dat 'n groter persentasie manlike as vroulike proefpersone op hoërskool aan de-batsaktiwiteite deelgeneem het. Die teenoorgestelde hiervan blyk met betrekking tot die Musiekvereniging (Naasteby tweekeer meer vroulikes as manlikes). Geen

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



beduidende verskil kon tussen die deelname aan die Volkspelebeweging, die Voortrekkerbeweging en die Toneelvereniging, en die geslag van die ondersoekgroep gevind word nie.

ii) Globaal gesien blyk dat diegene in die middeljarige ouderdomsgroep (35 tot 49 jaar) in 'n groter mate as die proefpersone in die ouderdomsgroepe 50 tot 60 jaar en ouer en 18 tot 34 jaar, op hoërskool aan die betrokke kultuurbedrywighede deelgeneem het.

iii) Diegene wat op 'n parallel- of dubbelmedium hoërskool was, het in 'n groter mate as diegene wat 'n Afrikaans- of Engelsmedium hoërskool bygewoon het, op hoërskool aan die onderskeie kultuurbedrywighede deelgeneem. Met uitsondering van die Musiekvereniging, waar hulle persentasie deelname die tweede hoogste is, openbaar diegene wat op 'n Engelsmedium hoërskool was, die laagste deelnamesyfer aan die onderskeie kultuurbedrywighede op hoërskool.

iv) Wanneer die ondersoekgroep se deelname aan kultuurbedrywighede op hoërskool volgens hulle onderwyskwalifikasies ontleed word, blyk met betrekking tot al vyf die onderskeie kultuurbedrywighede dat die persentasie proefpersone wat op hoërskool aan hierdie bedrywighede deelgeneem het, styg namate hulle onderwyskwalifikasies toeneem. Daar bestaan dus 'n positiewe verband tussen deelname aan kultuurbedrywighede op hoërskool en 'n toename in onderwyskwalifikasies.

v) Deelname aan kultuurbedrywighede op hoërskool ontleed volgens die plek (stad, dorp of plaas) waar die ondersoek-

groep/ ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

groep op hoërskool was, toon dat diegene wat hulle hoërskoolopleiding in 'n landelike omgewing (dorp of plaas) deurloop het in 'n groter mate as diegene wat in stede op hoërskool was, aan die onderskeie kultuurbedrywighede deelgeneem het. Die behoudende ingesteldheid van die landelike omgewing teenoor die volks- en kultuurele speel moontlik hier 'n rol.

(g) Die respondente se redes vir hulle deelname aan die onderskeie kultuurbedrywighede op hoërskool sien soos volg daaruit: Met betrekking tot al vyf die kultuurbedrywighede was belangstelling in en liefde vir elke bepaalde kultuurbedrywigheid die vernaamste redes vir die ondersoekgroep se deelname daaraan. Van hierdie twee redes was belangstelling, behalwe by die Volkspelebeweging waar slegs 'n geringe persentuele verskil tussen hierdie redes voorgekom het, die algemeenste rede gewees. Die aangename en gesellige ontspanning wat die onderskeie kultuurbedrywighede gebied het, was, met uitsondering van die Musiekvereniging, die derde belangrikste rede.

(h) 'n Ontleding van die redes vir die ondersoekgroep se niedeelname aan die onderskeie kultuurbedrywighede op hoërskool, bring aan die lig dat 'n gebrek in belangstelling die vernaamste enkele rede vir hulle nie-deelname is. Die tweede belangrikste rede vir die ondersoekgroep se nie-deelname aan die Volkspelebeweging, Voortrekker- en Debatsverenigings, is 'n gebrek aan tyd, terwyl by die Toneel- en Musiekvereniging dit daaraan toe te skryf is dat hulle nie oor die nodige aanleg beskik het nie. 'n Gebrek

aan/ ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

aan tyd neem by die Toneel- en Musiekverenigings die derde plek in. By die Volkspele- en Voortrekkerbewegings word hierdie plek ingeneem deur die rede „Ek was nie aangemoedig of genader om aan te sluit nie", terwyl die rede „Ek was nie 'n goeie spreker nie" by die Debatsvereniging die derde plek inneem.

(i) Wanneer die ondersoekgroep se deelname aan kultuurbedrywighede na verlating van skool nagegaan word, val dit op dat 'n uiters lae persentasie respondente na verlating van skool aan sodanige bedrywighede deelneem. Die persentasie deelname is in vier uit die vyf gevalle laer as 10 persent, terwyl in die vyfde geval (Volkspele) dit nie eers die 20 persent merk bereik nie. As hierby in berekening gebring word dat by al vyf die kultuurbedrywighede onder bespreking, nie meer as 'n derde van diegene wat op hoërskool daaraan deelgeneem het (vgl. tabel 35 ) by verlating van skool met die deelname voortgaan nie, doen die sorgwekkende van die situasie sig baie duidelik voor. Die deelname aan die kultuurbedrywighede na verlating van skool is by die Volkspelebeweging die grootste (17.2 persent). Hierna volg die Debatsvereniging (9.6 persent), die Toneelvereniging (7.5 persent), die Musiekvereniging (5.9 persent) en laastens die Voortrekkerbeweging (4.1 persent).

i) Die ondersoekgroep se deelname aan kultuurbedrywighede na verlating van skool volgens geslag ontleed, bring aan die lig dat ten opsigte van Volkspele, Voortrekkers, Debats- en Toneelverenigings, geen beduidende verskil tussen die manlikes en vroulikes

voor/ ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

voor kom nie. Met betrekking tot die Musiekvereniging blyk dit dat 'n groter persentasie vroulikes as manlikes na verlating van skool hieraan deelgeneem het. Die algemene opvatting onder die jeug dat musiekbedrywighede eerder by vroulikes as manlikes tuishoort, speel moontlik hier 'n rol.

ii) Deelname aan die onderskeie kultuurbedrywighede na verlating van skool volgens onderwyskwalifikasies ontleed, bring aan die lig dat die persentasie respondente wat na skoolverlating aan die onderskeie kultuurbedrywighede deelgeneem het styg namate hulle onderwyskwalifikasies toeneem. Die persentuele verskil tussen diegene met naskoolse onderwysopleiding en diegene met slegs skoolopleiding, in soverre dit hulle deelname aan die onderskeie kultuurbedrywighede na verlating van skool betref, is opvallend groot, met ander woorde eersgenoemde groep het in 'n veel groter mate as laasgenoemde, nadat hulle die skool verlaat het, aan sodanige bedrywighede deelgeneem.

iii) Die ondersoekgroep se deelname aan die onderskeie kultuurbedrywighede na verlating van skool in verband gebring met die feit of hulle op skool aangemoedig is om na afloop van die skoolloopbaan by 'n Afrikaanse kultuurorganisasie aan te sluit, bring aan die lig dat sodanige aanmoediging 'n positiewe uitwerking het op die aansluiting by sodanige organisasies.

iv)/ ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

iv) Deelname aan kultuurbedrywighede na verlating van skool in verband gebring met deelname aan sodanige bedrywighede op hoërskool dui onteenseglik op 'n positiewe verband. 'n Veel groter persentasie respondente wat op hoërskool aan die onderskeie kultuurbedrywighede deelgeneem het, as diegene wat nie daaraan deelgeneem het nie, het na verlating van skool met sodanige deelname voortgegaan. Dit blyk egter ook dat slegs 'n geringe persentasie van diegene wat op hoërskool deelgeneem het, hulle deelname na verlating van skool voortgesit het.

(j) Wanneer nagegaan word of die ondersoekgroep hulle kinders aanmoedig, aangemoedig het of sal aanmoedig om aan kultuurbedrywighede deel te neem, val dit op dat verreweg die grootste persentasie respondente 'n bevestigende antwoord op hierdie vraag gegee het. Die persentasie respondente wat bevestigend geantwoord het is by al vyf die kultuurbedrywighede hoër as 87 persent.

i) Volgens die huistaal in die ondersoekgroep se ouerhuis ontleed blyk dit dat diegene in wie se ouerhuis Afrikaans as huistaal gegeld het, in 'n meerdere mate as diegene met Engels en sowel Afrikaans en Engels as huistaal in hulle ouerhuise, hulle kinders aanmoedig, aangemoedig het of sal aanmoedig om aan die onderskeie kultuurbedrywighede deel te neem.

ii) Volgens ouderdom ontleed skyn dit asof die jongste ouderdomsgroep (18 tot 34 jaar) die positiefste ingestel is ten opsigte van die aanmoediging van hulle

kinders/ ...

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



kinders om aan kultuurbedrywighede deel te neem. Die bevinding ten opsigte van al drie die ouderdomsgroepe is egter besonder gunstig.

iii) Diegene wat na verlating van skool aan kultuurbedrywighede deelgeneem het, neig in 'n groter mate om hulle kinders aan te moedig om aan kultuurbedrywighede deel te neem, as wat die geval is met diegene wat na verlating van skool nie aan sodanige bedrywighede deelgeneem het nie.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# HOOFSTUK V

## DIE ONDERSOEKGROEP SE INGESTELDHEID TEN OPSIGTE VAN ASPEKTE VAN DIE AFRIKANER SE VOLKSGESKIEDENIS

Nadat enkele opmerkings ter inleiding oor die verhouding tussen geskiedenis en kultuur gemaak is, word in hierdie hoofstuk verder nagegaan in hoe 'n mate daar in die ondersoekgroep se gesinne grepe uit die Afrikaner se volksgeskiedenis oorvertel of daaroor gesels word. Daar sal ook gepoog word om vas te stel in hoe 'n mate daar in hulle ouerhuise sodanige oorvertellinge en geselsies voorgekom het. Laastens sal aangetoon word of die ondersoekgroep van mening is of die Afrikaner met reg trots kan wees op sy geskiedenis, al dan nie.

### 1. INLEIDING

Tussen die kultuurpatroon van 'n bepaalde volksgemeenskap en daardie volk se historiese agtergrond of verlede bestaan daar 'n besondere noue verbintenis. Pelzer konstateer byvoorbeeld: „Die inhoud van die geskiedenis is die kultuur en die aard van die kultuur sal bepaal wat die geskiedenis sal wees. Die beoefening van die geskiedenis beteken dus noodwendig diensbaarheid van die kultuur en verwaarlosing van die geskiedenis, ondermyning van die kultuur" (79, p.45). Ook Van Tonder wys op hierdie intieme verbintenis. Hy skryf: „Geskiedenis en die kultuur van 'n volk is innig saamgeweef" (79, p.19).

Historiese gebeurtenisse staan in 'n bepalende verhouding tot en het 'n geweldige sterk invloed op die

spesifieke / .....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



spesifieke kultuurpatroon van enige volksgemeenskap. So intiem is hierdie vervlegdheid dat 'n begrypende houding teenoor 'n volk se kultuur ingeneem kan word alleen indien die historiese agtergrond van daardie volk ook tot die bewuste toegevoeg word. Breedt laat hom in hierdie verband duidelik soos volg uit: „Die kultuurpatroon van 'n volk kan nooit ten volle begryp word as die historiese agtergrond van daardie volk nie in berekening gebring word nie. ---------. Om dus tot 'n beter begrip van 'n huidige kultuursituasie te kom, is 'n studie van die verlede nodig" (73, p. 109).

Gesien die feit dat geskiedenis en kultuur onlosmaaklik aan mekaar verbonde is, is dit duidelik en te verstane dat kulturele lewenskragtigheid in 'n groot mate aangewese is op die volkslede se piëteitsgevoel teenoor en kennis van hulle volksgeskiedenis. Sodanige kennis dien trouens as stabiliserende faktor en pleganker in die kultuurlewe; is 'n onmisbare voorwaarde vir die voortbestaan en gesonde groei en bloei van die kulturele, asook vir 'n positiewe en behoudende ingesteldheid en gesindheid by die volkslede teenoor hulle kultuureie. In hierdie verband beweer Thom die volgende: „As ons die blywende belange van ons volk in die toekoms wil dien, sal ons moet toesien dat ons geskiedenis nie maar 'n blote ornament in ons kultuurwoning bly nie. ---------. Dit moet op onmiskenbare wyse help om die gees en karakter van ons Afrikaanse kultuurwoning te bepaal" (Soos in 78, p. 16)

As bewys van die positief beïnvloedende uitwerking van kennis van die volksgeskiedenis op die kultuureie van 'n

bepaalde / .....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

bepaalde volksgemeenskap, of negatief gestel, die aftakelende uitwerking van 'n gebrek aan kennis op die kultuureie, kan melding gemaak word van 'n vraag wat Kapp homself afvra nadat hy 'n deurtastende studie van die aard en ontstaan van Afrikaanse volksfeeste - dus 'n aspek van die Afrikaanse kultuurtotaliteit - gemaak het. Hy skryf: „Is die oorsaak van die dalende belangstelling in volksfeeste nie miskien te soek in 'n onverskillige houding teenoor sy verlede wat besig is om by die Afrikaner pos te vat nie" (111, p.314). Ook Van Jaarsveld dui op onmiskenbare wyse aan dat kennis of studie van die geskiedenis kultuurvormende waarde het. Hy skryf: „Dit (studie van die geskiedenis) leer ons om breed te kyk, maar ook om die eie kultuurgoedere te ontdek, te waardeer en in stand te hou - of dit nou taal of godsdiens, volksgewoontes, tradisies, gebruike of houdinge is" (65, p.21).

Kennis van die verlede bring by die mens die besef tuis dat wat hy vandag aan kultuurgoedere besit en wat hy sonder meer as vanselfsprekend aanvaar, die resultaat is van dit wat deur voorgeslagte deur stryd en opoffering moeisaam opgebou is. Dié wete vrywaar die mens, soos Pelzer dit stel, van 'n gebrek aan verdieping in sy kultuuropvatting (Vgl. 79, p.43). Hy leer om sy huidige kultuurstaat en -inhoud nie sonder meer te aanvaar as 'n produk van sy eie tyd en die resultaat van sy eie inspanning nie, maar dat baie van die teenswoordige kultuurkomponente reeds lank terug ontstaan het en dat sommige van hulle wortels in die verre verlede veranker lê. Pelzer is voorts in hierdie

verband / .....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



verband die volgende mening toegedaan: „Om kultuurbesit te kan begryp en waardeer en om in staat te wees om self daarop te kan voortbou, moet ons weet waarvandaan dit kom en welke faktore 'n invloed daarop uitgeoefen het. Sonder hierdie verdieping sal ons inspanning, hoe geesdriftig ook al, oppervlakkig en van verbygaande aard wees. En die verdieping kan slegs langs die weg van die geskiedenis en 'n studie van die geskiedenis tot ons kom" (79, p.43).

Deur die geskiedenis kom die mens in aanraking met volks- en kultuurgemeenskappe wat aan hom geheel en al vreemd en onbekend is. Die geskiedenis leer die mens om die verskeidenheid en andersoortigheid van elke kultuurgroep raak te sien en wek eerbied en begrip vir die groepe op wat nie tot die eie behoort nie. Juis vanweë die kennisname van die vreemde en andersoortige word die mens in die vermoë geplaas om die eie met dié van ander te vergelyk en tot groter waardering van die eie te kom. In teenstelling met die vreemde word die eie ontdek. Sodanige kennis kan 'n volk van geestelike vereensaming en isolasie vrywaar. Deur 'n vergelyking met ander kultuurgemeenskappe kom die mens tot die besef dat die ideale en prestasies van die eie kultuurgroep nie die enigste is nie, maar slegs een van 'n veelheid. Langs hierdie weg word die mens gevrywaar van 'n etnosentristiese en selfgenoegsame houding in verband met die eie kultuur. In verband met die voorafgaande gedagtes konstateer Van Jaarsveld die volgende: In teëstelling met die vreemde word juis die eie ontdek, ook eie tekortkominge opgemerk en kan 'n houding van selfvergenoegdheid afgewerp

word / .....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

word. Dit sal help om te voorkom dat die lewe op 'n te enge baan beweeg. Die behoefte vir 'n sintese van die eie met die nuwe sal ontstaan, wat geestelike verryking beteken" (63, p.141).

Gesien die voorafgaande kan sonder vrees vir enige teëspraak gekonkludeer word dat kennis en studie van die geskiedenis om velerlei redes die kultuur van 'n volk slegs tot voordeel kan strek. Kennis van die verlede kan langs verskeie weë en metodes by 'n volk tuisgebring word. Een van die maniere waarop die mens die verlede te wete kan kom is deur oorvertellinge.

2. <u>DIE MATE WAARIN DIE ONDERSOEKGROEP, BINNE GESINSVERBAND* GREPE UIT DIE AFRIKANER SE VOLKSGESKIEDENIS OORVERTEL OF DAAROOR GESELS</u>

Ten einde vas te stel of die ondersoekgroep, binne gesinsverband, gedagtes wissel oor die Afrikaner se volksgeskiedenis, is aan hulle gevra of daar tans in die gesin waarvan hulle 'n deel vorm, grepe uit die Afrikaner se volksgeskiedenis oorvertel of daaroor gesels word (vgl. vraag B10).

Die bevindinge op hierdie vraag sal vervolgens volgens die huistaal in die ondersoekgroep se ouerhuis, die

onderwyskwalifikasies / .....

---

*Vraag B10 het slegs betrekking op diegene wat ten tye van die ondersoek deel van 'n gesin uitgemaak het. Vir die doel van hierdie ondersoek word daar met 'n „gesin" bedoel die eenheid bestaande uit 'n vader en/of moeder en 'n kind of kinders. Proefpersone wat deel gevorm het van 'n egpaar sonder kinders, wewenaars, weduwees, geskeie en verlate persone wat nie saam met hulle kinders gewoon het nie, asook ongetroude persone wat nie saam met hulle ouers gewoon het nie, is derhalwe by hierdie vraag teenoor die „nie van toepassing"-moontlikheid gemerk. 'n Egpaar met kinders wie se kinders nie by hulle ingewoon het nie, was ook teenoor „N.v.t." gemerk.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

onderwyskwalifikasies van die ondersoekgroep en die mate waarin daar in die ondersoekgroep se ouerhuise grepe uit die Afrikaner se volksgeskiedenis oorvertel of daaroor gesels was, ontleed word.

(a) Die mate waarin die ondersoekgroep binne gesinsverband grepe uit die Afrikaner se volksgeskiedenis oorvertel of daaroor gesels, volgens die huistaal in hulle ouerhuis

In tabel 39 word die mate waarin die ondersoekgroep, binne gesinsverband, grepe uit die Afrikaner se volksgeskiedenis oorvertel of daaroor gesels, met die huistaal in hulle ouerhuis in verband gebring.

Hierdie tabel bring eerstens aan die lig dat die grootste enkele persentasie van die ondersoekgroep (44.9%) aangedui het dat daar slegs soms in hulle gesinne grepe uit die Afrikaner se volksgeskiedenis oorvertel of daaroor gesels word. Voorts verklaar 20.6 persent dat daar gereeld sodanige gesprekke in hulle gesinne voorkom, terwyl 16.2 persent aangedui het dat daar nooit in hulle gesinne oor die Afrikaner se volksgeskiedenis gepraat word nie.

Wanneer die huisgesinne waarin daar slegs soms en dié waarin daar nooit oor die Afrikaner se volksgeskiedenis gesels word nie, saamgevoeg word, blyk dit dat 61.1 persent van die huisgesinne in hierdie groep val. Daar kan derhalwe met 'n geringe mate van voorbehoud afgelei word dat hierdie gebruik wat vroeër vry algemeen voorgekom het, stadig maar seker besig is om in onbruik te raak.

'n Moontlike verklaring vir hierdie verskynsel kan waarskynlik gesoek word in die veranderde aard van die

moderne / .....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## TABEL 39

### DIE MATE WAARIN DIE ONDERSOEKGROEP BINNE GESINSVERBAND, GREPE UIT DIE AFRIKANER SE VOLKSGESKIEDENIS OORVERTEL OF DAAROOR GESELS VOLGENS DIE HUISTAAL IN HULLE OUERHUIS

| OORVERTELLINGE EN GESELSIES OOR DIE AFRIKANER SE VOLKSGESKIEDENIS (IN GESIN) | DIE HUISTAAL IN DIE OUERHUIS VAN DIE ONDERSOEKGROEP | | | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Afrikaans | | Engels | | Afrikaans en Engels | | Ander | | | |
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| N.v.t. (vorm nie tans deel van 'n gesin nie) | 250 | 17.5 | 9 | 32.1 | 12 | 37.5 | 3 | 20.0 | 274 | 18.3 |
| Ja, gereeld | 298 | 20.9 | 2 | 7.1 | 8 | 25.0 | 1 | 6.7 | 309 | 20.6 |
| Ja, soms | 649 | 45.5 | 8 | 28.6 | 8 | 25.0 | 9 | 60.0 | 674 | 44.9 |
| Nee | 228 | 16.0 | 9 | 32.1 | 4 | 12.5 | 2 | 13.3 | 243 | 16.2 |
| Totaal | 1425 | 100.0 | 28 | 100.0 | 32 | 100.0 | 15 | 100.0 | 1500 | 100.0 |

$X^2$: 24.2556, $P < 1\%$

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

moderne stedelike huisgesin soos gestel teenoor die huisgesin van vroeër. Onder invloed van die verstedeliking en uit die aard van die moderne samelewingsopset het die huisgesin aansienlike wysigings ondergaan. Vroeër was die huisgesin tot op groot hoogte 'n lotsgemeenskap. Elkeen het hom met sy huislike gemeenskap vereenselwig en daarin opgegaan; daar was binne hierdie hegte organiese eenheid vir individualisme weinig plek gewees. Die enkeling het selde buite gesinsverband geleef, maar was in besondere kragtige mate gesinsmens. Daar kan met reg gesê word dat die huisgesin van destyds 'n hegte en bestendige belangegemeenskap was. Te danke hieraan was die huisgesin 'n besondere heg saamgesnoerde groep. Die gesinslede het dikwels in 'n groep saam verkeen en ook gesamentlik aan bykans alle ontspanningsbedrywighede meegedoen. Daar kan aanvaar word dat daar tydens hierdie samekomste oor 'n veelheid aspekte, onder andere waarskynlik ook oor die Afrikaner se volksgeskiedenis, gesels is.

Hierteenoor het hierdie vroeëre kenmerkende gesinsgebondenheid in die moderne gesekulariseerde en geïndustrialiseerde samelewing in 'n groot mate reeds verdwyn. Die gesinslede is veelal nie meer in die eerste plek gesinsmense nie maar wel enkelinge. Die moderne samelewingsopset met sy kenmerkende gejaagdheid en veelheid van aktiwiteite maak dat die gesinslede in baie gevalle die grootste gedeelte van hulle tyd buite die huislike kring deurbring. Hul lewens word meer deur die skool, die werkkring, die vermaaklikheid,

ensomeer / .....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

in beslag geneem as deur die samesyn met gesinslede. Iedere gesinslid het sy eie belange gevorm en gaan onafhanklik van die ander lede hulle gang, wat meebring dat elkeen in sy eie, dikwels aan die ander geheel onbekende en vreemde lewenskring beweeg. Die gesinslede word dus nie alleen gedifferensieer nie maar ook geïndividualiseer.

In die lig van die voorafgaande is dit te verstane dat daar vir die gesinslede in die teenswoordige tyd waarskynlik veel minder tyd en geleentheid is om as 'n groep saam te verkeer en saam te gesels, en sal die oorvertellinge en geselsies oor die Afrikaner se volksgeskiedenis waarskynlik ook hieronder ly.

Bogenoemde toestand geld veral in stedelike gebiede en gedagtig daaraan dat die onderhawige ondersoek in 'n uitsluitlike stedelike gebied uitgevoer is, is hierdie verklaring moontlik waar. Ook die bevinding dat die grootste enkele persentasie (42.1) van die ondersoekgroep verklaar dat daar in hulle ouerhuise gereeld oor die Afrikaner se volksgeskiedenis gesels is, rugsteun in 'n mate hierdie verklaring. (Sien afd. 3 van die onderhawige hoofstuk).

Verder moet die verandering in die piëteitsgevoel van die Afrikaner teenoor sy volksverlede ook in berekening gebring word. Die Afrikaner het vroeër sy geskiedenis werklik aktief beleef; dit was vir hom inderdaad iets van aktuele belang. Bewyse hiervoor is legio. Daar hoef slegs gelet te word op die groot rol van volksfeeste in die volkslewe; die feit dat die gesin hom gerig het na die lewenswyse van die verlede; hoe die Afrikaner gepoog het om die

volkstradisies / .....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



volkstradisies binne die gesinsverband te bewaar; die gebruik om prente van volkshelde en historiese gebeurtenisse teen die mure te hang en ook die gebruik om veral die seuns na volkshelde en -leiers te vernoem; hoe Transvaalse en Vrystaatse vlae asook aandenking en oorblyfsels uit oorloë soos koeëls, meubels ensovoorts, met piëteit bewaar is.

Vandag egter, het hierdie lewendige belangstelling in en tere liefde vir die volksverlede plek moes maak vir 'n neutrale en selfs afsydige houding en ingesteldheid. Bewyse hiervoor is ook legio. Die feit dat daar vandag vanuit verskeie oorde gepleit word vir 'n herleefde belangstelling in en waardering van die volksverlede asook dat daar telkemale gewys word op die gevare verbonde aan 'n neutrale ingesteldheid, dien as voldoende bewys.

Hierdie afnemende piëteitsgevoel sal om klaarblyklike redes onvermydelik tot gevolg hê dat die Afrikaanse volksverlede in die huisgesin minder aandag geniet.

Wanneer oorvertellinge en geselsies oor die Afrikaner se volksgeskiedenis in die ondersoekgroep se huisgesinne met die huistaal in hulle ouerhuis in verband gebring word, blyk die volgende:

As diegene in wie se ouerhuise slegs Afrikaans, en diegene in wie se ouerhuise slegs Engels as huistaal gegeld het, teenoor mekaar gestel word, blyk dit dat daar in die gesinne van eersgenoemde groep in 'n groter mate as in dié van van laasgenoemde groep, gereeld oor die Afrikaner se volksgeskiedenis gesels word. Met betrekking tot diegene in wie se gesinne daar nooit sodanige gesprekke voorkom nie,

blyk / .....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



blyk presies die teenoorgestelde hiervan.

'n Moontlike verklaring vir hierdie bevinding lê waarskynlik daarin opgesluit dat die persoon wat uit 'n uitsluitlik Afrikaanstalige ouerhuis afkomstig is, 'n groter liefde en waardering vir die Afrikaner se volksverlede daarop sal nahou en hom in 'n groter mate daarmee sal en kan vereenselwig en identifiseer, as die persoon wat uit 'n uitsluitlik Engelstalige ouerhuis afkomstig is. Die rede hiervoor lê waarskynlik opgesluit in eersgenoemde se groter inheemsheid in hierdie land en ook daarin dat dit die geskiedenis van die volks- en taalgroep is waaraan hy behoort.

'n Verdere bevinding uit tabel 39 is dat diegene in wie se ouerhuis sowel Afrikaans as Engels as huistaal gebruik is, in 'n groter mate as diegene met slegs Afrikaans as huistaal in hulle ouerhuis, gereeld in hulle eie gesinne oor die Afrikaner se volksgeskiedenis gesels. Die teenoorgestelde hiervan blyk met betrekking tot diegene wat aangedui het dat daar nooit in hulle gesinne grepe uit die Afrikaner se volksgeskiedenis oorvertel of daaroor gesels word nie.

Aangesien die persoon wat in 'n uitsluitlike Afrikaanstalige ouerhuis grootgeword het na alle waarskynlikheid aan 'n positiewer beïnvloeding met betrekking tot die Afrikaner se volksgeskiedenis blootgestel was en derhalwe waarskynlik 'n positiewer ingesteldheid daarop nahou, as die persoon wat in 'n ouerhuis waar sowel Afrikaans as Engels as huistaal gegeld het, doen hierdie bevinding sigself in 'n mate as vreemd voor. Dit is immers so dat die invloede wat in die jeugjare by die mens vasgelê word in sy latere lewe, meer

bepaald / .....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

bepaald in die volwasse lewensstadium steeds 'n invloed laat geld.

Ten aansien van diegene in wie se gesinne daar slegs soms grepe uit die Afrikaner se volksgeskiedenis oorvertel of daaroor gesels word, blyk dat 45.5 persent van diegene wie uit Afrikaanstalige, 28.6 persent van diegene wie uit Engelstalige en 25.0 persent van diegene wie uit Afrikaans- en Engelstalige ouerhuise afkomstig is, in hierdie groep val.

(b) <u>Die mate waarin die ondersoekgroep, binne gesinsverband, grepe uit die Afrikaner se volksgeskiedenis oorvertel of daaroor gesels, volgens hulle onderwyskwalifikasies ontleed</u>

'n Ontleding van die mate waarin die ondersoekgroep, binne gesinsverband, grepe uit die Afrikaner se volksgeskiedenis oorvertel of daaroor gesels, volgens hulle onderwyskwalifikasies, word in tabel 40 aangebied.

Hieruit blyk dat die persentasie proefpersone in wie se gesinne daar gereeld oor die Afrikaner se volksgeskiedenis gesels word, styg namate hulle onderwyskwalifikasies toeneem. So, byvoorbeeld, verklaar slegs 12.5 persent van diegene wat oor geen onderwyskwalifikasies beskik nie, teenoor 32.3 persent van diegene met 'n universiteitsgraad, dat daar gereeld in hulle gesinne grepe uit die Afrikaner se volksgeskiedenis oorvertel of daaroor gesels word.

Die persentasie proefpersone wat verklaar dat daar soms in hulle gesinne grepe uit die Afrikaner se volksgeskiedenis oorvertel of daaroor gesels word, styg vanaf 37.5 persent by die groep wat geen onderwyskwalifikasies het nie tot by 49.5 persent ten opsigte van diegene wat oor standerd 8 beskik.

Hierna / .....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



TABEL 40

OORVERTELLINGE EN GESELSIES IN DIE GESIN OOR DIE AFRIKANER SE VOLKSGESKIEDENIS VOLGENS ONDERWYSKWALIFIKASIES

| OORVERTELLINGE EN GESELSIES OOR DIE AFRIKANER SE VOLKSGESKIEDENIS (IN GESIN) | ONDERWYSKWALIFIKASIES VAN DIE ONDERSOEKGROEP | | | | | | | | | | | | | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Geen | | Laer as st. 6 | | St. 6 of 'n *G.S. | | St. 7 of 'n *G.S. | | St. 8 of 'n *G.S. | | St. 9 of 'n *G.S. | | St. 10 of 'n *G.S. | | 'n Diploma of sertifikaat of ander onderwyskwalifikasie na st. 10 behaal | | 'n Universiteitsgraad | | | |
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| Nie van toepassing nie, vorm nie tans deel van 'n gesin nie | 4 | 50.0 | 45 | 30.8 | 41 | 17.5 | 22 | 13.7 | 57 | 14.0 | 12 | 15.0 | 58 | 19.1 | 24 | 24.0 | 11 | 17.9 | 274 | 18.3 |
| Ja, gereeld | 1 | 12.5 | 25 | 17.1 | 40 | 17.1 | 30 | 18.6 | 74 | 18.2 | 16 | 20.0 | 75 | 24.8 | 28 | 28.0 | 20 | 32.3 | 309 | 20.6 |
| Ja, soms | 3 | 37.5 | 55 | 37.7 | 110 | 47.0 | 76 | 47.2 | 201 | 49.5 | 38 | 47.5 | 131 | 43.2 | 37 | 37.0 | 23 | 37.0 | 674 | 44.9 |
| Nee | 0 | 0.0 | 21 | 14.4 | 43 | 18.4 | 33 | 20.5 | 74 | 18.2 | 14 | 17.5 | 39 | 12.9 | 11 | 11.0 | 8 | 12.9 | 243 | 16.2 |
| Totaal | 8 | 100.0 | 146 | 100.0 | 234 | 100.0 | 161 | 100.0 | 406 | 100.0 | 80 | 100.0 | 303 | 100.0 | 100 | 100.0 | 62 | 100.0 | 1500 | 100.0 |

*G.S. = Gelykwaardige Sertifikaat.

$X^2$ : 56.2015, P < 1%

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Hierna vertoon die persentuele verdeling weer 'n daling, en wel vanaf 47.5 persent by die groep wat oor standerd 9 beskik tot by 37.0 persent by die groep met 'n universiteitsgraad.

Die persentasie proefpersone in wie se gesinne daar nooit oor die Afrikaner se volksgeskiedenis gepraat word nie, styg vanaf 14.4 persent by diegene wat 'n onderwyspeil laer as standerd 6 bereik het, tot by 20.5 persent ten opsigte van diegene wat oor standerd 7 beskik. Die persentuele verdeling vertoon hierna 'n daling, en wel vanaf 18.2 persent ten opsigte van diegene met standerd 8 tot by 11.0 persent in die geval van die groep wat oor 'n diploma of sertifikaat of ander onderwyskwalifikasie na standerd 10 beskik, waarna dit weer tot 12.9 persent styg in die geval van diegene met 'n universiteitsgraad.

Uit die gegewens van tabel 40 is dit dus geregverdig om tot die algemene slotsom te geraak dat 'n toename in onderwyskwalifikasies tot gereelder gesprekke oor die Afrikaner se volksgeskiedenis in die ondersoekgroep se gesinne, aanleiding gee. Die bevinding met betrekking tot diegene in wie se gesinne daar nooit gesprekke oor die Afrikaner se volksgeskiedenis voorkom nie, rugsteun in 'n mate hierdie afleiding.

Diegene met hoër onderwyskwalifikasies het waarskynlik tydens hulle skool- en naskoolse opleiding meer geleentheid gehad om met die Afrikaner se volksgeskiedenis in kontak te kom en daarmee kennis te maak. By voltooiing van die skool- en naskoolse opleiding geld hierdie groter moontlikheid tot kontak en kennismaking met die volksverlede, waarskynlik

steeds / .....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



steeds. Die vlak waarop hierdie persone dikwels beweeg - kultureel, sosiaal, beroeps ensomeer - maak waarskynlik dat die situasie so sal wees.

Die gevolg hiervan is dat hulle moontlik beter daartoe in staat is om die aangeleentheid na waarde te skat, te beredeneer, te meet en te weeg, tot 'n oordeel te kom en om die Afrikaner se volksgeskiedenis hulle eie te maak. Hierdie persone besef waarskynlik in groter mate die waarde en betekenis van sodanige kennis, asook dat kennis van die verlede tot 'n groter behoudenheid en liefde vir die eie en belangstelling in die eie, aanleiding gee. Dit is immers so dat kennis - hoe gering ookal - tot belangstelling, liefde en geloof in die saak kan lei.

Hierdie moontlike positiewe ingesteldheid onder diegene met hoër onderwyskwalifikasies is dalk die rede waarom die Afrikaner se volksgeskiedenis in hulle gesinne gereelder ter sprake kom, as in die geval van diegene met laer onderwyskwalifikasies.

(c) <u>Die mate waarin die ondersoekgroep binne gesinsverband grepe uit die Afrikaner se volksgeskiedenis oorvertel of daaroor gesels ontleed volgens die mate waarin daar in hulle ouerhuise sodanige gesprekke voorgekom het</u>

Ten einde vas te stel of gesprekke oor die Afrikaner se volksgeskiedenis in die ondersoekgroep se ouerhuise enige uitwerking het op die mate waarin daar in die ondersoekgroep se gesinne oor sodanige aangeleenthede gesels word, is vrae B10 en B11 met mekaar in verband gebring.

Hierdie vergelyking word in tabel 41 aangebied en bring die volgende aan die lig:

Een- / .....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



TABEL 41

OORVERTELLINGE EN GESELSIES IN DIE GESIN OOR DIE AFRIKANER SE VOLKSGESKIEDENIS VOLGENS DIE OORVERTELLINGE EN GESELSIES IN DIE OUERHUIS OOR DIE AFRIKANER SE VOLKSGESKIEDENIS

| OORVERTELLINGE EN GESELSIES OOR DIE AFRIKANER SE VOLKSGESKIEDENIS (IN GESIN) | OORVERTELLINGE EN GESELSIES OOR DIE AFRIKANER SE VOLKSGESKIEDENIS (IN OUERHUIS) | | | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | N.v.t. het nie in gesinsverband groot geword nie of woon nog in ouerhuis | | Ja, gereeld | | Ja, soms | | Nee | | | |
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| N.v.t., vorm nie tans deel van 'n gesin nie | 30 | 33.0 | 111 | 17.6 | 97 | 16.7 | 36 | 18.5 | 274 | 18.3 |
| Ja, gereeld | 13 | 14.3 | 265 | 41.9 | 18 | 3.1 | 13 | 6.7 | 309 | 20.6 |
| Ja, soms | 34 | 37.4 | 217 | 34.3 | 385 | 66.2 | 38 | 19.5 | 674 | 44.9 |
| Nee | 14 | 15.4 | 39 | 6.2 | 82 | 14.1 | 108 | 55.4 | 243 | 16.2 |
| Totaal | 91 | 100.0 | 632 | 100.0 | 582 | 100.0 | 195 | 100.0 | 1500 | 100.0 |

$x^2$ : 56.2015, P < 1%

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Een-en-veertig punt nege (41.9) persent van diegene in wie se ouerhuise daar gereeld grepe uit die Afrikaner se volksgeskiedenis oorvertel of daaroor gesels is, verklaar dat daar in hulle eie gesinne ook gereeld sodanige gesprekke voorkom. Hierteenoor verklaar slegs 3.1 persent en 6.7 persent van diegene in wie se ouerhuise daar onderskeidelik soms en nooit grepe uit die Afrikaner se volksgeskiedenis oorvertel is nie, dat daar in hulle eie gesinne gereeld sodanige gesprekke voorkom.

Dit skyn dus dat die grootste enkele persentasie van die ondersoekgroep in wie se gesinne daar gereeld grepe uit die Afrikaner se volksgeskiedenis oorvertel of daaroor gesels word, diegene is in wie se ouerhuise daar ook gereeld sodanige gesprekke voorgekom het.

Van diegene in wie se ouerhuise die Afrikaner se volksgeskiedenis soms as gespreksonderwerp gedien het, verklaar 66.2 persent dat daar in hulle eie gesinne soms grepe uit die Afrikaner se volksgeskiedenis oorvertel of daaroor gesels word. Hierteenoor verklaar 34.3 persent van diegene in wie se ouerhuise daar gereeld, en slegs 19.5 persent van die in wie se ouerhuise daar nooit oor sodanige sake gepraat is nie, dat die Afrikaner se volksgeskiedenis soms in hulle gesinne ter sprake kom.

Van diegene in wie se ouerhuise daar nooit grepe uit die Afrikaner se volksgeskiedenis oorvertel of daaroor gesels is nie, verklaar 55.4 persent dat daar in hulle eie gesinne ook nooit sodanige gesprekke voorkom nie, terwyl 14.1 persent en 6.2 persent van diegene in wie se ouerhuise daar

onderskeidelik / .....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

onderskeidelik soms en gereeld oor die Afrikaner se volksgeskiedenis gepraat is, dieselfde antwoord verstrek.

Dit blyk dus dat die proefpersone in wie se ouerhuise daar nooit oor die Afrikaner se volksgeskiedenis gepraat is nie, die grootste aandeel het aan die groep in wie se gesinne daar ook nooit oor sodanige aangeleenthede gepraat word nie. Daar skyn dus onteenseglik 'n verband tussen oorvertellinge en geselsies oor die Afrikaner se volksgeskiedenis in die ondersoekgroep se ouerhuise en die feit of daar in hulle eie gesinne oor sodanige aangeleenthede gepraat word, al dan nie, te bestaan.

Hierdie bevinding verklaar sigself. Soos verwag kan word lei 'n positiewe of negatiewe ingesteldheid in die ouerhuis tot 'n soortgelyke ingesteldheid by die individu. Wanneer hierdie individu later sy/haar eie gesin het, sal hierdie ingesteldheid waarskynlik op die gesin oorgedra word. Hierdie bevinding is opnuut 'n heenwysing na die belangrike en bepalende rol wat die gesin - die kleinste maar ook belangrikste sosiale, kulturele, en opvoedkundige eenheid - in die lewensgange van alle volke speel. Hier word die eerste kulturele, geestelike en ander waardes van 'n volk by die kinders van daardie volk vasgelê en aldus word gesorg vir 'n gesonde uitbouing en voortsetting van onder andere, die kulturele erfenis van daardie volk. „Hoewel daar ook ander sosiale groepe is waardeur die kind 'n mate van opvoeding ontvang," skryf Eloff, „is die rol van die gesin in die vormingsjare van die kind van besonder groot belang. Om hierdie rede verrig die gesin ook 'n belangrike funksie

ten / .....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ten opsigte van die oordrag van die kultuurgoedere van die volk, geestelik sowel as materieel, van een generasie na die ander. Die gesin vorm as't ware 'n brug waarlangs die kultuur oorgedra word. Hierdie funksie van die gesin in die lewe van enige volk kan nie oorbeklemtoon word nie"(Soos in 14, p. 96). Pauw beweer tereg: „Deur die eeue heen het die mensdom, die beskawing en elke volk vir hom 'n kulturele en geestelike erfenis opgebou wat slegs in stand gehou kan word as dit van geslag tot geslag oorgeplant word. Die gesin moet nie net sorg vir die geestelike voortplanting van die volk nie, maar ook vir die voortplanting van sy geestes-goedere" (Soos in 17, p. 211).

3. DIE MATE WAARIN DAAR IN DIE ONDERSOEKGROEP SE OUERHUIS GREPE UIT DIE AFRIKANER SE VOLKSGESKIEDENIS OORVERTEL OF DAAROOR GESELS IS

In hierdie afdeling sal die oorvertellinge en geselsies oor die Afrikaner se volksgeskiedenis in die ondersoekgroep se ouerhuise eerstens met die huistaal in hulle ouerhuis en tweedens met hulle verblyfplek in verband gebring word. Diegene wat nie in 'n gesinsverband groot geword het nie en diegene wat ten tye van die ondersoek nog in hulle ouerhuise woonagtig was, is teenoor die „nie van toepassing" moontlikheid gemerk en word by die ontleding buite rekening gelaat.

(a) Die mate waarin daar in die ondersoekgroep se ouerhuise grepe uit die Afrikaner se volksgeskiedenis oorvertel of daaroor gesels is, volgens die huistaal in hulle ouerhuis ontleed

Dit blyk uit die gegewens van tabel 42 dat daar in die ouerhuise van die grootste enkele persentasie van die

ondersoekgroep / .....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



TABEL 42

DIE MATE WAARIN DAAR IN DIE ONDERSOEKGROEP SE OUERHUISE GREPE UIT DIE AFRIKANER SE VOLKSGESKIEDENIS OORVERTEL OF DAAROOR GESELS IS, VOLGENS DIE HUISTAAL IN HULLE OUERHUIS

| OORVERTELLINGE EN GESELSIES OOR DIE AFRIKANER SE VOLKSGESKIEDENIS (IN OUERHUIS) | DIE HUISTAAL IN DIE OUERHUIS VAN DIE ONDERSOEKGROEP | | | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Afrikaans | | Engels | | Afrikaans en Engels | | Ander | | | |
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| N.v.t., het nie in gesinsverband groot geword nie of woon nog in ouerhuis | 80 | 5.6 | 5 | 17.9 | 3 | 9.4 | 3 | 20.0 | 91 | 6.1 |
| Ja, gereeld | 615 | 43.2 | 2 | 7.1 | 13 | 40.6 | 2 | 13.3 | 632 | 42.1 |
| Ja, soms | 557 | 39.1 | 11 | 39.3 | 10 | 31.3 | 4 | 26.7 | 582 | 38.8 |
| Nee | 173 | 12.1 | 10 | 35.7 | 6 | 18.8 | 6 | 40.0 | 195 | 13.0 |
| Totaal | 1425 | 100.0 | 28 | 100.0 | 32 | 100.0 | 15 | 100.0 | 1500 | 100.0 |

$x^2$ : 45.9556, P < 1%

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ondersoekgroep gereeld grepe uit die Afrikaner se volksgeskiedenis oorvertel of daaroor gesels is (42.1%). Hierna volg diegene in wie se ouerhuise die Afrikaner se volksgeskiedenis slegs soms as gespreksonderwerp gedien het (38.8%) en laastens diegene in wie se ouerhuise daar nooit oor sodanige sake gepraat is nie (13.0%).

Volgens die huistaal in die ondersoekgroep se ouerhuise ontleed, blyk die volgende:

Drie-en-veertig punt twee (43.2) persent van diegene in wie se ouerhuise slegs Afrikaans, 7.1 persent van diegene in wie se ouerhuise slegs Engels en 40.6 persent van diegene in wie se ouerhuise sowel Afrikaans as Engels as huistaal gegeld het, verklaar dat daar in hulle ouerhuise gereeld grepe uit die Afrikaner se volksgeskiedenis oorvertel of daaroor gesels is.

Die teendeel hiervan blyk met betrekking tot diegene in wie se ouerhuise daar nooit sodanige grepe oorvertel of daaroor gesels is nie. So, byvoorbeeld, verklaar 12.1 persent van diegene met slegs Afrikaans, 35.7 persent van diegene met slegs Engels en 18.8 persent van diegene met sowel Afrikaans as Engels as huistaal in hulle ouerhuise, dat daar nooit grepe uit die Afrikaner se volksgeskiedenis oorvertel of daaroor gesels is nie.

Dit skyn dus asof daar in die uitsluitlike Afrikaanse ouerhuise, in 'n veel groter mate, as in die uitsluitlike Engelse ouerhuise, grepe uit die Afrikaner se volksgeskiedenis oorvertel of daaroor gesels is. Daar dien ook op gewys te word dat daar in die ouerhuise waar sowel Afrikaans as

Engels / .....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Engels as huistaal gebruik is, in 'n ietwat geringer mate as in die uitsluitlike Afrikaanstalige ouerhuise, maar tog in 'n veel groter mate as in die uitsluitlike Engelstalige ouerhuise, gedagtes oor die Afrikaner se volksgeskiedenis gewissel is.

Uit die gegewens van tabel 42 is dit derhalwe geregverdig om die afleiding te maak dat daar ten opsigte van die oorvertellinge en geselsies oor die Afrikaner se volksgeskiedenis in die ondersoekgroep se ouerhuise, 'n positiewer ingesteldheid by die Afrikaanstalige ouerhuise as by die Engelstalige ouerhuise aangetref word.

Breedt kom tot 'n soortgelyke gevolgtrekking wanneer hy sy ondersoekgroep se eie waardebepaling van hulle geskiedeniskennis met hulle huistaal in verband bring. Hy bevind dat daar 'n positiewer ingesteldheid ten opsigte van die waardebepaling van geskiedeniskennis onder Afrikaanssprekende jeugdiges as onder Engelssprekende jeugdiges aangetref word.

Die positiewe ingesteldheid teenoor die oorvertellinge en geselsies oor die Afrikaner se volksgeskiedenis in die Afrikaanse ouerhuise kan waarskynlik daaraan toegeskryf word dat die Afrikaanssprekende, vanweë sy aangebore inheemsheid in hierdie land, hom waarskynlik in 'n groter mate as die Engelssprekende met hierdie land en sy verlede sal vereenselwig en identifiseer. As in gedagte gehou word dat dit hier suiwer om die Afrikaner se volksgeskiedenis gaan, is dit in die lig van die bogemelde verklaring te verstane waarom daar in Afrikaanse ouerhuise meer as in Engelse ouerhuise oor die Afrikaner se volksgeskiedenis gepraat word.

(b) / .....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

(b) Die mate waarin daar in die ondersoekgroep se ouerhuise grepe uit die Afrikaner se volksgeskiedenis oorvertel of daaroor gesels word, volgens hulle verblyfplek ontleed

Volgens verblyfplek ontleed, blyk die volgende met betrekking tot die mate waarin daar in die ondersoekgroep se ouerhuise grepe uit die Afrikaner se volksgeskiedenis oorvertel of daaroor gesels is (Tabel 43).

Van diegene wat vir die grootste gedeelte van hulle lewe in stede asook dié wat op dorpe woonagtig was, verklaar naasteby 'n gelyke persentasie (41.4% en 41.0% onderskeidelik) dat daar in hulle ouerhuise gereeld grepe uit die Afrikaner se volksgeskiedenis oorvertel of daaroor gesels is. Hierteenoor gee 48.5 persent van diegene wat vir die grootste gedeelte van hulle lewe plaasbewoners was, ook sodanige antwoord.

Vier-en-dertig punt nege (34.9) persent van diegene wat vir die grootste gedeelte van hulle lewe in stede en 35.9 persent van dié wat die grootste gedeelte van hulle lewe op plase woonagtig was, teenoor 45.1 persent van die persone wat vir die grootste gedeelte van hulle lewe op dorpe woonagtig was, verklaar dat daar soms in hulle ouerhuise oor die Afrikaner se volksgeskiedenis gesels is.

Op die vraag of daar ooit in die ondersoekgroep se ouerhuise grepe uit die Afrikaner se volksgeskiedenis oorvertel of daaroor gesels is, het 15.4 persent van die proefpersone wat vir die grootste gedeelte van hulle lewe in stede woonagtig was, negatief geantwoord in vergelyking met 10.3 persent en 11.1 persent van die persone wat die grootste

gedeelte / .....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



TABEL 43

OORVERTELLINGE EN GESELSIES OOR DIE AFRIKANER SE VOLKSGESKIEDENIS IN DIE ONDERSOEKGROEP SE OUERHUISE VOLGENS VERBLYFPLEK

| OORVERTELLINGE EN GESELSIES OOR DIE AFRIKANER SE VOLKSGESKIEDENIS (IN OUERHUIS) | VERBLYFPLEK VAN DIE ONDERSOEKGROEP IN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA | | | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Stad | | Dorp | | Plaas | | N.v.t., grootste gedeelte van lewe in die buiteland gewoon | | | |
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| N.v.t., het nie in gesinsverband groot geword nie of woon nog in ouerhuis | 62 | 8.4 | 20 | 3.6 | 9 | 4.6 | 0 | 0.0 | 91 | 6.1 |
| Ja, gereeld | 307 | 41.4 | 227 | 41.0 | 96 | 48.5 | 2 | 33.3 | 632 | 42.1 |
| Ja, soms | 259 | 34.9 | 250 | 45.1 | 71 | 35.9 | 2 | 33.3 | 582 | 38.8 |
| Nee | 114 | 15.4 | 57 | 10.3 | 22 | 11.1 | 2 | 33.3 | 195 | 13.0 |
| Totaal | 742 | 100.0 | 554 | 100.0 | 198 | 100.0 | 6 | 100.0 | 1500 | 100.0 |

$x^2$ : 33.1986, P < 1%

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

gedeelte van hulle lewe onderskeidelik op dorpe en op plase gewoon het. Daar skyn dus uit die gegewens van tabel 43 'n groter positiewe ingesteldheid ten opsigte van die oorvertellinge en geselsies oor die Afrikaner se volksgeskiedenis in die ouerhuise van diegene wat vir die grootste gedeelte van hulle lewe plaas- en dorpsbewoners was, as in die ouerhuise van die proefpersone wat vir die grootste gedeelte van hulle lewe in stede gewoon het, te bestaan.

'n Moontlike verklaring hiervoor kan te vinde wees in die feit dat daar in landelike omgewings oor die algemeen 'n groter behoudenheid, tradisievastheid en liefde vir die eie, aangetref word as in stedelike omgewings. Hierdie behoudenheid lei tot groter identifisering en vereenselwiging met volk en vaderland. In landelike omgewings word waarskynlik meer waarde aan die volkseie en volkstradisie geheg en sal daar moontlik in groter mate oor die Afrikaner se volksgeskiedenis gesels word as in die stede.

Voeg hierby die besondere aard van die stedelike leefwyse - die gejaagdheid, veelheid van aktiwiteite, die feit dat die lewe van die stadsmens so georganiseerd verloop dat hy dikwels nie tyd het of wil inruim vir die volkseie nie, gebrek aan tyd vir gesinsamesyn waar die toestande ideaal is vir gesprekke oor die Afrikaner se volksgeskiedenis, die gees van materialisme en winsbejag wat dikwels alle ander waardes op die agtergrond laat verdwyn en nog vele meer - dan doen hierdie bevinding sigself nie geheel en al as vreemd voor nie.

4. / .....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## 4. DIE ONDERSOEKGROEP SE MENING OF DIE AFRIKANER MET REG TROTS KAN WEES OP SY GESKIEDENIS, AL DAN NIE, ASOOK DIE REDE VIR HIERDIE MENING

In 'n poging om vas te stel wat die ondersoekgroep se mening in verband met die Afrikaner se volksgeskiedenis is en waarom hulle sodanige mening daarop nahou, is hulle gevra of die Afrikaner na hulle mening met reg trots kan wees op sy geskiedenis, al dan nie. Aan hulle is ook gevra om hierdie mening te motiveer (Vraag B12).

By raadpleging van die vraelys sal opgemerk word dat hierdie vraag as 'n „oop" vraag, of anders gestel in 'n ongestruktureerde vorm in die vraelys opgeneem is. Hiermee word bedoel dat daar geen moontlike antwoorde by die vraag gegee was waaruit die respondente kon kies nie. Die respons is met ander woorde oorgelaat aan die vrye keuse van die respondent. Die veldwerkers het opdrag gekry om elke proefpersoon se respons volledig op te teken. Ten einde die bevindinge op hierdie vraag in 'n verwerkbare struktuur daar te stel, is die antwoorde op hierdie vraag een vir een deurgegaan en al die antwoorde wat in mindere of meerdere mate 'n ooreenkoms of onderlinge verband vertoon het, is saam gegroepeer. Op hierdie wyse is die redes van diegene wat 'n positiewe mening oor die Afrikaner se volksgeskiedenis daarop nahou, tot sewe gereduseer. Aangesien die getal persone wat van mening is dat die Afrikaner nie met reg op sy geskiedenis trots kon wees nie so klein was, en aangesien daar met uitsondering van een rede waar die persentuele verskil slegs 0.1 persent was,

geen / .....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

geen persentuele verskille tussen die onderskeie redes vir hierdie mening voorgekom het nie, sal hierdie redes buite rekening gelaat word. Daar sal ook geen waarde-oordeel oor hierdie redes uitgespreek word nie aangesien sodanige oordeel nie binne hierdie studie tuishoort nie.

Die ondersoekgroep se mening of die Afrikaner met reg trots kan wees op sy geskiedenis, al dan nie, is in tabel 44 vervat.

TABEL 44

MENING OF DIE AFRIKANER MET REG TROTS KAN WEES OP SY GESKIEDENIS, AL DAN NIE

| Mening of die Afrikaner met reg trots kan wees op sy geskiedenis | Getal | % |
|---|---|---|
| Ja | 1492 | 99.5 |
| Nee | 8 | 0.5 |
| Totaal | 1500 | 100.0 |

Volgens die gegewens van bostaande tabel blyk dit dat verreweg die grootste persentasie van die ondersoekgroep (99.5%) van mening is dat die Afrikaner met reg trots kan wees op sy geskiedenis. Slegs 0.5 persent van die ondersoekgroep is die teenoorgestelde mening toegedaan.

Die ondersoekgroep se mening of die Afrikaner met reg trots kan wees op sy geskiedenis, al dan nie, is ook in verband gebring met hulle geslag, ouderdom, die plek waar hulle op hoërskool was, die mate waarin daar in hulle gesinne grepe uit die Afrikaner se volksgeskiedenis oorvertel

of / .....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

of daaroor gesels is en die mate waarin daar in hulle ouerhuise grepe uit die Afrikaner se volksgeskiedenis oorvertel of daaroor gesels is. Volgens die chi-kwadraatwaardes wat met betrekking tot al vyf hierdie vergelykings verkry is, blyk dit dat daar geen betekenisvolle verband tussen hierdie mening en die betrokke veranderlikes waarmee dit in verband gebring is, bestaan nie.

Voorts is ook gepoog om vas te stel waarom die ondersoekgroep 'n positiewe of negatiewe mening oor die Afrikaner se volksgeskiedenis daarop nahou. Hierdie gegewens word in tabel 45 aangetref. 'n Weergawe van die bevindinge in hierdie tabel bring die volgende aan die lig:

Die grootste enkele persentasie van die ondersoekgroep, te wete 36.5 persent, gee as motivering vir hierdie mening die rede dat die Afrikaner deur koersvastheid, beginselvastheid, stryd en lyding die Afrikanervolk gevestig en uitgebou het. Voorts motiveer 20.5 persent van die ondersoekgroep hierdie mening deur te sê dat die Afrikaner se geskiedenis van dade en gebeurtenisse spreek wat onteenseglik bewys dat hy 'n waardige volk is wat homself kan handhaaf en op homself kan trots wees. Die derde grootste persentasie (19.7%) van die ondersoekgroep meen dat dit elke Afrikaner - bloot vanweë die feit dat hy 'n Afrikaner is - se plig is om op sy volk se geskiedenis trots te wees, terwyl 14.2 persent die prestasies wat behaal en verbasende vooruitgang wat op alle terreine gemaak is, as rede aanvoer. Slegs 3.5 persent van die ondersoekgroep weet nie waarom

hulle / .....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



TABEL 45

DIE ONDERSOEKGROEP SE REDE VIR DIE MENING OF DIE AFRIKANER MET REG TROTS KAN WEES OP SY GESKIEDENIS, AL DAN NIE

| REDE VIR DIE MENING OF DIE AFRIKANER MET REG TROTS KAN WEES OP SY GESKIEDENIS, AL DAN NIE | GETAL | % |
|---|---|---|
| Nie van toepassing (Afrikaner kan nie met reg op sy geskiedenis trots wees nie) | 8 | 0.6 |
| Weet nie - geen besondere rede nie | 52 | 3.5 |
| Vanweë die feit dat hy 'n Afrikaner is, is dit elke Afrikaner se plig om trots te wees | 295 | 19.7 |
| Afrikaner se geskiedenis spreek van dade en gebeurtenisse wat onteenseglik bewys dat hy 'n waardige volk is wat hom kan handhaaf en op homself kan trots wees | 308 | 20.5 |
| Afrikaner het deur koersvastheid, beginselvastheid, stryd en lyding, Afrikanervolk gevestig en uitgebou | 547 | 36.5 |
| Onwrikbare geloof en konserwatiewe Christelike Nasionale lewensbeskouing dien as navolgingswaardige voorbeeld | 58 | 3.9 |
| Geskiedenis van Afrikaner vorm 'n integrale deel van sy volkswording | 19 | 1.3 |
| Vanweë die prestasies wat bereik is en verbasende vooruitgang wat die Afrikaner op alle terreine gemaak het | 213 | 14.2 |
| Totaal | 1500 | 100.0 |

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

hulle van mening is dat die Afrikaner met reg trots kan wees op sy geskiedenis nie.

Die ondersoekgroep se redes vir hulle mening of die Afrikaner met reg trots kan wees op sy geskiedenis, al dan nie, is weer eens in verband gebring met hulle geslag, ouderdom, die plek waar hulle op hoërskool was en die mate waarin daar in hulle ouerhuise en gesinne grepe uit die Afrikaner se volksgeskiedenis oorvertel of daaroor gesels is.

Met betrekking tot die redes vir die feit dat die Afrikaner nie met reg op sy geskiedenis trots kan wees nie, blyk volgens sowel die persentasies as die verkreë chi-kwadraatwaardes dat daar geen betekenisvolle verbande tussen hierdie redes en die aspekte waarmee die redes in verband gebring is, bestaan nie.

Hoewel die verkreë chi-kwadraatwaardes aandui dat daar beduidende verskille tussen die redes vir die mening dat die Afrikaner wel met reg op sy geskiedenis trots kan wees en die veranderlikes waarmee hierdie redes in verband gebring is, bestaan, sal 'n ontleding hiervan agterweë gelaat word omrede daar geen algemene afleidings uit hierdie gegewens gemaak kan word nie.

Die rede hiervoor is dat hierdie tabelle 'n te uiteenlopende persentuele verspreiding vertoon. Dit blyk, om slegs een voorbeeld te noem, dat 'n groter persentasie van diegene wat in stede op hoërskool was as die wat op plase op hoërskool was 'n bepaalde rede aandui vir hulle mening dat die Afrikaner met reg trots kan wees op sy

geskiedenis / .....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

geskiedenis. 'n Volgende rede word weer deur 'n groter persentasie van diegene wat op 'n plaas in die hoërskool was as die wat in stede op hoërskool was, gegee. Daar moet onthou word dat, met uitsondering van twee, al die redes aan betekenis en waarde ewe swaar weeg. Dieselfde uiteenlopende persentuele verspreiding blyk wanneer die ondersoekgroep se redes vir hulle mening dat die Afrikaner met reg op sy geskiedenis trots kan wees, in verband gebring word met hulle ouderdom, geslag en die mate waarin daar in hulle ouerhuise en gesinne grepe uit die Afrikaner se volksgeskiedenis oorvertel of daaroor gesels is.

5. SAMEVATTING

(a) Tussen die kultuurpatroon van 'n volk en daardie volk se historiese agtergrond bestaan daar 'n besondere noue verbintenis. Daarom kan 'n volk se kultuurpatroon alleen teen die agtergrond van sy verlede ten volle begryp word. Weens die noue verbondenheid tussen die geskiedenis en die kultuur is die kulturele lewenskragtigheid van 'n volk in 'n groot mate afhanklik van die volkslede se piëteit teenoor en kennis van hulle volksverlede. Kennis van die verlede vrywaar die mens van 'n gebrek aan verdieping in sy kultuuropvatting. Hy leer dat baie van sy kultuurbesittinge deur voorgeslagte opgebou is en reeds lank terug ontstaan het. Deur die geskiedenis kom die mens ook in aanraking met vreemde kulture, en juis hierdeur leer hy sy eie beter ken en waardeer. Hy leer ook dat daar naas sy eie kultuurgroep ook ander voortreflike kultuurgroepe bestaan. Aldus word hy gevrywaar van 'n

etnosentristiese / .....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



etnosentristiese en selfgenoegsame houding in verband met die eie kultuur. Kennis van die verlede kan op verskeie maniere opgedoen word, waarvan een die oorvertellinge van en geselsies oor historiese gebeure is.

(b) (i) Die grootste enkele persentasie van die ondersoekgroep (44.9%) het aangedui dat daar slegs soms in hulle gesinne grepe uit die Afrikaner se volksgeskiedenis oorvertel of daaroor gesels word. Diegene in wie se gesinne daar gereeld, en diegene in wie se gesinne daar nooit sodanige gesprekke voorkom nie, verteenwoordig onderskeidelik 20.6 en 16.2 persent van die steekproef.

Wanneer die oorvertellinge en geselsies oor die Afrikaner se volksgeskiedenis in die ondersoekgroep se huisgesinne in verband gebring word met die huistaal in hulle ouerhuis, blyk dat daar in die gesinne van diegene wat uit uitsluitlike Afrikaanstalige ouerhuise afkomstig is, in 'n groter mate as in die gesinne van diegene wat uit uitsluitlike Engelstalige ouerhuise afkomstig is, gereeld oor sodanige sake gepraat word. Dit blyk verder dat 'n groter persentasie van die proefpersone wat uit ouerhuise kom waar sowel Afrikaans en Engels as huistaal gegeld het, gereeld in hulle gesinne oor die Afrikaner se volksgeskiedenis gesels het as diegene wat uit uitsluitlike Afrikaanstalige ouerhuise afkomstig is.

(ii) Daar bestaan 'n positiewe korrelasie tussen die oorvertellinge en geselsies oor die Afrikaner se volksgeskiedenis in die ondersoekgroep se gesinne en hulle onderwyskwalifikasies. Die persentasie respondente wat

gereeld / .....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



gereeld in hulle gesinne oor die Afrikaner se volksgeskiedenis gesels, styg namate hulle onderwyskwalifikasies toeneem. Die bevinding met betrekking tot diegene in wie se gesinne die Afrikaner se volksgeskiedenis nooit as gespreksonderwerp dien nie, rugsteun in 'n mate die voorafgaande.

(iii) Daar skyn onteenseglik 'n positiewe verband tussen die oorvertellinge en geselsies oor die Afrikaner se volksgeskiedenis in die ondersoekgroep se ouerhuise en die feit of daar in hulle eie gesinne oor sodanige aangeleenthede gepraat word, al dan nie, te bestaan.

(c) (i) In die ouerhuise van die grootste enkele persentasie van die ondersoekgroep word/is daar gereeld grepe uit die Afrikaner se volksgeskiedenis oorvertel of daaroor gesels (42.1%). Hierteenoor word/is daar in slegs 13.0 persent van die ondersoekgroep se ouerhuise nooit oor sodanige aangeleenthede gesels nie.

Volgens huistaal ontleed blyk dit dat daar in 'n veel groter mate in die Afrikaanstalige ouerhuise as in die Engelstalige ouerhuise grepe uit die Afrikaner se volksgeskiedenis oorvertel of daaroor gesels word.

(ii) Na verhouding is daar meer in die ouerhuise van diegene wat die grootste gedeelte van hulle lewe in 'n landelike omgewing woonagtig was, grepe uit die Afrikaner se volksgeskiedenis oorvertel of daaroor gesels, as in die ouerhuise van diegene wat die grootste gedeelte van hulle lewe in stede gewoon het.

(d) / .....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



(d) Dit blyk dat verreweg die grootste persentasie van die ondersoekgroep (99.5%) van mening is dat die Afrikaner met reg trots kan wees op sy geskiedenis. Slegs 8 of 0.5 persent van die ondersoekgroep is die teenoorgestelde mening toegedaan. Die respondente is ook gevra om hulle mening te motiveer. Ses-en-dertig punt vyf (36.5) persent van die proefpersone is van mening dat die Afrikaner met reg op sy geskiedenis trots kan wees omdat die Afrikaner deur koersvastheid, beginselvastheid, stryd en lyding die Afrikanervolk gevestig en uitgebou het. Twintig punt vyf (20.5) persent meen dat die dade en gebeurtenisse in die Afrikaner se volksgeskiedenis bewys lewer dat hy op sy verlede trots kan wees. Negentien punt sewe (19.7) persent is die mening toegedaan dat dit elke Afrikaner se plig is om op sy volksverlede trots te wees, terwyl 14.2 persent die prestasies wat behaal en verbasende vooruitgang wat op alle terreine gemaak is, as rede aanvoer. Slegs 3.5 persent van die proefpersone weet nie waarom die Afrikaner met reg op sy geskiedenis trots kan wees nie.

--- oOo ---

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# HOOFSTUK VI

## SLOTBESKOUING

In 'n ondersoek na die kulturele lewe van 'n bepaalde mensegroep kan, omdat die verskynsel kultuur so uitgebreid is, na 'n magdom aspekte uitgevra word. In die voorafgaande hoofstukke is getrag om slegs enkele aspekte van bogemelde veelheid bloot te lê. Die aspekte wat ondersoek is, is nie noodwendig die belangrikste nie. Dit kan nietemin as 'n betreklik betroubare aanduiding dien van die Afrikaner se totale ingesteldheid met betrekking tot sy kulturele lewe.

Voorts moet genoem word dat genoemde aspekte nie in hulle volle omvang aan analise onderwerp is nie. Daar is slegs getrag om enkele tendense bloot te lê. Dit spreek dus vanself dat die finale woord hieroor nog nie gesê is nie. Op die onderhawige ondersoek kan beslis, onder andere deur intensiewe studie, uitgebrei word.

Die hieropvolgende kort evaluering neem die vorm aan van enkele algemene gevolgtrekkinge en kritiese gedagtes met betrekking tot die begrip kultuur; die betrokkenheid en ingesteldheid ten aansien van Afrikaanse kultuurorganisasies en kultuurbedrywighede; onderwyskwalifikasies as determinant met betrekking tot betrokkenheid en ingesteldheid ten opsigte van die Afrikaanse kultuurlewe; leeftyd (ouderdom) as determinant, en laastens word gewys op sekere positiewe bevindinge.

### 1. Die Begrip Kultuur

Kultuur as mensgemaakte-fenomeen en as produk van die mens se groepsamesyn, is seker een van die verskynsels waaraan in die menswetenskappe die meeste en ernstigste aandag

© University of Pretoria

gegee/ .....

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

gegee is. 'n Verklaring hiervoor is nie ver te soek nie. Dat dit so hoort is onweerlegbaar waar en dat dit so is, is die onvermydelike gevolg van die sentrale plek wat hierdie verskynsel in die studie van menslike gedrag inneem. Menslike gedrag vanuit watter hoek ook al bekyk, kan na behore begryp en in die regte perspektief gesien word, alleen teen die agtergrond van die kultuurverband waarin daardie betrokke mens hom bevind.

'n Deeglike begrip van die verskynsel kultuur sal die mens vrywaar teen 'n etnosentristiese houding. As daar besef word dat daar naas die eie ook ander kultuurpatrone bestaan en dat diegene wat hulle in daardie kultuurverband bevind van mening is dat hulle lewensstyl die korrekte is, sal daar 'n groter mate van verdraagsaamheid teenoor dit wat nie die eie is nie, aan die dag gelê word. In Suid-Afrika wat deur 'n veelvolkigheid gekenmerk word, is sodanige kennis van die verskynsel kultuur noodsaaklik.

Die indringende aandag wat kultuur in die menswetenskappe geniet, het ongelukkig tot aansienlike verwarring aanleiding gegee. Vanweë die kompleksiteit en abstraktheid daarvan en die vele sye en fasette daaraan verbonde, leen dit sigself tot uiteenlopende vertolkinge. 'n Studie van die literatuur met betrekking tot hierdie verskynsel lewer dan ook voldoende bewys dat voorgemelde wel die geval is. Die meerderheid vertolkinge bevat almal in 'n mindere of meerdere mate kern-waarhede, en sommige kan selfs as baie volledig aangedui word.

Die vraag ontstaan egter of dit nie uiters noodsaaklik is dat menswetenskaplikes hulle moet beywer om 'n eenvormige vertolking aan die begrip te gee nie. Dit is immers in belang van sowel die wetenskap as die mens, dat diegene

wat/ .....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

wat hulle met die menswetenskappe bemoei, nie by mekaar verby sal praat nie. Oor die basiese boustene en fondamente van die wetenskap hoort daar immers eenstemmigheid te wees. Hier moet genoem word dat die onderhawige studie nie wil voorgee dat dit hierdie uiters moeilike taak probeer behartig het nie.

Afgesien daarvan dat daar in wetenskaplike kringe verskeie benaderinge en vertolkinge aan die begrip kultuur geheg word, heers daar in die volksmond ook skynbaar algemene onduidelikheid daaroor. Dikwels word dit gelykgestel aan of beperk tot die geestesgoedere van die sogenaamde opperkultuur. Kultuur is dan alleen kultuur as dit 'n sogenaamde gesofistikeerde kultuuruiting blyk te wees. Die kultuurmense is dan diegene wat skeppend, genietend en organiserend daarmee in verband staan, wat verfyndheid in hulle smaak en maniere openbaar en oor die vermoë beskik om sekere aspekte van die beskawing wat prestige meebring te manipuleer.

Die sogenaamde hoër of gesofistikeerde kultuuruiting is kultuur, maar dit is nie die enigste kultuur nie. Sodanige vertolking van die begrip kan moontlik tot gevolg hê dat diegene wat nie 'n peil van kulturele ontwikkeling bereik het, wat met hierdie hoër vertolking strook nie, 'n weerstand met betrekking tot kultuur kan ontwikkel. Grondliggend kan dit dalk die rede wees waarom daar 'n skynbare neutrale of selfs negatiewe gesindheid ten opsigte van die kultuurlewe openbaar word. Moontlik ontstaan by diegene die mening dat kultuur, as gevolg van die verhewe vertolking daarvan, slegs tot die sogenaamde bolaag behoort.

Die neiging/ .....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die neiging word ook dikwels aangetref om slegs dit wat tradisioneel is, of anders gestel, dit wat tot die tradiesie behoort as die enigste vorm van kultuur te sien. Alles wat nie die oue en oorgelewerde verteenwoordig nie, word geag buite die veld van kultuur te val. In sodanige benadering lê wesenlik 'n gevaar opgesluit. Alles wat die teken van vooruitgang, vernuwing en verandering openbaar, sal verwerp en afgemaak word as verderflik. Dit is sekerlik so dat alle verandering en vernuwing nie sondermeer as ten goede aanvaar kan word nie, maar dit is eweseer so dat alle vernuwing nie verderflik en daarom verwerplik is nie.

Ook moet in gedagte gehou word dat die jeug skynbaar tradisie dikwels met minder piëteit as die ouer geslag bejeën. Is dit nie waar dat die ouer geslag dikwels die tradisie, as sou dit die ideale navolgingswaardige wees, voor die kop van die jeug gooi, as hulle die jeug aanspreek oor hulle sogenaamde losbandigheid nie? Tradisie so opgedis, verwek weersin en as tradisie dan met kultuur vereenselwig word, kan alles wat direk die stempel van kultuur dra, verwerp word.

Daar moet te alle tye onthou word dat kultuur 'n totaliteit, 'n eenheidsbegrip is, wat alles, van die hoogste tot die laagste, omarm. Dit is waar dat daar sowel verhewe as minder verhewe kultuur bestaan. Kultuur moet egter nie as iets heiligs voorgehou word wat alleen met veel moeite en inspanning verkry kan word nie.

2. <u>Betrokkenheid en Ingesteldheid met betrekking tot Afrikaanse Kultuurorganisasies en Kultuurbedrywighede</u>

Blykens die gegewens van die ondersoek is daar 'n uitermate hoë persentasie respondente wat aan geen Afrikaanse

© University of Pretoria

kultuurorganisasie/ .....

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

kultuurorganisasie behoort nie (84,1%). Dieselfde geld vir die ondersoekgroep se deelname aan kultuurbedrywighede (Volkspele, Voortrekkers, Debat, Toneel en Musiek) na verlating van skool. Die persentasie deelname is in vier uit die vyf gevalle laer as 10 persent, terwyl in die vyfde geval (Volkspele) dit nie die 20 persent merk bereik nie.

Enersyds is hierdie negatiewe beeld met betrekking tot lidmaatskap van en deelname aan die aktiwiteite van sodanige organisasies simptomaties en beslis een van vele faktore wat 'n aanduiding gee van louheid in die piëteitsgevoel, houding, gesindheid en ingesteldheid teenoor die volkseie.

Andersyds kan dit 'n aanduiding wees dat die instansies wat hulle met sodanige aangeleenthede besig hou, êrens ernstig fouteer en derhalwe die fout in eie kring moet soek.

Dit wil dus voorkom asof daar hier vir Afrikaanse kultuurorganisasies 'n besondere groot en uitdagende taak opgesluit lê. Allereers moet vasgestel word waaraan die probleem toegeskryf kan word.

Ondanks die feit dat 'n oplossing vir hierdie probleemtoestand nie slegs by Afrikaanse kultuurorganisasies lê nie, sal ondersoeker hom in die hieropvolgende besinning tot hulle beperk. Daar kan nooit weggekom word van die ewe belangrike waarheid dat die ouerhuis en skool asook die kerk in hierdie opsig nie oor die hoof gesien kan word nie. Verenigde optrede deur bogemelde instansies is noodsaaklik en sal beslis 'n groter trefkrag hê, as wanneer die taak tot een instansie beperk word. Op die belangrike taak en rol van die ander instellings sal later gewys word.

© University of Pretoria

Wanneer/ .....

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Wanneer daar kommer oor 'n verskynsel uitgespreek word, word daar onvermydelik ook onmiddellik aan moontlike weë gedink om die probleem die hoof te bied. Dan word daar dadelik besef dat die simptomatiese behandeling nie die antwoord is nie en dat die probleem na sy wese of kern deurskou moet word alvorens daar enige sprake van sukses kan wees. 'n Deurtastende diepteondersoek in hierdie verband, wat die wesensoorsake van die probleem sal bloot lê, is in hierdie stadium beslis geregverdig. Die doel van die onderhawige ondersoek was om breë tendense met betrekking tot die Afrikaanse kultuurlewe aan die Rand bloot te lê. Daar is nie vooraf van die standpunt uitgegaan dat die bevindinge negatief daaruit sou sien nie, derhalwe was die bedoeling nie om die negatiwiteit oop te vlek en te verklaar nie. Desnieteenstaande, sal in die hieropvolgende paragrawe gepoog word om enkele gedagtes met betrekking tot genoemde negatiwiteit uit te spreek.

Hierbo is melding gemaak van 'n verflouing in die piëteitsgevoel ten opsigte van die Afrikaanse volkseie. Die vraag ontstaan of die oorsaak van die onderhawige negatiwiteit nie miskien by die Afrikaner se ingesteldheid en gesindheid gesoek moet word nie. Dit wil voorkom asof die Afrikaner aan die Rand in die huidige tyd 'n gees van traak-my-nie-agtigheid en neutraliteit ten opsigte van die volkseie openbaar. Dit wil voorkom asof hulle 'n fase van kulturele, geestelike en politieke windstilte, passiwiteit en onverskilligheid wat belangrike landsake en kulturele aangeleenthede betref, binnegegaan het. Dit skyn asof die Afrikaner aan die Rand na Republiekwording nie meer 'n lewensingesteldheid, gekenmerk deur 'n gees van idealisme

en/. .....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

en entoesiasme openbaar nie.

Afrikaanse kultuurorganisasies moet 'n duidelike siening hê van hulle taak. Die taak van 'n kultuurorganisasie lê onder andere op geestelike gebied. Is bogemelde afnemende piëteit en toenemende neutraliteit ten aansien van die volkseie nie 'n verskynsel wat op die geestelike vlak lê en derhalwe op daardie vlak bestry moet word nie? Die doelstellings van baie Afrikaanse kultuurorganisasies gaan juis daarom dat hulle onder andere die Afrikaner steeds moet besiel en met liefde vir die eie moet vervul. Die vraag kan dus met reg gevra word of Afrikaanse kultuurorganisasies hulleself nie die vraag moet afvra of hulle hulle doelstellings ten volle verwesenlik nie?

Hierbo is ook genoem dat die fout moontlik by die funksionele opset van Afrikaanse kultuurorganisasies gesoek moet word. Die vraag ontstaan of Afrikaanse kultuurorganisasies nie ook die hand in eie boesem moet steek en hulleself aan selfondersoek en selfkritiek onderwerp nie. Is Afrikaanse kultuurorganisasies dinamies genoeg of volg hulle 'n uitgediende patroon van kultuuraktivering.

Daar moet onthou word dat enige samelewing of gemeenskap altyd wordend is: dit is nie 'n statiese nie, maar 'n dinamiese en veranderlike entiteit. Hierdie dinamiek word deur 'n veelheid faktore teweeggebring wat hier nie ter sake is nie. Feit bly egter dat daar voortdurende veranderinge intree. Om lewenskragtig te bly en hulle taak na behore uit te voer moet Afrikaanse kultuuroragnisasies aanpas by hierdie veranderinge. Om voortdurend met 'n nostalgiese verledeheenwysing op die ideale toestande, soos dit in die voortyd daaruit gesien het, te wys, dien nie as oplossing vir die eietydse probleme nie. Om 'n

© University of Pretoria

terugkeer/ .....

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

terugkeer na hierdie toestand as die oplossing voor te hou, sal waarskynlik onuitvoerbaar en onrealisties wees, want verskillende tye het verskillende waardes en ideale. Sou dit net so onveranderd op die hedendaagse situasie oorgeplaas word, mag dit vrugteloos blyk te wees. Die behoeftes bepaal immers die wyse van optrede. Omdat veranderde omstandighede veranderde metodes verg moet Afrikaanse kultuurorganisasies hulle wyse van optrede en funksionering, inderdaad hulle hele opset noodwendig voortdurend wysig en aanpas ten einde in te val by die voortdurende veranderde lewensituasie. Die vraag kan met reg gevra word of die huidige kultuurorganisasie die moderne mens se veranderde en veranderende behoeftes en begeertes bevredig. Moet die hedendaagse kultuurorganisasie nie met vernuwing kom waar en indien nodig nie? Hoewel verandering en aanpassing, indien dit gepaard gaan met 'n ingewing van die tradisionele waardes, beginsels en norme, die konnotasie van negatiwiteit dra en in baie gevalle verwerplik is, hoef dit nie altyd op degenerasie af te stuur nie. Met nuwe idees hoef nie noodwendig altyd 'n kompromis aangegaan te word nie. Hierdie aanpassing hoef nie gepaard te gaan met 'n ter syde stelling of wysiging van die fundamentele en behoudende beginsels waarop Afrikaanse kultuurorganisasies gegrondves is nie. Hierdie beginsels bly onwrikbaar sterk en word slegs beter gedien deurdat na die moderne mens op sy eie vlak en in ooreenstemming met eietydse gewysigde behoeftes, gekom word. Wanneer die gedoen word, is dit nie 'n geval dat Afrikaanse kultuurorganisasies die moderne mens volg, eerder as om hulle te lei nie. Dit is immers so dat daar alleenlik gelei kan word, indien

diegene/ .....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

diegene wat gelei moet word, vir die saak gewen word en simpatiek daarteenoor staan

Die kultuurpatroon van 'n volk kan alleen staande bly en van stagnasie gevrywaar word indien dit voortdurend aangepas word om in die menigvuldige behoeftes van die immerveranderde omstandighede, te voorsien. Toynbee, 'n historikus, is in hierdie verband die volgende mening toegedaan. „The impulse to perpetuate a traditional culture-pattern that has done good service to society in its day, can defeat its own purpose, by producing either an enormity or a revolution. A culture-pattern can be kept in being only by being continually adapted to meet the manifold requirements of everchanging circumstances." (Soos aangehaal deur 123, p. 69). Afrikaanse kultuurorganisasies, as draer van die Afrikaanse kultuurpatroon, moet bogemelde voor oë hou, en ten einde hulle taak na behore uit te voer, bereid wees om met 'n nuwe benadering vorendag te kom waar en indien nodig maar dan nooit met prysgawe van die grondliggende beginsels van die Afrikaner nie.

3. <u>Onderwyskwalifikasies as determinant met betrekking tot betrokkenheid en ingesteldheid ten aansien van die Afrikaanse Kultuurlewe</u>

Ten aansien van al die fasette van die Afrikaanse kultuurlewe aan die Rand wat in hierdie studie ondersoek is, is dit baie opvallend dat namate die onderwyskwalifikasies van die respondente toeneem, die onderskeie bevindinge 'n gunstige kleur vertoon. Daar bestaan dus beslis 'n baie positiewe verband tussen onderwyskwalifikasies en

deelname/ .....

© University of Pretoria


UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

deelname aan, houding en algemene ingesteldheid teenoor die Afrikaanse kultuurlewe.

Die positiewe betrokkenheid by en positiewe ingesteldheid teenoor die kultuurlewe en die vlak van skolasties gevorderdheid vertoon 'n piramiedestruktuur, wat skematies soos volg voorgestel kan word. (Nie al die bevindinge met betrekking tot die positief beïnvloedende uitwerking van hoër onderwyskwalifikasies teenoor die kultuurlewe word skematies voorgestel nie omrede die basiese tendens by almal dieselfde is. Twee piramiede strukture is waarneembaar):

a) <u>Regop struktuur</u>

Waar die konstante negatief van aard is, word 'n regop struktuur aangetref as dit met die onderwyskwalifikasies in verband gebring word.





b) <u>Omgekeerde struktuur</u>

Waar die konstante positief van aard is, word 'n omgekeerde struktuur aangetref as dit met die onderwyskwalifikasies in verband gebring word.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




Aan die hand van bostaande wil dit dus skyn asof diegene wat 'n laer onderwysopleiding ontvang het, los raak en minder geaktiveerd voorkom met betrekking tot die Afrikaanse kultuurlewe.

Bogenoemde is 'n ernstige probleem en ook hier lê vir Afrikaanse kultuurorganisasies 'n taak opgesluit. As in aanmerking geneem word dat diegene met die gemiddelde en laagste onderwyskwalifikasies, die grootste deel van die bevolking uitmaak, doen die sorgwekkende van die situasie sig baie duidelik voor. Kultuurorganisasies mag nie toelaat dat die skolasties laer ontwikkelde bevolkingslae in 'n toestand van kultuurloosheid en kultuurlosheid verval en sodoende vir die Afrikanervolk en Afrikanerkultuur verlore gaan nie. Hierdie persone neem 'n belangrike plek in die volkslewe in; hulle vorm die fondament van die volk en daarom is dit juis hulle wat ten alle koste binne die kamp gehou moet word. Moontlik is hierdie persone geestelik meer kwesbaar as diegene met hoër onderwysopleiding en derhalwe lê hier ten opsigte van die geestelike weerbaarmaking 'n groot taak.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Kultuurorganisasies moet baie ernstig besin oor die Afrikaanse kultuur en die stedelike Afrikaanse loonarbeider.

Kultuurorganisasies moet spreek tot die hele volk. Hulle moet deursyfer tot in alle lae van die bevolking - van die hoogste tot die laagste. Die belangrikheid hiervan is duidelik waar te neem wanneer gelet word op die kultuurkloof tussen die bolaag en die volk. Hierdie kloof moet oorbrug word en die fabriekswerker en loonarbeider moet betrek word. Die groep vervalle volksgenote, vervalle in kulturele sin, wat juis die veelgewenste bearbeiding nodig het, kom nooit in aanraking met kultuurbewegings nie. Die enigste tyd wanneer hulle aandag geniet is wanneer politieke partye stemvee van hulle wil maak. Vir die gewone kultuurdraer is dit nie altyd moontlik om hierdie kultuurlose en kultuurlosse individu te bereik nie. Die kultuurorganisasies kan in hierdie verband met die nodige takt die geleentheid skep vir omgang met kultuurkringe. Hulle kan opheffingswerk in belang van die volkseenheid doen, en nuwe hoop skep vir diegene wat hulle reeds op die pad van moedverloor bevind.

Die arbeidsveld van kultuurorganisasies moet die hele volk wees en nie slegs bepaalde groepe of individue wat op grond van een of ander verdienstelikheid hoogaangeskrewe is nie. Binne die raamwerk van kultuurorganisasies is geen ruimte vir snobisme nie aangesien dit nie slegs die akademiese en ekonomiese suksesvolle persone en diegene in hoogaangeskrewe beroepe is wat kultuurdraers is nie, maar die volk as 'n geheel en veral elke afsonderlike individu waaruit die volk

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



saamgestel is. Kultuurorganisasies moet waak daarteen dat hulle nie ontaard in eksklusiewe organisasies van „akademiese elite" en hoogaangeskrewenes nie. Afrikaanse kultuurorganisasies moet so 'n besonderse plek in die volk en in die gedagtes van die volk inneem, dat almal na hulle opsien as die gesaghebbende en leidende instansies. Afrikaners uit alle sfere moet daadwerklik ingeskakel word. In hierdie verband meen Breedt dat „... kultuurorganisasies moet as 'n groep, as 'n span, die hele volk oproep en as 'n verenigde frontlinie toeslaan." (9, p.343.)

Dat kultuurorganisasies by uitstek op dienslewering ingestel is spreek duidelik uit die voorafgaande. Hiermee wil nie verkeerdelik die indruk gelaat word dat 'n kultuurorganisasie 'n diensorganisasie is nie. Dit bly 'n kultuurorganisasie wat 'n kulturele diens lewer. Die dienslewering is tweeledig van aard. Die eerste en minder belangrike diens van die twee is die aan elke afsonderlike individu. Deur die individuele lede van die volk op kulturele vlak te aktiveer, word daar gekom by die tweede en meer belangrike dienslewering en dit is diens in belang van die volk as geheel. Koornhof merk tereg op dat in sy dienslewering „... kultuurorganisasies die bevoorregte taak (het) om die volk geestelik te besiel, na die bergtoppe van sielsverkwikking te voer, en om die volk innerlik te staal. (98, p.23)

Die taak en verantwoordelikheid om diegene met die laer onderwysopleiding in die kultuurlewe te betrek, lê egter nie slegs by die Afrikaanse kultuurorganisasie nie. Die skool het hier beslis ook 'n taak te vervul. Uit die onderhawige

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



ondersoek het dit duidelik geword dat aanmoediging op skool om na afloop van die skoolloopbaan aktief betrokke te raak by Afrikaanse kultuurorganisasies, beslis 'n gunstige uitwerking het. Wanneer nou in aanmerking geneem word dat diegene met die laer onderwysopleiding in 'n minder mate as die hoër opgeleides, aangemoedig is om by skoolverlating aktief betrokke te raak, kan duidelik gesien word waar die skool hom aan pligsversuim skuldig maak. Die ironie van die saak is dat juis diegene met die laer onderwysopleiding meer aanmoediging moet ontvang omdat dit juis by hulle is waar die negatiefste ingesteldheid ten opsigte van die kultuurlewe aangetref word.

Dit sal goed wees as die leerkragte weer opnuut bewus gemaak word van die reeds bekende waarheid dat aanmoediging op skool ten bate van die volkseie 'n positiewe uitwerking tot gevolg het.

4. <u>Ouderdom (leeftyd as determinant met betrekking tot ingesteldheid ten aansien van die Afrikaanse kultuurlewe</u>

Sover dit leeftyd as faktor in hierdie ondersoek betref, is dit baie opvallend dat van die drie ouderdomsgroepe, die jongste die negatiefste ingesteldheid openbaar met betrekking tot die meeste aspekte van die Afrikaanse kultuurlewe aan die Rand wat in hierdie studie ondersoek is. Dat hierdie veralgemeende bevinding sorgwekkend is, is vir elkeen wat met die problematiek van ons tyd bemoeienis maak, duidelik. Die tydsgees van vandag is ongetwyfeld daarop ingestel om

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die Afrikaner sy identiteit te ontneem. Die veelheid vreemde en verderflike invloede, al die volksvreemde -ismes ensomeer, maak beslis 'n aanslag op die Afrikaner se geestelike weerbaarheid. Daar kan aanvaar word dat hierdie bedreiginge groter gevaar vir die jeug inhou as vir die ouer geslag omrede eersgenoemde se beperkte lewensrypheid, lewenservaring en groter vatbaarheid vir beïnvloeding.

Die blaam vir die jeugdiger leeftydsgroep se negatiewe ingesteldheid ten aansien van die Afrikaanse kultuurlewe, kan nie slegs aan een of ander van die vele samelewingsinstellings toegedig word nie. Hulle is almal tot op 'n sekere hoogte ewe aandadig en het almal hier 'n ewe groot en belangrike taak te vervul.

Wanneer gelet word op die geringe persentasie respondente wat op hoërskool aangemoedig is om na afloop van hulle skoolloopbaan by 'n Afrikaanse kultuurorganisasie aan te sluit, is die blaamtoesegging aan die skool duidelik. Die implikasie hiervan word des te erger as in aanmerking geneem word dat hierdie ondersoek bewys dat aanmoediging op skool om aan Afrikaanse kultuurorganisasies en kultuurbedrywighede deel te neem, 'n positiewe en gunstige uitwerking op sowel die aansluiting as die ingesteldheid het.

Die taak van die onderwyser as opvoeder is immers nie slegs die oordrag van formele feitekennis nie, maar lê ook onder andere daarin dat hy 'n volksgekondisioneerde kind daar moet stel. Die onderwyser as persoon na wie die kind opsien en wie in die wêreld van die kind 'n plek van nie te geringe

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



belang inneem nie, bevind hom in 'n situasie waarin hy baie in volksbelang kan doen. Maar die situasie is egter sodanig dat die onderwyser eers self oortuigde partisipant moet wees, voordat hy homself tot ander kan wend. Moet daar by die hoër opvoedkundige inrigtings nie meer gedoen word om diegene wat in die toekoms daagliks met die jeug te make sal hê, tot volksmense te omvorm nie?

Met betrekking tot die onderhawige aangeleentheid kan ook genoem word dat die ondersoekgroep se deelname aan kultuurbedrywighede op hoërskool, nie besonder gunstig is nie. Hier moet ook toegevoeg word dat deelname op hoërskool 'n positiewe uitwerking het op deelname na verlating van skool.

Afgesien daarvan dat deelname op hoërskool in belang van die Afrikaanse kultuur is, is dit ook bevorderlik en gesond vir 'n opgroeiende kind om betrek te raak by georganiseerde samesyn met ander. Dit bied geleentheid vir persoonlikheidsontplooiing, karakterontwikkeling, geestelik en kulturele verdieping en verryking. By sodanige goed ontwikkelde persoonlikheid sal kulturele waardes na alle waarskynlikheid makliker inslag vind.

Die aandadigheid van Afrikaanse kultuurorganisasies met betrekking tot hierdie toedrag van sake, kan by implikasie afgelei word uit die feit dat slegs 'n derde van diegene wat op hoërskool aan die onderskeie kultuurbedrywighede deelgeneem het, na verlating van skool met sodanige deelname voortgegaan het. Die vraag ontstaan of kultuurorganisasies voorsiening maak vir die oorskakeling van skoollidmaatskap na naskoolse-

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



lidmaatskap van 'n soortgelyke organisasie. Blote voorsiening is nie voldoende nie - stappe moet oorweeg word om die oorskakeling 'n werklikheid te maak. Is dit nie miskien die geval dat Afrikaanse kultuurorganisasies nie altyd aktief genoeg na buite optree om diegene wat op skool deelgeneem het, en derhalwe reeds 'n positiewe ingesteldheid openbaar, te nader net na skoolverlating? Moet daar nie tussen die skool en die besture van hierdie instansies so 'n mate van samewerking wees dat die skoolverlatende jeug wat reeds positief ingestel is, spontaan betrek word nie? Deur deeglik te beplan sal moontlik hierin geslaag word. Afrikaanse kultuurorganisasies en kultuurbedrywighede kan op hierdie terrein tot 'n baie vrugbare bemoeienis oorgaan.

Volgens Koornhof lê die grootste bedreiging vir die Afrikaner daarin dat die jong Afrikanerwerker na skoolverlating, kultuurafvallig sal word. Hy vra die vraag of die kultuurorganisasies daarin slaag om die jong Afrikanerwerker na skoolverlating, in die stad kultureel te betrek en meen dat die kultuurorganisasies in hierdie verband te min doen. Ook is hy van mening dat Afrikaanse kultuurorganisasies nie modern en interessant genoeg is nie (Vgl. 85, p.23).

As by die voorafgaande paragrawe in berekening gebring word dat diegene wat na verlating van skool aan kultuurbedrywighede deelgeneem het, en 'n groter mate daartoe geneigd is om hulle kinders aan te moedig om aan kultuurbedrywighede deel te neem, as diegene wie nie aan sodanige bedrywighede deelgeneem het nie, doen die wenslikheid daarvan dat Afrikaanse kultuurorganisasies werk sal maak daarvan om die jeug

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



kultureel te betrek, sig baie duidelik voor.

Daar moet in die soektog na redes vir die jonger leeftydsgroep se negatiewer ingesteldheid ten opsigte van die Afrikaanse kultuurlewe aan die Rand, ook by die ouers aangeklop word. Die feit dat daar in bykans helfte van die ondersoekgroep se ouerhuise slegs soms en in 16 persent van die gevalle nooit oor die Afrikaner se volksgeskiedenis gesels is nie, is 'n manifestasie en bewys van die pligsversuim aan die kant van die ouers ten opsigte van die Afrikaner se kultuurlewe. Daar kan na alle waarskynlikheid aanvaar word dat indien dit met betrekking tot een faset van die kultuurlewe in die ouerhuis nie na wense gaan nie, dit ten aansien van vele ander ook sodanig is. Weer eens word die ernstigheid van hierdie pligsversuim onderstreep indien daarop gelet word dat 'n positiewe ingesteldheid in die ouerhuis tot 'n soortgelyke ingesteldheid in die eie gesin aanleiding gee.

Dit is gebiedend noodsaaklik dat die Afrikaanssprekendes aan die Witwatersrand die bovermelde waarheid sal besef en in hulle gesinne ten uitvoer sal bring. Dit is immers die kinders van vandag wat die vaders en moeders van die komende geslagte sal wees en indien hulle met die regte, dit is 'n positiewe ingesteldheid ten opsigte van hulle volkseie die volwasse lewe ingestuur word, is daar reeds een belangrike wig in die verbrokkelende Afrikaanse kultuurmuur ingedryf.

## 5. Enkele positiewe bevindinge

Hoewel die voorafgaande slegs op die negatiewe dui en 'n mens derhalwe met swartgallige vergesigte kan vervul, kan

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



nie nagelaat word om tog ook kortliks na die positiewe en gunstige te verwys nie.

Ten opsigte van die georganiseerde Afrikaanse kultuurlewe aan die Rand is daar nog tot op sekere hoogte 'n mate van positiewe ingesteldheid aanwesig.

Wanneer die persentasie respondente wat tans lede is van Afrikaanse kultuurorganisasies (15,9%) en diegene wie nie tyd het om by sodanige organisasies aan te sluit nie, maar tog nog daarin belangstel (26,3%) saamgevoeg word, val dit op dat 42,2 persent van die ondersoekgroep moontlik gunstig teenoor Afrikaanse kultuurorganisasies ingestel is.

Indien bogemelde aangeleentheid verder gevoer word en die redes vir nie-lidmaatskap in groepe ingedeel word, val dit op dat 59,3 persent van die proefpersone nie om persoonlike afkeur, met ander woorde nie om beginselredes nie, maar om redes wat in 'n mate buite hulle beheer lê, dit wil sê praktiese redes, nie lede van Afrikaanse kultuurorganisasies is nie. Slegs 17,7 persent van die ondersoekgroep het redes wat op 'n sterk negatiewe ingesteldheid ten opsigte van Afrikaanse kultuurorganisasies dui, aangevoer vir hulle nie-lidmaatskap.

Bogemelde positiewe ingesteldheid blyk verder uit die feit dat verreweg die grootste persentasie proefpersone bevestigend gereageer het op die vraag of hulle, hulle kinders aanmoedig, sal aanmoedig of aangemoedig het om aan kultuurbedrywighede deel te neem. Dit is ook verblydend om te merk dat die jongste ouderdomsgroep die positiefste ingestel is

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



ten opsigte van hierdie aangeleentheid.

'n Besliste aanduiding van genoemde positiewe ingesteldheid word gemanifesteer in die feit dat die oorgrote meerderheid van die ondersoekgroep van mening is dat die Afrikaner met reg op sy geskiedenis trots kan wees. Die redes wat die ondersoekgroep vir hierdie mening gee dui daarop dat hulle die standpunt wat hulle ten opsigte van hierdie saak inneem, goed kan verantwoord.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# BYLAE A

Die vraelys wat deur die A.T.K.V.-Instituut vir Volkskultuurnavorsing met betrekking tot 'n ondersoek na Afrikaanse volksfeeste aan die Witwatersrand gebruik is.

Die volgende vrae is uit hierdie vraelys vir die doeleindes van die onderhawige studie gebruik:

A. IDENTIFISERENDE BESONDERHEDE

Vraag A1 tot en met vraag A15.

B. DEELNAME AAN EN HOUDING TEN OPSIGTE VAN AFRIKAANSE KULTUURORGANISASIES EN ASPEKTE VAN AFRIKAANSE KULTUURLEWE.

Vraag B1 tot en met vraag B12

---

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



VRAELYSNOMMER

ATKV-INSTITUUT VIR

VOLKSKULTUURNAVORSING

# 'N ONDERSOEK NA AFRIKAANSE VOLKSFEESTE

# AAN DIE

# WITWATERSRAND

(Kopiereg voorbehou) (VERTROULIK)

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



STRENG VERTROULIK

ATKV-INSTITUUT VIR VOLKSKULTUURNAVORSING

'N ONDERSOEK NA AFRIKAANSE VOLKSFEESTE AAN DIE WITWATERSRAND

NOMMER VAN VRAELYS

Kaart 1

A. IDENTIFISERENDE BESONDERHEDE

A.1 Ondersoekgebied

| Oos-Rand | Johannesburg en Germiston | Wes-Rand | |
|---|---|---|---|
| (1) | (2) | (3) | 1. |

A.2 Geslag

| Man | Vrou | |
|---|---|---|
| (1) | (2) | 2. |

A.3 Hoe oud was u op u laaste verjaardag?

| 18-24 j. | 25-29 j. | 30-34 j. | 35-39 j. | 40-44 j. | 45-49 j. | 50-54 j. | 55-59 j. | 60j. en ouer | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| (1) | (2) | (3) | (4) | (5) | (6) | (7) | (8) | (9) | 3. |

A.4 Wat is u wettige huwelikstaat?

| Nooit getroud | Getroud | Getroud, maar verlaat | Wewenaar of weduwee | Geskei | |
|---|---|---|---|---|---|
| (1) | (2) | (3) | (4) | (5) | 4. |

A.5 Aan watter kerk behoort u?

| | | |
|---|---|---|
| N.G. Kerk | (1) | |
| Hervormde Kerk | (2) | |
| Gereformeerde Kerk | (3) | |
| Apostoliese Geloofsending | (4) | |
| Sektes en ander kerke nie hierbo genoem nie (bv. Baptiste, Rooms-Katolieke, Lutherse Kerk, ens. | (5) | |
| Geen Kerk | (6) | 5. |

© University of Pretoria

2/ ...

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

A.6 Wat is of was die huistaal in u ouerhuis?

(Proefpersone wat nie in 'n ouerhuis nie, maar byvoorbeeld in 'n inrigting grootgeword het, toon die voertaal van die betrokke inrigting(s) aan.)

| Afrikaans | Engels | Afrikaans en Engels | Ander | |
|---|---|---|---|---|
| (1) | (2) | (3) | (4) | 6. |

By vraag A.7 word alle proefpersone wat nie tans 'n eggenoot of 'n eggenote het nie, dus ook wewenaars en weduwees, verlate en geskeie persone, teenoor „N.V.T." gemerk. Proefpersone wat nie hul vaders en/of moeders geken het nie, word teenoor „Weet nie" gemerk.

A.7 Wat is of was die huistaal (moedertaal) van u?

| | N.v.t. | Afr. | Eng. | Ander | Afr. en Eng. | Afr. en ander | Eng. en ander | Weet nie | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Vader? | X | (1) | (2) | (3) | (4) | (5) | (6) | (7) | 7. |
| Moeder? | X | (1) | (2) | (3) | (4) | (5) | (6) | (7) | 8. |
| Eggenoot(e)? | (1) | (2) | (3) | (4) | (5) | (6) | (7) | X | 9. |

A.8 Watter van die volgende soorte hoërskole het u bygewoon: 'n Afrikaanse, Engelse of 'n parallel- of dubbelmedium-skool, of 'n ander soort skool?

(Indien die proefpersone meer as een van die genoemde soorte skole bygewoon het, vra hom/haar watter soort hoërskool hy/sy die langste bygewoon het.)

| | | |
|---|---|---|
| N.v.t., was glad nie op skool nie of was nie op hoërskool nie | (1) | |
| Afrikaansmedium | (2) | |
| Engelsmedium | (3) | |
| Parallel- of dubbelmedium | (4) | |
| Ander: (Spesifiseer) | (5) | 10. |

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

A.9 Wat is die hoogste opvoedkundige kwalifikasies wat u behaal het?

| | |
|---|---|
| Geen | (1) |
| Laer as st. 6 | (2) |
| St. 6 of 'n gelykwaardige sertifikaat | (3) |
| St. 7 of 'n gelykwaardige sertifikaat | (4) |
| St. 8 of 'n gelykwaardige sertifikaat | (5) |
| St. 9 of 'n gelykwaardige sertifikaat | (6) |
| St. 10 of 'n gelykwaardige sertifikaat | (7) |
| 'n Diploma of sertikaat na st. 10 behaal | (8) |
| 'n Universiteitsgraad | (9) |
| 'n Ander opvoedkundige kwalifikasie na st. 10 behaal (spesifiseer) | (0) |

11.

A.10 Watter soort werk doen u tans?

(Skryf die soort werk asb. voluit neer en klassifiseer die beroep volgens die onderstaande tabel. In die geval van byvoorbeeld 'n klerk in diens van die S.A. Spoorweë en H. moet u skryf „Klerk in diens van die S.A.S. en H." en nie slegs „Klerk" of slegs „S.A.S. en H." nie.

Soort werk: ......................................
......................................

| | |
|---|---|
| Professionele, tegniese en aanverwante werk | (01) |
| Administratiewe, uitvoerende en besturende werk | (02) |
| Klerklike werk | (03) |
| Verkoopswerk | (04) |
| Boer, visser, bosbouer en verwante werk | (05) |
| Myn-, steengroef- en verwante werk | (06) |
| Werk in vervoer en kommunikasie | (07) |
| Ambagsman | (08) |
| Produksiewerk | (09) |
| Arbeider | (10) |
| Veiligheidsdienswerk (Polisie en Weermag) | (11) |
| Diens, sport en ontspanning | (12) |
| Student | (13) |
| Skolier | (14) |
| Huisvrou | (15) |
| Werkloos | (16) |
| Gepensioeneerde | (17) |

12-
13

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

A.11 Ek wil nie weet wat u presiese jaarlikse kontantinkomste is nie, maar kan u asb. vir my aantoon in welke van die inkomstekategorieë hieronder u ressorteer?

(In gevalle waar sowel die man as die vrou werk, word die egpaar se gesamentlike jaarlikse kontantinkomste aangeteken. Huisvroue wat nie oor 'n eie inkomste beskik nie, toon hul mans se jaarlikse kontantinkomste aan. Die skolier en die student toon die jaarlikse kontantinkomste van die eenheid waartoe hulle behoort aan, d.w.s. die inkomste van die vader en/of moeder.)

| | | |
|---|---|---|
| Minder as R400 per jaar | (1) | |
| R400 - R799 per jaar | (2) | |
| R800 - R1,199 per jaar | (3) | |
| R1,200 - R1,599 per jaar | (4) | |
| R1,600 - R1,999 per jaar | (5) | |
| R2,000 - R2,999 per jaar | (6) | |
| R3,000 - R3,999 per jaar | (7) | |
| R4,000 - R5,999 per jaar | (8) | |
| R6,000 - R9,999 per jaar | (9) | |
| R10,000 - en meer per jaar | (0) | 14. |

By vraag A.12 word alle proefpersone wat nie tans 'n eggenoot of 'n eggenote het nie, dus ook wewenaars en weduwees, verlate en geskeie persone teenoor „N.v.t." gemerk.

A.12 Waar het u, en indien van toepassing, u eggenoot(e) die grootste gedeelte van u lewe gewoon?

| | N.v.t. | In die Republiek van Suid-Afrika en in S.W.A. | | | | | In die buiteland | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | Kaapland | Transvaal | O.V.S. | Natal | S.W.A. | | |
| Uself | X | (1) | (2) | (3) | (4) | (5) | (6) | 15. |
| U eggenoot(e) | (1) | (2) | (3) | (4) | (5) | (6) | (7) | 16. |

A.13 Het u die grootste gedeelte van u lewe (in die Republiek van Suid-Afrika en/of in S.W.A.) in 'n stad, in 'n dorp of op 'n plaas gewoon?

| Stad | Dorp | Plaas | N.v.t., Grootste gedeelte van lewe in buiteland gewoon | |
|---|---|---|---|---|
| (1) | (2) | (3) | (4) | 17. |

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

A.14 Was u in 'n stad, op 'n dorp of op 'n plaas (plaas- of landbouskool) op hoërskool?

| N.v.t., was nie op hoërskool nie | Stad | Dorp | Plaas | |
|---|---|---|---|---|
| (1) | (2) | (3) | (4) | 18. |

A.15 Hoe lank woon u reeds by u huidige adres?

| Minder as 1 jaar | 1-2 jaar | 3-4 jaar | 5-9 jaar | 10-14 jaar | 15-19 jaar | 20-24 jaar | 25 jaar en langer | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| (1) | (2) | (3) | (4) | (5) | (6) | (7) | (8) | 19. |

B. DEELNAME AAN EN HOUDING TEN OPSIGTE VAN AFRIKAANSE KULTUURORGANISASIES EN ASPEKTE VAN AFRIKAANSE KULTUURLEWE

B.1 Behoort u tans aan enige van die ondergenoemde Afrikaanse kultuurorganisasies? Indien wel, neem u gereeld, net soms of nooit aan die aktiwiteite daarvan deel?

| Naam van organisasie | Nee | Tans | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | | Gereeld | Soms | Nooit | |
| Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging (ATKV van die SAS en H). Sluit in die Vrou-en-Moederbeweging | (1) | (2) | (3) | (4) | 20. |
| Afrikaanse Taal- en Kultuurbond (ATKB van die Dept. van Poswese | (1) | (2) | (3) | (4) | 21. |
| Afrikaanse Kultuurvereniging van die S.A. Polisie (AKPOL) | (1) | (2) | (3) | (4) | 22. |
| Afrikaanse Kultuurvereniging van die Verdedigingsmag (AKVV) | (1) | (2) | (3) | (4) | 23. |
| Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings (FAK) | (1) | (2) | (3) | (4) | 24. |
| Rapportryers | (1) | (2) | (3) | (4) | 25. |
| Junior Rapportryers | (1) | (2) | (3) | (4) | 26. |
| Suid-Afrikaanse Vrouefederasie (SAVF) | (1) | (2) | (3) | (4) | 27. |
| 'n Afrikaanse Vroueklub (bv. die Maria Malan-klub | (1) | (2) | (3) | (4) | 28. |
| Voortrekkerbeweging | (1) | (2) | (3) | (4) | 29 |
| Volkspelebeweging | (1) | (2) | (3) | (4) | 30. |
| Afrikaanse Studentebond | (1) | (2) | (3) | (4) | 31. |
| Noodhulpliga | (1) | (2) | (3) | (4) | 32. |
| 'n Plaaslike kultuurliggaam (bv. Florida Kultuurvereniging) (Spes.) | (1) | (2) | (3) | (4) | 33. |
| Ander (spesifiseer) | | | | | 34. |

© University of Pretoria

Vra B.2 slegs aan proefpersone wat tans aan een of meer van die genoemde kultuurorganisasies behoort. (Vraag B.1 kodes (2), (3) en (4).

B.2 Om watter rede het u by .............. (noem organisasie(s)) aangesluit? (Slegs u algemene hoofrede).

| | |
|---|---|
| N.v.t. behoort nie aan enige kultuurorganisasie nie | (1) |
| Omdat ek uitgenooi is om aan te sluit | (2) |
| Omdat ek daarin belang stel en die doelstellings van die organisasies nastreef | (3) |
| Omdat ek die Afrikaanse kultuur wil ondersteun en bevorder | (4) |
| Omdat ek deur ouers of vriende verplig is om aan te sluit | (5) |
| Om die gesellige sosiale verkeer | (6) |
| Omdat ek tuis voel onder mede-Afrikaners | (7) |
| Ek weet nie | (8) |
| Ander (spesifiseer) | (9) |

35.

Vra B.3 slegs aan proefpersone wat nie tans lid is van enige van die genoemde kultuurorganisasies nie. (Vraag B.1 kode (1)).

B.3 Wat is die algemene hoofrede waarom u nie tans aan enige van hierdie genoemde organisasies behoort nie?

| | |
|---|---|
| N.v.t., is tans lid | (01) |
| Ek het nie tyd nie maar stel wel belang | (02) |
| Ek stel glad nie belang nie | (03) |
| Sluit liewer by ander soort organisasies aan (ontspanning, sosiale, ens.) | (04) |
| Ek is nog nie genader om aan te sluit nie | (05) |
| Siekte verhoed dit | (06) |
| Werksomstandighede verhoed dit | (07) |
| Gesinsomstandighede (bv. kinders, huishouding, ens.) verhoed dit | (08) |
| Ek is te oud | (09) |
| Ek kan dit nie bekostig nie | (10) |
| Dit het vir my geen waarde nie | (11) |
| Dit het vir die volk geen waarde nie | (12) |
| Ek weet nie | (13) |
| Ander (spesifiseer) | (14) |

36-
37.

© University of Pretoria

B.4 Is u/word u op skool op enige wyse aangemoedig om na u skoolloopbaan by 'n Afrikaanse kultuurorganisasie aan te sluit?

| N.v.t., was nie op skool nie | Ja | Nee | |
|---|---|---|---|
| (1) | (2) | (3) | 38. |

B.5 Aan watter van die volgende bedrywighede het u op hoërskool deelgeneem?

| BEDRYWIGHEID | N.v.t., was nie op hoërskool nie, moontlikheid vir deelname het nie bestaan nie, of is nog op skool | Ja | Nee | |
|---|---|---|---|---|
| Volkspele | (1) | (2) | (3) | 39. |
| Voortrekkerbeweging | (1) | (2) | (3) | 40. |
| Debatsvereniging | (1) | (2) | (3) | 41. |
| Toneelvereniging | (1) | (2) | (3) | 42. |
| Musiekvereniging | (1) | (2) | (3) | 43. |

Vra B.6 slegs aan proefpersone wat op hoërskool aan een of meer van die bedrywighede by B.5 deelgeneem het. (Persone by kode (2) gemerk.)

B.6 Waarom het u op hoërskool deelgeneem aan .............. (noem bedrywighede)? Slegs u hoofrede.

(a)

| VOLKSPELE | |
|---|---|
| N.v.t., was nie op hoërskool nie, moontlikheid vir deelname het nie bestaan nie, het nie aan volkspele deelgeneem nie, of is nog op skool | (1) |
| Uit liefde daarvoor | (2) |
| Omdat ek daarin belang gestel het | (3) |
| Ek was verplig om aan te sluit | (4) |
| Omdat dit van opvoedkundige en kulturele waarde was | (5) |
| Omdat dit aangename en gesellige ontspanning was | (6) |
| Omdat ek aangemoedig is | (7) |
| Omdat ek eg Afrikaans was | (8) |
| Ek weet nie | (9) |
| Ander (spesifiseer) | (0) |

44.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

(b)

| VOORTREKKERBEWEGING | |
|---|---|
| N.v.t., was nie op hoërskool nie, moontlikheid vir deelname het nie bestaan nie, het nie aan Voortrekkerbeweging deelgeneem nie, of is nog op skool | (01) |
| Uit liefde daarvoor | (02) |
| Omdat ek daarin belang gestel het | (03) |
| Ek was verplig om aan te sluit | (04) |
| Omdat dit van opvoedkundige en kulturele waarde was | (05) |
| Omdat dit aangename en gesellige ontspanning was | (06) |
| Omdat ek aangemoedig is | (07) |
| Omdat dit eg Afrikaans was | (08) |
| Weens die avontuur (kampe, uitstappies, ens.) daaraan verbonde | (09) |
| Omdat dit leersaam was | (10) |
| Ek weet nie | (11) |
| Ander (spesifiseer) | (12) |

45-46.

(c)

| DEBATSVERENIGING | |
|---|---|
| N.v.t., was nie op hoërskool nie, moontlikheid vir deelname het nie bestaan nie, het nie aan debatsvereniging deelgeneem nie, of is nog op skool | (01) |
| Uit liefde daarvoor | (02) |
| Omdat ek daarin belang gestel het | (03) |
| Ek was verplig om aan te sluit | (04) |
| Omdat dit van opvoedkundige en kulturele waarde was | (05) |
| Omdat dit aangename en gesellige ontspanning was | (06) |
| Omdat ek aangemoedig is | (07) |
| Omdat ek 'n goeie spreker was | (08) |
| Omdat dit leersaam was | (09) |
| Ek weet nie | (10) |
| Ander (spesifiseer) | (11) |

47-48

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

(d)

| TONEELVERENIGING | |
|---|---|
| N.v.t., was nie op hoërskool nie, moontlikheid vir deelname het nie bestaan nie, het nie aan toneelvereniging deelgeneem nie, of is nog op skool | (1) |
| Uit liefde daarvoor | (2) |
| Omdat ek daarin belang gestel het | (3) |
| Ek was verplig om aan te sluit | (4) |
| Omdat dit van opvoedkundige en kulturele waarde was | (5) |
| Omdat dit aangenaam en gesellige ontspanning was | (6) |
| Omdat ek aangemoedig is | (7) |
| Omdat ek die nodige aanleg gehad het | (8) |
| Ek weet nie | (9) |
| Ander (spesifiseer) | (0) |

49.

(e)

| MUSIEKVERENIGING | |
|---|---|
| N.v.t., was nie op hoërskool nie, moontlikheid vir deelname het nie bestaan nie, het nie aan musiekvereniging deelgeneem nie, of is nog op skool | (1) |
| Uit liefde daarvoor | (2) |
| Omdat ek daarin belang gestel het | (3) |
| Ek was verplig om aan te sluit | (4) |
| Omdat dit van opvoedkundige en kulturele waarde was | (5) |
| Omdat dit aangename en gesellige ontspanning was | (6) |
| Omdat ek aangemoedig is | (7) |
| Omdat ek die nodige aanleg daarvoor gehad het | (8) |
| Ek weet nie | (9) |
| Ander (spesifiseer) | (0) |

50.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


Vra B.7 slegs aan proefpersone wat op hoërskool aan een of meer van die bedrywighede by B.5 kon deelneem, maar nie daaraan deelgeneem het nie. (Persone by kode (3) gemerk.)

B.7 Waarom het u nie op hoërskool deelgeneem aan ............ (noem bedrywigheid)? (Slegs u hoofrede).

(a)

| VOLKSPELE | |
|---|---|
| N.v.t., was nie op hoërskool nie, het deelgeneem aan volkspele, moontlikheid vir deelname het nie bestaan nie, of is nog op skool | (1) |
| Het nie belang gestel nie | (2) |
| Het nie tyd gehad nie. (Te veel ander aktiwiteite | (3) |
| Was nie aangemoedig of genader om aan te sluit nie | (4) |
| Dit was outyds en dien geen doel nie | (5) |
| Kon dit nie bekostig nie | (6) |
| Ek weet nie | (7) |
| Ander (spesifiseer) | (8) |

51.

(b)

| VOORTREKKERBEWEGING | |
|---|---|
| N.v.t., was nie op hoërskool nie, het deelgeneem aan Voortrekkerbeweging, moontlikheid vir deelname het nie bestaan nie, of is nog op skool | (1) |
| Het nie belang gestel nie | (2) |
| Het nie tyd gehad nie. (Te veel ander aktiwiteite) | (3) |
| Was nie aangemoedig of genader om aan te sluit nie | (4) |
| Dit was outyds en dien geen doel nie | (5) |
| Kon dit nie bekostig nie | (6) |
| Ek weet nie | (7) |
| Ander (spesifiseer) | (8) |

52.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



(c)

| DEBATSVERENIGING | |
|---|---|
| N.v.t., was nie op hoërskool nie, het deelgeneem aan debatsvereniging, moontlikheid vir deelname het nie bestaan nie, of is nog op skool | (1) |
| Het nie belang gestel nie | (2) |
| Het nie tyd gehad nie. (Te veel ander aktiwiteite) | (3) |
| Was nie aangemoedig of genader om aan te sluit nie | (4) |
| Ek was nie 'n goeie spreker nie | (5) |
| Ek weet nie | (6) |
| Ander (spesifiseer) | (7) |

53.

(d)

| TONEELVERENIGING | |
|---|---|
| N.v.t., was nie op hoërskool nie, het deelgeneem aan toneelvereniging, moontlikheid vir deelname het nie bestaan nie, of is nog op skool | (1) |
| Het nie belang gestel nie | (2) |
| Het nie tyd gehad nie. (Te veel ander aktiwiteite) | (3) |
| Was nie aangemoedig of genader om aan te sluit nie | (4) |
| Kon dit nie bekostig nie | (5) |
| Het nie die nodige aanleg gehad nie | (6) |
| Ek weet nie | (7) |
| Ander (spesifiseer) | (8) |

54.

(e)

| MUSIEKVERENIGING | |
|---|---|
| N.v.t., was nie op hoërskool nie, het deelgeneem aan musiekvereniging, moontlikheid vir deelname het nie bestaan nie, of is nog op skool | (1) |
| Het nie belang gestel nie | (2) |
| Het nie tyd gehad nie. (Te veel ander aktiwiteite | (3) |
| Was nie aangemoedig of genader om aan te sluit nie | (4) |
| Kon dit nie bekostig nie | (5) |
| Ek het nie die nodige aanleg gehad nie | (6) |
| Ek weet nie | (7) |
| Ander (spesifiseer) | |

55.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Vra B.8 slegs aan proefpersone wat nie op skool is nie.

B.8 Aan watter van die volgende bedrywighede het u deelgeneem ná u die skool verlaat, of begin werk het?

| BEDRYWIGHEDE | N.v.t., nog op skool | Ja | Nee | |
|---|---|---|---|---|
| Volkspele | (1) | (2) | (3) | 56 |
| Voortrekkerbeweging | (1) | (2) | (3) | 57 |
| Debatsvereniging | (1) | (2) | (3) | 58. |
| Toneelvereniging | (1) | (2) | (3) | 59. |
| Musiekvereniging | (1) | (2) | (3) | 60. |

B.9 Het u u kinders aangemoedig, moedig u u kinders aan, of sal u u kinders aanmoedig om aan die volgende bedrywighede deel te neem?

| BEDRYWIGHEDE | Ja | Nee | |
|---|---|---|---|
| Volkspele | (1) | (2) | 61. |
| Voortrekkerbeweging | (1) | (2) | 62. |
| Debatsvereniging | (1) | (2) | 63. |
| Toneelvereniging | (1) | (2) | 64. |
| Musiekvereniging | (1) | (2) | 65. |

By vraag 10 en alle ander vrae wat oor die gesin handel, word daar met „gesin" bedoel die eenheid bestaande uit 'n vader en/of moeder en kinders. Proefpersone wat deel vorm van 'n egpaar sonder kinders, en wewenaars, weduwees en geskeie persone wat nie saam met kinders woon nie, asook ongetroude persone wat nie by hul ouers woon nie, word dus by dié vrae gemerk teenoor „N.v.t., behoort nie tans aan 'n gesin nie." 'n Egpaar met kinders wie se kinders nie by hulle inwoon nie, word ook teenoor „N.v.t. gemerk.

B.10 Word daar tans in die gesin waarvan u 'n deel vorm, grepe uit die Afrikaner se volksgeskiedenis oorvertel of daaroor gesels?

| N.v.t., vorm nie tans deel van 'n gesin nie | Ja, gereeld | Ja, soms | Nee | |
|---|---|---|---|---|
| (1) | (2) | (3) | (4) | 66. |

Vra B.11 slegs aan proefpersone wat nie meer in hulle ouerhuise woon nie.

B.11 Is daar ooit in u ouerhuis grepe uit die Afrikaner se volksgeskiedenis oorvertel of daaroor gesels?

| N.v.t., het nie in gesinsverband groot geword nie, of woon nog in ouerhuis | Ja gereeld | Ja, soms | Nee | |
|---|---|---|---|---|
| (1) | (2) | (3) | (4) | 67. |

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

B.12 Dink u dat die Afrikaner met reg trots kan wees op sy geskiedenis? Waarom sê u so?

| JA | | |
|---|---|---|
| N.v.t., (die persoon wat op hierdie vraag „Nee" antwoord). | (01) | |
| REDE: | ( ) | 68-69 |

| NEE | | |
|---|---|---|
| N.v.t., (die persoon wat op hierdie vraag „Ja" antwoord). | (01) | |
| REDE: | ( ) | 70-71 |

| | | |
|---|---|---|
| | Kaartnommer (1) | 74. |
| Vraelysnommer | | 75-78. |
| Projeknommer | | 79-80. |

Kaart 2.

## C. MONUMENTE EN VOLKSFEESTE

C.1 Sommige mense meen dat in plaas van gewone monumente eerder inrigtings (soos bv. ouetehuise, kindertehuise, hospitale, ens.) wat as lewende monumente kan dien, of praktiese waarde het, opgerig moet word. Wat is u mening daaromtrent?

| | | |
|---|---|---|
| Ek stem saam | (1) | |
| Ek stem nie saam nie | (2) | |
| Ek weet nie | (3) | 1. |

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



C.2 Stel u belang in volksfeeste?

(Laat respondent eers op hierdie deel van die vraag antwoord. Indien hy/sy nie belang stel nie merk deurgaans „N.v.t." Indien wel, vra dan die volgende aan hom/haar Het u belangstelling in volksfeeste onder andere sy ontstaan gehad:

| | N.v.t., stel nie belang nie | Ja | Nee | |
|---|---|---|---|---|
| in u ouerhuis? | (1) | (2) | (3) | 2. |
| op skool? | (1) | (2) | (3) | 3. |
| deur die invloed van vriende? | (1) | (2) | (3) | 4. |
| deur die lees van artikels in koerante en/of tydskrifte | (1) | (2) | (3) | 5. |
| deur na radio-uitsendings van volksfeeste te luister? | (1) | (2) | (3) | 6. |
| deur 'n volksfees persoonlik by te woon? | (1) | (2) | (3) | 7. |
| op 'n ander wyse? (Spesifiseer) | (1) | (2) | (3) | 8. |

C.3 Sou u sê dat volksfeeste enige betekenis of waarde het?

(Laat respondent eers hierop antwoord. Indien dit vir hom/haar geen waarde het nie, merk deurgaans „N.v.t." Indien wel, vra die volgende aan hom/haar.) Wat is na u mening die betekenis of waarde van volksfeeste?

| | N.v.t., geen betekenis | Ja | Nee | |
|---|---|---|---|---|
| Dit dien as inspirasie | (1) | (2) | (3) | 9. |
| Dit bevorder en versterk die volkseenheid | (1) | (2) | (3) | 10. |
| Dit hou die geskiedenis lewend | (1) | (2) | (3) | 11. |
| Dit maak die volk bewus van die leiding en seëning van God | (1) | (2) | (3) | 12. |
| Dit lei tot volkstrots en volksbewustheid | (1) | (2) | (3) | 13. |
| Lei tot waardering van volk en vaderland | (1) | (2) | (3) | 14. |
| Ander (spesifiseer) | (1) | (2) | (3) | 15. |

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



C.4 Watter een van die volgende Suid-Afrikaanse volksfeeste beskou u as die belangrikste?

| | | |
|---|---|---|
| Van Riebeeckfees - 6 April | (1) | |
| Republiekfees - 31 Mei | (2) | |
| Setlaarsfees - eerste Maandag in September | (3) | |
| Krugerfees/Heldefees - 10 Oktober | (4) | |
| Geloftefees - 16 Desember | (5) | 16. |

C.5 Waarom sê u dat ...... .......... (noem die betrokke volksfees) die belangrikste van al die genoemde volksfeeste is?

| | |
|---|---|
| **REDE:**<br><br><br>( ) | 17-18. |

C.6 Sou u graag die immigrante by die volgende volksfeeste teenwoordig wou sien?

| | Ja | Nee | |
|---|---|---|---|
| Van Riebeeckfees | (1) | (2) | 19. |
| Republiekfees | (1) | (2) | 20. |
| Setlaarsdagvierings | (1) | (2) | 21. |
| Kruger-/Heldedagvierings | (1) | (2) | 22. |
| Geloftefees | (1) | (2) | 23. |

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



C.7 Het u die afgelope vyf jaar byeenkomste bygewoon op:

| | Ja, gereeld | Ja, maar nie gereeld nie | Nee | |
|---|---|---|---|---|
| Van Riebeeckfees? | (1) | (2) | (3) | 24. |
| Republiekfees? | (1) | (2) | (3) | 25. |
| Setlaarsfees? | (1) | (2) | (3) | 26. |
| Krugerfees/Heldefees? | (1) | (2) | (3) | 27. |
| Geloftefees? | (1) | (2) | (3) | 28. |

Vra C.8 slegs aan proefpersone wat nie die afgelope vyf jaar (C.7 - kode (3)) een of meer van die onderskeie feeste bygewoon het nie?

C.8 Wat is die hoofrede waarom u nie die afgelope vyf jaar 'n byeenkoms op 'n ............... (noem die betrokke feesdag/feesdae) bygewoon het nie?

(a)

| VAN RIEBEECKDAG | | |
|---|---|---|
| N.v.t., het die afgelope vyf jaar 'n fees bygewoon | (01) | |
| Ek stel geensins daarin belang nie omdat dit vir my geen waarde het nie | (02) | |
| Daar word nie so 'n fees in my omgewing aangebied nie | (03) | |
| Het nie tyd nie | (04) | |
| Werksomstandighede verhoed dit | (05) | |
| Gesinsomstandighede verhoed dit | (06) | |
| Ek kan dit nie bekostig nie | (07) | |
| Ek is te oud | (08) | |
| Siekte verhoed dit | (09) | |
| Verkies om oor die radio in te luister | (10) | |
| Die programme wat aangebied word, is te lank en eentonig | (11) | |
| Ander (spesifiseer) | (12) | 29-30. |

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



(b)

| REPUBLIEKDAG | | |
|---|---|---|
| N.v.t., het die afgelope vyf jaar 'n fees bygewoon | (01) | |
| Ek stel geensins daarin belang nie omdat dit vir my geen waarde het nie | (02) | |
| Daar word nie so 'n fees in my omgewing aangebied nie | (03) | |
| Het nie tyd nie | (04) | |
| Werksomstandighede verhoed dit | (05) | |
| Gesinsomstandighede verhoed dit | (06) | |
| Ek kan dit nie bekostig nie | (07) | |
| Ek is te oud | (08) | |
| Siekte verhoed dit | (09) | |
| Verkies om oor die radio in te luister | (10) | |
| Die programme wat aangebied word, is te lank en eentonig | (11) | |
| Ander (spesifiseer) | (12) | 31-32 |

(c)

| SETLAARSDAG | | |
|---|---|---|
| N.v.t., het die afgelope vyf jaar 'n fees bygewoon | (01) | |
| Ek stel geensins daarin belang nie omdat dit vir my geen waarde het nie | (02) | |
| Daar word nie so 'n fees in my omgewing aangebied nie | (03) | |
| Het nie tyd nie | (04) | |
| Werksomstandighede verhoed dit | (05) | |
| Gesinsomstandighede verhoed dit | (06) | |
| Ek kan dit nie bekostig nie | (07) | |
| Ek is te oud | (08) | |
| Siekte verhoed dit | (09) | |
| Verkies om oor die radio in te luister | (10) | |
| Die programme wat aangebied word, is te lank en eentonig | (11) | |
| Omdat dit slegs vir Engelssprekendes bedoel is | (12) | |
| Omdat dit nie 'n belangrike feesdag is nie | (13) | |
| Ander (spesifiseer) | (14) | 33-34 |

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


(d)

| KRUGERDAG/HELDEDAG | | |
|---|---|---|
| N.v.t., het die afgelope vyf jaar 'n fees bygewoon | (01) | |
| Ek stel geensins daarin belang nie omdat dit vir my geen waarde het nie | (02) | |
| Daar word nie so 'n fees in my omgewing aangebied nie | (03) | |
| Het nie tyd nie | (04) | |
| Werksomstandighede verhoed dit | (05) | |
| Gesinsomstandighede verhoed dit | (06) | |
| Ek kan dit nie bekostig nie | (07) | |
| Ek is te oud | (08) | |
| Siekte verhoed dit | (09) | |
| Verkies om oor die radio in te luister | (10) | |
| Die programme wat aangebied word, is te lank en eentonig | (11) | |
| Ander (spesifiseer) | (12) | 35-36 |

(e)

| GELOFTEDAG | | |
|---|---|---|
| N.v.t., het die afgelope vyf jaar 'n fees bygewoon | (01) | |
| Ek stel geensins daarin belang nie omdat dit vir my geen waarde het nie | (02) | |
| Daar word nie so 'n fees in my omgewing aangebied nie | (03) | |
| Het nie tyd nie | (04) | |
| Werksomstandighede verhoed dit | (05) | |
| Gesinsomstandighede verhoed dit | (06) | |
| Ek kan dit nie bekostig nie | (07) | |
| Ek is te oud | (08) | |
| Siekte verhoed dit | (09) | |
| Verkies om oor die radio in te luister | (10) | |
| Die programme wat aangebied word, is te lank en eentonig | (11) | |
| Ander (spesifiseer) | (12) | 37-38 |

Vrae C.9 en C.10 word slegs aan proefpersone gevra wat die afgelope vyf jaar byeenkomste op die betrokke feesdae bygewoon het. (Vergelyk vraag C.7 - kodes (1) en (2)).

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



C.9 Is u tevrede met die wyse waarop die feesprogramme aangebied word op die volgende feesdae? Indien nie, wat sou u voorstel ter verbetering van die feesprogramme op .............. (noem die betrokke feesdag/feesdae)?

(a)

| VAN RIEBEECKDAG | |
|---|---|
| N.v.t., het nie die afgelope vyf jaar 'n fees bygewoon nie | |
| Ja, is heeltemal tevrede | |
| Nee: voorstel | |

(b)

| REPUBLIEKDAG | |
|---|---|
| N.v.t., het nie die afgelope vyf jaar 'n fees bygewoon nie | |
| Ja, is heeltemal tevrede | |
| Nee: Voorstel | |

(c)

| SETLAARSDAG | |
|---|---|
| N.v.t., het nie die afgelope vyf jaar 'n fees bygewoon nie | |
| Ja, is heeltemal tevrede | |
| Nee: voorstel | |

(d)

| KRUGERDAG/HELDEDAG | |
|---|---|
| N.v.t., het nie die afgelope vyf jaar 'n fees bygewoon nie | |
| Ja, is heeltemal tevrede | |
| Nee: Voorstel | |

(e)

| GELOFTEDAG | |
|---|---|
| N.v.t., het nie die afgelope vyf jaar 'n fees bygewoon nie | |
| Ja, is heeltemal tevrede | |
| Nee: voorstel | |

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

C.10 Sou u verkies om op ............. (noem betrokke feesdag of feesdae) 'n groot sentrale fees met 'n skouspelagtige program (bv. by die Voortrekkermonument) of 'n kleiner, geselliger en intiemer plaaslike fees by te woon?

| | N.v.t., het nie die afgelope vyf jaar 'n fees bygewoon nie | Groot, sentrale fees | Kleiner en intiemer plaaslike fees | Geen voorkeur | |
|---|---|---|---|---|---|
| Van Riebeeckdag | (1) | (2) | (3) | (4) | 39 |
| Republiekdag | (1) | (2) | (3) | (4) | 40 |
| Setlaarsdag | (1) | (2) | (3) | (4) | 41 |
| Kruger/Heldedag | (1) | (2) | (3) | (4) | 42 |
| Geloftedag | (1) | (2) | (3) | (4) | 43 |

C.11 STELLING:

'n Volksfees behoort onder andere voorsiening te maak vir die beoefening van volkstradisies in die vorm van volkspele, volksvermake, volksdanse en volksang.

Stem u saam dat daar in ons moderne samelewing 'n behoefte aan so 'n geleentheid bestaan.

| | | |
|---|---|---|
| Ja | (1) | |
| Nee | (2) | |
| Ek weet nie | (3) | |
| Ek hou nie van volkstradisies nie | (4) | |
| Ander (spesifiseer) | (5) | 44 |

Vra aan alle proefpersone. 44

C.12 Wat dink u van die volgende stellings: Stem u daarmee saam of stem u nie daarmee saam nie?

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



| | Stem saam | On-beslis | Stem nie saam nie | |
|---|---|---|---|---|
| Daar is te veel toesprake by volks-feeste | (1) | (2) | (3) | 45. |
| Die toesprake is te lank | (1) | (2) | (3) | 46. |
| Die geskiedenis word nie genoeg by volksfeeste beklemtoon nie | (1) | (2) | (3) | 47. |
| Die godsdienstige aspekte en in-houd van ons volksfeeste word nie genoeg beklemtoon nie | (1) | (2) | (3) | 48. |
| Volksfeeste bied niks vir die jonger geslag nie | (1) | (2) | (3) | 49. |
| Daar is nie genoeg geleentheid vir aktiewe deelname deur die feesgangers nie | (1) | (2) | (3) | 50. |
| Volksfeeste word vir party-poli-tieke gewin uitgebuit | (1) | (2) | (3) | 51 |
| Volksfeeste ontaard in 'n kerk-like rigting | (1) | (2) | (3) | 52 |
| By volksfeeste word net vertel hoe goed ons voorvaders was. Dit beteken niks vir ons wat vandag die stryd moet voer nie | (1) | (2) | (3) | 53 |
| "Bunny girls", tamboernooientjie-optogte en biertuine hoort nie tuis op volksfeeste nie | (1) | (2) | (3) | 54 |
| Setlaarsdag is as feesdag vir slegs Engelssprekendes bedoel | (1) | (2) | (3) | 55 |
| Op Geloftedag herdenk ons die oorwinning van Blank oor Nie-blank | (1) | (2) | (3) | 56 |
| Geloftefeeste moet tweetalig wees | (1) | (2) | (3) | 57 |
| 'n Persoon wat nie Geloftefeeste bywoon nie, hoewel dit vir hom/haar moontlik is, is ontrou aan 'n belangrike Afrikaanse tradisie | (1) | (2) | (3) | 58 |

© University of Pretoria

D. FAMILIE- EN GESINSFEESTE

Alvorens die vrae in hierdie afdeling asook in afdeling E aan die proefpersoon gestel word, moet u as veldwerker sorg dat die proefpersoon begryp wat met "familie" (grootouers, ouers, kinders, kleinkinders, ens.) en "gesin" (vader en/of moeder en kinders) bedoel word.

Vir 'n omskrywing van "gesin" sien die instruksies voor vraag B.10.

Met "familie" word bedoel al die persone wat deur bloedbande aan mekaar verwant is. Dit sluit dus grootouers, ouers, broers/susters, neefs/niggies, ooms/tantes, ens. in.

D.1 Sou u graag 'n fees van die familie waarvan u lid is, wou bywoon (bv. 'n Naudé-fees)?

| N.v.t., het al 'n familiefees bygewoon | Ja | Nee | |
|---|---|---|---|
| (1) | (2) | (3) | 59. |

D.2 Dink u dat familiefeeste enige waarde het? Indien wel, wat sou u sê, is die grootste betekenis van familiefeeste?

| | |
|---|---|
| N.v.t., familiefeeste het geen waarde nie | (1) |
| Dit skep 'n eenheidsband | (2) |
| Gesellige sosiale geleentheid waartydens die hele familie saamkom | (3) |
| Lei tot bewaring, kennis en liefde van familiegeskiedenis | (4) |
| Ek weet nie | (5) |
| Ander (spesifiseer) | (6) |

60.

D.3 Beskou u Gesinsdag (die tweede Maandag in Julie) as slegs 'n vakansiedag, as 'n dag vir 'n gesinsaamtrek, of heg u 'n ander betekenis aan dié dag?

| | |
|---|---|
| Slegs 'n vakansiedag | (1) |
| 'n Dag vir 'n gesinsaamtrek | (2) |
| Ander (spesifiseer) | (3) |

61.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

D.4 Word Vadersdag en/of Moedersdag in u gesin herdenk? Indien wel, hoe?

| | |
|---|---|
| N.v.t., behoort nie tans aan 'n gesin nie | |
| Nee | |
| Ja (spesifiseer) | |

GEBOORTE EN DOOP

D.5 Word daar by die aankoms van 'n baba in u familie enige besondere gebruike nagekom (bv. 'n familiefeesmaal of -byeenkoms, 'n danksegging)? Indien wel, dui asseblief hierdie gebruik(e) aan.

| | |
|---|---|
| Nee | |
| Ja: (spesifiseer) | |

D.6 Word daar by die doop van 'n baba in u familie enige besondere gebruike nagekom (bv. 'n familiefeesmaal of -byeenkoms, 'n danksegging)? Indien wel, dui asseblief hierdie gebruik(e) aan.

| | |
|---|---|
| Nee | |
| Ja: (Spesifiseer) | |

© University of Pretoria

D.7 Ken u die gebruik wat bekend staan as 'n ooievaarspartytjie? Indien wel, dink u dis 'n goeie instelling?

| | |
|---|---|
| Ek ken nie die gebruik nie | (1) |
| Ek het al daarvan gehoor maar weet nie wat dit inhou nie | (2) |
| Dit is 'n goeie instelling | (3) |
| Dit is nie 'n goeie instelling nie | (4) |

62.

D.8 Hou u daarvan om kinders na familie te vernoem of familiename aan hulle toe te ken?

| | |
|---|---|
| Ek hou daarvan vir seuns | (1) |
| Ek hou daarvan vir dogters | (2) |
| Ek hou daarvan vir seuns en dogters | (3) |
| Dis vir my om't ewe | (4) |
| Ek hou nie daarvan nie | (5) |

63.

D.9 Het u kinders? Indien wel, het u die Afrikaanse tradisie van vernoeming ten opsigte van u kinders gehandhaaf?

Laat die respondent eers op hierdie deel van die vraag antwoord. Indien hy/sy die gebruik gehandhaaf het, merk "N.v.t." (kode (1)). Indien hy/sy die gebruik nie gehandhaaf het nie, vra die volgende aan hom/haar.

Waarom het u nie hierdie tradisie gehandhaaf nie? (Slegs u hoofrede).

| | |
|---|---|
| N.v.t., het kinders vernoem of het nie kinders nie | (1) |
| Om geen besondere rede nie | (2) |
| Die name is outyds | (3) |
| Dit het nie vir my waarde nie | (4) |
| Dit pas nie by die van nie | (5) |
| Ek hou van vreemde, buitengewone name | (6) |
| Daar ontstaan familietwis na vernoeming | (7) |
| Ek skaam my vir my familie se name | (8) |
| Daar is reeds te veel persone met dieselfde name in die familie | |
| Ander: (spesifiseer) | (0) |

64.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



HUWELIK

D.10 Watter van die volgende huweliksgebruike word in u familie nagekom?

| | Ja | Nee | |
|---|---|---|---|
| Die strooi van konfetti, roosblaartjies, gekleurde rys | (1) | (2) | 65. |
| 'n Versierde bruidskoek | (1) | (2) | 66. |
| Die uitdeel van stukkies bruidskoek aan die gaste | (1) | (2) | 67. |
| Die gooi van die bruid se kousband vir ongetroude mans | (1) | (2) | 68. |
| Die gooi van die bruidsruiker vir ongetroude dames | (1) | (2) | 69. |
| Die vasmaak van blike, skoene, ens. aan bruidsmotor | (1) | (2) | 70. |
| Die plaas van die bruidsruiker op die graf van ouers, familielid | (1) | (2) | 71. |
| Die opmaak van die bruidsmotor | (1) | (2) | 72. |
| Die blaas van toeters op straat | (1) | (2) | 73. |

| | | |
|---|---|---|
| Kaartnommer | 2 | 74. |
| Vraelysnommer | | 75-78 |
| Projeknommer | | 79-80 |

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


D.11 Word daar in u familie enige ander besondere gebruike by die voltrekking van 'n huwelik nagekom? Indien wel, dui asseblief hierdie gebruik(e) aan.

| | |
|---|---|
| Nee | |
| Ja: (Spesifiseer) | |

VERJAARDAG

D.12 Word daar in u familie enige besondere verjaardaggebruike nagekom (bv. familiesaamtrek, verjaardagpartytjies, verjaardagkoek, verjaardaggeskenke, verjaardagkaartjies, ens.) Indien wel, dui asseblief hierdie gebruik(e) aan.

| | |
|---|---|
| Nee | |
| Ja: (Spesifiseer) | |

© University of Pretoria

## E. ANDER FEESTE

### KERSFEES

E.1 Waar bring u Kersfees gewoonlik deur?

| By die huis | By familie of vriende | By 'n vakansieoord | |
|---|---|---|---|
| (1) | (2) | (3) | 1 |

E.2 Woon u as gesin op Kersdag eredienste by?

| N.v.t., behoort nie tans aan 'n gesin nie | Gereeld | Soms | Nooit | |
|---|---|---|---|---|
| (1) | (2) | (3) | (4) | 2 |

E.3 Is dit in u gesin gebruiklik om met Kersfees 'n versierde kersboom te hê?

Laat respondent eers hierop antwoord. Indien nie, merk u "N.v.t." (kode (1)). Indien wel, vra die volgende.

Waarom hou u 'n kersboom? (Slegs u hoofrede).

| | | |
|---|---|---|
| N.v.t., hou nie 'n kersboom nie of behoort nie tans aan 'n gesin nie | (1) | |
| Om geen besondere rede nie | (2) | |
| Ter wille van die kinders | (3) | |
| Dit is by ons tradisie | (4) | |
| Om die simboliek daaraan verbonde | (5) | |
| Ter versiering | (6) | |
| Ter wille van die feestelike stemming | (7) | |
| Ander: (Spesifiseer) | (8) | 3 |

© University of Pretoria

E.4 Is dit in u gesin gebruiklik dat gesinslede met Kersfees aan mekaar geskenke gee? Indien wel, wanneer vind die oorhandiging van geskenke plaas?

| | |
|---|---|
| N.v.t., behoort nie tans aan 'n gesin nie | (1) |
| Oorhandiging van geskenke nie gebruiklik nie | (2) |
| Ja, die aand voor Kersfees | (3) |
| Ja, op Kersoggend | (4) |
| Ja, in die loop van Kersdag | (5) |
| Ja, nie op 'n besondere tyd nie | (6) |
| Ander: (Spesifiseer) | (7) |

4

Vra E.5 slegs aan proefpersone wat 'n kersboom hou en in wie se gesinne dit gebruiklik is dat gesinslede aan mekaar geskenke oorhandig.

E.5 Watter rol speel die kersboom in die oorhandiging van geskenke in u gesin?

| | |
|---|---|
| N.v.t., behoort nie tans aan 'n gesin nie, of hou nie 'n kersboom nie en oorhandiging van geskenke is nie gebruiklik nie | (1) |
| Die kersboom speel geen rol nie | (2) |
| Geskenke word aan die boom gehang | (3) |
| Geskenke word onder die boom neergesit | (4) |
| Ander: (Spesifiseer) | (5) |

5

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Vra E.6 slegs aan proefpersone in wie se gesinne die oorhandiging van geskenke met Kersfees gebruiklik is.

E.6 Word die geskenke in u gesin deur 'n kersvader met 'n baard en rooi gewaad of deur die vader en/of moeder of 'n lid van die gesin oorhandig?

| | |
|---|---|
| N.v.t., behoort nie tans aan 'n gesin nie of die oorhandiging van geskenke is nie gebruiklik nie | (1) |
| Deur 'n kersvader | (2) |
| Deur die vader en/of moeder | (3) |
| Deur 'n gesinslid | (4) |
| Ander: (Spesifiseer) | (5) |

6

E.7 Watter rol speel kersvader in u gesin se Kersfeesvieringe?

| | |
|---|---|
| N.v.t., behoort nie tans aan 'n gesin nie | (1) |
| Kersvader speel geen rol nie | (2) |
| Kinders word van hom vertel | (3) |
| Kinders skryf briefies aan hom | (4) |
| Kinders hang kerskous op | (5) |
| Ander: (Spesifiseer) | (6) |

7

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

E.8 Wat dink u van die volgende stellinge: Stem u daarmee saam of stem u nie daarmee saam nie?

| | Stem saam | Onbeslis | Stem nie saam nie | |
|---|---|---|---|---|
| Kersvader is 'n goeie instelling | (1) | (2) | (3) | 8 |
| Kersvader met sy lang baard en rooi jas pas nie by ons Suid-Afrikaanse omstandighede nie | (1) | (2) | (3) | 9 |
| Kersvader is daar bloot vir die kinders se plesier | (1) | (2) | (3) | 10 |
| Kersvader is 'n heidense gebruik wat die ware betekenis van Kersfees laat vervaag | (1) | (2) | (3) | 11 |

E.9 Is dit in u gesin gebruiklik dat die gesinslede in die Kerstyd saam Kersliedere sing?

| N.v.t., behoort nie tans aan 'n gesin nie | Ja, gereeld | Ja, soms | Nee nooit | |
|---|---|---|---|---|
| (1) | (2) | (3) | (4) | 12 |

E.10 Woon u aanbiedinge van Kersliedere by Kerslig ("Carols by Candlelight") by?

| Ek ken nie dié gebruik nie | Ja, gereeld | Ja, soms | Nee nooit | |
|---|---|---|---|---|
| (1) | (2) | (3) | (4) | 13 |

E.11 Word die volgende Kersfeesgebruike in u gesin nagekom?

| | N.v.t., behoort nie tans aan 'n gesin nie | Ja | Nee | |
|---|---|---|---|---|
| Kerskoek met kersgroet | (1) | (2) | (3) | 14 |
| Kersklappers | (1) | (2) | (3) | 15 |
| Kersfeeshoed | (1) | (2) | (3) | 16 |
| Vuurwerkvertoning | (1) | (2) | (3) | 17 |
| Huisversiering met kleurlinte, gekleurde papier, balonne | (1) | (2) | (3) | 18 |
| Uitstuur van kerskaartjies | (1) | (2) | (3) | 19 |
| Oordra van goeie wense op Kersoggend aan bure, vriende | (1) | (2) | (3) | 20 |

© University of Pretoria

E.12 Bestaan daar in u gesin enige ander Kersfeesgebruike behalwe dié wat reeds genoem is. Indien wel, dui asseblief hierdie gebruike aan.

| | |
|---|---|
| N.v.t., behoort nie tans aan 'n gesin nie | |
| Nee | |
| Ja: (Spesifiseer) | |

PAASFEES

E.13 Woon u as gesin op Goeie Vrydag eredienste by?

| N.v.t., behoort nie tans aan 'n gesin nie | Ja, gereeld | Ja, soms | Nee, Nooit | |
|---|---|---|---|---|
| (1) | (2) | (3) | (4) | 21 |

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



E.14 Word die volgende Paasfeesgebruike in u gesin nagekom?

| | N.v.t., behoort nie tans aan 'n gesin nie | Ja | Nee | |
|---|---|---|---|---|
| Uitdeel van Paaseiers | (1) | (2) | (3) | 22 |
| Paasbolletjies ("Hot X Buns") | (1) | (2) | (3) | 23 |
| Paashasies | (1) | (2) | (3) | 24 |

Vra E.15 slegs aan proefpersone in wie se gesinne een of meer van die bogenoemde Paasfeesgebruike nagekom word.

E.15 Om watter redes handhaaf u hierdie Paasgebruik(e) in u gesin?

| | | |
|---|---|---|
| N.v.t., behoort nie tans aan 'n gesin nie of handhaaf geeneen van die gebruike nie | (1) | |
| Om geen besondere rede nie | (2) | |
| Ter wille van die kinders en die feestelike stemming | (3) | |
| Omdat dit by ons tradisie is | (4) | |
| Om die simboliek daaraan verbonde | (5) | |
| Ander: (Spesifiseer) | (6) | 25 |

E.16 Dra u enige kennis van die oorsprong en betekenis van die Paassimbole (Paaseiers en -hasies, Paasbolletjies)?

| Ja | Nee | |
|---|---|---|
| (1) | (2) | 26. |

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



ANDER.

E.17 Bring u en u gesin Oujaarsnag saam deur?

Laat die respondent eers op hierdie deel van die vraag antwoord. Indien hy/sy "Nee" antwoord, merk u deurgaans "N.v.t." (kode (1)) by al die alternatiewe. Indien hy/sy "Ja" antwoord, vra u die volgende aan hom/haar.

Hoe bring u en u gesin Oujaarsnag gewoonlik deur?

| | N.v.t., bring Oujaarsnag nie saam met gesin deur nie of behoort nie tans aan 'n gesin nie | Ja | Nee | |
|---|---|---|---|---|
| Op geen besondere wyse | (1) | (2) | (3) | 27 |
| By 'n formele vermaaklikheidsplek | (1) | (2) | (3) | 28 |
| By 'n informele plesieroord | (1) | (2) | (3) | 29 |
| Wag die nuwe jaar saam met familie of vriende in | (1) | (2) | (3) | 30 |
| Gesellig tuis met huisvermake | (1) | (2) | (3) | 31 |
| By familie en vriende | (1) | (2) | (3) | 32 |
| Deur middernagdienste by te woon | (1) | (2) | (3) | 33 |
| By 'n vakansieoord | (1) | (2) | (3) | 34 |
| Ander: (Spesifiseer) | (1) | (2) | (3) | 35 |

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

E.18 Bring u en u gesin Nuwejaarsdag saam deur?

Laat die respondent eers op hierdie deel van die vraag antwoord. Indien hy/sy "Nee" antwoord, merk u deurgaans "N.v.t." (kode (1)) by al die alternatiewe. Indien hy/sy "Ja" antwoord, vra u die volgende aan hom/haar.

Hoe bring u en u gesin Nuwejaarsdag deur?

| | N.v.t., behoort nie tans aan 'n gesin nie of bring nie Nuwejaarsdag saam met gesin deur nie | Ja | Nee | |
|---|---|---|---|---|
| Op geen besondere wyse nie | (1) | (2) | (3) | 36 |
| Piekniek | (1) | (2) | (3) | 37 |
| Stil tuis | (1) | (2) | (3) | 38 |
| Vrolik en gesellig tuis | (1) | (2) | (3) | 39 |
| Kuier by vriende en familie | (1) | (2) | (3) | 40 |
| In die buitelug | (1) | (2) | (3) | 41 |
| By 'n vakansieoord | | | | 42 |
| Woon sportbyeenkomste by | (1) | (2) | (3) | 43 |
| Nuwejaarsfees | (1) | (2) | (3) | 44 |
| Ander: (Spesifiseer) | (1) | (2) | (3) | 45 |

E.19 Neem enige van die lede van u gesin op Guy Fawkes-dag (5 November) deel aan vuurwerke?

| N.v.t., behoort nie tans aan 'n gesin nie | Ja | Nee | |
|---|---|---|---|
| (1) | (2) | (3) | 46 |

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

E.20 Dra u kennis van:

(1) Enige feeste wat vroeër algemeen bekend was, maar vandag glad nie meer gevier word nie?

(2) Enige feeste wat slegs in sekere dele van die land gevier word?

(Voorbeelde van sulke feeste is wingerdfeeste, oesfeeste, koringfeeste, ens.)

Indien wel, dui asseblief hierdie feeste aan.

| | |
|---|---|
| Nee, dra nie kennis van sodanige feeste nie | |
| Ja: (Spesifiseer) (1) Soort fees | |
| (2) Aard van fees | |
| (3) Distrik waar fees voor(ge)kom (het) | |
| (4) Wanneer het die fees nog voorgekom/kom die fees nog voor? | |
| (5) Watter tyd van die jaar is/word die fees gevier? | |

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


E.21 Dra u kennis van enige speletjies of vermake wat vroeër gereeld op die destydse Dingaansfeeste en pieknieks gespeel is? Noem name van speletjies en hoe dit gespeel is. (Ons soek bv. na 'n beskrywing van hoe onder andere die volgende gespeel is: "Brand", "Markoespasop", "Skiet de leeuw", "Jacob waar's die pêre", "Loophard", "Zoek jou skoene en kom weer!", "Kom zit bij mij".

| | |
|---|---|
| Nee, dra nie daarvan kennis nie | |
| Ja, (Spesifiseer) **NAAM:** | |
| **HOE GESPEEL:** | |

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



| | | | |
|---|---|---|---|
| | Kaartnommer | 3 | 74 |
| Vraelysnommer | | | 75-78 |
| Projeknommer | | | 79-80 |

NAAM VAN PROEFPERSOON (indien beskikbaar)

.................................................................

ADRES: ............................ Straatnaam en-nommer)

.................................... (Voorstad)

.................................... (Stad/dorp)

DATUM VAN ONDERHOUD: .................................

HANDTEKENING VAN VELDWERKER: .........................

VELDWERKER SE VRAELYSNOMMER: | |

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## BYLAE B

Die hieropvolgende is 'n uittreksel uit die handleiding wat aan die veldwerkers verskaf is.

ATKV-INSTITUUT

VIR

VOLKSKULTUURNAVORSING

'N ONDERSOEK NA AFRIKAANSE VOLKSFEESTE

AAN DIE

WITWATERSRAND

ALGEMENE VOORSKRIFTE AAN VELDWERKERS.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# ATKV-INSTITUUT VIR VOLKSKULTUURNAVORSING

## ALGEMENE VOORSKRIFTE AAN VELDWERKERS

## I. DIE VELDWERK

### A. WIE IN DIE ONDERSOEK BETREK WORD

Blanke Afrikaanssprekende persone wie permanente inwoners van die Republiek van Suid-Afrika is, manlik sowel as vroulik, 18 jaar en ouer en wat permanent aan die Witwatersrand woon. Dit impliseer dat 'n persoon wat 17 jaar 11 maande en 29 dae oud is, nie kwalifiseer as 'n respondent nie en gevolglik nie ondervra moet word nie. Persone wat net tydelik, byvoorbeeld vir 'n vakansie, aan die Rand is, word uitgesluit. Dit is nie 'n vereiste dat die respondent 'n burger(es) van die land moet wees nie.

### B. VERTEENWOORDIGENDE RESPONDENTE

Gedurende u veldwerk mag u oortuig raak dat die kiesafdeling waarin u werk, respondente bevat wat nie verteenwoordigend - wat huwelikstaat, onderwys, ens. betref - van dié deel van die Rand is nie. Daar kan 'n eensydige verspreiding van bogenoemde aspekte wees. Ons is daarvan bewus dat die poging om 'n verteenwoordigende steekproef te trek nie altyd ten opsigte van elke gebied verteenwoordigend sal wees soos wat vereis word nie. Hierdie afwykings word egter onderling uitgewis en as die instruksies getrou nagekom word, sal die eindresultaat goed wees. Gaan dus voort met u kiesafdeling.

### C. „EK WEET NIE"

In die kiesafdeling wat aan u toegewys is, mag u dalk dikwels die antwoord "Ek weet nie" op u vrae kry. Die feit dat die mense onkundig is, diskwalifiseer hulle nog nie vir die steekproef nie. Met takt en oordeelkundige ondervraging mag u tog, al is dit op 'n indirekte wyse, u vrae beantwoord kry.

### D. VEREISTES WAARAAN DIE VELDWERK MOET VOLDOEN

Wanneer die voltooide vraelys terug ontvang is, sal die inligting wat daarop verskyn, aan die volgende vereistes getoets word:

1. Het die onderhoud plaasgevind?

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



2. Het die onderhoud by die adres wat op die vraelys verskyn plaasgevind en is die persoon wie se naam op die vraelys verskyn ondervra?

3. Is al die vrae gevra?

4. Is die respondent wat ondervra is, Afrikaanssprekend?

5. Woon die respondent permanent aan die Witwatersrand?

6. Is die respondent 18 jaar of ouer?

Indien 'n voltooide vraelys nie aan bostaande vereistes voldoen nie, is dit waardeloos. Daarom word dit ook gekontroleer.

E. KONTAK MET DIE ATKV-INSTITUUT VIR VOLKSKULTUURNAVORSING

Tree asseblief dadelik met die Instituut in verbinding indien:

1. U weens siekte nie met u werk kan voortgaan nie.

2. U langer tyd nodig het as wat aanvanklik aan u toegestaan is.

3. U vraelyste kortkom.

4. U enige probleme van watter aard ookal teëkom.

DIE ADRES IS:

Die ATKV-Instituut vir Volkskultuurnavorsing,
ATKV-gebou,
h/v Eloff- en Wolmaransstraat,
Wandereres View,
JOHANNESBURG.

KANTOOR: 713, sewende verdieping.

TELEFOON: 23-0355 (Johannesburg).

F. U WORD VAN DIE VOLGENDE VOORSIEN:

1. Hierdie handleiding aan veldwerkers waarby ingevoeg is die verduidelikings by spesifieke vrae en sekere aanwysings vir die gebruik van die vraelys.

2. 'n Bekendstellingsbrief.

3. Vraelyste.

4. Lyste van adresse wat dien as beginpunte en alternatiewe beginpunte.

© University of Pretoria

5. 'n Kaart(e) van die kiesafdeling(s) waarin u werksaam sal wees, waarop al die beginpunte asook die alternatiewe beginpunte aangedui is. Die beginpunte in groen en die alternatiewe beginpunte in rooi aangedui.

G. TERUGSENDING VAN VOLTOOIDE VRAELYSTE

Nadat u 'n aantal vraelyste voltooi het, moet u hulle per aangetekende pos aanstuur of persoonlik by die Instituut kom aflewer. Moet nie wag totdat al die vraelyste voltooi is voordat u hulle terugstuur of aflewer nie want ons wil reeds tydens die veldwerk die vraelyste nagaan.

Stuur die vraelyste aan:

Die Navorser,
ATKV-Instituut vir Volkskultuurnavorsing,
Posbus 4585,
JOHANNESBURG.

(Die Instituut onderneem om die posgeld te betaal.)

Die adres waarheen u die voltooide vraelyste bring indien u hulle persoonlik aflewer, is reeds gegee.

H. HOE U DIE RESPONDENTE MOET OPSPOOR

1. Aan u word die volgende gegee:

a) 'n Groen lys met genommerde adresse en pienk lys met genommerde adresse. Die nommers en adresse op die groen lys korrespondeer met die nommers en adresse wat in groen op die kaart(e) aangedui is en die nommers en adresse op die pienk lys korrespondeer met die nommers en adresse wat in rooi op die kaart(e) aangedui is.

b) 'n Kaart(e) van die kiesafdeling(s) waarin u werksaam sal wees waarop die volgende aangedui is:

Straatname en huis- of gebounommers in groen aangedui (voortaan genoem beginpunte) en straatname en huis- of gebounommers in rooi aangedui (voortaan genoem alternatiewe beginpunte). Die huis- of gebounommers is die nommer in hakies. In sommige gevalle waar ons nie oor die gebounommer beskik nie, is die nommer in hakies die nommer van die wooneenheid in daardie gebou. Vir elke beginpunt word daar ook 'n alternatiewe beginpunt aangedui.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


2. In elke blok word slegs een adres as 'n beginpunt of alternatiewe beginpunt aan u gegee. Die aantal beginpunte is 'n kwart van die aantal respondente wat in elke kiesafdeling ondervra moet word: dus, indien daar 100 respondente in 'n kiesafdeling ondervra moet word sal ons vir u 25 beginpunte aandui (ook 25 alternatiewe beginpunte omdat elke beginpunt ook 'n alternatiewe beginpunt het). Gaan na die eerste beginpunt van die reeks wat ons vir u gee, ondervra 'n respondent daar en beweeg dan van die beginpunt af kloksgewyse om die blok, van huis tot huis, totdat u nog drie persone opgespoor het wat kwalifiseer as respondente. 'n Persoon moet Afrikaanssprekend, 18 jaar of ouer wees en moet 'n permanente inwoner van die Witwatersrand wees om te kwalifiseer as 'n respondent. 'n Persoon is 'n permanente inwoner van die Witwatersrand as sy/haar tuiste aan die Rand geleë is. Nadat u op hierdie wyse vier respondente opgespoor en ondervra het, begin u by 'n volgende beginpunt en spoor op dieselfde wyse nog vier respondente op.

3. Dit sal in sommige gevalle gebeur dat die inwoners van die huis wat vir u as beginpunt aangedui is, verhuis het. Bepaal nou eers of die nuwe inwoners kwalifiseer as respondente. Indien wel, neem dié huis dan as beginpunt en gaan op die voorgeskrewe wyse te werk om die vier respondente op te spoor. Indien hulle nie kwalifiseer nie, moet u as beginpunt neem die alternatiewe beginpunt (op die pienk lys(te) aangedui en in rooi gemerk op die kaart(e)) wat by elke oorspronklike beginpunt gegee word. Indien die inwoners by die alternatiewe beginpunt ook verhuis het, en die nuwe inwoners nie kwalifiseer as respondente nie, moet u self 'n beginpunt kry en wel op die volgende wyse:

Beginnende by die alternatiewe beginpunt werk u nou kloksgewyse om die blok totdat u 'n huishouding opspoor waar enige inwoner as respondent kwalifiseer. Die huishouding dien dan as beginpunt. Ondervra een respondent hier en gaan dan verder op die voorgeskrewe wyse te werk.

4. Indien die inwoners by 'n beginpunt nie tuis is nie kan u óf na die alternatiewe beginpunt gaan óf die huishouding oorslaan en op 'n latere stadium weer daar 'n besoek aflê. Indien u besluit om die huishouding op 'n latere stadium te besoek en na herhaalde besoeke nie die inwoners tuis kry nie, sal u noodgedwonge van die alternatiewe beginpunt gebruik moet maak. Indien die inwoners by die alternatiewe beginpunt ook nie tuis is nie moet u op die wyse soos beskryf in paragraaf 3 hierbo self 'n beginpunt soek.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



5. U mag net een persoon per huishouding ondervra.

6. Indien u 'n blok waarin u vier respondente moes opspoor deurgegaan het en geen of te min respondente gevind het, beweeg u na 'n volgende blok wat grens aan hierdie blok maar waarin geen adres op u lyste voorkom nie. Soek daar tot u die vereiste aantal gevind het.

7. Indien die beginpunt in 'n woonstelgebou geleë is, gaan u soos volg te werk:

Ondervra 'n respondent by die beginpunt. Beweeg nou van die beginpunt af na regs as u na die woonsteleenheid wat as beginpunt dien, kyk en doen by elke woonstel op die besondere verdieping aan.

a) Werk altyd van die verdieping waarop die beginpunt geleë is na die onderste verdieping(s) toe af indien die beginpunt nie op die grondverdieping geleë is nie.

b) Werk altyd van die agterkant van die verdieping(s) na die voorkant daarvan.

c) Werk altyd van die regterkant van die verdieping as jy na die gebou kyk, na die linkerkant toe. Vanaf die beginpunt volg u bogenoemde werkswyse totdat u vier respondente (beginpunt + 3) opgespoor het. Indien u in die woonstelgebou waar die beginpunt geleë is nie vier respondente opspoor nie moet u op die voorgeskrewe wyse kloksgewyse om die blok beweeg, totdat die ontbrekende aantal, om die groep van vier op te maak, opgespoor is. Indien die volgende gebou in die blok ook 'n woonstelgebou is, gaan u soos volg te werk:

a) <u>Werk altyd van die boonste verdieping na die onderste verdieping toe af</u>

Dus, indien daar 'n woonstelgebou is met een woonstel op elk van drie verdiepings, klop dus heel eerste by die een op die boonste (die derde) verdieping aan, dan die een op die tweede verdieping, en laastens by die woonstel op die grondverdieping.

b) <u>Werk altyd van die agterkant van die gebou na die voorkant</u>

Dus, indien daar 'n woonstelgebou met twee woonstelle op elk van drie verdiepings is, moet u eers na die agterste woonstel op die boonste verdieping gaan, dan die voorste

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



een op die boonste verdieping, dan die agterste op die tweede hoogste verdieping, ens.

c) <u>Werk altyd van die regterkant van die gebou as jy daarna kyk, na die linkerkant toe</u>

Dus, indien daar 'n woonstel gebou is met vier woonstelle op elk van drie verdiepings, dan moet u eers aanklop by die boonste agterste woonstel aan die regterkant, daarna die boonste agterste een links, dan die boonste voorste een regs, ens.

Indien u nie by die beginpunt regkom nie, moet u na die alternatiewe beginpunt gaan.

8. Dieselfde bepalings wat hierbo genoem is, geld vir losieshuise, hotelle, koshuise en enige gebou met meer as een huishouding. Elke kamer in 'n losieshuis, hotel en koshuis word as 'n afsonderlike huishouding beskou en u kan dus in elk van die eenhede 'n respondent ondervra.

9. Militêre lotelinge, studente en enige ander persone wat byvoorbeeld vir 'n naweek of vakansie tuis is, wie se ouerhuis permanent aan die Rand is, word ondervra. Vakansiegangers, besoekers ens. afkomstig van gebiede buite die Rand word nie ondervra nie.

10. Vanaf die beginpunt moet u elke huishouding neem totdat u die vier voorgeskrewe respondente opgespoor het. U moet onder geen omstandighede huise eiewillig uitsoek nie want hierdeur sal die steekproef belemmer word en sal dit nie sistematies en wetenskaplik wees nie.

11. Persone wat vanuit ander gebiede na die Rand verhuis het en wat argumentshalwe byvoorbeeld net een week of wat aan die Rand woon word ook ondervra <u>mits</u> hulle permanente inwoners van die Rand is.

12. By doodloopstrate en wandelgange neem u die huise aan die een kant van die straat en kom weer met die huise aan die ander kant van die straat terug. Indien u egter nog nie vier respondente opgespoor het nie, moet u weer in die straat waarvandaan die doodloopstraat uitdraai, verder gaan.

13. Indien die beginpunt in 'n gebied bestaande uit kleinhoewes geleë is geld dieselfde oorweging as wanneer die beginpunt in 'n blok is. Begin by die beginpunt en beweeg vandaar van kleinhoewe tot kleinhoewe totdat u vier respondente opgespoor het.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



I. KEUSE TEN OPSIGTE VAN GESLAG

Wanneer u by die beginpunt aankom en daar is sowel 'n man(s) as 'n vrou(e) wat kwalifiseer as respondente kies u enige van die twee. Vandaar af moet u egter sorg dat u die geslagte afwissel, met ander woorde indien u 'n vrou by die beginpunt neem moet u by die volgende huishouding 'n man ondervra, by die volgende weer 'n vrou en dan by die laaste in die reeks van vier weer 'n man. U kan egter ook by die eerste twee huishoudings twee persone van dieselfde geslag ondervra maar dan moet u sorg dat die volgende twee respondente van die teenoorgestelde geslag is. Dit is dus duidelik dat daar by elke reeks van vier respondente twee mans en twee dames ondervra moet word. Die geslag van die laaste respondent in die reeks van vier bepaal nie noodwendig wat die geslag van die respondent by die volgende beginpunt moet wees nie, met ander woorde indien 'n vrou laaste ondervra was, hoef die respondent by die beginpunt van die volgende reeks van vier nie noodwendig 'n man te wees nie. Indien daar net een persoon, óf manlik óf vroulik, by die beginpunt is wat kwalifiseer word hy/sy nogtans ondervra. U moet egter te alle tye sorg dat u die geslagte afwissel. Dit word gedoen om te sorg dat helfte van die respondente in die steekproef manlik en helfte vroulik sal wees aangesien die geslagsverspreiding in die universum ook 50% manlik en 50% vroulik is. Indien u op 'n huishouding afkom wat twee of meer persone van dieselfde geslag het, gaan u soos volg te werk:

1. By die kesue tussen twee of meer mans kies u die jongste man.

2. By 'n keuse tussen twee of meer dames kies u deurgaans die oudste dame.

J. DIE PERSONE WAT IN DIE STEEKPROEF MAG VOORKOM

Daar is reeds genoem aan welke vereistes die respondente moet voldoen.

Daar is egter sekere persone wat aan bogenoemde vereistes voldoen maar wat u liewer moet vermy en 'n ander in dieselfde huishouding of noodgedwonge 'n ander respondent uit 'n ander huishouding moet neem.

1. Dronkenskap

Indien die respondent in so 'n mate onder die invloed van alkoholiese drank verkeer dat u nie u weg oop sien om hom te ondervra nie, moet u indien moontlik, 'n ander persoon in die huishouding as respondent gebruik. Indien daar nie 'n ander persoon is nie, moet u 'n ander huishouding opspoor.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

2. Fisiese belemmeringe soos doofheid, blindheid, ens.

U mag mense teenkom wat onder swaar fisiese belemmeringe gebuk gaan. U moet met hulle die onderhoud voer, indien dit moontlik is om met hulle persoonlike kontak te kry deur die vrae en antwoorde skriftelik uit te wissel, of hoe ookal.

3. Verstandelike versteurdheid

Enigeen wat ernstig verstandelik versteurd is en deur sy gesin as verstandelik onbekwaam beskou word, moet oorgeslaan word. Verstandelike versteurdheid moet nie met eksentrisiteit verwar word nie.

4. Nie tuis nie, weierings, en onderbrekings

'n Gedeelte van alle moontlike respondente sal nooit mee gevorder word nie. Sommige sal nie tuis wees wanneer u besoek aflê nie; ander sal weier om aan u 'n onderhoud toe te staan en ander sal weier om verder te gaan wanneer hulle so 'n endjie gevorder het; hulle sal die gesprek onderbreek en beëindig.

a) Nie tuis nie

Die beste is om u besoektye so te kies dat u die mense wel tuis kry. Begin omstreeks 4 tot 4.30 nm. op weeksdae. Enige tyd Saterdae sal goed wees. Op die wyse kan die mense "nie tuis nie" tot 'n absolute minimum beperk word.

b) Weiering

Dit hang hoofsaaklik van uself af. Hoe meer ondervinding u in die soort werk kry, hoe beter sal u vaar.

c) Onderbreking en beëindiging

Indien 'n respondent weier om 'n onderhoud te voltooi, is die onderhoud nutteloos, en u moet maar 'n ander onderhoud in die plek daarvan neem.

II. DIE VOER VAN 'N ONDERHOUD

A. Die benadering

Die eerste indruk

Die meeste persone het u al klaar opgesom voordat u 'n woord gesê het. U voorkoms speel hier 'n groot rol, sorg dat u as persoon so aanvaarbaar moontlik is.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



1. Voorkoms

a) 'n Vrolike glimlag; die onderhoud is 'n plesier.

b) Neem so min moontlik voorraad saam sodat u nie na 'n smous lyk nie.

c) Moenie huiwer nie; beweeg met vertroue.

2. Kleredrag

a) Netjies en skoon

b) Paslike kleding; nie te formeel of te sportief nie. Mans moet dasse dra.

B. Hoe u uself aan die persoon moet voorstel

Stel uself voor op 'n ongedwonge en opregte wyse. U is van die ATKV-instituut vir Volkskultuurnavorsing wat ondersoek instel na die houding van die Blanke Afrikaanssprekende aan die Witwatersrand ten opsigte van volksfeeste.

Die meeste mense sal dan geen beswaar hê nie, u innooi en u sal op u gemak kan voortgaan. Ander mense sal huiwerig wees, en eers 'n bietjie meer omtrent die saak wil uitvind. Hierdie huiwerige of onsimpatieke groep wissel in grootte van veldwerker tot veldwerker. Daarom gee ons die volgende prosedure aan die hand.

C. Hoe om uself voor te stel en 'n onderhoud te voer

a) Die meeste veldwerkers vind dit die beste om te sê: "Goeiemiddag, my naam is Jan Smit." Deur vriendelik openlik en informeel te wees, sal u maklik die ys breek.

b) Bepaal dan eers of die persoon of enige persoon in die huishouding kwalifiseer as 'n respondent.

c) Daarna vertel u die doel van u besoek en wie u gestuur het deur te sê: "Ek wil u graag spreek in verband met 'n opname van die ATKV-Instituut vir Volkskultuurnavorsing en dit staan in verband met volksfeeste."

Hierdie woorde moet u heeltemal spontaan sê, en dit natuurlik nie aflees nie.

d) Moenie vir 'n onderhoud vra nie. Dit is die beste om uit te gaan van die veronderstelling dat die respondent graag sal wil saamwerk en dat hy of sy wel die tyd daarvoor sal hê.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


e) Die meeste mense sal u binnenooi; veral indien dit duidelik is dat u iemand anders wil spreek as die persoon wat die klop aan die deur beantwoord het. Indien u nie na binne genooi word nie gaan maar met die onderhoud voort. Sodra die persoon van u goeie bedoeling verseker is, sal u wel binne genooi word.

f) Kom by die vrae so spoedig moontlik. Daardeur sal die doel van u besoek dadelik duidelik word en dit sal baie van die persoon se vrae beantwoord.

g) Probeer om die respondent uit die geselskap en weg van die steurende radio te kry.

h) U moet die respondent, indien moontlik, nie in die teenwoordigheid van ander persone ondervra nie. Die teenwoordigheid van 'n ander persoon kan die hele saak verongeluk. Indien 'n ander persoon se teenwoordigheid nie vermy kan word nie, ignoreer hom of haar soveel moontlik.

i) In die werklikheid hou mense daarvan om in 'n onderhoud betrokke te wees. Hulle hou daarvan om te dink dat wat hulle meedeel, belangrik is (wat dit dan ook vir ons doel inderdaad is).

j) Die respondent moet nie die idee kry dat u sy kennis of intelligensie op die proef stel nie. Wat hy sê is "reg".

k) Moenie die saak voor die onderhoud bespreek nie. Verduidelikings word alleen gegee nadat al die vrae beantwoord is. Gebruik die vrae om u doel te verduidelik.

D. <u>Algemene aanwysings hoe om die vraelys te gebruik</u>

1. Lees al die vrae presies soos hulle daar staan.

Dit beteken:

a) Moenie enige woorde of frases verander nie.

b) Moenie enige woorde of frases oorslaan nie.

c) Moenie enige woorde of frases byvoeg nie.

Elke woord van die vraelys is noukeurig geweeg vir die doel wat dit moet dien. Indien u enige woord of frase verander, kan die betekenis van die vraag verdraai word.

Al dink u dat daar gebreke in die bewoording is, lees dit presies net so voor en skryf die antwoord wat u kry noukeurig neer. Indien die vraag u nie tevrede stel nie, stuur u aanmerkings na ons. Dit sal meer vir die ondersoek beteken indien u so handel as dat u 'n woord gaan verander.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

2. Moenie vrae oorslaan nie.

   a) Sommige vrae mag u heeltemal dronkslaan; vra hulle in elk geval. Indien die respondent ook nie die vraag verstaan nie teken dit op die vraelys aan.

   b) Indien u die vraelys vooraf deeglik bestudeer, sal u nie maklik 'n vraag oorslaan nie.

   c) Indien 'n persoon weier om 'n vraag te beantwoord, skrywe dan "weiering". Vir hierdie ondersoek is dit noodsaaklik dat die weierings tot die absolute minimum beperk word. Dit kan so maklik gebeur dat die vraag waarom die hele ondersoek draai, onbeantwoord bly.

3. Moenie die volgorde van die vrae verander nie.

   a) <u>Die strategiese plasing van vrae</u>

   Soms verskyn 'n vraag met opset bolangs omdat ander vrae verderaf die antwoord op die besondere vraag mag beïnvloed.

   b) "<u>Eerste dinge eers.</u>"

   'n Laaste rede waarom die orde van vrae nie verander moet word nie is die volgende: Wanneer baie vrae oor 'n onderwerp gevra word, word hulle in 'n natuurlike volgorde geplaas. Wanneer hierdie orde verbreek word, sal herhaling voorkom, tot verveling van die respondent.

4. Lees die vraag so normaal en natuurlik as moontlik.

   Wees baie versigtig om nie sommige vrae meer te benadruk as ander nie. Moet ook nie deur u stembuiging die betekenis van vrae verander nie. Lees die vrae in 'n normale toon, en sorg dat alles in 'n natuurlike atmosfeer verloop.

E. <u>Die optekening van die antwoord</u>

<u>Probleme in mededeling</u>

Soms is die antwoord op 'n vraag so dubbelsinnig, so van die punt af of onvolledig dat dit nie sinvol is nie. 'n Sodanige antwoord is niks werk nie en word ten slotte buite rekening gelaat. Soms kan 'n veldwerker om 'n verduideliking gevra word, maar dit is nie altyd moontlik nie.

Daarom moet u asseblief noukeurig op die volgende let:

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

1. Die antwoord moet deur almal wat dit lees, verstaan kan word.

2. Elke vraag op die vraelys is 'n afsonderlike vraag en vereis 'n afsonderlike antwoord.

3. Soms lyk vrae na herhaling. Moontlik is vorige vrae te volledig beantwoord. Tog moet elke vraag beantwoord word, al is die antwoord reeds in 'n vorige antwoord ingesluit.

4. SKRYWE SO DUIDELIK AS MOONTLIK.

5. Indien u voel dat die ATKV 'n antwoord moeilik sal begryp, skrywe 'n verduideliking in die sykolom van die vraelys.

6. Indien 'n persoon weier om 'n vraag te beantwoord, plaas die woord "weier" in die antwoordkolom. Moenie die spasie ooplaat nie. Dit sal goed wees indien u 'n nota byvoeg, om die weiering te verduidelik.

7. Moenie 'n antwoord verander, nadat 'n onderhoud afgehandel is nie. Dit maak nie saak as die antwoord nie mooi is nie, solank dit die regte antwoord is.

   <u>Wanneer u 'n merk moet maak in 'n ruimte, maak by voorkeur 'n X. 'n /-teken veroorsaak dikwels verwarring aangesien dit oor twee blokkies mag strek</u>.

F. <u>Onpartydigheid</u>

U taak as 'n veldwerker is om 'n ware beeld of maatstaf van die openbare mening en gebruike te kry. Om te verseker dat hierdie maatstaf geldig is, <u>moet</u> u 'n onpartydige houding inneem en voor, gedurende en na die onderhoud van niks goed of kwaad spreek nie.

U eie oortuiging mag glad nie 'n rol speel nie, en u mag dit nog deur woord nog deur gebaar te kenne gee. U opmerkings moet streng saaklik wees en u moet die respondent op 'n neutrale wyse aanmoedig om die benodigde inligting te gee. U moet dus alle onnodige gesels vooraf vermy aangesien u dalk 'n persoon onbewus beëinvloed.

U moet maar die informele geselskap oor koeitjies en kalfies laat totdat die onderhoud verby is.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## III. VOORSKRIFTE BY SPESIFIEKE VRAE

In hierdie afdeling is sekere vrae wat moontlik probleme kan oplewer of tot verwarring aanleiding kan gee, verduidelik. Enkele voorbeelde hiervan is die volgende:

### Vraag A.3

By vraag A.3 moet u die volgende beginsel as uitgangspunt neem:

Die respondent se werklike ouderdom is die ouderdom met die laaste verjaardag. 'n Respondent wat 24 jaar 11 maande en 29 dae oud is gaan dus nog deur as 'n vier en twintig-jarige. Dit beteken dat 'n persoon wat 17 jaar 11 maande en 29 dae oud is nie kwalifiseer as 'n respondent nie.

### Vraag A.7

Indien die respondent 'n stiefvader of -moeder het, word die persoon, óf die stiefvader en/of -moeder óf die eie vader en/of moeder wat die langste in die huishouding was, as die persoon op wie die vraag betrekking het, aanvaar.

Indien die respondent meer as een huwelik aangegaan het word die eggenoot(e) met wie hy/sy die langste getroud was/is, as die persoon op wie die vraag betrekking het, aanvaar.

Verdere instruksie in die vraelys voor vraag A.7.

### Vraag B.9

Vraag B.9 moet aan alle respondente gevra word, selfs in gevalle waar die respondent daarvan vas oortuig is dat hy/sy nooit kinders sal/wil hê nie.

Voor u vraag B.10 vra moet u aan die respondent verduidelik wat die onderskeid tussen "gesin" en "familie" is. Stel dit aan die respondent dat sommige vra in afdelings D en E van die vraelys beantwoord moet word in terme van óf die gesin óf die familie en ook dat vraag B.10 beantwoord moet word in terme van die gesin.

Met gesin word bedoel die eenheid bestaande uit die vader, die moeder en die kinders. Variasies hierop soos slegs die vader en die kinders (indien die moeder oorlede is of indien die egpaar geskei is) en slegs die moeder en kinders (indien die vader oorlede is of indien die vader en moeder geskei is) word ook as 'n gesin beskou. Respondente wat nie in bogenoemde patroon inpas nie word teenoor "N.v.t." gemerk. Dit bring mee dat 'n loseerder wat by 'n gesin inwoon ook teenoor "N.v.t." gemerk word.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Met familie word bedoel die groter gesinne-eenheid bestaande uit 'n oupa, ouma, vader, moeder, kinders, kleinkinders, ooms, tantes, neefs, niggies, ens., met ander woorde almal wat deur bloedbande aan mekaar verwant is.

Vraag B.12

By vraag B.12 sal u opmerk dat die vraag in 'n "Ja" en 'n "Nee" antwoord verdeel is ("Ja"-kolom en "Nee"-kolom). Indien die respondent "Ja" antwoord moet u by die "Nee"-afdeling of kolom van die vraag 'n kruisie trek teenoor "N.v.t." (kode (OL)). By die "Ja"-afdeling of kolom moet u in die betrokke ruimte dan aandui waarom hy/sy "Ja" geantwoord het.

Indien die respondent "Nee" antwoord moet u by die "Ja"-afdeling of kolom van die vraag 'n kruisie trek teenoor "N.v.t." (kode (O1)). By die "Nee"-afdeling of kolom moet u in die betrokke ruimte dan aandui waarom hy/sy "Nee" geantwoord het.

Vraag C.7

Die maatstaf om te onderskei tussen "gereeld" en "nie gereeld nie" is die volgende:

"Gereeld": Indien die respondent die afgelope vyf jaar 4 of meer keer uit die vyf 'n fees bygewoon het kan u dit as gereeld beskou.

"Nie gereeld nie": Indien die respondent die afgelope 5 jaar, drie of minder as drie keer uit die vyf feeste bygewoon het dan merk u daardie betrokke fees teenoor "Ja", maar nie gereeld nie."

Vraag D.8 en 9

Verduidelik aan die respondent wat met vernoeming bedoel word. By vernoeming word name in die volgende volgorde aan die kinders toegeken:

Die oudste seun word vernoem na die oupa aan vaderskant. Die oudste dogter word vernoem na die ouma aan moederskant. Die tweede oudste seun na die oupa aan moederskant. Die tweede oudste dogter na die ouma aan vaderskant. Die derde oudste seun na die eie vader. Die derde oudste dogter na die eie moeder.

Bogenoemde is die tradisionele en gebruiklike wyse van vernoeming. Dit gebeur egter ook dat ouers die vernoemingsname of stamname verwerk of omvorm tot 'n nuwe naam(e), soortgelyk aan die vernoemingsname. In sulke gevalle aan-

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



vaar o s dat die Afrikaanse tradisie van vernoeming nog gehandhaaf is aangesien die beginsel van vernoeming langs die weg nog tot uiting kom. In sulke gevalle dui u aan dat die tradisie nagekom is.

ALGEMEEN:

A. By vrae waar daar om houdings, opinies en redes gevra word, moet u nie al die alternatiewe aan die respondent voorlees nie. Bied hom/haar eers die geleentheid om vrye uiting aan denke te gee. Lees slegs die vraag aan die respondent voor en laat hy/sy dan op eie inisiatief aandui wat sy/haar houding, opinie of rede is. Vergelyk dit dan met die alternatiewe wat wel op die vraelys aangegee word, en merk die alternatief wat sy/haar houding, opinie of rede die beste weerspieël. Indien die houding, opinie of rede wat aangedui word, nie as alternatief aangegee word nie, teken dit dan by "Ander: (Spesifiseer)" aan. Indien die respondent geensins in staat is om sy houding, opinie of rede aan te dui nie, moet u by wyse van sondering die antwoord ontlok. Indien dit nog nie die verlangde uitwerking het nie, kan u as laaste uitweg al die alternatiewe aan hom/haar voorlees.

Op bladsy 37 van die vraelys is daar plek ingeruim vir die identifiserende besonderhede. Vul dit in indien die respondent bereid is om dit te verstrek; dit is egter nie 'n absolute vereiste nie. Wat u egter wel op bladsy 37 moet invul is u naam en die hoeveelste vraelys dit is wat u voltooi het.

B. U moet asseblief die antwoorde op die ongestruktureerde vrae, d.i. vrae waar daar nie 'n aantal alternatiewe as moontlike antwoorde aangegee word nie, volledig opteken. Sorg dat die antwoord verstaanbaar is en skryf netjies en duidelik. Skryf die antwoord neer soos die respondent dit verstrek, al klink of lyk dit nie mooi nie. Die ongestruktureerde vrae is B.12, C.5, C.9, D.4, D.5, D.6, D.11, D.12, E.12, E.20 en E.21.

Alle sukses word u toegewens.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# LITERATUURLYS

## A. BOEKE


1. Anderson, W.A. en Parker, F.B.: Society. Its Organization And Operation. D. van Nostrand Company, Princeton, New Jersey, 1964.

2. Beals, A.R. en Spindler, L.: Culture In Process. Holt, Rinehart and Winston, New York, 1967.

3. Bell, E.H. en Sirjamaki, J.: Social Foundations Of Human Behavior. Introduction to the Study of Sociology (tweede uitgawe), Harper and Row Publishers, New York, 1965.

4. Bernard, J. en Jensen, D.M.: Sociology (Sesde Uitgawe), The C.V. Mosby Company, St. Louis, 1962.

5. Bertrand, A.L.: Basic Sociology. An Introduction to Theory and Method, Apleton-Century-Crofts, New York, 1967.

6. Bierstedt, R.: The Social Order. An Introduction to Sociology (Tweede Uitgawe), McGraw-Hill Book Company, New York, 1963.

7. Bierstedt, R., Meehan, E.J. en Samuelson, P.A.: Modern Social Science. McGraw-Hill Book Company, New York, 1964.

8. Biesanz, J. en Biesanz, M.: Modern Society (Derde Uitgawe), Prentice-Hall, Englewood Cliffs, N.J., 1964.

9. Bredemeier, H.C. en Stephenson, R.M.: The Analysis of Social Systems, Holt, Rinehart and Winston, Inc., New York, 1965.

10. Chinoy, E.: 'Sociological Perspective, Random House, New York, 1967.

11. Coetzee, A.: Die Afrikaanse Volkskultuur, A.A. Balkema, Amsterdam/Kaapstad, 1960.

12. Coetzee, A.: Die Opkoms van die Afrikaanse Kultuurgedagte aan die Rand 1886-1936. Afrikaanse Pers Beperk, Ongedateerd.

13. Coetzee, J.H.: Jong Suid-Afrika. Die Ossewareeks, opgestel deur die Federasie van Calvinistiese Studenteverenigings in Suid-Afrika, Pro Ecclesia-Drukkery, Stellenbosch, 1944.


© University of Pretoria

14. Coertze, P.J.: (Redakteur) Inleiding tot die Algemene Volkekunde. Voortrekkerpers Beperk, Johannesburg, 1960.

15. Coon, C.S.: The Story of Man. Alfred A. Knopf, New York, 1954.

16. Coser, L.A. en Rosenberg, B.: Sociological Theory, The Macmillan Company, New York, 1959.

17. Cronjé, G., Piek, H.J., Van Zyl, A.J. en McLachlan, R. (Redaksie): Ouer en Kind Gesinshandboek (Tweede uitgawe). Uitgegee deur die Kommissie van Ondersoek insake die Gesinslewe. N.G. Kerk-uitgewers en Boekhandel, Kaapstad/Pretoria, Ongedateerd.

18. Cronjé, G. (redakteur): Die Westerse Kultuur in Suid-Afrika. J.L. van Schaik Beperk, Pretoria, 1963.

19. Davis, K.: Human Society, The Macmillan Company, New York, 1966.

20. Dekker, G.: Afrikaanse Literatuurgeskiedenis. Nasio-Boekhandel Beperk, Kaapstad, Bloemfontein, Johannesburg, 1961.

21. Dobriner, W.M.: Social Structures and Systems, Goodyear Publishing Company, Inc. California, 1969.

22. Du Toit, J.D. (Totius) Deel I: Versamelde Werke van J.D. du Toit. Dagbreek-Boekhandel (Edms.) Bpk., Johannesburg, 1960.

23. Eliot, T.S.: Notes Towards A Definition Of Culture, Faber and Faber Limited, London, 1948.

24. Etzioni, E.: Modern Organizations. Prentice-Hall, Englewood Cliffs, New Jersey, 1964.

25. Fairchild, H.P.: Dictionary Of Sociology, Littlefield, Adams and Company, Totowa, New Jersey, 1967.

26. Furfey, P.H.: The Scope And Method Of Sociology. Harper and Brohters Publishers, New York, 1952.

27. Gillin, J.L. en Gillin, J.P.: Cultural Sociology. The Macmillan Company, New York, 1948.

28. Goode, W.J. en Hatt, P.K.: Methods In Social Research. McGraw Hill Book Co., New York, 1952.

29. Gould, J. en Kolb, W.L.: A Dictionary Of The Social Sciences, Tavistock Publications, London, 1964.

30. Green, A.W.: Sociology (Vierde Uitgawe), McGraw-Hill Book Company, New York, 1964.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



31. Groves, E.R. en Moore, H.S.: An Introduction to Sociology, Longman's, Green and Company, Londen, 1940.

32. Herskovits, M.J.: Cultural Anthropology, Alfred A. Knopf, New York, 1963.

33. Herskovits, M.J.: Man and His Works, Alfred A. Knopf, New York, 1956.

34. Horton, P.B. en Hunt, C.L.: Sociology. McGraw-Hill Book Company, New York, 1964.

35. Kapp, K.W.: Toward a Science of Man in Society. A Positive Approach to the Integration of Social Knowledge Martinus Nijhoff, The Hague, 1961.

36. Koenig, S.: Sociology, Barnes and Noble, Inc., New York, 1969.

37. Kroeber, A.L.: The Nature of Culture. University of Chicago Press, Chicago, 1952.

38. Kuhn, A.: The Study of Society, Richard D. Irwin, Inc. and The Donsey Press, Inc. Homewood, Illinois, 1963.

39. Lowell, A.L.: At War with Academic Traditions - In America. Harvard University Press, Cambridge, Mass, 193

40. Lundberg, G.A.: Social Research. A Study in Methods of Gathering Data. Longmans Green and Co., Londen, 1942.

41. Merrill, F.E.: Society and Culture. Prentice-Hall, Englewood Cliffs, N.J., 1957.

42. Merrill, F.E. en Eldridge, H.W.: Culture and Society. An Introduction to Sociology. Prentice-Hall, Inc., New York, 1952.

43. Mercer, B.E.: The Study of Society. Harcourt, Brace and World, Inc., New York, Burlingame, 1958.

44. Mitchell, G.D.: A Dictionary of Sociology. Routledge and Kegan Paul, Londen 1968.

45. Moser, C.A.: Survey Methods in Social Investigation. Heineman, Melbourne, 1958.

46. Nienaber, P.J.: Oor die Stigting van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Taal, Lettere en Kuns. Oorgedruk uit die Jaarboek van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Taal, Lettere en Kuns, Jaargang XIII - 1938/39.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



47. Nienaber, P.J.: Gedenkboek ter Ere van die Genootskap van Regte Afrikaners (1875-1925). Uitgegee deur die Afrikaanse Studentebond, Die Weste Drukkery, Potchefstroom, 1926.

48. Nienaber, G.S. en Nienaber, P.J.. Die Geskiedenis van die Afrikaanse Beweging. J.L. van Schaik Beperk, Pretoria, 1941.

49. Ogburn, W.F. en Nimkoff, M.F.: Sociology. Houghton Mifflin Company, Boston, 1940.

50. Patrick, C.H.: Alcohol, Culture and Society. Duke University Press, Durham, North Carolina, 1952.

51. Pieterse, J.E. (Hoofredakteur): Jeug en Vrye Tyd. Verslag van Jeugondersoek Deel III. Voortrekkerpers, Johannesburg ongedateerd.

52. Roucek, J.S. en Warren, R.L.: Sociology. An Introduction. Littlefield, Adams and Co., Paterson, New Jersey, 1961.

53. Sanders, I.T.: The Community, (Tweede Uitgawe), The Ronald Press Company, New York, 1966.

54. Scholtz, G.D.: Dr. Nicolaas Johannes van der Merwe 1880-1940. Voortrekkerpers Beperk, Johannesburg, 1944.

55. Schasky, E.L. en Culbert, T.P.: Introducing Culture, Prentice-Hall, Inc., Englewood Cliffs, N.J., 1967.

56. Smelser, N.J.: Sociology: An Introduction. John Wiley and Sons, New York, London, Sydney, 1967.

57. Sorokin, P.A.: Society, Culture and Personality. Their Structure and Dynamics. Cooper Square Publishers, Inc., New York, 1962.

Sutherland, R.L. en Woodward, J.L.: Introductory Sociology (Tweede Uitgawe). J.B. Liffincott Company, Chicago, 1940.

59. Steinmetz, S.R.: Inleiding tot die Sosiologie. Haarlem, De Erven F. Bohn N.V. 1958.

60. Toby, J.: Contemporary Society. An Introduotion to Sociology. (Tweede Uitgawe), John Wiley and Sons, Inc. New York, 1971.

61. Tylor, E.B.: Primitive Culture. Research into the Development of Mythology, Philosophy, Religion, Language Art and Custom. Vol. I. John Murray, Londen, 1929.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



62. Van den Heever, C.M. en Pienaar, P. de V. (Redaksie): Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner. Die Eerste Beskrywing van die Boere-Volkslewe en al sy Vertakkinge Deel III. Nasionale Pers Beperk, Kaapstad, 1950.

63. Van Jaarsveld, F.A.: Lewende Verlede. Afrikaanse Pers Boekhandel, Kaapstad, Ongedateerd.

64. Van Jaarsveld, F.A.: Die Ontwaking van die Afrikaanse Nasionale Bewussyn (1868-1881). Voortrekkerpers Beperk, Johannesburg, 1959.

65. Van Jaarsveld, F.A.: Oor Geskiedenis en Geskiedskrywing. 'n Publikasie van die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie.

66. Venter, : Die Jeug - Waarheen? H.A.U.M., Kaapstad, 1958.

67. Vernon, G.M.: Human Interaction. An Introduction to Sociology. The Ronald Press Company, New York, 1965.

68. Vloemans, A.: De Scheppende Geest. Cultuurfilosofie. H.P. Leopolds Uitgevers-Mij N.V., Den Haag, 1950.

69. Wilson, L. en Kolb, W.L.: Sociological Analysis. Harcourt, Brace and World, Inc., New York, 1949.

70. Woods, F.P.: Introducing Sociology. Harper and Row, New York, 1966.

71. Young, P.V.: Scientific Social Surveys and Research; An Introduction to the Background, Content, Methods and Analysis of Social Studies. Prentice-Hall, New York, 1951.

B. PROEFSKRIFTE EN VERHANDELINGE

72. Breedt, A.: Die Kulturele lewe van Blanke Jeugdiges in Suid-Afrika, met besondere aandag aan aspekte van hulle lewens- en wêreldbeskouing. 'n Sosiologiese Studie. Ongepubl. D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1967.

73. Breedt, A.: Enkele Aspekte van die Kulturele Lewe van die Suid-Afrikaanse Blanke Jeug. 'n Sosiologiese Studie. Ongepubl. M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1966.

74. Senekal, H.B.: Vryetydsbesteding in Groepsverband by Blanke Jeugdiges in die Republiek van Suid-Afrika. Ongepubl. M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1967.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

C. ENSIKLOPEDIEË

75. Seligman, E.R.A.: Encyclopaedia of the Social Sciences. Macmillan Co., New York, 1937, (15 Volumes).

D. REFERATE

76. Coetzee, J.H.: Die Afrikaanse Volkskultuur Ongedateerd.

77. De Klerk, W.J.: Die Bedreiging van ons Wêreldbeskouing en Lewensopvatting in Die Waardes van die Afrikaner. Referate gelewer by die jaarvergadering van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns in Junie 1968 te Bloemfontein. Uitgegee deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns deur Nasionale Boekhandel Beperk, Kaapstad, 1969.

78. F.A.K.: Referate en Verslag. F.A.K.-Kongres 6-7 Julie 1937 gehou te Bloemfontein. Uitgegee deur die F.A.K., Posbus 8711, Johannesburg.

79. Pelzer, A.N.: Geskiedenis en Ons Kultuurlewe in Referate gelewer by geleentheid van die F.A.K.-kongres op 30 September en 1 Oktober 1964 in Bloemfontein. Uitgegee deur die F.A.K., Posbis 8711, Johannesburg, 1966, Gedruk deur Voortrekkerpers Beperk.

80. Potgieter, G.J.: Die Geestelike Toerusting van die Onderwyser as Leier en Opvoedkundige in Referate en Lesings gelewer tydens Leierskursus November 1966. Aangebied deur Nasionale Jeugleiersinstituut. (Ingelyf by die Nasionale Jeugraad van die F.A.K.). Uitgegee deur die Pretoriase Onderwyskollege.

81. Roux, A.J.A.: Die Afrikaner se Erfenis in Waardes van die Afrikaner. Referate gelewer by die jaarvergadering van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns in Junie 1968 te Bloemfontein. Uitgegee vir die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns deur Nasionale Boekhandel Beperk, Kaapstad, 1969.

82. Snyman, P.G.: Die A.T.K.V. en sy Take. Referate gelewer tydens 'n Kultuurleierskursus aangebied, deur die A.T.K.V. (S.A.S. en H.). Uitgegee deur die A.T.K.V. (S.A.S. en H), Posbus 4585, Johannesburg, Ongedateerd.

83. Swart, M.J.: Die Jeug en Kultuur. Referaat gelewer tydens die Nasionale Jeugkongres te Pretoria.

84. Thom, H.B.: Die Betekenis van ons Ekonomiese Strewe vir die Kultuur van ons Volk in Referate - 25ste Herdenkingsfees van die Eerste Ekonomiese Volkskongres 1939-1964 te Bloemfontein. Uitgegee deur die F.A.K., Posbus 8711, Johannesburg, 1966.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



85. Treurnicht, A.P.: Die Afrikanerstudent se Taak Vandag. Openingsrede, A.S.B.-Kongres, Julie 1968, Potchefstroom. Beskikbaar gestel deur A.S.B.-komitee, Universiteit van Pretoria.

86. Cilliers, J.L. de R.: Probleme in die Onderwys. Handhaaf. Januarie 1967. Amptelike maandblad van die F.A.K., Posbus 8711, Johannesburg. Gedruk deur die Voortrekkerpers Beperk, Johannesburg.

87. Coetzee, A.: Aspekte van ons Afrikaanse Kultuur. Handhaaf. Januarie 1964. Amptelike maandblad van die F.A.K., Posbus 8711, Johannesburg. Gedruk deur Voortrekkerpers Beperk, Johannesburg.

88. Cronjé, A.P.: Die Opvoeder se Kultuurtaak. Onderwysblad. Januarie 1966. Orgaan van die Transvaalse Onderwysvereniging en die Natalse Onderwysunie, Posbus 2872, Pretoria. Gedruk deur Voortrekkerpers Beperk, Johannesburg.

89. Du Plessis, A.S.: Die ontstaan van die Voortrekkerbeweging. Die Taalgenoot. Oktober 1967 Amptelike maandblad van die A.T.K.V. (S.A.S. en H.), Posbus 4585, Johannesburg. Gedruk deur Voortrekkerpers Beperk, Johannesburg.

90. Du Plessis, A.S.: Die Voortrekkers. Die Taalgenoot Desember 1967 Amptelike maandblad van die A.T.K.V. (S.A.S en H.), Posbus 4585, Johannesburg. Gedruk deur Voortrekkerpers Beperk, Johannesburg.

91. Jordaan, P.: Die Afrikaanse Volksang en Volkspelebeweging aan die Werk. Ongepubliseerde artikels geskryf vir die Taalgenoot. Amptelike maandblad van die A.T.K.V. (S.A.S en H.), Posbus 4585, Johannesburg.

92. Kapp, P.H.: A.T.K.V. baan nuwe weg. Die Taalgenoot. Mei 1967. Amptelike maandblad van die A.T.K.V. (S.A.S. en H.), Posbus 4585, Johannesburg. Gedruk deur Voortrekkerpers Beperk, Johannesburg.

93. Kapp, P.H.: 'n Volk kom in beweging. Die Taalgenoot November 1968. Amptelike maandblad van die A.T.K.V. (S.A.S. en H.), Posbus 4585, Johannesburg. Gedruk deur Voortrekkerpers Beperk, Johannesburg.

94. Kapp, P.H.: Weerklank van 'n daad. Die Taalgenoot. Februasie 1968. Amptelike maandblad van die A.T.K.V. (S.A.S. en H.), Posbus 4585, Johannesburg. Gedruk deur Voortrekkerpers Beperk, Johannesburg.

95. Kapp, P.H.: Die Voortrekkereeufees - Die betekenis van die Eeufees op kultuurgebied. Die Taalgenoot. Julie 1968. Amptelike maandblad van die A.T.K.V. (S.A.S. en H.), Posbus 4585, Johannesburg. Gedruk deur Voortrekkerpers Beperk, Johannesburg.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


96. Kapp, P.H.: Die Voortrekkereeufees - die Volkspelebeweging. Die Taalgenoot. September 1968. Amptelike maandblad van die A.T.K.V. (S.A.S. en H.), Posbus 4585, Johannesburg. Gedruk deur Voortrekkerpers Beperk, Johannesburg.

97. Kapp, P.H.: Debatsverenigings. Ongepubliseerde artikel. Ongedateerd.

98. Koornhof, P.G.J.: Die Plek en Rol van die Kultuurorganisasie in Ons Volkslewe. Handhaaf. Augustus 1966. Amptelike maandblad van die F.A.K., Posbus 8711, Johannesburg. Gedruk deur Cultura Drukkers en Uitgewers (Edms.) Bpk., Johannesburg.

99. Koornhof, P.G.J.: Die betekenis van die Nasionale Kultuurorganisasie in die moderne tydsgewrig. Die Taalgenoot. Januarie 1968. Amptelike maandblad van die A.T.K.V. (S.A.S. en H.), Posbus 4585, Johannesburg Gedruk deur Voortrekkerpers Beperk, Johannesburg.

100. Marais, I.: Die Voortrekkers. En nou? Die Taalgenoot Junie 1968. Amptelike maandblad van die A.T.K.V. (S.A.S. en H.), Posbus 4585, Johannesburg. Gedruk deur Voortrekkerpers Beperk, Johannesburg.

101. Meyer, P.J.: Verstaan Mekaar. Die Taalgenoot. Oktober 1959. Amptelike maandblad van die A.T.K.V. (S.A.S. en H.), Posbus 4585, Johannesburg. Gedruk deur Voortrekkerpers Beperk, Johannesburg.

102. Nel, B.F.: Die opvoeding en Onderwys in Die Uitdaging van ons Tyd. 'n S.A.U.K. publikasie. Gedruk deur H. en G. Drukkers, Johannesburg.

103. Olivier, S.P.: Beskouing oor Kultuur. Handhaaf. April 1965. Amptelike maandblad van die F.A.K., Posbus 8711, Johannesburg.

104. Rheeder, H.J.: Afrikaanse Student 1911-1969. Irawa. 8 Augustus 1969. Studentekoerant van die U.O.V.S.

105. Spies, F.J. du T. en De Kock, W.J.: Soek in die Verlede. 'n S.A.U.K. publikasie. Gedruk deur Nasionale Handelsdrukkery Beperk, Elsiesrivier.

106. Steyn, F.: Die Voortrekkers. Ons kinders sal Voortrekkers bly. Die Taalgenoot. Amptelike maandblad van die A.T.K.V. (S.A.S. en H.), Posbus 4585, Johannesburg.

107. Stofberg, J.J.P.: Kultuurbedrywighede by die Afrikaanse Skole. Handhaaf. Oktober 1966. Amptelike maandblad van die F.A.K., Posbus 8711, Johannesburg. Gedruk deur Voortrekkerpers Beperk, Johannesburg.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



108. Stümpher, D.: Die Voortrekkers: Gedagtes oor verlewendiging. Die Taalgenoot, Maart 1968. Amptelike maandblad van die A.T.K.V. (S.A.S. en H.), Posbus 4585, Johannesburg.

109. Taljaard, J.A.L.: Wat verstaan ons onder kultuur en waartoe dien dit. Handhaaf. Oktober 1963. Amptelike maandblad van die F.A.K., Posbus 8711, Johannesburg. Gedruk deur Cultura Drukkers en Uitgewers, Johannesburg.

F. VERSLAE EN INLIGTINGSTUKKE

110. Du Plooy, J.L.: Waarom Voortrekkers. Pamflet Nr. 9. Uitgegee deur die Voortrekkers en versprei deur Hou Koerskantoor, Weltevredenstraat 35, Belville, Kaap, 1968.

111. Kapp, P.H.: Afrikaanse Volksfeeste. Uitgegee deur die A.T.K.V. (S.A.S. en H.) Posbus 4585, Johannesburg, 1969.

112. Verslag van die Nasionale Raad vir Volksang en Volkspele, 1963.

G. GRONDWETTE

113. A.S.B.: Grondwet.

114. A.T.K.V. (S.A.S. en H.): Akte van Oprigting.

115. F.A.K.: Grondwet.

116. F.A.K.: Konsep-grondwet vir Kultuurverenigings.

117. Federasie van Junior Rapportryerskorpse: Grondwet.

118. Federasie van Rapportryerskorpse: Grondwet.

H. KORRESPONDENSIE

119. Mev. L. Viljoen, Posbus 29, Heilbron.

I. BRONNE NIE ALFABETIES GERANGSKIK NIE

120. Bosman, F.C.L.: Hollandse en Engelse Toneel in Suid-Afrika 1800 tot Vandag en die Afrikaanse Drama. J.H. de Bussy, Pretoria, 1951.

121. Huguenet, A.: Ons Toneel en Perspektief. Lantern Julie 1954. Uitgegee deur die Suid-Afrikaanse Vereniging vir die Opvoeding van Volwassenes, Posbus 1758, Pretoria. Gedruk deur Cape Times Ltd., Parow.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



122. De Jager, H.J.: Musiekgeskiedenis deur die Eeue. Afrikaanse Persboekhandel, Johannesburg. Ongedateerd.

123. Rabie, J.: Polemika (1957 - 1965). John Malherbe Edms. Bpk., Kaapstad, 1966.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

TITEL: ENKELE ASPEKTE VAN DIE KULTURELE LEWE VAN BLANKE AFRIKAANSSPREKENDES AAN DIE WITWATERSRAND. 'n SOSIOLOGIESE STUDIE.

NAAM: JOHAN ELS

LEIER: DR. A. BREEDT

DEPARTEMENT: SOSIOLOGIE

GRAAD: MAGISTER ARTIUM

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# ENKELE ASPEKTE VAN DIE KULTURELE LEWE VAN BLANKE AFRIKAANSSPREKENDES AAN DIE WITWATERSRAND. 'n SOSIOLOGIESE STUDIE

## A. INLEIDING

Die onderhawige studie vloei voort uit 'n navorsingsprojek wat deur die A.T.K.V.-Instituut vir Volkskultuurnavorsing geloods is en het as doelstelling om onder andere ondersoek in te stel na die houding van Afrikaanssprekendes aan die Witwatersrand ten opsigte van volksfeeste en, voortvloeiende hieruit, om op sekere tekortkominge te wys en vas te stel watter middele aangewend kan word om die houding van die Afrikaanssprekendes aan die Rand positief te oriënteer.

Op die oog af blyk dit of die onderhawige studie nie by die eintlike doel van die projek inpas nie. Volksfeeste is egter een van die uitingsvorme van kultuur en daarom is dit van belang geag om te weet of daar 'n korrelasie tussen die aktiewe betrokkenheid by die georganiseerde kultuurlewe en die belangstelling in volksfeeste bestaan.

'n Steekproef bestaande uit 1500 respondente is getrek en die projek is uitgevoer deur gebruikmaking van 'n vraelys wat met die hulp van veldwerkers, deur elke respondent voltooi moes word.

## B. DIE BEGRIP KULTUUR

Aangesien die onderhawige studie in die veld van die kultuursosiologie val, is daar ten aanvang enkele gedagtes oor die begrip kultuur uitgespreek. Kultuur is seker een van die belangrikste verskynsels in die menswetenskappe en menslike gedrag kan alleen teen die agtergrond van kultuur begryp word. Die verskynsel kultuur vertoon in soverre dit die algemene kenmerke daarvan betref, groot ooreenstemminge. Verder is dit opvallend dat daar 'n hele aantal benaderingswyses ten opsigte van die begrip kultuur bestaan. Wat die inhoud van kultuur betref, kan dit in sowel materiële as nie-materiële aspekte verdeel word. Na die inhoudelike vertoon kultuur 'n verskeidenheid, dog dit moet altyd in gedagte gehou word dat kultuur 'n totaliteitsbegrip is en



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

altyd as 'n eenheid benader moet word. Kultuur as 'n produk van die mens se groepsamesyn, is 'n maatskaplike verskynsel. Die sosiologie as wetenskap wat 'n studie maak van maatskaplike verskynsels kan derhalwe nie nalaat om kultuur binne sy studieveld te betrek nie.

## C. AFRIKAANSE KULTUURORGANISASIES

'n Afrikaanse kultuurorganisasie kan bestempel word as 'n organisasie wat hom besig hou met die bewerking van die intellek, die gees, trouens die hele volkslewe van die Afrikaner. Die ontstaan van die meerderheid Afrikaanse kultuurorganisasies het 'n noue verband met die politieke situasie in Suid-Afrika. Die wordings- en ontwikkelingsgang van Afrikaanse kultuurorganisasies kan in 'n aantal periodes verdeel word.

Afrikaanse kultuurorganisasies het in die verlede 'n rol van onberekenbare groot waarde gespeel en het op voortreflike wyse die take waarvoor hulle te staan gekom het, volvoer. Hoewel daar vandag 'n taakverandering ingetree het, het Afrikaanse kultuurorganisasies steeds 'n plek en 'n taak om te vervul.

Die onderhawige ondersoek het aan die lig gebring dat 'n besondere hoë persentasie van die Afrikaanssprekendes aan die Rand, lid van geen Afrikaanse kultuurorganisasie is nie. Vyf punt vyf (5.5) persent van die ondersoekgroep het by 'n Afrikaanse kultuurorganisasie aangesluit omdat hulle daarin belang stel en die doelstellings daarvan nastreef en 4.1 persent omdat hulle die Afrikaanse kultuur wil ondersteun en bevorder. Manlikes vertoon 'n positiewer ingesteldheid en groter deelname ten opsigte van Afrikaanse kultuurorganisasies as vroulikes. Namate die onderwyskwalifikasies toeneem, is 'n positiewer ingesteldheid teenoor en groter lidmaatskap van Afrikaanse kultuurorganisasies waarneembaar. Verder is dit opvallend dat die middeljarige ouderdomsgroep (30 tot 49 jaar) die positiefste ingesteldheid teenoor en grootste persentasie lidmaatskap van Afrikaanse kultuurorganisasies openbaar. 'n Gebrek aan tyd, algehele gebrek in belangstelling, werksomstandighede en gesinsomstandighede is in volgorde van belangrikheid die

© University of Pretoria

3/. ....

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



vernaamste hoofredes waarom die ondersoekgroep aan geen Afrikaanse kultuurorganisasie behoort nie.

Verder blyk dit dat slegs 28.3 persent van die ondersoekgroep op skool aangemoedig was om na afloop van hulle skoolloopbaan by 'n Afrikaanse kultuurorganisasie aan te sluit. Diegene met die hoër onderwyskwalifikasies is in 'n groter mate aangemoedig as diegene met die laer onderwyskwalifikasies. Diegene wat in stede, op dorpe en op plase op hoërskool was, is naasteby in 'n gelyke mate aangemoedig.

D. KULTUURBEDRYWIGHEDE

In hierdie afdeling is ten aanvang die een en ander oor die Volkspelebeweging, Voortrekkerbeweging, Debats-, Toneel- en Musiekverenigings gesê.

Voorts het die ondersoek getoon dat die deelname aan kultuurbedrywighede op hoërskool nie besonder gunstig was nie. Globaal gesien het diegene in die middeljarige ouderdomsgroep in 'n groter mate op hoërskool aan die kultuurbedrywighede deelgeneem as diegene in die jongste en oudste ouderdomsgroepe. Daar blyk 'n positiewe verband tussen onderwyskwalifikasies en deelname aan kultuurbedrywighede op hoërskool te bestaan. Met betrekking tot al vyf die kultuurbedrywighede was belangstelling in en liefde vir die saak, die vernaamste redes vir die ondersoekgroep se deelname daaraan. 'n Gebrek in belangstelling was die vernaamste rede vir die nie-deelname. 'n Besonder lae persentasie respondente wat op hoërskool aan die kultuurbedrywighede deelgeneem het, het met sodanige deelname na skool voortgegaan. Weer eens blyk daar 'n positiewe verband tussen hoër onderwyskwalifikasies en deelname aan kultuurbedrywighede na verlating van skool te bestaan. Aanmoediging op skool om na afloop van die skoolloopbaan aan kultuurbedrywighede deel te neem en werklike deelname op skool, het 'n gunstige uitwerking op deelname na verlating van skool. Verreweg die grootste persentasie van die ondersoekgroep het aangetoon dat hulle hulle kinders aanmoedig, aangemoedig het of sal aanmoedig om aan kultuurbedrywighede deel te neem.

© University of Pretoria

4/. ....

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


## E. INGESTELDHEID TEN OPSIGTE VAN ASPEKTE VAN DIE AFRIKANER SE VOLKSGESKIEDENIS

Weens die noue verbondenheid tussen geskiedenis en kultuur, is die kulturele lewenskragtigheid van 'n volk in 'n groot mate afhanklik van die volkslede se piëteit teenoor en kennis van hulle volksverlede.

Die grootste enkele persentasie van die ondersoekgroep het aangedui dat daar slegs soms in hulle gesinne grepe uit die Afrikaner se volksgeskiedenis oorvertel of daaroor gesels word. Daar bestaan 'n positiewe korrelasie tussen bogemelde en die ondersoekgroep se onderwyskwalifikasies. Waar daar in die ouerhuis gereeld oor sodanige sake gepraat is/was, word in die eie gesin gereelder oor sodanige sake gesels as in die gesinne van diegene in wie se ouerhuise die Afrikaner se volksgeskiedenis nie so gereeld ter sprake gekom het nie. Ten slotte is gevind dat verreweg die grootste persentasie van die ondersoekgroep van mening is dat die Afrikaner met reg op sy geskiedenis trost kan wees.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

TITLE: CERTAIN ASPECTS OF THE CULTURAL LIFE OF WHITE AFRIKAANS SPEAKING PEOPLE ON THE WITWATERSRAND. A SOCIOLOGICAL STUDY

NAME: JOHAN ELS

PROMOTER: DR. A. BREEDT

DEPARTMENT: SOCIOLOGY

DEGREE: MAGISTER ARTIUM

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# CERTAIN ASPECTS OF THE CULTURAL LIFE OF WHITE AFRIKAANS SPEAKING PEOPLE ON THE WITWATERSRAND. A SOCIOLOGICAL STUDY

## A. INTRODUCTION

This study arose from a research project carried out by the A.T.K.V. Institute for National Cultural Research. It has as its aim, amongst others, to study the attitude of Afrikaans speaking people on the Witwatersrand towards national festivals in order to reveal certain shortcomings in this attitude and to ascertain what measures should be adopted to positively orientate the attitude of Afrikaans speaking people.

On the surface it might appear that this study does not really fulfil the aims of the project. National festivals are however one of the expressions of a cultural life of a people and therefore it is considered important to determine whether there is a correlation between active involvement in organised cultural activities and the interest in national festivals.

A research group consisting of 1500 persons was obtained and the project was carried out with the assistance of field workers, using a questionnaire which was to be completed by every respondent.

## B. THE CONCEPT OF CULTURE

Seeing that this study falls in the scope of the cultural-sociology the term culture must be elucidated. Cultural activity is one of the most outstanding phenomena in the study of the human sciences and human behaviour can only be understood against the background of cultural activity. With regards to its general characteristics culture reveals a large number of similarities.

It is furthermore significant that there are a large number of approaches as regards this concept. As far as content is concerned, culture may be divided into material as well as non-material aspects. The content of culture

2/. ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

also shows a diversity, yet it must always be borne in mind that culture is a total concept and must always be approached as a unit. Culture is the product of society — a social phenomenon. The science of sociology which has as its field of study the social phenomena can therefore not neglect to include culture within its field of study.

## C. AFRIKAANS CULTURAL ORGANIZATIONS

An Afrikaans cultural organization can be described as an organization which concerns itself with the cultivation of the intellectual, spiritual, and in fact the entire life of the Afrikaans speaking people. The foundation of the majority of Afrikaans cultural organizations has close ties with the political situation in South Africa. The foundation and development periods can be divided into a number of phases.

In the past Afrikaans cultural organizations have played an invaluable part and have realized their aims in an admirable fashion. Although there has been a change of objectives, Afrikaans cultural organizations still have a task to fulfil.

This study has revealed that an exceptionally high percentage of Afrikaans speaking people on the Rand do not belong to any Afrikaans cultural organization. Five point five (5.5) percent of the study group joined an Afrikaans cultural organization because they were interested in it and wanted to further its aims and 4.1 percent because they want to support and advance Afrikaans culture. Men show a more positive identification with and participation in Afrikaans cultural organizations than women. With the rise of the standard of education, a more positive identification with and participation in Afrikaans cultural organizations is noticeable. It is furthermore noticeable that the middle age group (30 to 49 years) are the most positively inclined and show the highest percentage membership of Afrikaans cultural organizations. Lack of time, total indifference, working conditions and family circumstances respectively are the main causes why the study group

3/. ....

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

do not belong to any Afrikaans cultural organization.

It also appears that merely 28.3 percent of the study group were encouraged at school to join an Afrikaans cultural organization after the completion of their scholastic career. Those with higher education received greater encouragement than those with lower educational qualifications. There was no marked difference in the amount of encouragement given to those living in cities, towns or on farms.

D. CULTURAL ACTIVITIES

In this section attention is initially paid to the movements such as Volkspele, Voortrekkers and Debating, Dramatic and Musical Societies. Furthermore the investigation revealed that the participation in cultural activities at high school were not favourable. In general those in the middle age group have in a greater degree participated in cultural activities at high school than those in either the lower or upper age group. There appears to be a positive correlation between educational standards and participation in cultural activity. A significant high percentage of the study group who took part in cultural activity at high school level did not continue these activities after having completed their schooling. Encouragement at school to participate in cultural activity as well as whole-hearted involvement at school, created a favourable climate for the furtherance of such activity in later life. By far the highest percentage of the study group indicated that they at some stage will have encouraged their children to take part in cultural activity.

E. ATTITUDE WITH REGARD TO CERTAIN ASPECTS OF THE HISTORY OF THE AFRIKAANS SPEAKING PEOPLE

On account of the close relationship between history and culture, the cultural dynamism of a people is in a large measure dependent on their respect for and knowledge of the nation's past.

The highest single percentage of the study group revealed that only sometimes was the past of the Afrikaans speaking people discussed in their family circle. There

© University of Pretoria 

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


exists a positive correlation between the above phenomena and the educational qualifications of the study group. Finally it was found that by far the highest percentage of the study group were of the opinion that the Afrikaner was justified to be proud of his past.

© University of Pretoria